
# NONGQAI

Vol 14 - No 11A - November 2023

SUID-AFRIKAANSE MAGTE GESKIEDENIS TYDSKRIF
SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY MAGAZINE



Genl-Maj C.P. Pretorius

*Spesiale uitgawe / Special edition*

**"Van Stampriet na Breslau"**




## EDITORS

The editor-in-chief and publisher of *NONGQAI* is retired Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

He is assisted by co-editor Dr. **Willem Steenkamp** ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is also responsible for *NONGQAI's* YouTube channel and BLOG, plus graphics.

There are three **sub-editors: Henning van Aswegen**, a former journalist and N.I.S. officer, now renowned author; **Frans Bedford-Visser** who served as warrant officer in the S.A. Railways Police and recently retired from the Scottish Police; and Colonel **Logan Govender** ("LG") pioneer historian in the SA Police Indian community, contributing social and retiree reporting.

Opinions expressed by any contributor (or by any editor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the magazine.**

Nongqai Publications is a subdivision of the Nongqai Trust.

## REDAKSIE

Die hoofredakteur en uitgewer van *NONGQAI* is afgetrede Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") van die S.A.Polisie, wat 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidstudies het en die S.A.P. se verteenwoordiger was op die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad.

Hy word bygestaan deur mede-redakteur Dr. **Willem Steenkamp** ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg ook *NONGQAI* se YouTube-kanaal en BLOG, plus grafika.

Daar is drie sub-redakteurs: **Henning van Aswegen**, gewese joernalis en N.I.-lid, nou wyd-gelese skrywer oor spioenasie; **Frans Bedford-Visser** ("FBV"), voormalige adjudant-offisier in die S.A. Spoorwegpolisie en onlangs afgetrede lid van die Skotse Polisie; en Kolonel **Logan Govender** ("LG"), pionier historikus in die SA Polisie Indiër-gemeenskap wat ook sosiale sake hanteer.

Enige menings uitgespreek deur enige bydraer of lid van die redaksie is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, **nie die tydskrif nie**.

Nongqai Publikasies is 'n onderdeel van die Nongqai Trust.

## Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the *NONGQAI* for future generations.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die *NONGQAI* aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.

## COPYRIGHT POLICY

*NONGQAI* is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. **All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.**

## ERKENNING VAN KOPIEREG

*NONGQAI* is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. **Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.**

## Contact Particulars - Kontakbesonderhede

**Brig. Hennie Heymans:** ☎ **+27 (0)72 336-1755** ✉ **heymanshb@gmail.com**

## Contents


PUBLISHER | UITGEWER ... 2
Contents ... 3
NONGQAI: OORSPRONG & OOGMERKE ... 5
NONGQAI: ROOTS & GOALS ... 6
VOORWOORD ... 7
POLISIEGESKIEDENIS | POLICE HISTORY ... 10
VAN STAMPRIET NA BRESLAU EN TERUG ... 10
- Christiaan Petrus Pretorius ... 10
- My grootouers, ouers en verwante ... 10
  - Oupa Krisjan ... 10
  - Ouma Pretorius ... 12
  - My ma en haar familie ... 13
  - Louwrens Jacobus Cornelius Pretorius ... 15
  - Stamprietfontein 1920 – 1934 ... 18
  - Sekondêre Skool Swakopmund 1935 – 1936 ... 32
  - Windhoek Hoërskool 1937 – 1938 ... 36
- SWAP en SAP 1939 – 1940 ... 44
  - Windhoek 1939 ... 44
  - Fransfontein 1939 – 1940 ... 54
- Polisiebrigade 1940 –1945 ... 62
  - Pretoria na Tobruk 1940 – 1942 ... 62
  - Benghazi na Cerignola Junie 1942 – September 1943 ... 84
  - Breslau September 1943 - Januarie 1945 ... 107
  - Die lang mars Januarie 1945 - Maart 1945 ... 133
  - Vryheid ... 147

NONGQAI TRUST ... 173
THANK YOU! | DANKIE! ... 174
NAWOORD ... 175
IN MEMORIAM ... 180
AFGETASTE DOKUMENTE ... 182
- Aanstellingsbriewe ... 182
- Siekverlof ... 184
- Dienssertifikaat ... 187
- Die einde van ‘n roeping: amptelike en persoonlike briewe ... 188

FOTO’s 1946 - 1975 ... 198
- 1946: Konst Chris Pretorius ... 198

1949: Stampriet Polisiestasie ........ 198
1953: Offisierskursus ........ 199
1955: Heidelberg ........ 200
1958: O&M kursus ........ 200
19??: Saracen Kursus ........ 201
1964: Ladysmith ........ 202
1974: Pietermaritzburg ........ 202
Brig CP Pretorius en genl TJ Crous ........ 203
1974: Die afdelingskommissaris, brig CP Pretorius en lt-kol Fontini ........ 204
PHOTO RESTORATION ........ 205
Jennifer Bosch ........ 205
SLOT | END ........ 209

# NONGQAI: OORSPRONG & OOGMERKE

**NONGQAI oorsprong & oogmerke**
sedert 1907

Die ***NONGQAI*** e-tydskrif is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomasie in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. ***NONGQAI*** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste ***NONGQAI*** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam ***NONGQAI***, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die ***NONGQAI*** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.

Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die ***NONGQAI*** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika.


***NONGQAI*** word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op die **SA Mirror**- en **ISSUU**-platforms gedra. Byna elke maand word 'n aantal spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, ook gepubliseer. Die beleid van die redakteurs van ***NONGQAI*** is om nie in te meng met die inhoud van artikels wat voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige opmaak en hersiening van spelling en grammatika. ***Die inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke outeur, en die tydskrif en sy redakteurs aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie***. Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evaluerings van gebeure van die verlede. ***NONGQAI*** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

***NONGQAI*** is heeltemal gratis en toeganklik op die internet, waar dit aanlyn gelees kan word of as .pdf-dokumente afgelaai kan word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidskwessies van die verlede en die hede.

# NONGQAI our roots & goals

since 1907

The NONGQAI e-magazine is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This NONGQAI does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.




The original NONGQAI magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name NONGQAI, which in Zulu means “the king’s watchmen”, was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as The Bandolier, The Qakamba, The South African Constabulary Journal and The Transvaal Police Magazine. The new 1913 version of the NONGQAI thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the NONGQAI in e-magazine form, as repository of data, memories and analysis about the national security history of Southern Africa.

NONGQAI is published at the beginning of each month and is carried on the SA Mirror and ISSUU platforms. Almost every month a number of special issues, each dealing with a particular theme, are also published by NONGQAI as special editions.

The policy of the editors of NONGQAI is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. ***The content is therefore the responsibility of each author, and the magazine and its editors accept no liability for it.*** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. NONGQAI itself thus isn’t, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

NONGQAI is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present.

# VOORWOORD

Christiaan Petrus Pretorius is op 20 Mei 1920 te Aubes in die destydse Suidwes-Afrika (huidige Namibië) gebore. Hy het op Stampriet opgegroei en daar, in Swakopmund, en in Windhoek skoolgegaan. In Februarie 1939 het hy by die destydse Suidwes-Afrikaanse Polisie aangesluit. Hy het einde Januarie 1976 uit die Suid-Afrikaanse Polisie afgetree. My pa het die verhaal wat hier gepubliseer word, tussen Desember 1990 en April 1991 met 'n vulpen uitgeskryf op 314 A4 bladsye. Nie lank daarna nie, het sy gesondheid begin agteruitgaan. Hy is op 26 November 1992 oorlede in die hospies van die destydse Little Company of Mary, Pretoria.

Dit het heelwat aanmoediging gekos om Chris—dikwels Krisjan vir sy broers, susters en vriende—oor te haal om te skryf. My ma, Sarie (Brynard) Pretorius, het hom oortuig. Die outobiografiese manuskrip is vir sy gesin en naaste familie geskryf. My jongste broer, Chris (vernoem na sy pa), het kopieë gemaak, en miskien enkeles verder as die familie uitgedeel. Die oorspronklike manuskrip is aan my gegee. Omdat ek en my vrou, Lilli, twee seuns moes grootmaak en besig was om ons eie beroepe te bou, is die manuskrip gelees en gebêre.

Ons het van tyd tot tyd oor publikasie gedink, maar eie sake het voorkeur geniet. Daar was ook vrae oor effektiewe omsetting van handskrif na tikskrif en 'n gepaste medium vir publikasie. Nadat ek so vyf jaar gelede my loopbaan as dosent by universiteite beëindig het, het ek begin om die historiese agtergrond vir Chris Pretorius se verhaal te verken. Heelwat van my leesbedrywighede het gefokus op die omstandighede en ervarings van krygsgevangenes (KGs). Een van my gevolglike indrukke is dat Chris Pretorius sy belewenis van oorlog (meer loopgraaf grawe as veg!) en krygsgevangenskap as oorwegend positiewe ervarings onthou het. Ek meen daardie onthou is belangrik omdat 'n aansienlike aantal KG geskiedenisse waarmee ek bekend is—sowel deur historici as deur KGs self—negatiewe ervarings verbeeld. Ek meen dat positiewe memories van die uiters dwingende omstandighede en ervarings wat met gevangeskap tydens oorlog verband hou, publikasie verdien. Dit bly egter belangrik om nie op grond van die herinnerings van een of sommige soldate na die ondervindings van ander individue en groepe te veralgemeen nie.

Die verhaal gaan oor veel meer as oorlog en gevangeskap. Daardie onderwerpe beslaan wel sowat 75% van die manuskrip. My pa vertel egter ook van sy grootouers en ouers, vriende, onderwysers en kamerade, en van sy ooglopend avontuurlike tydperk as 'n jong polisieman wat 'n toe nog relatief ongetemde stukkie aarde te perd gepatrolleer het.

Behalwe heel laat in sy lewe, het hy nooit met my of my broers oor sy oorlogstyd of oor sy lewe met die SAP daarna gepraat nie. Selfs toe ek, in 1965, saam met hom deur die gebied naby Fransfontein gery het, het hy nie vertel nie, en ek het nie geweet om te vra nie—net soos hy oor homself geskryf het. Selfs toe my pa nog gelewe het, het 'n aantal verbande tussen persone wat hy geken het en

persone ek geken het, my ontgaan. Daar is dus heelwat waaroor ek vrae het, maar nie antwoorde nie.

Toe ek so teen laat 2021 besluit het dat Chris Pretorius se manuskrip miskien buite sy familie van waarde kan wees, het my aandag in die rigting van *Nongqai* begin draai. Ek het met my broer, Chris, daaroor gesels. Hy het saamgestem. Hennie Heymans het die idee entoesiasties ontvang. Baie dankie Brigadier.

Ek het die handgeskrewe manuskrip elektronies verwerk en geredigeer. Die verhaal soos hier gepubliseer is vir so 90% soos my pa dit opgeskryf het. Hy het geskryf soos sy geheue en idees gevloei het. Daarom het hy soms (berekend) afgedwaal na sy liefde vir tale en persoonlike sypaadjies wat min met die verhaal te doen het. Om die samehang en vloei van die vertelling te verbeter, het ek plek-plek gesny, en enkele paragrawe is verskuif, maar dan só dat min inbreuk gemaak is op sy styl, ordening van gebeure, voorskoue en terugblikke. Ek het die titel en afdelings en hulle opskrifte geskep. Hy vertel oorwegend in wat ek begryp as "teenwoordige tyd". Dit het ek nie verander nie. Ek het min aan sy woord en sinsbou voorkeure verander. Ek is egter sku vir hoofletters. Gevolglik sal lesers dikwels kleinletters kry waar hulle hoofletters verwag of vereis. Engelse woorde en sinne in aanhalingstekens is Chris s'n, en so ook dié daarsonder. Woorde, frases en sinne in Italiaans en Duits is soos in die manuskrip, maar nou plek-plek sonder aanhalingstekens. MS Word se Afrikaanse spelkontroleerder vermy ek liewer. Die formulering- en tikgoggas wat nog in hierdie verhaal skuil, is my skuld. Die enkele inhoude in reghoekige [ ] hakies het ek ingevoeg.

Op bladsy 1 van die handgeskrewe manuskrip het Chris Pretorius geskryf "Die kantlyne is vir graffiti (wat tot my spyt met een 't' gespel word), op- en aanmerkings, myne, of die leser s'n." Vir hierdie publikasie het ek die meeste van sy kantlyn-opmerkings in voetnote geplaas. Daardie voetnote word geïdentifiseer met "CP:". Sommige van sy opmerkings het ek by die hoofteks ingewerk. Hierdie publikasie bevat ook heelwat voetnote wat met "LP:" gemerk is. Dit identifiseer notas wat ek bygevoeg het: toeligting, bykomende inligting, en bronne vir lesers wat meer wil weet oor mense, plekke of gebeure. Ek vind Wikipedia goed as 'n beginpunt vir lees oor WO2 en daardie skakels blyk taamlik stabiel te wees. Skakels na ander internet bronne kan minder stabiel wees. Al die skakels is van 9 tot 12 Desember 2023 getoets.

My pa is oorlede voor die internet 'n bron van toeganklike, voorheen bekende, skaars bekende, en steeds nuwe inligting en insigte geword het. 'n Hartseer wat tydens werk aan hierdie publikasie by my opgekom het, is dat ek hom nie kan vertel nie dat, tydens internet soektogte, 'n gepubliseerde berig oor sy gewaardeerde KG kameraad en leier, sersant Aubrey Theron, onverwags op my rekenaarskerm verskyn het; dat ek uitgevind het wat van pa se klasmaat Douglas McHugh geword het; dat daar steeds 'n mnr. Krenz op Hilldown boer; dat ek foto's gekry het van die fabriek naby

Breslau [Wroclaw, na die oorlog] waar hy as KG gewerk het; dat dit moontlik is om ‘n akkurate kaart van Arbeitskommando 4023 se lang mars te konstrueer.  Daardie en meer inligting is in die LP voetnote.

Die foto’s en afdrukke van dokumente kom uit die handgeskrewe manuskrip en uit die klein versameling wat Chris Pretorius nagelaat het—hy was nie ‘n opgaarder nie. ‘n Aantal daarvan is kopieë van kopieë. Gevolglik is kwaliteit soms minder as bevredigend, maar sommige reproduksies kan dalk skerper wees op hoë resolusie rekenaarskerms. In die handgeskrewe manuskrip is daar gekopieerde kaarte uit verskeie bronne. Dié het ek hier weggelaat. Die kaarte in hierdie publikasie wys ikone wat ek op Google Earth geplaas het na aanleiding van inligting uit die manuskrip. Die skermbeelde is as jpeg-lêers gestoor en by die elektroniese manuskrip ingelaai. Die voorstelling van Chris en sy kamerade se lang mars in 1945, en van sy verblyf in Europa vanaf ontsnapping tot repatriasie, is relatief maklik gedoen omdat hy plekke en datums opgeskryf het. Die konstruksie van die roete by die kaart van ‘n patrollie in die Fransfontein polisiewyk is ‘n beraming gebaseer op ietwat skaars aanduiders in die manuskrip.

**Hierdie publikasie word opgedra aan ons oorlede moeder, Sarie Pretorius. Sy was ‘n aktiewe, en dikwels leidende, lid van polisie en ander vroue organisasies. Die publikasie word ook opgedra aan my oorlede broers, Pieter en Chris. Hulle was albei polisiemanne totdat omstandighede bygedra het tot die einde van hulle loopbane.**

Groete aan die lesers. Ek hoop julle geniet die reis—en dat julle dalk ‘n bekende persoon raakloop.

Louwrens Pretorius
Sedgefield, Suid-Afrika
12 Desember 2023

NONGQAI
S.A. POLISIE GESKIEDENIS | S.A. POLICE HISTORY

# VAN STAMPRIET NA BRESLAU EN TERUG

## Christiaan Petrus Pretorius

**26 Desember 1990**

**Ek is 70 jaar 7 maande en 1 dag oud.**

**Daar was al druk op my om my lewensgeskiedenis te skryf.**

**My aandeel, of liewer rol, sou oninteressant wees.**

**Dit is die ander mense, gebeure, voorvalle, wat die moeite werd is. Dit is wat my so te sê verplig om te doen wat ek nou doen.**

**Verder terug as my oupa Krisjan weet ek nie om te vertel nie. Van oupa Krisjan het my pa my min vertel, en ek het te min gevra. Toe ek die drang kry om te weet, was hy nie meer daar nie.**

## My grootouers, ouers en verwante

### Oupa Krisjan

Volgens wat ek uit grootmensgeselskap onthou, het oupa Krisjan, Christiaan Petrus Pretorius, na wie ek vernoem is, en sy tweede vrou, met wie my pa, soos ander kinders, nie genoeë geneem het nie, so omstreeks 1924/25 van Stampriet af teruggetrek Transvaal toe of Griekwaland-Wes toe. 'n Kind van 4 of 5 jaar onthou nie juis veel nie. Ek dra in my denke 'n flits, 'n foto, van 'n lang vaal, befoeterde man langs 'n tentwa, gelaai en ingespan. Die man is haastig, ongeduldig omdat die vrouens (seker my ma en die dogter van ou Daiel du Plooy, met wie oupa teen my pa se sin getroud is) nog vir die soveelste maal 'n laaste sê wil sê. Hy't 'n lang sweep in sy hand, en waar ek en pappie so 'n tien tree weg skuins voor oupa staan, daar in die hoek op Stampriet, skuif ek versigtigheidshalwe met een been, een skouer en een oog agter my pa se linker been in. Broer Koos het 'n foto waarvan hy my 'n afdruk gegee het. Ek vermoed hy't ‘n uniform soos van 'n burger van die Zuid-Afrikaanse Republiek aan, en lyk glad nie lus vir nonsens nie. In my lessenaar is daar 'n klein Bybel beeldjie wat hy uit seepsteen gesny het. Op die eenkant is *BYBEL* gegraveer—nie so kunstig soos op die keersy nie—seker graffito deur een van my broers. Op die anderkant is sy eie werk in sy eie sierskrif: C.P.

Pretorius, G. Punt, 21/11/1900. Ek maak nie sy skrif na nie. Volgens my pa was oupa 'n krygsgevangene by Groenpunt (Kaap) in 1900.

Hennie Lubbe, van die plaas Hofmeyr by Stampriet, se pa het vir oupa geken, daar in Kub se wêreld, so om en by 1914. Volgens hom was oupa 'n lang, skraal man, minstens 6 voet 6 duim. Oom Hennie se pa was maar kort, en ek dink oupa het so 6" langer gelyk as wat hy werklik was. Te meer nog omdat 'n man, volgens oom Hennie se pa, so 5, 6 tree weg moes staan voordat jy vir oupa iets sê waarvan hy dalk nie sou hou nie.

Oupa se hande het glo vir niks verkeerd gestaan nie. Hy't smidswerk, houtwerk, klipwerk gedoen, kanale gegrawe, met dinamiet geskiet, klippe bekap, huise gebou, grafstene gemaak, geboer en sommer alles self gedoen. Die datum *1919* staan op die oosgewel van die huis op Stampriet wat hy vir oom Klaas Maritz gebou het. Die huis was later 'n hotel. Nou word dit deur een van die Garbers broers bewoon. Gert Smit (brigadier) vertel my nou die dag dat "hulle" die geboue gekoop het vir 'n Afrikaner volkskool. Gert weet nog nie wie "hulle" is nie. Gert boer op die familieplaas Glencoin naby Stampriet. Ek weet nie hoe ek die kloutjie by die oor moet illustreer nie maar ek is in my skik met wat "hulle" gedoen het, gaan doen; en in my skik met Gert omdat hy 'n burger van Namibië geword het, en ook dink "hulle" maak nie reg nie. My pa en oupa het dus aan albei die skole gewerk.



**Oupa Krisjan: Christiaan Petrus Pretorius**

**L-R: Oom Flip, jonk gestorwe baba dogter, ouma, jonk gestorwe dogter, oupa Krisjan, pappie.**

My pa het gesê oupa was 'n bekwaam man, bekwaam genoeg om vooruit te boer; maar het gereeld net-net voor sy geluk verbygetrek. Oupa het glo getrek as hy op 'n môre wakker word en 'n nuwe buurman se hoender hoor kraai. Julle ma en ek kan nie so maklik trek nie.[1] Die bure is oorreed om van hul haantjies en foksterriërtjies ontslae te raak. Toe oupa terug Unie toe getrek het, het hy sy geluk sonder sukses op die delwerye in Lichtenburg se wêreld probeer. Met sy ma se hulp (neem ek aan) het Krisjan (oupa se oudste seun by sy tweede vrou) vir my geskryf en my ma namens my vir hom.

In 1937, terwyl ek met skoolvakansie was, het my pa berig gekry dat oupa in Durban, waar hy by Krisjan of 'n getroude dogter (tannie Katriena) gebly het, oorlede is. Dood neergeslaan, beroerte aanval terwyl hy buite gestap het. Op pad van die ghwarrie af het pappie my 'n hopie klipspaanders gewys—die laaste klippe wat oupa bekap ("gedress") het voordat hy daar weggetrek het, het hy gesê. Niemand behalwe my pa het weer klippe bekap in daardie omgewing nie. Suid van die ghwarriebult, teen die Auob Rivier.

Toe ons in 1975 hier by 1302 Walterlaan, Waverley [Pretoria], ingetrek het, het ŉ tannie Katriena (getroud met ŉ Coetzee) ons twee keer besoek. Die man (glo haar skoonseun) het die eerste keer in die kar bly sit en wou nie afklim nie. Die tweede keer het hy haar afgelaai, gery, en weer kom haal. Hulle was van Hercules of daar iewers. Sy wou vertel, foto's wys, maar het nooit adres verstrek op my vraag nie. Sy was baie ouer as ek, sou weer kom, maar het nie opgedaag nie.

As ek reg onthou was oupa 77 toe hy oorlede is. Ek mag verkeerd wees, want vir ŉ 17 jarige is 67, 70 en 77 ewe ondenkbaar oud. Is ek reg, dan is hy in 1860 gebore, 28 toe my pa in 1888 gebore is, en 35 na 40 op die foto.[2]

**Ouma Pretorius**

Daar was in ons gesin 'n foto van 'n grafsteen iewers op die trekpad tussen Griekwaland-Wes en Duits-Suidwes (SWA/Namibië). Die naam daarop was dié van my ouma aan vaderskant, my pa se ma, gebore Venter, oorlede 1910. Haar name ken ek nie. Haar sterfjaar is ŉ geheueflits van ŉ grafsteenfoto.[3] Met die karige inligting lyk dit oorbodig om die storie te vertel. Maar sê nou iemand wat meer wil weet, loop iemand raak wat genoemdes ken en meer weet.

[1] LP: "Julle ma" is Chris Pretorius se vrou, Sarah [Sarie] Johanna Sophia Pretorius, gebore Brynard (3 Julie 1922 – 1 Julie 2011). Die ander in "julle" is Louwrens Pretorius (1948), Petrus [Pieter, Piesang] Brynard Pretorius (1953 – 2004) en Christiaan [Chris] Petrus Pretorius (1964 – 2022).
[2] LP: https://www.geni.com/people/Christiaan-Petrus-Pretorius-f1g7/6000000017008720316.
[3] LP: Catharina Magdalena Pretorius (Venter). Geboortedatum, 1868. Oorlede, 28 November 1908, op trekpad, Kuis, Suidwes-Afrika. https://www.geni.com/people/Catharina-Magdalena-Pretorius/6000000017008511397.

Haar een broer, oom Hendrik Venter, en sy kinders, het ek al geken voordat ek 6 jaar oud was, en later weer mee kontak gehad. Hulle het op Wildmoor, langs die Auob, suid van Gochas, geboer. Die oudste seun, Pieter, was omtrent so oud soos my pa. Hy was 'n polisieman in Johannesburg. Ek onthou hom, sy voorkoms en sy wese, glad nie. Karel het later in die Khomas Hochland geboer, en ek dink twee van sy seuns was besigheidsmanne, die een ʼn haarsnyer in Windhoek. Flip het op die paaie gewerk en, onder andere, die lae bruggie oor die Auob op Stampriet gebou toe ek stasiebevelvoerder op Stampriet was. Hy het lank op Okahandja gewoon. Jan het konstruksiewerk van allerlei aard in Windhoek gedoen toe ek in 1937 en 1938 daar op hoërskool en, in 1939, in die polisie was. Hy was later spoorwegpolisieman in Transvaal.

Hennie het 'n jaar voor my by die polisie aangesluit. Ons was saam in die 2de Suid-Afrikaanse Polisiebataljon. Tydens ons “embarkation leave” is hy getroud en wou nie so gou vir sy bruid totsiens en vaarwel sê nie, en het met haar iewers in SWA weggekruip terwyl ons vertrek het en gestaanmaak het “somewhere up North”. Nadat hy embarkation leave van ordentlike duurte gehad het (ons s’n was 10 dae, reistyd ingesluit) het hy sy vrou gegroet en die owerhede verwittig dat hy nou gereed is vir oorlog. Met sy aankoms het ons kompaniebevelvoerder, kaptein Naude, wat ook ons distrikskommandant was in die Omaruru polisiedistrik, hom 'n keuse gestel om sy seksie te kies aangesien die ou seksie dalk snaaks kan wees. Hy het gesê hy wil graag saam met manskap C.P. Pretorius wees. So is hy dan eers na korporaal I. D. van der Walt geneem, wat hom op sy beurt na ons toe gestuur het. Hennie Venter het sy komberse daardie aand by “C.P.” en “Blikkies” Blignaut oopgegooi, en mettertyd heelhuids na sy familie, bruid, en die polisie in Suidwes teruggekeer.

Daar was 'n suster, Malie, een van die ouer kinders. Sy was met Esbon Swanepoel getroud. Tydens een van my kuiers in SWA het ek met 'n jong polisieman op Mariental gesels. Hy’t my gesê hy is 'n kleinkind.

**My ma en haar familie**

Weereens weet ek baie min.

My ma se pa en ma was Andries en Anna Ferreira. Ouma Anna se nooiensvan was Retief. Dit weet ek omdat oom Hennie Retief, 'n gepensioeneerde spoorwegamptenaar, in die vroeë dertigs vir ons kom kuier het op Stampriet vanaf Goodwood in die Kaap. Hy was ouma Anna se broer. Ouma Anna moes voorheen met ʼn Williams getroud gewees het, want die oudste kind was oom John Williams, 'n stiefbroer van my ma.

Oupa Andries en sy gesin het, soos ek aflei, iewers uit die omgewing van die Kaapse Skiereiland na Suidwes getrek—in 1905, volgens my ma. Daar is nooit in detail vertel of uitgevra nie. Dit kom voor dat hulle van 1905 tot ongeveer 1914/15 voortdurend op die trekpad was, met lang “stanings”

meesal in die Karasberge. Oupa Andries het so tussen die trekboer bestaan skynbaar allerlei smids-, konstruksie- en omheiningswerk onderneem.

My pa het 'n oulike verkyker gehad. Broer Louwrens het dit vir my gegee en ek het dit onlangs vir my seun Louwrens gegee. Die verkyker het aansienlike lyding aan kinderhande verduur. In my pa se styl is sy naam en die jaartal 1912 daarop gegraveer. Dit staan my voor dat my pa gesê het dat hy dit by oupa Andries gekry het. My pa, weet ek, was in 1912 op die plaas Gras as voorman vir Carl Woermann. Uit my ma se praat lei ek af dat sy wel saam met oupa hulle onder andere op Kub ook was.

Tussen 1964 en 1967 het ek, toe ek afdelingsinspekteur SA Polisie SWA was, een aand by die hotel in Noordoewer oornag. Die bestuurder was ene Van Zyl, oud-polisieman, en later oorlede in 'n motorongeluk terwyl hy, na ek verneem het, die Windhoekse hoof van die destydse Buro vir Staatsveiligheid was. Van Zyl se vader (toe seker al oor die 70) het by my tafel kom sit en na my herkoms verneem. Toe ek van oupa Andries praat, het hy my in die rede geval en gesê “die ou swernoot het my verkyker geleen en dit nooit teruggegee nie. Kastig om te jag en toe vang hulle daardie nonsens in die Unie aan.” Ek weet nie wanneer die Ferreira-aanval uit SWA op die polisiestasie in die Kaap gemaak is nie. Is daar 'n datum twyfel, of is dit die verkyker waarvan oom Van Zyl praat? Ek het nooit gehoor dat oupa Andries by dié aanval betrokke was nie.[4] Vir 'n oomblik wou ek hom verder uitvra en van my pa se verkyker vertel. Toe besluit ek die storie is te mooi en die verkyker te belangrik. Louw Petoors se kleinseun Louwrens moet dit erf.

Sover ek weet, het ek oupa Andries en ouma Anna nooit gesien nie. Hulle het, terwyl ons op Stampriet gewoon het, tussen 1920 en 1945, op Gobabis of in die omgewing gewoon, en is daar oorlede. 'n Suster van my ma is op 17 jarige ouderdom oorlede, glo as gevolg van weefsel-agteruitgang na 'n pofadderbyt toe sy 'n klein dogtertjie was. Twee broers, Piet ('n uitermatige lang, lenige, man) en Andries (korter en stewiger) het ongeveer 1934 op Stampriet ʼn besoek by ons afgelê. Daar was ʼn jonger broer, so drie jaar ouer as ek, wat ook in die dertigs 'n paar dae by ons gekuier het. Sy naam onthou ek nie. Almal was donker van haar en gelaatskleur, soos broer Louwrens.

---

[4] LP: “On 10 November 1906, the Cape authorities were informed that `an armed force of freebooters had crossed the South West African border into the Colony on 6 November, shooting `all persons dressed in khaki on sight’. The `party of Transvaal Boers under Ferreira’ attacked two police camps near Zwartmodder and wounded two policemen, one of whom later died. A force of 100 Cape Mounted Riflemen was immediately given marching orders from King William’ s Town in the eastern Cape to the district of Prieska. The resident magistrates of Kenhardt, Prieska, Springbokfontein, Vryburg, Kuruman and Hay were instructed to secure or remove their stocks in arms and ammunition. A total of 270 policemen, including ten `Bastard’ scouts, were mobilized to hunt down the invaders. The raiders were captured after several days. The incident received wide publicity in South African and some European newspapers as the `Ferreira Raid’.” Tilman Dedering (2000) The Ferreira Raid of 1906: Boers, Britons and Germans in Southern Africa in the Aftermath of the South African War, *Journal of Southern African Studies*, 26:1, 43-59 op bl. 43-44. DOI: 10.1080/030570700108379.

**Louwrens Jacobus Cornelius Pretorius**

My pa en ma is op Stampriet getroud in 1918, toe my pa 30 jaar en my ma 18 jaar oud was en sy, seker as gevolg van al die omswerwinge, so pas uit die skool was. Oom Izak Minnaar, van die plaas Koms, 'n Lid van die Wetgewende Vergadering vir SWA, eggenoot van een van ou Daiel du Plooy se dogters, en vader van Bettie, Abe, Roelf, Izak en Sophie Minnaar, was my ma se laaste onderwyser op ou Stampriet. Ou Stampriet was geleë aan die oostekant van die bult waar die pad na Aranos toe in die Auob in afsak.

My pa, Louwrens Jacobus Cornelius Pretorius, het vertel dat hy op 10 Januarie 1888 iewers in Griekwaland-Wes in 'n watent gebore is.[5] Hy het verneem dat oupa Christiaan, wat in die handel oom Jurie genoem was, daarna na die Transvaal getrek het, en in 1892 vir 'n tyd lank op Taaibosch in Griekwaland-Wes gaan bly het. My pa skryf dat hy daarvandaan dinge onthou het, daaroor begin skryf het, en net 'n paar bladsye gevorder het. Dié is in my besit. Sy vroeë dood, in Februarie 1944, het seker sy poging beëindig. Dis op Taaibosch dat my pa vir ooms Hans en Klaas Maritz leer ken het.[6] Hulle het skynbaar nie saam Duitswes toe getrek nie. Oupa en pa het skynbaar heelwat later getrek. Dit is ook nie duidelik of laasgenoemde twee saamgetrek het nie. Daar is foto's van my pa in die Salvation Army op ouderdom tussen 18 en 22 jaar oud—waarskynlik te Wellington—en nog een, miskien 18 na 25 jaar oud, saam met 'n vriend, Johan Scott, in 'n fotografiese ateljee te Potchefstroom. Dit bring ons dan by 1912.

Pappie was 'n diep gelowige tot aan sy einde. Hy het vinnig gevorder in die Salvation Army, en daar was 'n groepfoto met gedrukte name onderaan wat hom identifiseer het as Lieutenant Laurens J. C. Pretorius. Hy het nooit presies gesê waarom hy daar weg is nie, maar ek het die indruk dat oordrewe piëteit van kollegas, en veral die kollekteerplig, hom vinnig laat besluit het om die kollege, soos ek meen, te verlaat. Hy het skertsend vertel dat die deurslag gegee is deur 'n boer, by wie hy gekollekteer het, se opmerking. Hulle het glo op trapfiets kollektereise onderneem. Die opmerking was: "Man, man, ek ken die Petoorse, elkeen voordat die eerste sy voet aan wal gesit het. Hulle is van alle soorte, goeies, slegtes, skelms, eerlikes, en oneerlikes, maar jy is die eerste bedelaar onder die klomp."

---

[5] LP: Genealogie bronne verskil oor L. J. C. Pretorius se geboortedatum. In ons familie is die aanvaarde geboortedatum 10 Januarie 1888. Nie in dispuut nie is: Gedoop 11 Maart 1888, Zeerust. Oorlede 14 Februarie 1944, Stamprietfontein, Distrik Gibeon, SWA. Daar is ook verskille ook oor die spelling van sy naam. In ons familie is die gebruik *Louwrens* – met 'n ***w***. https://www.geni.com/people/Lourens-Pretorius-g7h1/6000000061180830946..
Elizabeth Catharina Pretorius (Ferreira), gebore 8 Oktober 1901, Oorlede, 07 Julie 1970, Tsumeb, Suidwes-Afrika. https://www.geni.com/people/Elizabeth-Pretorius/6000000061180951935https://www.geni.com/people/Elizabeth-Pretorius/6000000061180951935.

[6] CP: Hans en Klaas Maritz was eienaars van Stampriet tussen die begin van die eeu en 1940. Taaibosch is glo die huidige Schweizer Reneke, voorheen Mamusa, setel van die !Kei Korana (Groot Korana) of te wel die "Taaibosch-stam" waaruit Dr Lucy Lloyd in 1879 vir Piet Links en sy vrou gehaal het vir haar taalstudies.

Ek weet nie wanneer pappie na Suidwes verhuis het nie. Hy het egter vertel dat hy in 1912 plaasbestuurder was vir Carl Woermann op die plaas Gras.[7] Hy was daar tot ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Tot wanneer presies weet ek nie. Hy het vertel van 'n redelik gevaarlike





**Louwrens Jacobus Cornelius Pretorius**

en avontuurlike tog wat hy gehad het toe hy te perd 'n trop beeste moes deursmokkel—teen die destydse Duitse owerheid se reëls—vanaf Gras na 'n ander plaas van Carl Woermann. Daardie plaas was in die Okahandja distrik, waar die beeste beter weggesteek kon word. Oorlog was in die lug en Duitsers, Basters, Herero's en Namas was almal moedswillig, eiegeregtig en potensiële vyande. Langs omweë moes hy hulle vermy, en het selfs 'n paar konfrontasies gehad. Detail ken ek nie, net dat hy een nag in 'n kwaai donder en reënbui skuiling verkry het in die huis van ene Vercueil op 'n plaas noord van Rehoboth en suid van Windhoek. Die name het in my geheue bly

---

[7] LP: Volgens my vriend en deskundige oor Namibiese geskiedenis, prof. André du Pisani, in 'n persoonlike kommunikasie: "Carl was die oudste seun van Adolph Woermann van Hamburg en die stigter van die firma Damara and Namaqua-Gesellschaft, wat later Woermann & Brock geword het. In 1904 het Adolph die plaas Gras-Nord van 22 000 ha bekom. Gras-Nord was 'n Baster plaas wat diep in die skuld was. Die plaashuis is deur die argitek Friedrich Hoeft, wat ook die Woermann Huis in Swakopmund ontwerp het. Carl Woermann het in 1907 op die plaas begin boer. Hy het kort daarna van die Duitse staat die 19 000 hektare groot plaas Gras-Sud gekoop en het toe 41 000 hektare grond besit. Carl Woermann het die plaas in 1924 verkoop en is terug Duitsland toe. Hy het veel verloor in 'n vloed toe die Visrivier se water vee en ander gereedskap meegesleur het. Tussen 1944 en 1999 het die plaas aan die von Wietersheim familie behoort. Daar het 'n skool ontstaan. Die huidige eienaars bedryf 'n jag en gasteplaas." Die "ander plaas" is blykbaar Grunfelde.

steek omdat ‘n dogter uit die gesin, Mabel Vercueil, en ook haar  neefs, James en Wally Mitchell, in 1935/36 saam met my in die Swakopmund Sekondêre Skool (en hostel) was. Hulle het toe in die noorde van Suidwes gebly.




**Louwrens Pretorius (regs) op Grunfelde, 1913**

Die foto by Grunfelde is vermoedelik geneem na voltooiing van sy sending. So 'n moeilike tog. Suidwes se son, en die veld klere, laat 'n man nogal heelwat ouer lyk as wat hy 'n bietjie meer as 'n jaar tevore in die Salvation Army en te Potchefstroom gelyk het! Pappie is die een met die militêre baadjie aan, en sy gesig is min of meer soos ek hom onthou toe ek my verstand gekry het,  hier by 1923/24 rond.

**Stamprietfontein 1920 – 1934**

Oom Stoffel Brand het daar uit Leonardville se omgewing eendag by my by die polisiekantoor te Stampriet lang stories kom gesels. Dit was ongeveer 1950. Hy het vertel:

> Ek het eendag by jou pa aangekom waar hy teen 'n duin in 'n selfgemaakte hut gebly het op Aubes. Hy was nog ongetroud en het 'n grasliksens daar gehad. By hom het hy 'n groot jong hond gehad wat hy glo uit die Unie uit gekry het. Pragtige dier maar nog nie Suidwester nie. Ek en jou pa het met die hond gaan kyk na 'n slagyster wat hy vir 'n tier gestel het. Hy't bo-op 'n duin gestel. Die slagyster was weg en die sleepsel het na 'n bos anderkant, duinaf, gelei. Ek het vir jou pa gesê "hy's daar, darie bos."

Oom Stoffel draai sy rug op my en dui met sy wysvinger teen sy bors rigting aan. Hy vertel verder:

> Die onnosel hond het grootman spoor gevat en hom nie gesteur aan ons roep en fluit nie. Toe hy so twee tree van die bosse af is, sien jy net tier en hondestront. Die hond is tjank-tjank by ons verby. "Seker terug Unie toe", het jou pa gesê. Ons het die tier daar doodgeskiet, afgeslag, die vel eenkant gesit, onder 'n lekker koelteboom, en daar vir die hond gesit en wag en pyp gerook. Ons het lank gesit, toe kom hy, alles vergeet, bly om ons te sien, stertswaai-stertswaai, daar aan. Hy het gegroet en lekker gaan lê— by die vel. Toe sien jy weer net een streep stront en daar trek hy. Ek het vir jou pa gesê ons moet maar loop, hy kom wragtag nie weer hierna toe nie. By die hut het jou pa die vel so eenkant gegooi in die kookskerm, op die hond se sak. Jou pa het koffie gemaak en ons het gedrink, gerook, en weer koffie gedrink en gerook. Toe kom die hond daar aan. Sy tong sleep amper op die grond. Hy groet nie en gaan lê sommer op die tiervel. Man, waar hy dit alles uitgehaal het, weet g'n mens, maar dit was weer net een streep stront en daar gaat hy. Hy was nog nie terug toe ek opsaal en ry nie. Nee ek het nooit vir jou pa gevra of hy teruggekom het nie.[8]

Ek weet dat ek op Aubes gebore is op 25 Mei 1920. My pa en ma het seker daar gebly vir 'n kort tydjie na hulle troue. Toe ek my verstand kry, het ons op Stampriet in die kliphuis by die ghwarrie gewoon. Daar is egter 'n foto in my geheue. Ek sit in 'n riethuisie en gryp met 'n pienk handjie na geel stoffies in 'n ligstreep tussen die riete deur. Die sonstraal skyn deur my vel tussen duim en voorvinger en kom uit die rigting waar ek later die son sien ondergaan het—in die winter. In verhouding met die huis staan die riethuisie ook in daardie rigting. In 1941 is ek met embarkation leave en, waar ons vir die laaste maal in die ghwarrie saamwerk, vra ek my pa daarna. "Maar dis

---

[8] CP: In Suidwes sê ons tier, nie luiperd nie. Ons ken 'n cheetah as 'n luiperd. 'n Mens kyk of wys nie openlik na 'n tier nie. Hy sal vlug of storm. Jy draai jou rug op hom en wys in sy rigting sodat hy nie sien jy wys na hom nie. 'n Grasliksens is administrasie-goedkeuring teen geringe betaling om op staatsgrond met jou vee te staan.

onmoontlik, jy kan dit tog nie onthou nie. Jy was maar net 'n jaar oud toe ons in die riet hut gebly het terwyl ek die huis gebou het!" "Nee ek onthou niks verder nie. Daar is net hierdie baie duidelike prentjie …" het ek geantwoord.

Die naam Stamprietfontein was altyd ʼn raaisel.[9] Die "rietfontein" deel was verstaanbaar; maar waar kom die "stamp" vandaan? Daaroor het ooms Klaas en Hans Maritz, oom Albert van Zyl, oom Izak Minnaar, meneer Du Toit, my eerste skoolhoof, mnr. J. G. H. van der Wath, en baie ander, gewonder. My voorkeur spesmaas vir die ontstaan van die woord Stamprietfontein is soos volg.

Die Khoisan (hierna Khoi) het hul huise gebou met Iharub (Nama vir "biesie") matte oor lat- en riet raamwerke.[10] Ons hartebeesthuise is hierop gebaseer, en die naam hartebeesthuis is ʼn vervorming van Iharubes. Professor Nienaber sê so, en my pa en ek ook. Dit beteken nie dat so ʼn hartebeesthut, of liewer Iharuxa \ Iharubes hut altyd van biesies of riet sal wees nie. Weg van die rivier is daar nie biesies of riet nie, dan word gras gebruik. Die hut is steeds ʼn Iharube konstruksie. Soos in enige taal word betekenisse gegee na aanleiding van ʼn assosiasie met ou bekende name en gebruike. Wahrig, in sy *Deutsches Worterbuch,* noem dit "Verknüpfung". Iets kry sy naam deur die verknoping aan iets anders waarmee dit geassosieer word. "Boikot" is ʼn voorbeeld. In die radioprogram, *Die Richtersvelders,* ʼn aantal jare gelede, het ʼn ou Khoivrou vertel dat hulle die biesies gestamp het voordat hulle dit gevleg het en daarmee gebou het. Die rede het sy nie gegee nie. Ek neem aan dat die doel is om vog te verwyder, en sodoende ʼn minimum van krimping (wat lei tot ondigtheid) by uitdroging te bewerkstellig. Sy't nie van riete gepraat nie en ek weet nie of dit gestamp sou word nie. Uit ondervinding weet ek wel dat vertalers dikwels onakkuraat na "biesies" as "riete" en andersom verwys. Ek vermoed die Khoi in die Kaap het hulle eie taal prysgegee vir ʼn nuwe taal (uiteindelik Afrikaans) wat hulle onder die invloed van sendelinge, onderwysers, en saam met boere in die kraal, agter die vee, in die boorde, lande, smidswinkels en kombuise help vorm het. Van hierdie Oorlams Khoi het hulle byna 300 jaar gelede by die Gei Khoi langs die Auob gevestig. Hulle het nog Khoi kon praat en het plekname in die nuwe taal vertaal of die klank en uitspraak verander na die naaste, min of meer enersluidende, Afrikaanse naam. Hulle het die destydse naam vertaal na Stamprietfontein*,* die plek met die fonteine, riete en biesies wat hulle vir hul matte, mandjies en hutte gestamp het.

[9] LP: Hierdie en die volgende vier paragrawe in hierdie afdeling is verwerk uit ʼn brief (4 Januarie 1991) van Chris Pretorius aan Strydom van der Wath, seun van Mnr. J. G. H. van der Wath, eertydse prinsipaal van die Burgerskool te Stampriet; later administrateur van SWA en ander politieke poste.

[10] CP: Bl. 158, *Nama Worterbuch* (Kronlein-Rust). LP: Chris Pretorius het opgegroei in omgewings waar heelwat Nama en Duits gepraat is. Gedurende die tagtigerjare het hy homself geskool om Nama en Italiaans, asook basiese moderne Grieks, te lees. Dit was benewens sy vaardigheid in Afrikaans, Engels en Duits. Hy het bybels in al daardie tale besit en gelees. Oor Nama-benamings van plekke het hy dikwels met 'n deskundige op dié gebied, prof. G. S. Nienaber, gesprek gevoer. Hy het ook tersaaklike historiese en antropologiese werke bestudeer. .




**1920 – 1940: Stampriet, Mariental, Swakopmund, Windhoek, Fransfontein[11]**

Ou Stamprietfontein lê daar waar die Auob ŉ groot kuil gevorm het, op sy boog, suid van Spes Bona, naby die plek waar die teerpad na Aranos nou die Auob kruis. Mondelinge oorlewering uit my kleintyd wou dat daar ŉ Khoi nedersetting teen die randjies aan die oostekant van die Auob was. Mnr. Apols, die Damara prinsipaal op Stampriet, sal dalk van die nedersetting weet. Hy het by geleentheid vertel dat sy oupa of oupagrootjie grond daar gehad het, naby Dobbin of Nunib. Die Maritze het hulle oorspronklik teen die randjie duskant (nagenoeg suidwes van die kuil) gevestig. Daar was ŉ Duitse militêre pos. Daar was ŉ skooltjie met oom Izak Minnaar as skoolmeester.[12] Toe die witmense daar weggetrek het, het dié Stamprietfontein, Ou Stampriet geword. Ek het as kind daar gejag, en as stasiebevelvoerder daar piekniek gehou met Flip van As en ons families.[13] In my

[11] Google Earth Image Landsat / Copernicus. Map Data © 2023 AND Data SIO, NOAA, U.S. Navy, NGA, GEBCO.
[12] LP: Chris Pretorius skryf in ŉ brief aan Strydom van der Wath: "Terloops, jou pa was in my tyd nooit 'meester' genoem nie. Die 'meester' was deur Attie Pienaar (nagenoeg 1934) daar aangedra, maar gou hok geslaan. 'Meester' was in dié tyd uit. Dit sê ek n.a.v. die blaadjie *Primêre Skool 1924-1984 Stampriet*. Mnr. Pienaar het van die destydse Steynsburgse Opleidingskollege gekom, soos sy latere vrou, Mej. Steyn. Ander onderwysers het nie van 'meester' gehou nie vanweë die assosiasie met jare gelede se ongekwalifiseerde onderwysers. Mnr. Van der Wath is altyd 'meneer' genoem."
[13] LP: Ek meen Flip van As was posmeester op Stampriet in die vroeë 1950s.

tyd was daar nog heelwat oorblyfsels van die nedersetting, soos murasies, ’n stuk gronddam, peper en ander bome.

Die Auobkom te Stampriet het sedert ongeveer 1925 versout as gevolg van oordadige watervermorsing, hoofsaaklik deur opeenvolgende bywoners, uit artesiese boorgate op oom Klaas se grond. Meneer Van der Wath het in die vroeë dertigs begin om dit stop te sit. Ek onthou die ontevrede praatjies uit my kinderdae. Ek het sy korrespondensie aan die polisie daaroor gelees toe ek die Hofmeyr polisiestasie oorgeneem het in Julie 1947. Toe meneer Van der Wath oom Klaas se grond in 1940 oorneem, het hy die vermorsing finaal beëindig. Dit was te laat vir die biesies en riete en die syferfonteine wat tot 1927 die Auob oor sy hele lengte op Stampriet versier het.

Hofmeyr, die plaas en sy mense, is belangrik in my lewe. Op Hofmeyr kon ek nooit lank genoeg vertoef nie. Hofmeyr was eers Geibis, oftewel Kalkfontein, later Kalkfontein Noord, omdat die ander Kalkfontein na Kalkfontein Suid vernoem is. Kalkfontein Suid is nou Karasburg. Hofmeyr—uiteindelik Hennie en Lena Lubbe se plaas—was uit die Duitse tyd 'n belangrike militêre pos en kameelstasie. Willem Dreyer (’n gewese hoof te Stampriet se oupa?) en Frans Nasilowski was getuies toe my pa my geboorte op Kalkfontein Noord geregistreer het. Fanie Dreyer, die pa van my skoolmaats Hennie, Wicus en Fanie, was van ongeveer 1919 tot 1922 die eerste SWAP stasiebevelvoerder op Kalkfontein Noord.

Nog een van oom Stoffel se Brand se stories in die Stampriet polisiekantoor was oor 'n rusie by 'n drinkery op Kalkfontein Noord tussen 'n Arabier wat kamele gebring het, en 'n Duitse soldaat. Albei is dood. Die Duitser aan 'n dolkwond, die Arabier aan 'n koeëlwond. Waarom, waarom het ek tog nie pen gevat en geskryf nie! Toe ek my einde Januarie 1939 by die SWAP aangemeld het, was daar nog meer as 300 kamele.

Met my geboortesertifikaat het ek nogal probleme gehad nadat ek begin werk het. My pa en sy getuies het klaarblyklik nie gelees voor hulle geteken het nie. Dalk omdat die magistraat, wat ook die registrasiebeampte was, aangeklam en belangrik en haastig was. Hy het my as “female” geregistreer, ons van verkeerd gespel, Aubes en my ma se name verkeerd gespel. Die noodsaaklike het ek laat regstel. Females kon in 1939 nie konstabels in die SWAP word nie.

S.W.A. 7

Protectorate of South-West Africa.

# CERTIFICATE OF BIRTH.

CENTRAL REGISTRY 10 JAN 1921

CENTRAL REGISTRY 28 DEC 1920 S.W.A. PROTECTORATE

~~23/20~~ No. 34 ~~23~~/20

Completed at KALKFONTEIN NORTH this 24th. day of November One thousand Nine hundred and Twenty

THERE APPEARED THIS DAY before me at my Office

M LOUWRENS PRETORIOUS

Nationality S.A. Dutch Age 32 yrs. Occupation Farmer

Residing at AUBEES DIST GIBEON

who, being known to me as a person competent to report the facts, declared that a LIVE child of male ~~female~~ sex was born to Catrina Elizabeth

wife of Louwrens ~~Pretorious~~ Pretorius at 1 o'clock a.m. p.m. on the Twenty-Fifth day of May 1920

at Aubees

and that the child was given the name of Christiaan Petrus

The declaration was made in the presence of the two following witnesses:—

1 K. Nasilowsky Nationality German
Occupation farmer Residence Haruchas Dist Gib.

2 W Dreyer Nationality S.A. Dutch
Occupation Farmer Residence Weltevrede Dist Gib.

This Document was then read to the said appearers and signed by them in my presence.

L. Pretorius Deponent

K. Nasilowsky First Witness

W Dreyer Second Witness

[signature] ACTG. REGISTRAR.
No. 189/39. Date 5/10/31.

[signature] Magistrate
24/11/ 1920

original stamped b/f
[signature]
for male

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE 1989-08-16

Director-General: Home Affairs
Direkteur-generaal: Binnelandse Sake

D. MALAN
LUITENANT-KOLONEL
LIEUTENANT-COLONEL

STATION COMMANDER
PRETORIA-SENTRAAL/CENTRAL
SOUTH AFRICAN POLICE
1989-08-21

Die magistraat was destyds te Gibeon. Een maal per maand het hy periodieke hof te Kalkfontein Noord (huidige Hofmeyr) kom hou. Aranos (voorheen Arahoab) het hulle sake na Kalkfontein Noord gebring. Na die hof het die manne lekker gedrink—partykeer sommer vroegoggend al. Foute op geboortesertifikate en ander dokumente was nie buitengewoon nie. Die drinkgewoonte het in my Hofmeyr tyd nog voortgeduur. Die manne het baie onbenullige sake gemaak: pas oortredings, geen naamborde op hekke, en meer. Ons het dit "ashoopkrap sake" genoem. Dié sake is gemaak om te kan spog met ŉ hoë Crime Return. Ek het so by die tweede hofsitting (nagenoeg September 1947) die manne aangesê om op hulle eie stasies te gaan suip as hulle dan wou suip. Oor dié tradisieskending is die manne vir 'n tyd lank geskok en ontevrede, maar mevrou Schultz het nie weer gekla oor moedswillige polisie in haar hotel nie. Toe ek aanhou weier om te vervolg in sulke sake, het die manne goeie redes gekry vir hulle eie periodieke howe: afstand vir getuies, groeiende boerebevolking, en nog.

My geboorte is eers op 24 November 1920 geregistreer. Dis ver van alles af Hofmeyr toe. Die busdiens tussen Mariental en Stampriet is eers in 1926 ingestel, en waar sou 'n mens in elk geval die reiskoste vandaan haal? Ek neem aan K. Nasilowski moes van Gochas af (in my tyd woon sy kinders nog daar) Kalkfontein Noord toe gaan vir 'n saak, en dat hy en my pa saam gery het. Oom Willem Dreyer moes seker ook hof toe. Verskoon tog maar die draai om die gebeure, maar sien: Hulle het langs die pad oornag, vuur gemaak, 'n rib gebraai, koffie gedrink, gerook en oor die ou dae gesels, onder 'n polsende helder melkweg met sy miljoene sterre baie blinker en baie nader aan hulle koppe as hier in Pretoria.

Daar's nog 'n prentjie, het ek vir my pa gesê, toe en daar in die ghwarrie by Stampriet. Daar is die beeld van wat ek nou ken as 'n dreigende bakkop slang. Pragtig glimmend in die son, sy kop hoog gelig, glinster oë en dartelende tong. Iets moois wat ek mee kan speel. Dan ŉ vaal streep voor my van regs na links en verder niks. "Onthou jy dit?" het my pa gevra. Nee dis net 'n prentjie. Toe vertel hy my: Dis 'n hond wat hy voor sy troue al gehad het, van Aubes af saamgebring het. Vaal met verkeerde agterstevoor hare op die rug. Dalk 'n rifrug, het ek in 1949 gewonder, toe ek vir die eerste maal sover ek kan onthou, 'n rifrug gesien het—Flip van As s'n. My pa het my toe die storie vertel. My ma het die hond verwoed hoor grom. Toe sy buite kom het sy my buite sien sit, naby Wagter wat grommend met die slang in sy bek gelê het. Sy het gegil en my pa het met sy stok nader gehardloop. Wagter het sy kake eers laat skiet toe my pa die slang se kop met die punt van die stok in die grond druk. Ek en wagter het nie bytmerke gehad nie. Hy het, volgens my pa, voorheen ook al slange so agter die kop gegryp en gehou totdat my pa die kop met sy stok vaspen. In Suidwes loop jy nie sonder 'n stok nie. Daar's altyd slange.

Daar is kranse by die ghwarrie, natuurlike kranse, en kranse wat my pa gemaak het met die klipbrekery. Nie te hoog nie, maar gevaarlik vir 'n kind wat nog nie kan loop nie. “Wagter het jou leer loop,” het hy gesê. “Met jou hande op sy rug het jy geloop voordat jy nog baie gekruip het. 'n Mens soek na 'n kind as hy vir te lank stil raak. Dit het sommer baie gebeur dat ons julle dan sien—te naby aan die afgrond met wagter wat aan die gevaarkant: skuur-skuur en druk-druk dat jy nie heeltemal te naby kom nie.”


As gevolg van die tumult het ek wakker geword daardie nag toe broer Louwrens gebore is. Tant Gerrie van Eck was skielik daar. Sy’t vir warm water gevra. Daar was 'n opgewonde gewerskaf, die geskreeu van 'n baba, en grootmense wat bly was. Nee, ek het niks gesien nie, net gehoor; maar die omstandigheidsgetuienis staaf die oumense se bobbejaantjiestorie oor die herkoms van babas. Ek het self gehoor hoe skrou Louwrens toe sy hare (soos by varkslag wat ek toe ook al aanskou het) met kookwater afgeskraap word en sy stert afgekap word.

Ons kinders is van voor af uit Genesis geleer. Dit was voor die tyd van bewaringbewustheid. Die Tien Gebooie het ons geken. Ons het gejag met stokke, klippe en rekke. Met die vertel van die Dawid en Goliat storie was my pa verplig om slingervelle te maak en ons te leer gooi. Dit was maar moeilik. Ek, Andries en Louwrens was 6, 4 en 2 onderskeidelik. As Dawid soos ons gevaar het, sou hy homself doodgegooi het. My pa het ons aandag afgelei deur 'n roerboog te maak. In daardie jare het die boere 'n geweer ’n “roer” genoem n.a.v. die Duits Rohr (pyp), wat lei tot assosiasie met “geweer”, wat aan 'n pyp herinner. ’n Pyp is lank en hol soos ’n riet. So ook ’n geweerloop. Sy roerboog was 'n vorm van die kruisboë van vandag. Ons was meer akkuraat met rek en klip, en die roerboog was gebêre en vergeet.

In die week het ons voëls, muise, slange, skilpaaie gejag. Skilpaaie is gevang en laat gaan. Slange het voorkeur geniet omdat die Bybel sê sy kop moet vergruis word. Sondae mag daar nie gejag word nie, maar by bybelse implikasie (en dit het die grootmense beaam) mag geen slang ooit die wrok ontkom nie. Op Sondae het die Petoorsies dus slange gejag, en omdat skerpioene eweneens gifgoed was, is geen steen onomgekeerd gelaat nie.

Ons kliphuis by die ghwarrie was van onbekapte sandklip, en gemessel met kalk- en kleimengsel. Die Maritz kindjie (die voltooide grafsteen links op die foto onder) het net drie dae geleef. Die grafstene in die vorm van kruis en geopende boek moet nog inskripsies kry. Op die voorgrond is ’n lae profiel kliptafel. Gewig is nie 'n probleem nie. 'n Bokwa dra swaar, sonder lyding, en die staanplek op die bestemming is reeds gekies en permanent. Die klein Petoorsie kruip agter die grafstene weg vir die son. Ons het uitgesien na die man met kamera. Toe kom hy, kruip met sy kamera onder 'n swart doek weg vir die son, en verwag dat ons reg in die son vir hom moet kyk. Dit was so 1925.

Die pyn en weersin is daar nog elke keer as iemand praat van snêps vat. My pa was toe 37 jaar oud. Die houthamer en staal bytel sou hy self gemaak het.



**Louw Pretorius by sy handewerk**

Waarom het my pa nie geboer nie? Die vraag het eers ná die oorlog—toe boere in Suidwes-Afrika, almal vir die eerste keer, welvarend raak—by my ontstaan. Dit was nog nie eers daar toe Hennie Dreyer, in Augustus 1945, sy Rosie Frick Khomas Hochland toe kom haal het nie. Hy het uit die polisie bedank, en my daar, tussen die prinsipaal se huis en die skool se hek, probeer ompraat om,

soos hy, te bedank, aansoek te doen vir een van die plase vir teruggekeerde soldate, en vir my 'n klompie vee, ook met 'n administrasielening, in basterland te gaan koop—goedkoop. Ek het net gelag, gegroet en teruggegaan huis toe, na my lesings toe, vir die toekoms in die polisie. Die rede hiervoor, soos die rede vir my pa se gaan klippe breek op Stampriet, het ek later ontrafel, toe ek geneig was om myself te verwyt omdat ek nie ook plaas toe is nie.

Tussen 1900 en 1940 het dinge min verander. Boere het gaan boer omdat hulle self gedink het dis al vermoë waaroor hulle beskik. My pa was sterk, met geweldige uithouvermoë. Hy kon dinamiet skiet, klippe breek en bekap, grafstene, krippe, kliptafels, sierboë, ja alles, maak wat daaruit gemaak kan word. Hy kon huis bou en alles doen wat aan 'n huis gedoen was. Waar hy vandaan gekom het, is wonings en ander geboue van klip gebou. Stampriet het na ŉ plek met 'n toekoms gelyk. Groot skoolgeboue (vir daardie tyd) is vir 1923 beplan en voltooi. 'n Polisiestasie, poskantoor en huise sou volg. Laasgenoemde het eers in 1949 en later gekom. Bakstene het nog nie klip verdring nie, en daar was 'n toekoms in die ghwarrie se sandklip.

Soos reeds gesê was mense nie bedag op ontwikkeling, verandering, vinnige groei nie. Selfs pryse het vir 'n lang tyd konstant gebly: Groente was 2 pennies 'n pond, eiers 12 pennies ŉ dosyn, 'n slagding (skaap of bok) van 4/6 na 10 sjielings, 1 grafsteen was £5 tot £8, 1 langbroek 10/6 tot £1-1, ŉ pak klere £9 (soos my snyerspak van beste materiaal in 1939), beginsalaris (polisie, poskantoor, bank) was £10 tot £12 per maand. ŉ Onbewerkte administrasieplaas van so 6000 tot 9000 hektaar in die Auob/Nossob gebied het ongeveer £700 tot £1200 gekos. £700 (R1,400 in 1961) was ŉ verskriklike skuld om aan te gaan, en aangesien die woord “devaluasie” (van geld) tot die 1930s/1940s nie eers bekend was nie, het selfs 90 jaar betaaltyd nie 'n verskil gemaak aan die donker daarvan nie. Louw Pretorius kies toe klippe. Aanvanklik gaan dit goed. Die skool word gebou. Daar is baie stene, grafstene, kliptafels en krippe te maak. Vir bouwerk vind meeste bouers klip byderhand, wat mettertyd heeltemal deur baksteen verdring word. Boerdery lyk tot 1940 nog nie so rooskleurig soos na die oorlog nie. Louw Pretorius klou aan sy klippe, word 'n jack of all trades en meester van heelwat—om sy gesin met sewe kinders aan die gang te hou.[14]

In Mei 1927 gaan ek skool toe, skryf lelik, leer maklik, en staan eerste in die klas. My familie trek na De Duine toe (18 myl van Stampriet) waar my pa plaasbestuurder vir Fanie Dreyer word. My Suster Anna is daar gebore op 28 Oktober 1928. Die skooljaar word kortgeknip toe waterpokkies en skarlakenkoors opeenvolgend in die tweede helfte van 1927 uitbreek. Dis sommer 'n lang vakansie einde 1927. Aanvang 1928 terug skool toe. Ek loseer by die Dreyers—Hennie, Wicus, Fanie en

[14] LP: Chris Pretorius se broers en susters: Andries J I (4 Augustus 1922), Louwrens Jacobus Cornelius (14 Julie 1924), Petrus Johannes (1 Mei 1927), Anna Elizabeth (28 Oktober 1928), Katharina Magdalena (8 April 1931), Jacobus Ignatius (10 Februarie 1935).

Nelis se ouers—en later weer by die Van Eck gesin (Barend en Piet). In ŉ vakansie, terwyl my pa ons huis op Stampriet bou, pas ek vir baba Anna op terwyl my ma 2 myl daarvandaan 'n siek vrou op Witpan gaan versorg. Toe sy terugkom het ek 'n hap uit Anna se bos krulle geknip. Sy het baie mooi krulhare gehad, blond soos my pa se bietjie wat hy nog gehad het. "Die Here sal jou straf" het my ma gesê.

Later gaan soek ek, toe 8 jaar oud, en Thys Monsiger (oorspronklik van Monseigneur?) die koeie wat nie afgekom het nie; d.w.s nie melktyd huis toe gekom het nie. Thys, ŉ Baster, was toe 12 jaar oud, en die aanvaarde leier van ons kinders op De Duine. Skemeraand trap ek op 'n horingsman slang wat my aan my regtervoet byt, so twee duim agter die kleintoontjie. Ek skrik, hardloop seker 20 tot 40 treë en slaan-slaan na die slang wat nie los nie. Buk dan, pluk hom af en gooi hom weg. As Thys by kom, soek ons eers die slang want hy sê sy pa sal dit vir teengif insny. Ons kry nie die slang nie. My voet pyn sodat ek nie daarop kan trap nie. Ek probeer eenbeentjie spring op die 3 of 4 kilometer pad huis toe. Nee, sê Thys, die gif sal met jou springery vinnig hart toe gaan. Hy haal sy belt af, en bind dit styf om my regterbeen. Hy abba my heelpad huis toe. By die huis gooi my ma eers paraffien op die wond. Dan sny sy kaliumpermanganaat kristalle daarby in. Ek moan oor die gesny op die plek wat dan reeds seer is. Later sny Thys se pa weerskante van my bobeen, kou twak, suig aan my been, en spoeg sulke swart-pers drelle in 'n bak. Nog later kom 'n Boesman van 'n naburige plaas en sny IGoba—slang—op my bobeen in.[15] My been is by dié tyd blouswart en uitermatig dik geswel. My ma sê as ek slaap, sterf ek. In die nag pos sy vir Andries, 6 jaar oud, voor my bed. Dié is banger as ek dat ek sal doodgaan en nie so vaak soos ek nie. My oë wil-wil toeval en niks is meer begeerlik as slaap nie. Elke slag as ek wil insluimer pluk hy met ŉ "Hey ou Krisjan!" aan my. Ek beloof hom slae op die vreeslikste maniere as ek daar opstaan, maar hy hou my wakker totdat my ma na ŉ uur of wat weer opdaag om my uit die slaap te hou. So teen sonop se kant is die swelsel gesak en laat sy my toe om te slaap.

Vir twee dae gaan lê ek op my rug op die vloer, lig my dan, rugkant onder, met die hande en linkerbeen op, en kruip so—maag, gesig en seer voet na bo—oral waar ek wil wees. My pa daag op, en na so vier dae loop ek weer, en gaan bly vir die res van die vakansie by hom waar hy die huis op Stampriet voltooi. Vir vyf jaar na die voorval het my regter hak einde Desember en begin Januarie—die tyd wat die slang my gebyt het—baie seer geword en gesweer. So 'n jaar na die byt het die distrikgeneesheer, dr. Weinberg, 'n roetine-ondersoek op Stampriet kom hou. Ek weet nie hoe hy dogters ondersoek het nie (ons was nie by nie), maar sy ondersoek het bestaan uit wat ek later geken het as ŉ "varicocele ondersoek": hy neem 'n ou se sak in sy hand en voel-voel dit

---

[15] CP: *Iqowab / Iqobab.* Dit is hoe ek die naam onthou. Dit is eintlik nie 'n slang nie; het twee pootjies agter en die vermoë om soos blits onder die sand te verdwyn. Die Khoi glo dat dit 'n effektiewe teengif vir slangbyt is. Wetenskaplikes sê dis niks werd nie.

sagweg. Dit was die eerste dokter wat my ondersoek het. Hy het vrae gestel en van die slangbyt te hore gekom. As iets gehelp het, was dit waarskynlik die condy's crystals, het hy gesê. Onlangs het ek gelees dat condy's crystals ook nie sou help nie.[16] Terloops, dr. Weinberg het my einde Januarie 1939 te Mariental ondersoek vir opname in die SWA Polisie. Aanvang 1941, toe ons in die Polisiebrigade te Pietermaritzburg was, het ons oud-Stamprieters—Jood Junius, Hennie en Wicus Dreyer, Barend van Eck, en ek—hom te Pietermaritzburg besoek toe ons hoor hy is daar distriksgeneesheer.

Die "volk" het gesê dat ek as gevolg van die slangbyt nie weer so lekker sou kon baklei soos in die verlede nie. Dit was so. My senuwees het my pap gemaak op pad "agter-die-kleinhuisie-toe". Dit was sleg, want op Stampriet het die ouer seuns seker gemaak dat daar gereeld baklei word. Dan het die volk ook gesê dat ek nou vir slange 'n reuk sal dra wat sal maak dat hulle my nie weer sal byt nie. Daarop het ek vanselfsprekend nie gereken nie. Dit het wel gebeur dat Dirk Kotzé een laatnamiddag daar in die vaal pan op Stampriet vir my gesê het: "Ou Krisjan, jy staan op 'n slang!" Ek het afgekyk, gesien hoe 'n nagadder spook om onder my kaal voete uit te kom, en baie hoog en ver weggespring. Ons het dit na aanleiding van die volk storie bespreek, en besluit dat hy nie kon byt nie omdat net sy kop en stert onder my voete uitgesteek het.

Terug vanaf De Duine, op Stampriet, het ons gaan bly in die twee-vertrek rousteen huisie wat my pa gebou het op 1 hektaar van oom Klaas Maritz se grond. Hy het dit geruil vir 'n bokwa. Later, seker so 1933, het hy nog 'n vertrek van klip aangebou en, nog later, 'n kombuis sodat die oorspronklike kombuis as slaapkamer vir die kinders kon dien. Hy het ook 'n afdak aan die westekant gebou—waar hy, soos ek, altyd buite geslaap het as die weer dit toelaat, dit wil sê meeste van die tyd. Met skool was ek nou 'n jaar agter, maar vang dadelik op toe meneer Van der Wath my in die helfte van die jaar oorsit na die volgende klas op grond van goeie resultate in die Junie eksamen.

My pa is nou byna al die tyd weg van die huis af vanweë kontrakwerk op ander plekke: kerkbou op Maltahöhe en bouwerk op plase. Op Orab, net suid van Mariental langs die Visrivier, het hy bouwerk gedoen vir die eienaar, Graaf von Hunsbruck.[17] In die Visrivier se kuile was daar baber en geelvis, waarvan hy gevang en gedroog of gerook het, en saamgebring het as hy huis toe kom. Dit was lekker. Sy trommel het na boxer twak en sunlight seep geruik. ʼn Seuntjie wat baie verlang het, en nou, vanaf sy negende jaar, die meeste van die tyd ver van sy pa was, het die reuk met vaderliefde geassosieer.

---

[16] LP: "[Horingsman se] gif is sitotoksies maar hou nie werklik 'n gevaar in vir die mens nie. Na 'n byt deur die slang sal die slagoffer skok ervaar, swelsel en akute pyne en in sommige gevalle kan dit met nekrose gepaard gaan." https://af.wikipedia.org/wiki/Horingsman

[17] CP: Von Hunsbruck het kort daarna gesterf toe sy perd hom afgegooi het.



**Stamprietfontein Burgerskool Voortrekkers Mei 1933**

Sittend in die middel is die stigter, mnr. Weidemann (Ou Boep). Lief vir sy braaivleis en waatlemoen en ons kuier baie in die veld. Langs hom is mev. Weidemann. Mnr. Weidemann is ook musiekonderwyser. Die Afrikaner is besig om uit sy ellende op te staan en voort te stu. Mnr. Weidemann pas Afrikaanse woorde by La Marseillaise en bruisende Franse en Duitse musiek. “Daar’s ’n nasie te lei, daar’s ’n stryd te stry! Hou Koers!” “Maar die tien en Jan Pieterse hou daardie nek.” (’n Gedig i.v.m. ’n geveg in die Boereoorlog.) Voor kniel spanleiers Chris Pretorius, Fanie Dreyer, Gierjon van Dyk en broers Bêrend en Piet van Eck. Die grote middel agter is Barend van Eck. Tussen die dogters is daar ’n Junius, Anna de Waal, Joey Roux (1989 huishoudkunde skoolinspektrise in Namibië) met wie Fanie sy kalwerliefde tot huwelik voortgesit het.

Daar was sulke mooi sterk sandsteen in die Visrivier se bedding. In 1934 was ek saam met my pa en oom Milton Frick om een uit te soek vir sy oudste dogter, Lyta, se graf. Lyta was slim. Toe sy einde 1933 standerd 4 slaag, is sy na standerd 6 oorgeplaas. Ons sou in 1934 saam wees in standerd 6—mnr. Van der Wath se klas—ek en sy en Sonneta Smit, Gert Aggenbach, Dolly Hayward, Anna de Waal en Johnnie Sieberhagen. Gedurende die 1933/34 somervakansie het Lyta gesterf na ’n wond infeksie.

Terwyl hulle die klip uitgesoek het, het ek heeltyd gespook om in ‘n kuil ʼn vis te vang met my kaal hande. Hulle het gelag oor my gesukkel. Toe sê my pa vir my waar sy kiewe sit. “Gryp hom agter sy kiewe.” Ek maak so, en vang 'n grote wat ons net daar braai en eet.

Die jare 1930 tot 1933 was gekenmerk deur droogte en ʼn verarmende wêrelddepressie. Bou- en ander kontrakwerk, waaruit my pa goed verdien het, droog heeltemal op saam met die ongekende tekort aan fondse. Die administrasie help nou om die “armblankes” se nood te verlig met sogenaamde “onderstandswerke”; dit wil sê werk by die instandhouding van paaie en spoorlyne. My pa, oom Gert Aggenbach, oom At Vermeulen en nog ander werk daar—almal so 45 tot 60 jaar oud. Daar is selfs 'n paar van by die 70. Oom Etsebeth uit Windhoek was oor die 70. Die ouer manne was nagenoeg die helfte—hulle wat gesinne moes onderhou. Dan was daar die jonges van so 17 tot 35 wat die ander helfte uitgemaak het. Manne wat bedags mekaar daag met die graaf- en pikwerk en saans cowboy liedjies sing, kitaar en mondfluitjie speel. Ek onthou vir Fink, Floyd, en Bester. My pa het gesê mens sing net om God te eer. “Regte blêrrie vinke”, het hy van Fink en Floyd gesê. Maar hy van hulle gehou en hulle van hom. Enkele vakansies was dit my voorreg en groot vreugde om saam met hom langs die pad of spoor te bly. Hy’t gesien ek hou van die fris, vriendelike, Floyd en Vink, en my toegelaat om 'n aand by hulle vuur te kuier as hulle my nooi. Vir my was dit 'n groot eer, 'n grootmangevoel. Dit het 'n kosbare deel van my lewe geword: hierdie maatswees met harde, fikse, swetende graaf- en pikmanne. Dit was ons bydrae in die noorde met Wêreldoorlog 2, toe ons maande lank diep loopgrawe gegrawe het by El Alamein, waar die geallieerdes Rommel se blitsveldtog gestuit het, en op hom gekeer het.

Veld-toe was ons ontspanning. Dit het 'n groot rol gespeel in ons lewe op Stampriet tussen 1929 en 1934. Veral in vakansies. Lekker ontspanne, so kuier-kuier van bos tot bos, jag-jag en speel-speel, al verder en verder. Dan die besluit om vir ou so-en-so te gaan kuier. Die tydverspeel, en dan die terugstap enigiets van 5 tot 12 myl ver. Tydens een so 'n vakansie, Desember 1934, het ek (14), Andries (12) en Louwrens (10) saam gekuier waar hulle kamp naby Gibeon se spoorwegstasie gestaan het. Met my pa se toestemming, en 'n ondeunde uitdrukking op sy gesig, het ons te voet afgesit na Gibeon dorp, nagenoeg 6 myl daarvandaan. Die stasie lê op 'n baie hoër vlak, digby die huidige Karasburg–Windhoek spoorlyn, en die dorp lê in 'n kom. Dit was 'n lekker stap soontoe. In die dorp was dit lekker, koeltebome en water. So middag se kant het ons begin terugstap, opdraand en onder 'n genadelose son. Niks water langs die pad nie. Ses myl is nie so ver is jy begin loop nie. As jy 3 myl opdraand geloop het in die warm son en sonder water, is die 3 myl wat oorbly iets vreesliks, en die laaste myl iets onoorkomelik. Dan nog die kwaaivriendskap as party wil rus en die ander wil loop. Ons het eers weer vriende geword toe die laaste “mirage” nie soos die voriges in die lug gehang het nie, en toe ons, dik gedrink aan water, die gespot van my pa en die ooms moes verduur.

Ons is nog in dieselfde vakansie. Skole het destyds eers na die 20ste Januarie weer aanvang geneem. Die groot verspoelings begin en die hele kamp vertrek per goederetrein na Heide, suid van Rehoboth. Ons is saam met Floyd en Fink in die trok. Ek sal my altyd verbeel ŉ cowboy lied moet gesing word onder begeleiding van ŉ tik-tak goederetrein en die uitgerekte treurige fluit van 'n stoomlokomotief wat jou vér-vér na onbekende plekke voer. Vir Fink het ek een aand dekades later, so 1966 of 1967, by die inryteater in Windhoek weer gesien as 'n middeljarige oom. Ek was toe al 'n oom van 46 of 47.

Daar was seker so 30 hutte in die nuwe kamp. Die spoor was verspoel suid van die kamp. Die span het elke oggend 4 vm. gaan werk. Een oggend was ek op ons hut se dak besig om die rubbertex digting te lap. My pa het so 10 vm. daar opgedaag, vir my duine 3 myl daarvandaan gewys, en gesê ons moet daarheen gaan en 'n vrou met twee klein kindertjies help om daar te kom. Op daardie tydstip het die rivier nie geloop nie. Toe ons na die middag op die aangeduide plek aankom, het die water al rondom die duine gestoot. Ek het die vrou, kinders en my broers daar gelos in die geselskap van ander mense—onder andere die “ganger” en sy familie—en deur die massa vlak water teruggeloop kamp toe. Ek wou weet wat van my pa geword het. Naby ŉ duin, noord van die kamp, het ek oom Etsebeth gekry waar hy aan 'n bos klou. Op die duin was my pa en Boetie Karstens, 'n 19 jarige wat sy been tussen twee bewegende spoortrollies beseer het. My pa het gewys en beduie na oom Etsebeth en na die duintjies dáár vér. Tussen die duin waarop my pa was en die plek waar oom Etsebeth en ek was, was ŉ diep, siedende, snelvloeiende watermassa. Oom Etsebeth het gesê my pa—'n goeie swemmer—was saam om hom en Boetie te help om deur die water te kom. Hulle sou dan al drie op die duin oornag. Toe hoor hulle 'n geruis en my pa vat die oom deur die sloot. My pa was glo net terug toe die sloot vol word en hulle afsny. Met my regterhand aan die oom se arm en die linkerhand klouende van bos tot bos, het ek teruggeloop duintjies toe.

Die volgende oggend was die water, behalwe vir vlak lopies, afgeloop, maar ek het my broers gesê om te bly waar hulle is. 'n Jong boer, ene Coetzee, wat vroegoggend kom kyk het, het van my kommer gehoor en dadelik aangebied om saam te loop. Plek-plek het die spoorlyn in die lug gehang. Plek-plek was dit diep begrawe en het net die porselein koppies van die telefoonpale bo die grond uitgesteek. Volgens Coetzee het die rivier op dié plek “myle wyd” gestroom.

My pa hulle was veilig. Die water het vir hulle sowat 6 meter by 4 meter van die duin se oppervlak gelaat. Die rivierbedding het op plekke tot 300 meter verskuif. Dit het weer verskuif tydens ons verblyf daar. Op die rivier se oewer het twee bejaarde, Duitssprekende, susters, met die van Wagner, hulle winkel gehad. Die rivier se woede het hulle ongeskonde gelaat. Heide spoorwegstasie was ook ongeskonde. Net vier van die hutte in die kamp het bly staan, onder andere ons s’n. Ons het proviand daar gaan haal. Vink het syne ook vir ons gegee. Ek en my twee broers het ons intrek in ŉ oop trok voor die stasie geneem. 'n Digte seil het die reën uitgehou. Die gietende

reën was musiek. Hoe het dit nie gereën nie. Die ganger en sy familie het hulle nie aan ons gesteur nie. Ons het pap en skons geëet en die omgewing verken as dit nie gereën het nie. Boetie Karstens is hospitaal toe. My pa en die res van die span het net suid van Rehoboth gaan walgooi.

Louwrens, Andries en ek het so 14 dae in die trok gebly voordat my pa met vervoer daar aangekom het, en ons terug is huis toe en skool toe. Wat 'n heerlike vakansie was dit nie! Ons was 'n moedswillige klomp, maar Krisjan het die verantwoordelikheid gehad. Sy hoof het soms swaar gerus vanweë die ander twee se vindingrykheid.

In Junie 1941, eerste payday in Egipte, kom jaag Andries daar aan op sy Harley Davidson. Ons koop kondensmelk en clings sliced peaches by die NAAFI. Biscuits ook. “Ou Krisjan, onthou jy die dag op Heide toe jy op die nat grond 'n pak droë biscuits optel. Jy wonder hardop oor dit droog is. Soos 'n goeie ouboet deel jy dit eweredig onder ons drie, en vat die res van twee vir jou! Jou swernoot! Ek en Louwrens het mev. Wagner se hoenderneste geraid, en die eiers aan haar verruil vir daardie pak biscuits. Jy het op ons afgekom. Ons het die biscuits laat val en weggekruip.”

**Sekondêre Skool Swakopmund 1935 – 1936**

Min kinders het na standerd 6 gaan “verder leer”, soos ons destyds gesê het. Die meeste is terug plaas toe. Sommige het in winkels gaan werk, sommige het by die SWA Polisie aangesluit, en ander het by die SA Spoorweë en Hawens 'n heenkome gevind. In 1935 het Johnny (later bekend as Jan) Sieberhagen en ek gaan “verder leer” te Swakopmund. Meneer Strydom was daar die prinsipaal. Hy was die skoonpa van meneer Van der Wath, die prinsipaal te Stampriet. Ons klasmaats in die nuwe skool verskyn saam met ons op die foto.

Vroeg in 1935 het ons standerd 7 en 8 seuns vanaf ons aanvanklike hostel, in die Woermann Haus, verhuis na die eerste vloer van die ou poskantoor. Toe het hierdie gebou net die laerskoolseuns en al die meisies gehuisves. Ons het nog daar geëet, en die gesamentlike studeerkamer was nog daar. Ek het in die studeerkamer eers langs Tobias gesit—uit die onderwyser se gesig. Te veel gesels laat my skuif na 'n hoek oorkant, waar ek altyd binne sig was. Magriet en ek sit rug aan rug, leun nou en dan terug dat ons koppe teen mekaar raak. Gesels, gesels ek nie meer nie want hier waar ek sit, sit ek enduit.



**Swakopmund Sekondêre Skool, standerd 8 1935/6**




a. Pat Freeman, 'n goeie maat met wie ek na standerd 8 nie weer kontak gehad het nie.

b. Magriet Pretorius. Ons het graag gesels. Het aanvanklik naby mekaar in die middel van die klas gesit. Is oor die gesels uitmekaar geskuif—sy regs heel voor en ek links heel voor. Sy is na La Rochelle, Paarl, vir standerd 9 en 10, en daarna Universiteit Kaapstad en iewers in die Britse Eilande. Sy het mediese dokter geword—en mev. Kemp. Na skool in Swakopmund het ons nooit weer kontak gehad nie. Haar broer, Martiens, bekend as Meerkat, het my vertel dat sy in Rondebosch woon. Ek het haar 'n paar jaar gelede in 'n televisieprogram in verband met geboortebeperking en opheffing onder Kleurlinge gesien .

c. Frikkie Botha. Hy't as 17 jarige standerd 7 begin. Harde, getroue werker, goeie bokser en rugby- en sokkerspeler. In standerd 8 en 10, onderskeidelik, hoofprefek en rugbykaptein. Goeie maat en "ouer broer". Het moeilik geleer, betreklik swak presteer, maar doelgerig gewerk en matriek geslaag. Gedurende en ná die oorlog was hy bestuurder van 'n motorsaak, Dempers, in Windhoek en een later te Tsumeb, waar hy betreklik jonk oorlede is.

d. Krisjan Pretorius

e. Lukas Botha. Nie familie van Frikkie nie. Tussen 1964 en 1967 het ons mekaar gereeld in Windhoek gesien. Hy was daar 'n reisiger vir 'n petrolmaatskappy.

f. Sally Anderson. Toe ma in 1945 onderwyseres in Walvisbaai was, was Sally die prinsipaal van die skool.

g. Marthinus "Meerkat" Pretorius. Magriet se broer. Hy is na standerd 8 na Hoër Jongenskool Paarl en Universiteit Kaapstad. Hy het landmeter geword. Ons het mekaar weer nagenoeg 1950/51 te Stampriet gesien toe hy daar opmetings gedoen het en ek SAP stasiebevelvoerder was. Ons het saam leer rook in Swakopmund—net so effe by spesiale okkasies.

h. Jan Sieberhagen is fisies amper nie sigbaar nie, maar psigies tog. Kort van draad, opvlieënd, "extremely proficient in the use of" gekruide taal. Sluit ná standerd 8 by die polisie aan. Hy was distrikskommandant te Keetmans toe ek afdelingsinspekteur in SWA was. Tree as brigadier af uit die SAP. Vestig hom op sy kleinhoewe langs die Oranjerivier naby Upington, en sterf vroeg weens emfiseem.

i. Tobias van der Westhuizen. Super intelligent. Hy help al van standerd 8 af die onderwysers met wiskundige en geometriese probleme wat hulle nie kan oplos nie. In die studiekamer tokkel hy tot almal se ergernis op 'n klavier tot hy dit bemeester, en later op versoek speel. Ons loop saam tot matriek in Windhoek. Ek koop by hom in 1951 ons eerste motor, 'n Austin A40, waar hy in beheer is van 'n motorsaak in Windhoek. Tussen 1964 en 1967 braai ons dikwels vleis by sy huis in Windhoek. Hy het op Parys, Vrystaat, afgetree.

j. Douglas McHugh. Magistraat se seun. Gaan na standerd 8 Paarl toe. Ons was groot maats en sien mekaar dikwels in 1939 toe hy in Windhoek by die magistraatskantoor werk en ek in die Polisie Depot was. Hy word vlieënier in die Lugmag. Iewers in die Noorde het hy met sy

vliegtuig geval. Niemand weet waar nie. Sy ouers het glo jare na die Tweede Wêreldoorlog nog geglo dat hy sal terugkom.[18]

k. In die middel sit een van die Koch tweeling, mnr. Strydom, mej. Heather, en mnr. De Witt.

Elke middag, net na ete, winter en somer, het ons strand toe geloop, almal in gelid, meesal na die jetty, soms maul ["mole", golfbreker/keerwal] toe.[19] Die jetty het op droë grond gestaan, nagenoeg 200 treë van waar die branders gebreek het in 1935/36 ná 1934 se vloed. Die strand was besaai met groot boomstompe wat die Swakoprivier in 1934 daar kom afgooi het. Destyds het water meesal net tot by die punt van die jetty gevoer. Na 1936 was ek vir die eerste maal weer in 1964 tot 1967 daar. Toe was die water weer diep onder die jetty.

By die maul was daar 'n lagune waarop die Duitse seuns in roeibootjies gevaar het. So nou en dan het een gesink. Dan, as die eienaar moedeloos weg is, het ek dit uitgeduik, rond geroei en dit weer gesink om weer te gebruik—totdat dit die eienaar kom vra het om dit tog maar vir hom buite te los, wat ek dan gedoen het. Onderwater swem was toe seker net op Stampriet die "in ding", want op Swakop was dit skynbaar net ek wat iets kon uitduik.

Die sekondêre skool, poskantoor, spoorweë, landdroskantoor, en Sleith Davis se winkeltjie was op Swakop eilandjies in 'n Duitse see, deur die Atlantiese Oseaan en die Namib afgesny van die res van ons wêreld. In 1935/36 het die Herrenvolk in Swakop mekaar ge-Heil Hitler! Hulle skool was puik georganiseer, en die modernste gimnastiekapparaat en afrigting het super liggame aan hulle besorg. Met sokker en atletiek het hulle ons gereeld geklop. Rugby was daar nie.

Toe kom daar 'n meneer Möller by die magistraatskantoor as klerk. Hy stel aan meneer Greeff (ons koshuisvader) voor dat 'n boksklub gestig word. Elke Saterdagaand boks ons in die skoolsaal. Frikkie, Lukas, Sally, Meerkat, Pat Freeman, en ander, het so te sê met boks grootgeword. Toe kom daar een aand so 'n klompie van die Tarzans uit die Duitse skool en vra ewe nederig, met 'n gryns hier en 'n grinnik daar, of hulle kan aansluit; sommer vanaand al kan boks. Mnr. Möller paar gewigte af. Frikkie drop syne met die eerste hou, Lukas en Pat vinnig daarna. Meerkat, die ratse, rek sy les uit. Al die bokslesse was so goed dat die Ariërs nooit weer gekom het nie

Dit was aangename twee jare op Swakop. Die skool en hostel was "co-ed" en dubbelmedium op sy beste. Dissipline is sonder slae, sonder straf, gehandhaaf. In die hostel het mnr. en mev. Greeff, huisvader en huismoeder, albei ontsagwekkende persone, nie eintlik nodig gehad om hard te praat nie. Dit kan gesê word dat die leerlinge self gesorg het vir ordelikheid sonder om enigsins "sissies"

---

[18] LP: "Douglas Howard McHugh. Service Number: 205804V. Rank: Lieutenant (Obs.). South African Air Force, 12 Sqdn. Died 13 July 1944, age 24 years old, in the crash of aircraft Marauder II FB487. Son of Michael Francis Joseph and Anne Florence McHugh, of Karibib, South West Africa. Born Keetmanshoop, South West Africa."
https://www.findagrave.com/memorial/56383633/douglas-howard-mchugh

[19] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Swakopmund

te wees. Die hostelkos, met ‘n verskeidenheid van visgeregte, was aangenaam en het voldoen aan kinders van daardie ouderdom se seelugeetlus. Sover ek kon vasstel, het sowat ‘n derde van ons groep standerd 8 in die eerste klas geslaag. Gelukkig was ek een van hulle.

**Windhoek Hoërskool 1937 – 1938**

By gebrek aan skolekompetisie, speel ons rugby teen volwasse spanne in die tweede liga. Ons wen die ligabeker (foto). Spoorweg wen ons in die finaal vir die uitklopbeker—met 'n derde van ons span siek aan griep, en terug bed toe na die wedstryd. Ek het liters bloed by my neus uitgebloei daardie aand, sowat 10 dae in die bed gebly, en vier Tarzan boeke deurgelees. Darem nie liters nie.

Meneer Van der Wath het my ouers £25 geleen vir standerd 9 en 10. Ek moes terugbetaal sonder rente wanneer ek werk, en het dit gedoen. Soos in Swakop, en soos in die meeste ander skoliere se geval, is ek in die hostel opgeneem teen verlaagde tarief van £6 per jaar, in plaas van die standaard £48 per jaar. Die £25 was dus net genoeg vir boeke, hostel, skool en ‘n deel van die noodsaaklike kleding.

Die hostel, skool, rugby, gereelde pieknieks te Avisdam, en ander bedrywighede was aangenaam. Gewoonlik was dit saam met Flippie, Frikkie en Lukas Botha, Piet Mostert, Andries le Grange, Cor Alberts en ek—ook spangenote met vrugtestelery in Klein Windhoek se boorde. My skoolwerk het ek verwaarloos, my pad deur gekuier, en ek was gelukkig om met 'n tweedeklas te slaag.

Tobias van der Westhuizen was ook weer saam met ons—steeds altyd eerste in die klas. Hierdie keer het hy 'n viool saamgebring, skreeugeluide gestryk wat die hostel om genade laat gil het. Hy’t onverstoord voort gegaan en mettertyd mooi musiek gemaak. Ons hostel was die Ou Fort (Alte Feste) by die huidige Windhoek Hoërskool. Ons klaskamers in 1937 was in 'n sinkgebou wat later afgebreek is. In Januarie 1938 het ons in die toe pas voltooide nuwe WHS skoolgebou ingetrek ons was dus die eerste matriekklas in daardie gebou.[20]

Terwyl ons besig is met die matriek eindeksamen, nader ons die onderwysers vir getuigskrifte en doen aansoek vir werk. My kop het eintlik see toe gestaan. Te Swakopmund het ek op 'n stadium ernstig gedink aan wegloop see toe. Die baie avontuurboeke wat ek gelees het, uit skoolbiblioteke, het hul invloed gehad, en ek wou graag avontuurlik leef. Ek wou na die Generaal Botha, die opleidingskip in Simonstad.[21] Die £25 wat daarvoor betaal moes word, het ek nie gehad nie, ook nie ՚n dubbelloop Engelse van met vrymesselaar-stoot agter my nie. Dit was glo nodig, volgens my

[20] LP: My pa en ek het ons matriekjare, onderskeidelik 1938 en 1965, in dieselfde WHS klaskamer deurgebring.
[21] LP: https://generalbotha.co.za/?page_id=129

raadgewers van destyds. Nou is ek nie oortuig dat dit wel so was nie.[22] Verder, my ma wou niks daarvan weet nie. Gevolglik het ek nooit aansoek gedoen nie.




**WHS 1ste rugby span 1938**

Agter L na R: Frank Bassingthwaighte, Krisjan Pretorius, Piet Brand, Victor Lusted, Cor Alberts, Jerry van der Merwe, Jan van der Merwe, Dee Lang.

Middel: Tienie Erasmus,[23] mnr. Koch (onderwyser, laerskool, speel vir ons), Frikkie Botha (kaptein), mnr. Anderson (skoolhoof en afrigter), Piet Mostert (o/kaptein), mnr. Adamson (onderwyser, speel vir ons), Lukas Botha.

Voor: Alan Bassingthwaighte (hy sneuwel in Wêreldoorlog 2), Openshaw (?), Fanie Dreyer (ons was saam op Stampriet), Novak (Oostenrykse immigrant, 1938).


(Lukas, Frikkie en Krisjan ex-Swakop)

---

[22] LP: Een van sy kollegas het teenoor my beweer dat die SAP offisier, Chris Pretorius, op uitnodigings om by sekere tipes rganisasies aan te sluit gereageer het met "Ek is 'n polisieman. Ek ry nie bokke of rapporte nie."

[23] LP: In die tydperk 1965 – 1972 het ek oom Tienie Erasmus en sy gesin goed geken. Sy seun Jan ('n knap rugbyspeler, en 'n vriend) was in WHS std. 9 toe ek in matriek was. Ek kan nie onthou dat oom Tienie of my pa ooit na hulle verbintenis met mekaar verwys het nie.

Ek het nog nooit kans gesien om die getuigskrifte weg te gooi nie. Die getuigskrifte was die laaste skriftelike gedagtewisseling met my van gewaardeerde onderwysers wat ook goeie vriende was. Nou plak ek hulle hier in omdat dit tog periodestukke is uit 'n heel anderse, vooroorlogse, tydperk. Gooi iemand dit uiteindelik weg, gebeur dit dan minstens nadat ek hiermee hulde gebring het aan 'n paar mense wat 'n kosbare rol in my lewe gespeel het.



This is to certify that Christiaan Pretorius has been a pupil of the High School, Windhoek for the last two years. He is a candidate for the Matriculation examination which is at present being written, with every prospect of securing a very good pass.

Christiaan is a lad of more than average intelligence, and takes his work very seriously.

I have always found him thoroughly reliable in all my dealings with him.

During last season he was a regular member of the School 1st XV.


I have no hesitation in recommending him for any employment for which his qualifications make him fitted.

W. G. G. Anderson, Principal

HIGH SCHOOL 29 NOV. 1938 WINDHOEK SOUTH-WEST AFRICA

W. G. Anderson. Skoolhoof. Meneer WHS. Hy rig persoonlik rugby af. Vuilspel was daar destyds nie—nie soos ons dit vandag ken nie; maar elkeen het geweet dat, hoe goed jy ook al is, net so 'n bietjie "loaf", hoogvat, praat en argumente op die veld, sal jou plek kos vir minstens een wedstryd. Hy was ook ons huisvader en het sy hostel, sy onderwysers, en loseerders, hanteer soos 'n skeepskaptein in die ware ou tradisie—die WHS eweneens. Sy dogter Barbara was saam met ons

in matriek. Sy seun Jan, jonger as ek, het 'n dokter in die vloot geword.[24] Daar was ook 'n nog jonger seun, David.



TO WHOM IT MAY CONCERN.

I herewith wish to certify that Christiaan Petrus Pretorius has attended my German lessons for the last two years.

He has a good chance of passing the Matriculation Examination at the end of the year.

In German he has acquired a fair knowledge of the language, written as well as oral.

His intelligence is above normal and he is a person in possession of a reliable and pleasant character.


H.H.Stritter
German Master.

High School,
Windhoek,
28th November, 1938.

Willie Stritter. Duitse onderwyser. Goed geaard en sag. Hy't dit maar moeilik gevind om gesag uit te oefen en het saam gek geskeer. Ek het hom eendag in 1964 in sy klas by WHS besoek. Te Fransfontein in 1939/40, het ek sy skoonouers en skoonsuster, mnr. en mev. en Ethild Hoppe van Gainatseb, leer ken. Mev. Hoppe het my verplig om met haar Duits te praat omdat Willie vir my Duits geleer het, en dus kán ek dit tog sekerlik praat. Op 'n dag het Willie skool toe gekom met die eerste kragfiets wat ek ooit gesien het, 'n Miele. Met die kragfiets het hy op 'n keer sy been erg beseer—wat aanleiding gegee het tot baie leedvermaak.

---

[24] LP: Chris Pretorius se geheue is hier deels korrek. John Anderson het kort na die uitbreek van WO2 by die SA Lugmag aangesluit. Na die oorlog het hy as geneesheer gekwalifiseer. Sy verhaal is J. Anderson, *Escape in the Appenines,* Gamsberg Macmillan, Windhoek, 1992.




Hoërskool,
Windhoek.
2 Desember 38

Dit doen my groot genoeë om die een en ander te kan getuig van Christiaan Pretorius as leerling aan die plaaslike hoërskool.
In die klas het hy met veel ywer en ook met sukses sy werk verrig en aldus 'n bekwaamheid en pligsbesef aan die dag gelê waaraan nie getwyfel kan word nie.
Op die sportveld het hy ook homself laat geld want hy het o.a. vir die rugby eerste span gespeel.
Wat sy karakter betref was hy altyd stil, ingetoë en voorbeeldig en is ook gekies as een van die prefeks in die seunskoshuis.
Ek kan vrymoediglik vir Christiaan aanbeveel as 'n Afrikanerseun wat altyd sy bes sal doen en vordering sal maak in alle opsigte.

A. R. Koch.
(Klasonderwyser)

Andries Koch, seun van ds. Koch van Swakopmund NGK, wie se gemeente tot ver in die Noorde gestrek het. Sy tweelingsusters saam met my in standerd 7 en 8 in Swakopmund. Ek het hulle nooit

uitmekaar geken nie. 'n Jonger broer was ook 'n goeie rugbyspeler, eers Villagers, en later te Omaruru. Mnr. Koch het vir ons senter gespeel. As ons weg gespeel het, bv. te Usakos, het hy gewoonlik vir my, Frikkie Botha, Piet Mostert, en Tienie Erasmus, saam met hom in sy Chev Koepee, met ”dicky seat” agter, geneem. Een van die tweelingsusters is getroud met 'n Pretorius te Otjiwarongo. Die ander het verpleging haar loopbaan gemaak. Mnr. Koch het getrou met ons mooiste klasmaat in 7 en 8,  Dorothy Enslin. Toe ons in Windhoek was, 1964/67, was hy daar die hoof van 'n laerskool.




Stamprietfontein,
Oor Mariental.
26 ste. Des. 1938.

Die Bestuurder,
Standard Bank,
Windhoek.

Waarde Heer,
Met betrekking tot die aansoek wat ek gedoen het vir werk in die Standard Bank, op die tweede Desember 1938, stuur ek u my geboorte sertifikaat en nog twee getuigskrifte. Dit spyt my dat ek u so lank daarvoor laat wag het, maar ek wag nog altyd vir my doopseël wat ek nog nie ontvang het nie alhoewel ek dadelik by my aankoms hier, daarvoor geskryf het. Dus stuur ek u my geboorte sertifikaat, en ek hoop dat dit voldoende sal wees.
Ek is bereid, en ook baie begerig, om so gou as moontlik in diens geneem te word.
U Dienswillige dienaar,
Christiaan Petrus Pretorius.

Die brief is geskryf met my eerste vulpen. Swart met 'n breë nib. Teen laat Januarie 1939 was u dienswillige dienaar se geduld aan die opraak met die Standard Bank en die SWA Administrasie se traagheid om te antwoord.

Meneer Van der Wath is tevrede toe hy getuig het vir my aansoek vir werk by Standard Bank en vir nog 'n aansoek vir werk by die Administrasie. Toe ek by die Suidwes-Afrikaanse Polisie aansoek doen,  was hy baie ontevrede met my.



Burgerskool,

Stamprietfontein.

25 Jan. 1939 (1939)

H.D.L.

Ondergetekende wens hiermee te verklaar dat ek Christian Pretorius ken vir 'n tydperk van elf jaar. Christian was leerling aan hierdie inrigting waar hy sy primêre skoolkursus met goed gevolg afgelê het. Hy was altyd baie ywerig, leergierig, en getrou in sy pligte. Hy is 'n intelligente seun en eerlik in sy werk. Hy is van goeie gedrag en dis met vrymoedigheid dat ek hom kan aanbeveel vir die polisiediens.

Nadat Christian hier klaar geleer het, is hy na Swakopmund waar hy sy std. VIII eksamen afgelê het in die eerste klas. Verder het hy so pas berig ontvang dat hy die std. X eksamen, waarvoor hy aan die Windhoek hoërskool studeer het, met goeie gevolg afgelê het in die tweede klas.

My beste wense vergesel Christian op sy verdere loopbaan.

Prinsipaal.

BURGERSKOOL
25-1-1939
STAMPRIETFONTEIN

"Die polisie is nie werk vir jou nie. Jy wil altyd weet waarom, en jou eie kop volg as redes vir jou nie reg is nie. Jy sal dit moeilik vind om orders uit te voer. Ou Barend ja, vir hom is dit die regte werk.

Hy bevraagteken nie, doen kalm wat van hom verwag word.” [25] Hy het hard probeer om my om te praat daardie 25ste dag van Januarie, 1939, toe ek die getuigskrif gereed moes hê vir majoor Manie du Preez wanneer hy op Donderdag 26/1/39 van Gochas terugkom en my aansoek en alle dokumente sou saamvat Windhoek toe.

Meneer Van der Wath was 'n moeilike man, soms kontensieus, maar hy was 'n lewendige, toegewyde, onderwyser en prinsipaal, doelgerig in alles wat hy onderneem het. Ons het later van tyd tot tyd weer met mekaar te doen gekry amptelik en nie-amptelik—in 1947 tot 1953, 1964 tot 1967, en by enkele geleenthede tussen 1967 en 1970. Hy en my pa was goeie vriende, wat dikwels in my teenwoordigheid as kind, lang onderhoudende gesprekke gevoer het, dikwels heftig verskil het, meer dikwels saamgestem het. Hy was tuinboukundige, veekenner en onderwyser by uitstek. Hy kon bou en omtrent alles doen wat mens daardie tyd met jou hande gedoen het. In die landboukursus wat hy in 1928 te Stampriet vir standerds 7 tot 8 ingestel het, was hy self die dogters se huishoudkunde onderwyser.

Sedert so 1936/37 het my pa die hele erf 37 te Stampriet onder besproeiing geplaas met 'n ruime watertoekenning uit die hostelboorgat. Op bestelling het hy, tweekeer per week, gesinne te Mariental van groente voorsien (via SAS&H se padmotordiens) teen 2 pennies per pond plus vervoerkoste. Hy het nog klippe gebreek, grafstene gemaak en hier en daar konstruksiewerk onderneem. As iemand 'n goedkoop en sterk emmer, skottel, bad of geut wou hê, het hy dit gemaak van gegalvaniseerde gegolfde sinkplate, wat hy gelyk geklop het.

Soos elke ander skoolvakansie sedert 1935, het ek hom ook dié vakansie gehelp terwyl ek gewag het dat die bank my in diens moet neem, in welke geval ek vir Wanderers rugby sou speel, of dat die administrasie my sou neem en ek vir United sou speel.[26] Ons het vir die skoolplaas by die goewermentsboorgat (later Hoogenhout, 3 myl vanaf Stampriet na Hofmeyr toe) draad gespan. Sondag 22 Januarie 1939 rus my pa in die huis, kuier my ma by mevrou Sieberhagen, en lei ek water en dink oor my werk en toekoms. Ek ruik saals, tooms, dubin, sien gewere, rewolwers en hoor rekrute—vorige skoolmaats—vir wie ek baie Sondae in die Windhoekse SWAP Depot gaan kuier het. Ek keer die water af, steek die graaf in die grond en gaan sê vir my pa ek sluit by die polisie aan. Ek weet hulle neem nou rekrute in. My pa is bly. Hy wou graag gehad het ek moet militêre opleiding kry voordat ek regtig loopbaan kies. My ma sou nooit tevrede wees nie. Nou kom sy van mev. Sieberhagen af. Mev. Sieberhagen het van hul seun Chris (polisieman sedert 1934/35) 'n brief gehad. Hy is so pas aangestel as stasiebevelvoerder, Naroegas, ’n sersant gemaak (eintlik ’n

[25] CP: Barend van Eck, wat toe reeds 'n jaar in die polisie was.
[26] LP: Windhoekse sportklubs.

“lancejack”, ŉ ondersersant) en boonop kry hy vir dié aanstelling nog 'n toelaag van een sjieling per dag by sy salaris. “Krisjan, wil jy dan nie by die polisie aansluit nie?”

'n Dag of twee later sien my ma 'n polisie offisier by die winkel op Stampriet. Sy “collar” hom met my met “my seun wil by die polisie aansluit.” Majoor Manie du Preez sê vir haar hy sal Donderdag 26 Januarie 1939 weer in Chaim Frank, die winkelbestuurder, se kantoor wees. Ek moet hom dan spreek met getuigskrifte, geboortesertifikaat en doopseël.

## SWAP en SAP 1939 – 1940

### Windhoek 1939

Soos afgespreek voer majoor Du Preez, destyds tweede in bevel van die SWAP, onderhoud met my, gee per telefoon opdragte aan polisie te Hofmeyr, Mariental en Windhoek. In 1949 is ek stasiebevelvoerder by Hofmeyr. Toe ons op 29 Oktober 1949 na die nuwe polisiestasie op Stampriet versit, vernietig ons “ephemeral records”, onder andere die voorvalleboek van 1939. Dit val my by dat ek toe 'n "passenger warrant” vir vervoer na Mariental daar gekry het, en skeur die betrokke blad uit. Later is dit of die aantal kamele wat aangeteken is, van meer belang is: 308 kamele en daar was seker siekes in die kraal ook.

Daardie nag slaap ek, soos altyd met skoolvakansiereise sedert 1935, op 'n kaal bank in die spoorweë se wagkamer op Mariental. Ek sou later dikwels, ja gereeld, hard slaap, maar nooit weer vanweë gebrek aan geld nie. Die volgende dag ondersoek dr. Weinberg my. Daardie 5’ 11½” en 143 lb. was ná ses weke in die Depot 6’0½” en 166 lb. onderskeidelik. Dis nog so.

S.A.P. 10. 482

Dag en datum
Day of week and date Monday 30th January 1939.

| Volgnommer. Serial No. | Tyd. Time. | AARD VAN VOORVAL. NATURE OF OCCURRENCE. |
|---|---|---|
| 405 404 403 | 10. Pm. | Special duty over: W/Cond Harris reports his arrival to Hampvries on special duty to investigate "theft report by J Smith of Hampvries district, Gibeon.<br>Cause No. 836.<br>Inspected by Const Schoeman.<br>"Correct" |
| 405. | 3.15 Pm. | Complaint: Const. Van Niekerk hands in statements taken on Patrol from Andries Koopes and others on farm Paddington lodging a complaint against Jacob Jooste, male, Xosa, labourer, 35 yrs of Goamtranas, district, Rehoboth, on charges of (1) Assault Common "Striking complainant with fists etc." (2) Assault Common "kicking complainant and (3) contravening sec: 8(12) Proc. No 27/1920. "Trespassing on private premises".<br>Const. van Niekerk also hands in one stick, exhibit in case.<br>Accused summoned to appear on 13/2/39.<br>S.A.P 13. entry 2/39.<br>R.C.A. 6/1/39. |
| 406. | 4.30 Pm. | Passage Warrant Issued: Passage Warrant No 410116 is issued to recruit C.P. Pretorius one first class single ticket from |

S.A.P. 10a.
S.A.P. 10.

Dag en datum
Day of week and date Monday 30th January 1939.

| Volgnommer. Serial No. | Tyd. Time. | AARD VAN VOORVAL. NATURE OF OCCURRENCE. |
|---|---|---|
| | | Stamped to 'n Manental for medical examination for enlistment in the S.W.A.P. |
| 407 | 4.30 P.m. | Station duty off: Sergt. Theron reports off duty i/c of Station. "Correct" |
| 408. | 4.30 P.m. | Camp duty off: Const. Greyling and N/. Consts David and Adam reports off ordinary camp duties. Inspected by Const. Schoeman. "Correct" |
| 409. | 4.30 P.m. | Office duty off: Const. Van Niekerk reports off office duty to complete patrol work. Inspected by Const. Schoeman. Correct. |
| 410. | 5 P.m. | Grazing guard duty off: Camel herds report off grazing guard duty as follows<br>Petrus with 131 Camels Riding 635<br>Daniel " 108 " " 736<br>Naftalie " 69 " " 767<br>Total 308<br>Counted in by Const. Schoeman. "Correct" |
| 411. | 5 P.m. | Stables: Held by Sergt. Theron camels watered and fed. Correct. |

*1553—3/3/34—5,000. S.A.P. 28.

SOUTH AFRICAN POLICE.—SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

# MEDICAL HISTORY OF—MEDIESE BESONDERHEDE VAN

81

No. / No. 19334 Surname / Familienaam Christiaan Petrus Christian Name / Voornaam Pretorius

Enlisted on / Ingeskryf op 1st day of / dag van Februarie 1939, at / te Windhoek

Examined / Ondersoek on / op 31st day of / dag van January 1939. at / te Mariental

Birthplace / Geboorteplek: Province / Provinsie S.W.Africa; Place / Plek Gibeon District

Date of Birth / Geboortedatum 25th May, 1920.

Trade or Occupation / Ambag of Beroep Student.

Height :—Ft. / Lengte :—Vt. 5 feet inches / duim 11½ in

Weight :— / Gewig :— 143 lb. / pond

Chest measurement / Borsmaat: Normal / Normaal 34 inches. / duim. Maximum expansion / Maksimum Uitsetting 4½ inches. / duim.

Physical Development / Liggaamsontwikkeling Good

(a) Marks indicating congenital peculiarities or previous disease : Merke wat aangebore eienaardighede of vorige siekte aantoon : Nil

(b) Slight defects but not sufficient to cause rejection : Geringe gebreke maar nie voldoende om afwysing te regverdig nie : Nil

Approved by / Goedgekeur deur C. WEINBERG, DISTRICT SURGEON MARIENTAL.

Medical Officer. / Geneesheer.

Smallpox Marks / Pokmerke Nil.

Vaccination Marks / Entmerke: Arm / Arm — Rt. / Regt. — Left / Lr. ✓ Number / Aantal 3.

When Vaccinated / Wanneer geënt In 1938.

Re-vaccinated on / Weer ingeënt op ... day of / dag van ... 19...


Arm / Arm ... Number / Aantal ...

Result / Gevolg ...

(Signature) / (Handtekening) ... Medical Officer. / Geneesheer.

RECORDS OF BOARDS OF INQUIRY AND OF MEDICAL BOARDS.
VERSLAE VAN RADE VAN ONDERSOEK EN VAN MEDIESE RADE.

| Station. Stasie. | Date. Datum. | Injury or Disease. Besering of Siekte. | Finding. Bevinding. |
|---|---|---|---|
| Omaruru 1.4.47. | Certified no entry. | | Distrikskommandant, S.A. Polisie. District Commandant, S.A. Police Omaruru |
| Otjiwarongo 5.5.47 | Certified no entry | | |



**Rekrute SWAP 1939**

Die foto is geneem in die ou “Rec” (Recreation Hall), 'n voorafvervaardigde sinkgebou op die suidwestelike hoek van die bestaande polisieperseel. Ons eerste aanstellingsertifikaat-foto's is hieruit geknip.

Voor: Piet Fourie, Hamman Albertyn, “Hollywood” Smit, Roelf Loots, Kotzé, Chris Pretorius.

Middel: Schoombee (ek is nie seker nie), Henk Berg, Lombard, Beyleveld, sers. P. Bellingan, P. S. Blignaut, “Gorilla” Nel, Wicus Dreyer, "Bakoor” Smit.

Agter: Cor Alberts, Kruger, Manie Louwrens, Jacob Smit, Mentz, Johan Fölscher, Eckard du Toit, Naude Theron.

ŉ Mede-rekruut, Esterhuizen, is nie op die foto nie. Hy was in die hospitaal.

My belt, 'n breë leerbelt, is duidelik. Ons het die belts spesiaal laat maak by 'n tuiemaker in Windhoek, ene Kruger.

Ek kry my spoorwegorder by die polisie, bly weer in die wagkamer, haal die passasierstrein om 4 vm. op die 1ste Februarie 1939, en sluit te Windhoek aan as nr. 697 berede konstabel C. P. Pretorius. Wicus Dreyer arriveer die volgende dag uit “die Pêrel” en Alberts en Loots, ex-WHS, asook Tienie Smit, ex-Swakopmund, kom by. Sersant Proppie Theron, S/B Hofmeyr in 1939, se seun, “Klein Proppie”, het later vir 'n paar maande saam met my gedien te Hofmeyr in 1947/48.

Konst. Schoeman, ʼn ander 1939 rekruut, het hier by 1970 rond te Gobabis afgetree. Pieter[27] ken hom goed. Konst. Van Niekerk het in die 40s ontslag geneem. Konst. Greyling, ex-WHS, het 'n kortstondige loopbaan in die Polisie gehad. Sy broer, Dirk, het 'n senior amptenaar in die SWA Administrasie geword. Ek het verneem dat hy as sekretaris SWA afgetree het.

In die Depot is sersant Flip Bellingan, 'n oud-onderwyser, instrukteur in alles. Ons kry onderrig en skryf toetse in magsadministrasie, gemenereg, statute, polisiewet en regulasies, geweerkuns en perdehantering (horsemastership). Ek ry vir die eerste maal perd, is die swakste ruiter, maar doen gereeld die beste in teoretiese horsemastership. Ons dril, ry perd, en doen liggaamsoefeninge wat party manne die eerste paar dae laat kruip as hulle by trappies kom.

Daar is geen menasie nie, en ons eet by privaat losieshuise—ek saam met Johan Vorster, Kat Coetzee, Jakob Smit, en Bakoor Smit—by mev. Veldsman (eggenote van ʼn tronkbewaarder) teen £1/2/6 per maand vir drie maaltye per dag. Wasgoed word by 'n wassery gewas teen 'n paar sjielings per maand. Uniform en toerusting word kosteloos uitgereik.

Naweke doen ons straatdiens ("beat duty") en wagdiens. Een van die pligte by straatdiens is die lekker smul aan vars brood uit die Duitse bakkery se oond om 3 vm. en om te sorg dat die aanklagkantoorsersant ook sy porsie kry. Hamman Albertyn, vanaf Oranjemund, het 'n motor en is deswegen baie populêr by almal, die "ou" konstabels ingesluit.


Met ons eerste "pay" het ons by die polisiewinkel vir ons SWAP blazers en "cream flannels" met 22"-24" broekspype gekoop. As ek reg onthou was die prys £4/10. Die broeke was 22/6 elk. So het ons gaan kuier waar ons kuierplek was, en bioskoop toe gegaan. Saterdagaande het ons by die Zoo Café vergader; 'n kafee met tafels op die stoep, in die ope lug, onder groot bome aan die Kaiserstraatkant van die destydse dieretuin. Saans en Saterdagoggende is daar altyd 'n orkes—meesal Joodse vlugtelingmusikante uit Duitsland. Daar lê al die jare 'n meteoriet, regs van ons kafee—soos jy van Kaiserstraat af opkyk in die rigting van die Tintenpalast. Dit was die lekker sit-en-kuier-en-kyk plek van alle plekke; die *dolce far niente* van alle soete niksdoen. Dit was Windhoek.

Dis net voor skemer, die einde van 'n lang vredige dag waarin, voor die Tweede Wêreldoorlog, tegnologie, pryse, nuus, menslike verruktheid, en die rotte in die latere "rat race" stadig, baie stadig, gekruip het. Hier op die Zoo Café se stoep, soos in Europa, is dit ouwêrelds ontspanne en selfs die nuwe Suidwesters, nie-Aries, lyk geensins bewus te wees van die dreigende woelinge wat hulle hiernatoe laat kom het nie. Die Suidwes Ariërs is nie hier nie. Hulle vergader in groepies of bly tuis, luister na Zeesen.[28]

---

[27] LP: Pieter ("Piesang") Pretorius.

[28] LP: Radio Zeesen was 'n langgolf-radiostasie naby Zeesen, Königs Wusterhausen, Duitsland. Dit is tydens WO2 gebruik vir propaganda-uitsendings na versekeie lande. [Deutschlandsender Zeesen - Wikipedia]



**Erewag vuurpeleton 1939**

Daar was twee keer so ’n begrafnis. Ek kan nie onthou watter hierdie een was nie. Dit was ‘n Hamman of ‘n De Jager, ‘n oud SWAP offisier. Links, in blou, staan sersant Els, trompetter van die SAP kontingent. Die lang man langs Els is P. S. Blignaut. Langs hom hou ek my kenketting in posisie deur my kakebeen uit te stoot. Ons is seremonieel geklee: die sogenaamde “spike and chain”: spike op die helmet en chain eerder as leerkenband. Aan my linkerkant is Johan Fölscher. Blignaut het van die lemoenplaas Zebediela af gekom. Toe die Badoglio-regering in September 1943 Italië oorneem[29] ontsnap hy en twee ander polisiemanne, Roode en Vos. Hulle loop in 'n Duitse patrollie vas en hardloop weg. Roode en Vos word gewond. Blignaut draai om, wuif vir die Duitsers, wat ophou skiet. Blignaut dra sy gewonde maats een vir een oor na die Duitsers toe. Hulle keer uiteindelik almal terug. Vos met 'n houtbeen. Blignaut het na die oorlog ‘n sakeman geword, en was op’n stadium burgermeester van Keetmanshoop. Roode—reeds oorlede—het na die oorlog in die registrasieafdeling van SAP hoofkantoor gewerk. Vos is na die oorlog by die SAP kwartiermeester, en het in 12de Laan, Wonderboom Suid, Pretoria, gewoon. Pieter het sy houtbeen bewonder.

---

[29] LP: Kyk https://en.wikipedia.org/wiki/Fall_of_the_Fascist_regime_in_Italy



**SWAP berede opleiding 1939**

Heel regs, op die groot blouskimmel, sit Johan Fölscher. Langs hom, tweede van regs is ek, veral herkenbaar aan my onrustige, nie-ruiterlike, sit op die wit (of liewer, amper wit) perdjie. Ek kan nie perd ry nie, het dikwels geval—volgens sersant Bellingan (voor ons) omdat ek glo dat ek sou val. “Jou perd is te klein vir jou. Jy val nie ver genoeg om seer te kry nie.” Hy laat my die groot perd regs ry. Ek het gewonder hoe ek ooit op daardie perd sou kom. Dit het nie so moeilik gegaan nie, en ek het ook nie weer geval nie. Na die oorlog, as stasiebevelvoerder te Kamanjab, word die uitsoekperd van ons tyd in die Depot, die swarte wat Wicus Dreyer gery het, my patrollie perd. Daar is 'n onbeskryflike verhouding, ŉ goeie, getroue vriend verhouding, tussen 'n berede polisieman en sy perd. Ons het van mekaar gehou. Dalk nog meer so omdat ek en Wicus maats was vandat ons heel klein seuntjies was. Op die foto sit Wicus sesde van regs op Donker.

'n Ou konstabel, Booby Kastrup, skuif na losskakel vanaf regterflank, sy posisie in vorige seisoene. Ek neem sy regterflank posisie en hy skryf gehalte spel voor. Hy het my glo dopgehou in die WHS eerste span. Ek word sy beskermling en niemand mag my skeef aangekyk nie—op of af van die veld, selfs later in die leër.



**SWAP rugbyspan 1939**

Voor: Tienie Smit, Theo Adams, Ben Burger, Whitey Langford, Piet Karstens, Naude Theron (Stampriet klasmaat tot standerd 4), Cor Alberts (WHS skoolmaat).

Middel: Vos Pretorius, Jood Junius (oud Stamprieter), Hertzog Potgieter.

Agter: Johan Fölscher, Booby Kastrup, P. S. Blignaut, Dan Rautenbach, Wicus Dreyer (oud Stamprieter), Chris Pretorius (oud Stamprieter).

Die foto is van die laaste suiwer SWAP span, in ons eerste wedstryd teen die SAP kontingent se span, begin Junie 1939. Ek beseer in dié wedstryd my skouerspiere, sodat ek vir die res van die seisoen nie weer speel nie. Ek besef nou eers dat 'n kwart van die span Stampriet oud-leerlinge was. Met die uitsondering van Smit, Vos Pretorius, Adams, Potgieter en Carstens, word ons in 1940 almal lede van die Polisiebrigade.

Oorlog is in die lug en op 20 April 1939 arriveer nagenoeg 500 lede van die S. A. Polisie te Windhoek. Die kontingent is later verminder na ongeveer 300, wat twee eskadrons uitgemaak het. Militêre eenhede het toe bestaan uit eskadrons en troepe en het in gelede van vier op parade gegaan en gemarsjeer. Die stelsel gebaseer op aantree van bataljons, kompanies, pelotonne en

seksies, wat marsjeer in geledere van drie, is in gebruik geneem by opleiding vir diens in die Tweede Wêreldoorlog; in die SAP se geval nagenoeg 1 Julie 1940.

Op 6 Junie 1939 is die SWAP ingelyf in die SAP. My nuwe magsnommer was 19534'B'—die 'B' vir berede. Ons, die laaste "squad", is oorgeplaas na troep 48, wat so pas, soos ons, vervroegd uitpasseer het.[30] Ons is gul deur ons troepmaats ontvang en troep 48 het, soos voorheen, 'n spogtroep op parade gebly. Ons het gedril, lesings gekry—onder andere i.v.m. eerstehulp en die gebruik van ligte masjiengewere. Ons het vir liggaamsoefening een maal per week 3 tot 6 myl gehardloop, waarby ek uitgevind het dat ek 'n langasem was, selfs in die geselskap van die destydse 1, 3 en 6 myl polisiekampioen. Sport was toe ontspanne en tye was nie naastenby wat dit na die oorlog was nie. Vir mans was 4 minute 30 sekondes 'n heel goeie myl. Ons het loopgrawe gegrawe, sandsakke gevul en gepak vir ammunisie opslagplekke en masjiengeweer- en mortierposte in en om die perimeter van die tentelaer.




**Konstruksie van interneringskamp by Windhoek 1939**

Dis 'n magal (voetman) met die groot helmet en kenteken op die ammunisie opslagplek. Alhoewel ons Suidwesters bosluise (berede manne) was, was die meeste van ons 5'10" en langer, en is daarom by die magalle (B-eskadron, waarvan troep 48 deel was) geplaas. Ek wou, soos gebruiklik, nie smile nie, en buk vierde van voor af. Ons het die interneringskamp help bou, die eerste geïnterneerdes bewaak, en sleutelpunte soos die poskantoor en lughawe opgepas. Die kamp was in die omgewing van die huidige rugbystadion en skougronde te Windhoek. Nadat ons Suidwesters na ons stasies oorgeplaas is, is 'n "mobile squad" uit die oorblywende SAP lede vir die nodige militêre dienste in SWA gevorm, met basis op dieselfde plek.

Die kommissaris van die SWA Polisie, luitenant-kolonel (of kolonel?) Christiaan van Coller, het afgetree. Luitenant-kolonel Johnston—bekend as Hoppalong Cassidy in Engels en Kierieboud in

[30] CP: In Afrikaans verkeerd "afdeling" in driltaal genoem. "Squad" was die driltaal vir 'n groep manne wat te min was om as "troep", "eskadron", ens. aangespreek te word.

Afrikaans, omdat hy mank geloop het—het oorgeneem as adjunk-kommissaris van die SAP in SWA. Die sekretaris van SWA was destyds, soos later ook, 'n Groot Meneer en die gewese SWAP kommissaris se senior. Die sekretaris het kol. Johnston ontbied vir afsprake op ՚n bepaalde tyd, maar dikwels laat wag, tot soveel as 'n halfuur na die afspraaktyd. Kierieboud was ՚n befoeterde ou militaris uit die Eerste Wêreldoorlog. So, een oggend arriveer hy stiptelik op tyd, kyk op sy horlosie en sê vir die sekretaris se sekretaris: "Tell the Secretary I am here." Die sekretaris se sekretaris maak so en keer terug met 'n versoek om te wag, die sekretaris is nog elders besig. Kierieboud sê niks, kyk weer en weer op sy horlosie, staan na 10 minute op, sê: "Tell the Secretary I was here", en verlaat die gebou. Daarna het slegs die administrateur vir Kierieboud ontbied en hom nooit laat wag nie.

Majoor du Preez se 'n besliste en vinnige afhandeling van my ('n onbenullige, nog nie eers junior nie) aansoek om by die SWAP aan te sluit, het my geweldig beïndruk. So sal dit wees met meerdere en mindere en publiek, het ek my voorgeneem. Ek onthou vir Kierieboud toe wyle mnr. Marais, toe sekretaris vir SWA, my vir die eerste maal in November 1964 as waarnemende afdelingskommissaris SAP SWA ontbied. Hy laat my wag. Ek wag bevrees dat hy voor 10 minute om is, sal opdaag. Hy daag nie binne 10 minute op nie, en ek maak soos 'n lt. kol. Johnston van weleer. Daarna ontbied net die administrateur, mnr. Wennie du Plessis, my, ontvang my stiptelik met 'n ondeunde glimlag die eerste maal, en bespreek sake saaklik en gemoedelik soos een verantwoordelike met 'n ander. Marius Maree (sy pa het vir ma op 'n plaasskool skool gehou) was sy private sekretaris. Dié glimlag ook veelseggend. Hulle weet van sekretarisse SWA. Na daardie eerste maal gaan sit ek elke keer met "Ek het baie tyd." Selfs toe nog het 'n mens in SWA byna altyd baie tyd gehad as jy nie daarop uit was een of ander obskure punt te maak nie.

Majoor du Preez is dieselfde jaar, 1939, bevorder tot luitenant-kolonel en na Umtata verplaas as afdelingskommissaris, Transkei. Ons loop hom weer raak, in 1940, as bevelvoerende offisier van die 2de S.A. Polisiebataljon.

**Fransfontein 1939 – 1940**

Einde September 1939 kry ons Suidwesters trekpas stasies toe. Ons gaan perdepatrollies ry wat normaalweg een tot twee weke duur. By Querl se winkel, net om die draai, suid van die polisiestasie, oos van Kaisersstraat, koop ons vir ons patrolseile: 9' X 6" seile om kooigoed in toe te draai, en ander veldgereedskappies. Ek gaan Fransfontein toe, daar dóér in die noordweste, en op die grens van die Kaokoveld. Blyer kon hulle my nie gemaak het nie. Die gebied suidwes van die destydse "rooilyn" laat my steeds hunker.[31] Name soos Tsawis Scherpe Punt, Hakatsua Onguati,

[31] LP: https://af.wikipedia.org/wiki/Rooilyn

Kabussenjama, Sorris Sorris en Doros Krater, op 'n groot muurkaart in die Fransfonteinse polisiekantoor, het  my eenvoudig vasgenael laat staar.

Fransfontein is vernoem na Frans Swartboois, 'n lid van die Swartboois Nama (//Khau-/goan) wat hulle laat in die negentiende eeu daar gevestig het.[32] In 1939 en later was dit nog 'n Swartboois reservaat met die stasiebevelvoerder as die welvaartsbeampte. Die polisiestasie is etlike jare ná die oorlog verskuif na ou Xhorixas, en Xhorixas was vir 'n aantal jare Welwitchia genoem. Na Namibiese onafhanklikheid het dit Khorixas geword.

Ek eet by konstabel en mevrou Adams. Hy is so 35 jaar oud en uit die Kolonie, iewers naby of in die Transkei. Losies is £4 per maand, wat wasgoed, beddegoed, lig, kamer skoonmaak—sommer alles—insluit. Ek het my eie kamer, maar is dadelik lid van die gesin. Ek verneem later dat ek weens sekere eienskappe en gebrek aan ander eienskappe daar is, op versoek van die stasiebevelvoerder, sersant Jock Gouws en Tommy Adams aan sersant Theo Adams (op die rugbyfoto). Hy is die afdelingsklerk, broer van Tommy, en het in 1937/38 saam met Jock Gouws in Windhoek gewerk en rugby gespeel.

Die klimaat is subtropies en in die tuin is daar piesangs, papajas, lemoene, vye en alle groentesoorte. Langs die polisiestasie is daar 'n sterk fontein wat 'n breë stroom water afstuur na tuine en vee se drinkplekke. So 'n 50 tree van die stasie is 'n diep gat uitgegrawe as badplek, met 'n houtleer en platform. Daar het ek baie geswem op een plek—met my tone aan die kant gehak en my tot 37 keer opgetrek aan 'n stuk waband wat in die muur vasgesit was. Ek kon dit nooit regkry om my aan een hand op te trek nie.

Tommy het 'n radio gehad en elke aand 7 nm. het ons almal (wanneer nie op patrollie nie) na die BBC geluister hoe die Engelse retreat according to plan, en later in die aand na Zeesen waar Erik Holm (die huidige insekkundige se pa?) die Duitse weergawe van die oorlog gee. Sers. Gouws het 'n motor gehad, en ons het so nou en dan op die naaste plaas by die Von Eckenbrechers, 'n Duitse gesin op Naachaams, gaan kuier. Mev. Adams het nog van Engeland gepraat as "Home", maar die Von Eckenbrechers was openlik anti Hitler, en dus "all right".

---

[32] LP: Die enigste inligting or die oorsprong van die naam Fransfontein wat ek kon opspoor, en daarmee 'n verwysing na Oma Bowe, dalk familie van Frederick Bowe (verderaan in die verhaal): "Oma Albertina Bowe, the outspoken local authority in Swartboois' historical matters, remembers in epic detail how her family eventually came to settle in Fransfontein: Her mother's father, captain Cornelius Swartboois, sent scouts to evaluate the larger area for a permanent place to settle. The water in Otjitambi was very salty. One morning, when his scouts woke up, the oxen where gone. They followed their footprints and traced them to a nearby spring. When the scouts saw the water, they cleaned the place from elephant dung and tasted the water. It was fresh and sweet. The name of the man who tasted the water first was Frans Swartboois. Cornelius had asked them to take a probe and show it to him. After tasting he decided to migrate with his people to the place of this spring. He called the settlement Fransfontein: literally the fountain of Frans. These events took place around 1880." Michael Schnegg, "Battling borderlands: Causes and consequences of an early German colonial war in Namibia." In: Michael Bollig, Olaf Bubenzer, Ralf Vogelsang, Hans-Peter Wotzka (eds), *Aridity, Change and Conflict in Africa,* Heinrich-Barth-Institut, Köln, 2007, p. 250.

Herr Janzen (dalk Jansen) het in die Schwarzwald grootgeword, daar en elders in Duitsland wildevarke gejag, wolwe in Rusland, allerlei in Pole, en 'n verskeidenheid takbokke In Lapland, Letland en Litaue. In 1895 vestig hy hom toe te Fransfontein waar hy 'n winkeltjie bedryf, jag in die Kaokoveld, en vang (in slagysters) tussen 1895 en 1934 ongeveer 300 tiere (luiperds) in en om Fransfontein, glo op versoek van die Swartboois. Die tiere had glo ’n smaak vir Swartboois kleinvee. Namate hy ouer word, kom hy, selfs in sy winkel wat ene Göricke bestuur, al minder met mense in aanraking. Sy nuuskierigheid laat hom toonbank toe kom met my eerste koop in sy winkel. Ek is van hom vertel, en my vrae oor Tsawisis Scherpe Punt[33] en ander plekke kwalifiseer my as gesogte geselskap. Sy vreemde aksent en tuisgemaakte wyn sluk ek aanvanklik baie, baie moeilik, maar later geniet ek dit en word 'n redelik gereelde besoeker en ek verorber al wat hy vertel. Toe hy hoor dat ek en die sersant tussen die Ugab en die Huab 'n sensus in die Kaokoveld gaan onderneem (Desember 1939) sê hy ek moet in die omgewing van Tsawisis Scherpe Punt kyk of sy waspore van 1907 nog sigbaar is. Dit het baie gereën en die wa het diep spore getrap. Ek was ongelowig, die sersant ook. Frederick Bowe het gesê “Ons sal hulle kry.” Ons het. So halfpad tussen 20° en 21° en so ’n derde van 14° na 15°. Frederick het my gewys hoe. Ons ry reghoekig met die rigting van die spore en kyk teen die son. Ja werklik: 'n duidelike waspoorpatroon in die 2 voet gras, maar selde sigbaar op die grond. Al meer sigbaar op die grond waar dit in 1907 natter en natter geword het.

Die volgende dag het ons, tussen Koosa en Mams, die Koigab in vloed gevind. Toe sersant nog wonder, druk ek vir Tjaka met die spore. Kleintyd al, toe meneer Van der Wath ons van Wolraad Woltemade vertel het, het ek my voorgeneem om met ’n perd deur water te swem. Gister wou sersant nie wag terwyl ek Tsawisis Scherpe Punt klim nie. Hierdie swem sou hy my nie hier ontneem nie. Klaarblyklik ken Tjaka van swem met iemand op sy rug. Sy voete raak los van die bodem en hy swem lekker anderkant uit. Sersant en Frederick doen dieselfde op hulle perde en die pakmuile agterna. Dis Vrydagmiddag, ons slaan kamp op, en maak alles droog voor die aand. Ek moet bysê dat kampplek net ’n gerieflike stukkie aarde met kooigoed, pot, ketel en vuur is—geen tente nie.

Ek was bly om teen Krismis vir mnr. Janzen te sê dat ons sy spore gekry het. In die krygsgevangenekamp, van middel 1942 tot vroeg 1945, het ek baie uitgesien na ryper geselsies met hom en ander ou veterane soos Reuter, Otto Dannert (Brandbergkenner) en andere. Daar het niks van gekom nie. Fransfontein het ek in 1965 eers weer gesien. Hier by 80 jaar oud, gedurende die oorlog, het die trotse en onafhanklike mnr. Janzen se satheid der dagen vir hom te veel geword en het hy sy eie lewe geneem.

Tjaka was 'n groot ou perd, hoog op sy bene. Mank in die linker voorbeen, wat die ou hande lyfseer gegee het. Daarom is hy voor my aankoms al aan my toegewys. ’n Jong lyf word mos nie seer nie.

---

[33] CP: ’n Berg met ’n skerp punt. Imponerend van ver oor die vlakte gesien, maar digby nie meer so aanskoulik nie; nie so hoog soos dit van ver lyk nie.

Myne het ook nie. Ek het van Tjaka gehou. Hy was sterk en het nie maklik moeg geword nie, kalm, het nooit iets onverwags gedoen nie. Nooit geskrik nie, maar altyd betyds gesnork vir die ongewenste, byvoorbeeld leeuspore, olifant of renoster in die omgewing. Met hom het ek net twee patrollies gery: my eerste, en toe die Kaokoveldpatrollie. Met laasgenoemde het ons weens die bergagtige terrein net soveel gery as gelei. Dis net filmperde wat teen steiltes op en af gery word. In die werklikheid kry perde wat dag na dag steiltes op en af gery word sulke aaklige saalsere dat hulle vir maande nie weer gery kan word nie. Kry jou perd saalsere, is jy dadelik in die oë van die owerheid 'n verwerplike misdadiger. Jy kan eerder jou sersant vermoor, het ons altyd gesê. Tjaka is weens sy ouderdom vroeg in 1940 "geboard", van diens onttrek, en verkoop. In sy plek het ek vir Poon gekry—'n moedswillige klein duiwel wat dit so moeilik moontlik gemaak het om jou sit in die saal te kry. Sit jy eers, was hy skaflik. Met stukkies brood en hontnotsklontjies het ek hom omgekoop totdat hy my toegelaat het om bloots en sonder toom uit die veld uit kampplek toe te ry. Hy't getrippel. Friedel Krenz het my altyd genooi as ek van hom af vertrek, om met hom op sy groot trippelaar mee te ding oor plus minus 100 meter vanaf sy huis tot by sy opstal se hek. Hy kon nie wen nie, want teenoor my plus minus 160 pond het hy 240 pond of dalk meer geweeg.[34]

Voor my tyd, so is vertel, het Tommy en Ismael Murorua op 'n dag by Engelbrecht afgesaal en die perde "lank vasgemaak" sodat hulle kon wei sowat 12 tree van waar hulle koffie gemaak het, so by die middel van die dag. Hulle was daar op die maandelikse Kaokoveld grenspatrollie, en sou daar die Kamanjab patrollie ontmoet. Tommy het 'n leeu hoor grom, opgekyk en gesien hoe sy perd grond toe sak met 'n leeu op sy nek. Tommy het nog nie kon dink nie, het sy geweer teen die leeu se kop gaan druk; doodskoot eerste skoot, en toe word sy knieë so lam dat hy langs die dooie perd en dooie leeu gaan sit. Ná die oorlog is Ismael Murorua my patrolliegenoot op Kamanjab. Hy het die storie bevestig.

By dieselfde Engelbrecht het 'n eentand olifant, 'n befoeterde alleenloper, die pakmuil, Japie, se pak van hom afgehaal toe konstabel Jim Kaneb en Japie skielik in sy pad kom. Ek ken vir Jim. Hy is nie een wat tyd mors met omkyk nie. Die pak se stukke het seker maar stuk-stuk aan die takke bly hang. Japie het daarna altyd 'n ander patrolliewyk probeer inhardloop as hy sien ons vat die "meet" patrolliepad—d.w.s. die pad na die plek op Engelbrecht waar die Kamanjab en Fransfontein patrollies ontmoet.

By Engelbrecht het Jim vir my op nagenoeg 500 tree die eerste wilde olifant wat ek gesien het, gewys. Ek kon nie mooi sien nie want hy loop in 'n bos oorkant die Huab in. Ek ry tot in die rivier, daar waar die twee syferfonteine, een met warm water en een met koue water, treë van mekaar af, baie gerieflik was. Toe ek my rewolwer uittrek hoor ek Jim maak spore. Toe ek skiet—sommer die

---

[34] CP: Friedel was in die 1970s een van drs. Nienaber en Raper se informante oor Nama-plekname vir hulle *Toponymica Hottentotica.*

lug in—kom Eentand baie vinnig uit en ek besluit om 'n ander dag te kyk. Eentand het gou omgedraai of wat ookal en ek het vir Jim weer op Paderbron gekry waar hy al afgesaal het. Eentand is in die laat 1940s of vroeg 1950s geskiet nadat hy ŉ Ovambo veewagter in die omgewing vermorsel het.

“Stalle” beteken perde borsel en versorg. Dit gebeur twee maal per dag. Soggens 6 vm. Saans kwart-oor-vyf. Vir stalle trek mens jou uniform uit en ou klere aan. Die eerste dag sê Tommy ek moet vir Gemsbok skoonmaak. Gemsbok rek sy oë en neusgate vir my en staan dreigend op sy agterpote. Hy’s ŉ groot muil, soos ŉ perd gebou, en ek het glad nie lus om nader te kom nie. “Gaan trek jou uniform aan.” Toe ek met “slacks”, hemp, en pet opdaag, snork Gemsbok half agterdogtig en half dreigend, en laat my toe om hom te borsel. Daarna weet Gemsbok ek is polisieman en aanvaar my—ook in sloffies.

Ook voor my tyd het Tommy en Ismael een middag by die Vingerklip (renosterwêreld) afgesaal.[35] Renosters haat vure uit die oertyd al. As ŉ renoster vuur sien, storm hy. ŉ Renoster storm die nag op Tommy hulle se kampplek, waar die perde oudergewoonte vasgemaak is. Gemsbok tree soos ŉ wag op, en word nooit vasgemaak nie. Waar die renoster met die vuur argumenteer, storm Gemsbok hom en kap hom met die voorpote op die agterlyf. As die renoster omswaai hardloop hy weg en kom met ŉ draai terug. Tommy klim uit sy boom uit, kry sy geweer in die hande en verwilder die renoster met ŉ paar skote. ŉ “Tall tale”, het ek gedink toe Tom dit daardie eerste aand vertel. Latere ondervinding met Gemsbok se waghond, nagwag, voorhoede, agterhoede, en storm taktiek, het my twyfel aan die waarheid daarvan uitgewis.

Fransfontein patrolliewyk nr. 2 was my gunsteling wyk, en die patrollie wat ek nou beskryf was ook die laaste in daardie wyk, so middel Mei 1940. Die eerste water is op die eerste plaas, naamlik Sorris Sorris, nagenoeg 64 myl [102 kilometer] soos ons deur die veld ry. Ons sal dus 3 vm. al opsaal.

Soos gewoonlik gooi ek my patrolseil vanaand al oop en bring waterbottel, helmet, rybroek, kamaste, spore, rewolwer in holster aan rewolwerband, die lang Lee Metford (.303), patrone, en ander toerusting in gereedheid. Frederick sal die 303 in die harde leer “gun bucket” aan sy saal hou, met ŉ lus om sy regterboarm. Dis leeu wêreld en die geweer gaan saam vir die beskerming van ry- en pakdiere. Die twee gesoute halfdroog ribbes in 'n seilsak hang bokant Nero se kop waar hy in my kamer se oop deur slaap. More word dit, vir maksimum koelheid, in my kooigoed toegerol. Nero is kastaiingbruin gestreep, 6 maande oud, deur hondekenner Von Echenbrecher geteel uit “opregte bulldog brindled X bull terriër en doberman”. In bou en voorkoms is hy amper doberman, net stewiger en effe laer op die been. Hy is vreesloos, goed geaard en getrou. Hy weet wat aangaan as ek doen wat ek vanaand doen. Hy sal my mis. Sy enigste geselskap sal dié wees van Jossie Gouws,

[35] LP: https://www.info-namibia.com/activities-and-places-of-interest/damaraland/vingerklip

5 jaar oud, wat darem heeldag met hom sal speel. Nero knor en probeer my keer. As ek gaan slaap, lê hy lank voor my bed voordat hy hom in die deur opkrul.

Ek voel so effe bekommerd. More, donkeroggend, gaan ons met ’n nou wentelpaadjie, oorspronklik deur olifante en sebras uitgetrap, tussen lae randjies en bosse deur. As dit nou helder dag is, sien ’n mens die toevallige watergebruikers van die pad: olifant of die leeu of tier op die klipplaat. Uit wat jy sien besluit jy wie gaan padgee, hy of jy. In die donker sien mens nie. In die oggend, as ons daar ry, weet ek nie waarom ek gisteraand bang was nie, en bespreek dit met Frederick. “Dis altyd so. Dit bly so. Ek ry al 24 jaar in hierdie wêreld. As ek gaan slaap is ek so bietjie bang. As ek opsaal wonder ek hoekom was ek bang.”




**Chris se hunkerwêreld**[36]

Dis omtrent 11 vm. as ons die streep bome in die droë loop net duskant die Xhorixasvlakte bereik. Ons saal af en rus weens die hitte en die vooruitsig van geen water behalwe dié in Frederick se Duitse militêre 5 liter bottel en my 1 liter bottel. Ons rus tot so 3 nm. voor ons verder ry.

---

36 LP: Google Earth Data SIO, NOAA, U.S. Navy, NGA, GEBCO Image Landsat / Copernicus. In Chris Pretorius se handgeskrewe manuskrip verwys hy na S. Sprigade & M. Moisel se *Kriegskarte von Deutsch-Südwest Afrika,* Berlin 1904, Dietrich Reimer. Plekname op kopieë daarvan is moeilik om te lees. Aldus hierdie kaart vanaf *Google Earth*. Ek plaas die ikoon vir die Koigabrivier (ook Koichab) by benadering. Insgelyks Tsawisis Scherpe Punt, Koosa, en Mams. Die geel lyn verbeeld die deur my beraamde roete van die patrollie wat hy beskryf.

Met nagenoeg twee uur son oor, saal ons net na 5 nm. aan die suidekant van die vlakte af, naby ŉ nogal redelik bosryke droë loop met baie droë hout. Frederick en ek dra hout aan. As afweermiddel moet die vuur heelnag sterk brand. Teen sononder pak hy vuur aan terwyl ek, geweer oor die skouer, die perde laat wei tot sterk skemer. Dan maak ons die perde naby ons slaapplek en vuur vas. Gemsbok bly los, gaan lê en slaap, en wanneer jakkalse en leeus hulle later in die verte laat hoor, stap hy stampend en snorkend om ons. Hy raak so nou en dan stil, seker wanneer hy slaap, en hervat dan sy patrollie om die kamp.

As daar geen vlamme, net hoë gloeiende kole is, steek Frederick die vurkgesnyde takspit sorgvuldig in die rib en braai dit tydsaam, so 18" van die kole af, terwyl hy dit om en om draai. Wanneer ons klaar geëet het, rook ek een sigaret, en hy kort-kort uit so ŉ kromsteelpyp wat hy al heeldag in sy mond hou sonder om dit te rook. Ons drink koffie, elkeen net so 'n half beker, want die water in ons flesse moet vir die wis en die onwis bly tot ons weer water kry op Sorris Sorris teen 10 of 11 vm. se kant. Ons gesels tot so 10 nm. en slaap dan.

Dis bitter koud hier op die kant van die Namib na middernag, en dit kos geen inspanning om 3 vm. op te staan, so bietjie koffie warm te maak, die vuur heeltemal dood te maak, en teen 4 vm. weer in die pad te val nie. Om warm te word, lei ons die perde afwisselend met die ry. Ons ry stadig met die koue hande voor ons onder die saalkleedjie ingedruk. Normaalweg mag ons nie verder as 25 myl per dag ry nie. Oor so ŉ dorsstreek ry ons verder. Daarna kompenseer ons vir die perde se ontwil deur vir ŉ paar dae korter afstande te ry en vroeg af te saal.

Mev. Krenz (so by die 65 jaar oud) heers alleen oor Sorris Sorris en 'n groot aantal Damara, Nama en ŉ paar Boesmans om haar. Die plaas is 3 500 hektaar, en die opstal so 'n entjie van die Ugab af. Haar man, Hans, bly op ŉ plaas in die Outjo polisiewyk, en hul twee seuns Hans en Friedel, op die plase Hilldown en Tsaub[37] in Fransfontein wyk. Sy was ŉ nooi Bowe, en Frederick Bowe is verlangs familie.

Daarvandaan lei ons koers oor 'n stuk kaal veld. Soos gewoonlik ry ek met 'n lat in my hand. Frederick sé: "'n Slang het jou gebyt!" Ek sien ŉ Horingsman sissend en s-getrek, so 5 tree links. Op die perd se linker agterhoef, en die hare net bokant, sien ek die bekende gif, was dit deeglik af met my waterbottel se water, en stel vas dat daar bokant die hoef geen bytplek, skraap of ander stukkende plek is nie. As ek na die horingsman toe loop, trek hy hom in mekaar en "spring" so twee treë ver na my toe. As hy weer spring, tree ek opsy en slaan sy nek met die lat en trap hom dan

[37] LP: Prof Andre du Pisani skryf in 'n September 2023 persoonlike kommunikasie "Ek kan bevestig dat die plaas Hilldown 63 (4950 ha) aan Mnr. J.A.W. Krenz behoort. Die plaas is in die Outjo distrik, so ook al die ander plase (in Kamanjab se rigting). Die regte spelling van die ander plaas is Narachaans 5 (4949 ha) rigting Otjikondo, wat aan Mnr. P. B. Mynhardt behoort."

dood. “Ja, Frederick, die oumense het vertel dat 'n pofadder bo-oor ’n wa spring. Dit glo ek nog nie, maar dat ’n slang spring, weet ek ook nou.” “Ek het dit ook vandag eers gesien”, sê Frederick. “Ons is gelukkig dat hy net die perd se harde voet raakgebyt het.” Ons gooi die slang op 'n doringbos en ry verder. 'n Dooie slang word deur dié wat weet altyd op 'n bos, verkieslik 'n doringbos, gegooi, sodat mens of dier nie later in die droë grate kom trap en aan sy voet sweer nie.

’n Uur of twee later sak ons in die in die Ugab af. Ons saal vroeg af by 'n gereelde afsaalplek onder 'n groot boom. Soos gebruiklik kom Damara van Anichab, 'n nedersetting op die oorkantste wal, met 'n slagskaap. Ek koop dit vir 7/6. Onder Frederick se valkoog slag hulle. Frederick sout die twee ribbes en hang dit hoog in die koel aandlug op. Dis te vars om vanaand al te braai. Ons het nog die een van Fransfontein af vir vanaand. Die res van die vleis en vel gee ek terug—ook soos gebruiklik—aan ons besoekers, wat ons sout gebruik en nog 'n bietjie ekstra kry. Hulle dra ook 'n groot klomp hout aan, maak hulle vuur naby ons s’n, en smul en gesels tot laataand. Party slaap sommer net daar op die grond langs die vuur, hou deur die nag ons vuur aan die brand, en vertrek eers na 'n treksel of wat koffie wanneer ons opsaal.

Ons het nie ver om te ry vandag nie, en ry eers na sonop. So teen 11 vm. snork en storm Gemsbok vorentoe, hardloop sirkels om ons en die bosse voor ons. Leeu se spore. Na 'n rukkie draai die spore reguit kranse se kant toe. Frederick vang vir Gemsbok en maak die paksaal reg. Tydsaam en baie versigtig ry ek op die spore totdat ek seker is hulle is berg uit, kyk mooi, maar sien hulle glad nie. Dan sit ons die patrollie voort; dankbaar dat Gemsbok nie meer van sy paktuig gebreek het nie. Ek het nooit enige naby onderonsie met enige wilde dier gehad nie.

So teen 3 nm. bereik ons die volgende mense, 'n 52 jarige Duitser met ’n Baster vrou, op 'n pos naby die rivier. Hy klim laggend en groetend uit 'n 3 voet put, ‘n ent voor die eenvertrek huisie. Sy vrou het ons ver sien aankom, en is byna dadelik by met koffie en beskuit. Ons ken mekaar al, sit net daar en skerts, lag en gesels. Sy is tipies Duitse vrou en moeder en woon hier ver weg van snobisme. Hulle twee kinders is witmense in Johannesburg en het goeie werk. Soos gewoonlik is daar so 'n wroegdraaitjie in my gewete as ek daaroor dink dat ek nie so onbevange met hulle sou assosieer tussen my eie mense nie. Ons saal af, en slaap by die put. Voor sonop bring hulle weer brood, koue vleis en snoeperye vir die pad. Sy is sorgsaam en lief soos 'n ma teenoor my. Hy 'n goeie ou maat. Ons groet met sekerheid dat ons mekaar weer sal sien so oor twee maande. Ongelukkig nie.

Ons bereik die volgende rivierbewoner, Dr Kahle, 'n geoloog wat te Orusewa alleen woon. Hy gaan eenmaal per maand Outjo toe om proviand te koop en by die poskantoor briewe, vak- en ander tydskrifte te haal. Hy het 'n radio, kry koerante, en is ten volle ingelig oor wêreldgebeure, leef hier in sy betreklik ruim huis, en het 'n kleinerige boerdery. Hy het ander akademiese kwalifikasies ook, is gerespekteerd. Sulkes het 'n mens oral in die afgeleë dele van Suidwes, seker oral in die wêreld,

gekry. Geselskaphonger wanneer iemand hulle besoek, boei hulle met wat hulle praat, praat, en nogmaals praat, maar nie nalaat om sorgvuldig uit te vra en belangstellend te luister na die besoekers se verlede, hede en belangstellings nie. Dis 'n geweldige leemte in my lewe dat daar nie meer 'n dr. Kahle, die man en die vrou met die kleihuisie en put, ŉ mnr. Jansen, of ŉ Otto Dannert is by wie ek so eenmaal in 2 of 3 maande kan afsaal nie. Sulkes het ek nog tydens my krygsgevangene werkomswerwinge in Duitsland leer ken. Nou is dit net of jare se "efficiency" en spoed die ou garde heeltemal van die aardbol af laat verdwyn het. Nee hulle was nie almal Duitsers nie. Daar was my pa, oom John Williams, Milton Frick van Stampriet, en Peet Alberts, 'n Angolaboer van Kamanjab.

By Orusewa verlaat ons nog dieselfde dag die rivier en slaap op die plato, en ry dan oor Mopane terug Fransfontein toe, waar die hoefsmid so pas van Omaruru af arriveer het om die volgende dag die perde te beslaan—dit is, nuwe hoefysters aan te sit.

Ek sou nog net 'n paar patrollies vanaf Fransfontein ry, en kry dan kennis om die trein te haal Pretoria toe vir aktiewe diens.

## Polisiebrigade 1940 –1945

### Pretoria na Tobruk 1940 – 1942

As ek vanaand [laat Junie 1940] my patrolseil oopgooi, gaan Nero erg tekere, tjank, knor, en byt kastig na my hande. Wanneer ek gaan lê, kom staan hy voor my bed en laat sy kop op die bed rus, sak later af en slaap net daar. Vroegoggend probeer hy weer keer dat ek toerol. Hy probeer saam met my in sersant se motor klim, gaan sit dan op die kantoorstoep. As ons wegtrek gooi hy sy kop agteroor en huil droewig en uitgerek. Jossie, die sersant se dogter, sal hom vir my oppas totdat ek so oor 'n paar maande terugkom.

Ons gesels maar min, ek en die sersant, op pad Outjo toe. Soos met die ander Fransfontein mense, is die groet dik-in-die-keel, stom, met 'n vinnige wegdraai. Die sersant is na Karibib verplaas. Ek het hulle nie weer gesien nie. Te Grootfontein het ek, in Oktober 1945, verneem dat ŉ motor vir Nero op Karibib doodgetrap het, omtrent die tyd dat ek in Suid-Afrika teruggekom het.

Herr Becker is 'n gesiene Duitser uit Kamanjab wyk. Ek het opdrag om hom geleide te doen op die trein vanaf Outjo tot by Otjiwarongo, waar iemand van die "mobile" hom sal oorneem vir geleide na die Koffiefonteinse interneringskamp in die Oranje Vrystaat. Self het ek nooit enigiets anders as "spite" in die internerings kon raaksien nie. Internerings geskied sonder verhoor, letterlik op hoorsê inligting. Ek het so dikwels gehoor hoe daar met begeerte uitgesien is daarna om die goed bewerkte plase van Duitsers te bekom wanneer hulle uiteindelik "repatrieer" sou word Duitsland toe. Gott sei Dank kon die meeste na hulle plase terugkeer en verder boer na die oorlog. Herr Becker ook. Ons

geselskap tot op Otjiwarongo, net ons twee in die kompartement, kon net sowel 'n gesprek tussen vader en seun gewees het.

By elke stasie en "siding" is gegroet met "Haai ou Ben! Gaan jy ook saam?" Te Windhoek het die "ou manne" wat agter moes bly, kom groet en gehuil. My ma was in Windhoek vir 'n AEB ('n nuutgevonde kerkgroep) konferensie en het my daar kom groet. Wicus Dreyer, Jood Junius, Kastrup, Whitey Langford, sers. Bellingan en baie ander was nou op die trein. Ons het gesels, gerook, drankies gedrink, gesels, gerook, drankies gedrink.

Op Mariental kom groet my pa. Hy vermaan my met Bybelse insigte oor engele en slange. "Ja oom" sê Wicus wat saam met my voor my pa grootgeword het, "dis mos wat ek ook sê: join the army en fokkieres." My pa trek my eenkant toe en sê "Christiaan jy makeer niks, maar jou asem vrot van die drank" en dan volg 'n intense vermaning wat ek nooit vergeet nie.

Die 2de Julie 1940 arriveer ons in die kamp vlak aan, ten noorde van, die destydse Polisie Depot, nou Kollege, in Pretoria. Die 6de Brigade bestaan uit die 1ste SAP Bataljon, 2de SAP Bataljon, en die Pretoria Highlanders. Die meeste Suidwesters, ek ook, is in die 2de SAP, C-kompanie. Die Pretoria Highlanders kon nie op volle sterkte kom nie, en die Transvaal Scottish het hulle plek as die 3de Bataljon ingeneem.

Die ou grotes was van minder belang vir nr. 196843, manskap C. P. Pretorius, as die ander manskappe. Maar, omdat die grotes ver in die minderheid was, is dit moontlik om hulle te noem terwyl dit onmoontlik is om die sowat 2 700 "other ranks" by name te noem.

Ons vorm deel van die 2de Divisie, waarvan die destydse kommissaris van die S.A. Polisie, kolonel I.P. de Villiers, die bevelvoerder word met die rang van generaal-majoor. Die destydse kwartiermeester, SAP, lt.kol. Cooper, voer nou bevel oor die 6de Brigade met die rang van brigadier. Die 2de Bataljon word aangevoer deur kol. H.C. du Preez—ex-SWAP—die majoor wie my in Chaim Frank se winkel op Stampriet goedgekeur het vir die polisie. Ons het nie weer persoonlik in aanraking gekom nie, en tot my beste wete het hy nie na my verneem nie.

Kaptein J.W. Naude, sommer gou gedoop Boer Naude, weens sy rustige en ferm geaardheid, het ons op die trein na Pretoria ingesweer. Hy word kompaniebevelvoerder, C-kompanie. Hy was distrikskommandant, Omaruru, waaronder Fransfontein geval het.

Luitenant Huxham voer bevel oor my peloton—aanvanklik Nr. 1 peloton, C-kompanie, later nr. 11 peloton. Die peloton sersant is Behr. My seksieleier is korporaal I.D. v.d. Walt, en die onderleier is onderkorporaal Peens. Soos gebruiklik, is die peloton dit eens dat die genoemde vier eintlik heel onder in die pelotonstruktuur hoort. Hulle hoofde lê onrustig op die kussing en hul beste pogings om vriende te maak loop op frustrasie uit. Los tentpenne op strategiese plekke laat voortdurend sekere tente in reën en wind val. Lanterns vlieg skielik uit die tent uit as dit nie aan die senterpaal

vasgeketting is nie. Dit was 'n gereelde misdaad, hierdie oor-en-weer stelery van lanterns en matrasse. As joune gesteel word, steel jy elders. Selfs die “nagemmer boy” het deurgeloop en spoedig sy lantern vasgemaak.

Ek is lid van nr. 1 seksie. Saam met Kola Gresse (ex SWAP), Peter Müller (ex Transkei) en P.W. Breedt (Vaalwater omgewing) is ons die bren ligte masjiengeweerseksie. In dié hoedanigheid loop ek heel agter in die kompanie met "route marches”. Kaptein Hans Noppé, tweede in bevel, “support company”, lei syne vlak agter my.[38] Hy’s ’n lang, moedswillige, mens wat nie omgee wat hy sê en doen nie. Hy’t my een aand aan die suidpunt van Kaiserstraat in sy motor laat klim met die woorde: “Jy het tog nie pas nie en moet 'n lang draai loop om agter by die hessian kakhuisies in te glip. Ry saam.” Hy het my aan die hekwag geïdentifiseer as sy “orderly”. Ons baadjieknope in die SWAP was baie groter as dié van die SAP, en ons het SAP-standaard gekry om aan te werk. Ek het 'n weddenskap met Wicus gehad dat ek my stasie sou haal met die ou knope. Met die laaste aantree vir nagdiens in die Kontingent, het lt. Noppé, as diensoffisier, ons inspekteer. “Jy het nog altyd die verdomde groot knope aan. Is jy lief vir hulle? Wil jy dié een nog hê?” Hy druk my voor die bors en vat die boonste een vas. “Ja luitenant.” Hy pluk die knoop af en stop dit in my linker bosak. So “wil jy hê” hy en “ja, luitenant” ek tot hy vier of vyf afgepluk en in my sak gestop het. Die ou wat “stick gevat het” (die netste) kry gewoonlik af en gaan nie op nagdiens nie. “Jy is nou onbehoorlik geklee en gaan nie op nagdiens nie, loop.” “Dankie luitenant.” “As jy aanhou terugpraat het jy moeilikheid. Hou jou bek en loop.” Daar was nie ’n "stick man” daardie aand nie.

Kaptein Noppé het baie snaakse vrae gevra as jy begin moeg word op kolonel Du Preez se lang “route marches” wat daartoe gelei het dat kolonel Du Preez tot Manie Kameel, ook Manie Manoewers, herdoop is. Noppé: “Petoors, ek hoor julle het 'n kameel saamgebring uit Suidwes. Is dit so?” “Weet nie kaptein.” “As julle Suidwesters so lief is vir loop, waarom boemel julle nie Durban toe in die winter nie?” Dit het ons agterhoede se moegheid verlig, hierdie moeë kaptein agter ons se skimpspot.

Later, terwyl ek as kaptein in bevel van mediese seksie, finansiële afdeling, te SAP hoofkwartier, was, was lt.kol. Noppé te Durban gestasioneer. Sy dogter was chronies baie siek. Ons was gereeld in verbinding met mekaar in verband met die ingewikkeldhede van behandeling en rekening-vereffening. Ons kommunikasie was toe beperk en ernstig.

In Augustus 1940 vertent ons na Zonderwater en sit daar ons opleiding voort met vreeslik baie “route marches”: 25 tot 33 myl as daar nie “maneuvers” op pad is nie, en 6 tot 12 myl as daar is.

In Februarie 1941 kry ons “embarkation leave” vir 10 dae in en uit. Dit reën vreeslik en ons trein gaan staan op Prieska. Op die trein is twee Duitse geïnterneerdes wat spesiale verlof het om te

[38] Johannes Augustinus Noppé https://www.geni.com/photo/photos_of_me/6000000009625327923

gaan trou of noodsaaklike besigheid in Windhoek te doen. Hulle kry verlof om die trein te verlaat tot by Upington en per motor te gaan mits hulle die onkoste van drie geleiers betaal. Wicus Dreyer ken die een, en Wicus, Mans (van Keetmans) en ek word geleiers. Die Duitsers huur twee motors en, in 'n konvooi, waaronder ook die destydse sekretaris van SWA en familie, ploeg ons deur water en modder tot op Upington, waar ons weer 'n trein haal. Intussen het al die brigade se Suidwesters, vanweë hulle noodsaaklike fiksheid en stootkrag, kostelose vervoer in die konvooi van meestal goed bedeelde ouer mense met gesinne, gekry. Dit het ons twee dae, met 'n nag se slaap in die veld, gekos voordat ons vroegaand die trein te Upington kon haal met nat, opgerolde, broekspype en stewels aan mekaar gebind op die skouer.

Op Stampriet werk ek vir die laaste maal in ons lewe saam met my pa in die ghwarrie en tuin.

In Maart 1941 verskuif ons na die kamp by Pietermaritzburg. Ons kom vir een of ander rede nie weg noorde toe nie, en gaan voort met opleiding. Peter Müller is 'n bokser en langafstand hardloper. Ek word sy “sparing partner” (ek is plus minus 5 kg swaarder as hy) en ons oefen vir die Comrades Marathon; waaraan ons nie deelneem nie. “Af” naweke swem ons by Durban se Suidstrand.

Daar is weer ʼn “embarkation leave”. Ek en 'n paar ander gebruik dit nie omdat die tien dae uit en in darem te min is vir SWA toe. Hennie Venter ('n kleinneef) wíl trou, en hy gaan. Hy wil behoorlik wittebroodsdae hou, en kruip vir 'n maand lank iewers in SWA weg met sy bruid, terwyl ons “somewhere up north” beland. Dan gee hy hom oor, sê dat hy nou gereed is vir oorlog, en kom op 'n dag onder eskort daar by ons seksie aan.

'n Klompie polisiemanne met sterk Ossewabrandwag oortuigings en konneksies—waarvoor ons ander Afrikaans sprekende polisiemanne hulle nooit veroordeel het nie—het gaan wegkruip tot na die Nasionale Party se oorname in 1948. Flip Geel, Springbok rugbyspeler, plus minus 1948, was een van hulle.[39]

In Mei 1941 besoek veldmaarskalk en eerste minister, J.C. Smuts ons. Ons word geïnspekteer en daar is die gebruiklike verbymars te Oribi. Op 10 Junie 1941 vertrek ons Noorde toe nadat Cecilia Wessels vir ons gesing het, en lt. Huxham, langs my, gesê het “Ag, Petoors, is dit nie treurig om jou vaderland so agter te laat nie?” My sonnige witkop vriend, Whitey Pretorius, sê “Toe, Petoors, antwoord jy nie die luitenant nie?”

Ons skip is die RMS Mauretania, ʼn luukse lynboot van Cunard-White Star, wat vir die oorlog omskep in 'n troepeskip. Daar is ook twee ander troepeskepe, die SS Île de France, en die SS Nieuw Amsterdam. Ons eskort is die Royal Navy se kruiser, HMS Cornwall. Ons vaar sonder voorval en,

---

[39] LP: Sover ek kan vasstel, het Geel in 1946 vir Noord Transvaal gespeel, maar net een wedstryd vir die Springbokke - teen New Zeeland in 1949. https://www.rugby15.co.za/springboks-since-1891/

op 20 of 21 Junie 1941, gaan ons in die Rooi See aan wal by Port Taufiq, naby die suidpunt van die Suezkanaal. Op 21 Junie ry ons deur Kaïro, en oornag by Mena Kamp.

Van 22 Junie tot 23 Julie 1941 kamp ons by Mareopolis. Ons doen byna niks anders as om deur vlieë vertrap te word nie, en so nou en dan 'n kangaroerot te jaag nie—'n jaagtog waartydens ons getalle soms bataljon-sterkte aangeneem het en waartydens tente plat gehardloop is. Op 'n dag sit Hennie en Wicus Dreyer, Barend van Eck, Jood Junius, Chris Sieberhagen, en ek teen 'n duin en wag om “pay” te trek. Almal Stamprieters. Iemand op 'n Harley Davidson storm die duin op, “broadside” voor ons en gooi ons vol sand. Dis my broer Andries. Ek het hom Desember of Januarie laas gesien in die militêre hospitaal te Voortrekkerhoogte, waar hy as gevolg van ‘n motorfiets ongeluk gelê het met 'n kraak in die skedel van agterkop tot voorkop. Daar was vir sy lewe gevrees, en ek het gedink hy is by dié tyd al ontslaan as medies ongeskik. Maar oorlog toe wou hy en “despatch rider” op ’n Harley Davidson wou hy wees. Hy was in ons konvooi op die Île de France, en nou 'n despatch rider by die Imperial Light Horse. Dis die dag dat Andries my die ware storie van die biscuits by Heide vertel het. Andries het die oorlog in die Noorde deurgegaan. Hy het gevangeneming by Tobruk ontkom saam met die 1ste Divisie. Na die oorlog het hy epileptiese aanvalle begin kry, vermoedelik as gevolg skedelbreuk destyds. Só 'n aanval terwyl hy in Pretoria in 'n losieshuis gebad het, het tot sy dood gelei. Hy het in die bad verdrink tydens die aanval. My ma was lief vir ons almal. Andries, die Ferreira, was haar oogappel.




**Andries Pretorius, Imperial Light Horse, 1 SA Inf Div, 1941**

Van Mareopolis[40] af het Whitey Pretorius (troep 48), Kolhaas du Plessis (Angolaboer en SWAP), Roelf Loots (1960s kommandant, Windhoek Kommando) en ek geleentheid gehad om Alexandrië te besigtig. Ek onthou net die gesigte in die delta op pad daarheen. Water wat met houtskroewe uit die delta se strome uitgewurm word, of met kettingbakkies en donkiekrag uit die strome geskep en in besproeiingsvore gestort word; volgelaaide bote getrek deur kamele wat op die oewer loop; hooggelaaide kamele en donkies op pad met vol bale en sakke, reisigers met bene wat langs die donkies se sye afhang; met sommige donkies stadig onderweg terwyl ander slaap met slapende ruiters op die rug. Outestamentverkeer en tegnologie. En vlieë, vlieë, vlieë.

Rommel wil Alexandrië, Kaïro en die Zeuskanaal beheer. Die nouste hek om toe te maak is vir ons die harde aarde tussen die see en die Qattara Depression—laer as seevlak en droog en vals, sodat voertuie nie daar kan deurgaan nie. Vir vier maande lank grawe ons loopgrawe met pik en graaf—sulke 2 meter lang stele met 'n klein skopgraaf voor aan. Ons grawe ook diep, ronde, gate vir "pillboxes", kanonstellings, masjiengeweerstellings, en ander beskuttings. Ons kamp is naby die see, en die koel seebriesstrook is byna vliegloos. Ons grawe van so 7 vm. tot 4 nm. met rookbreke elke uur, ʼn middagetepouse van 'n halfuur, en 'n teebreek saam met die 10 vm. rookbreek. Ons wedywer met lang graafgooie sodat die hoop op een plek val. Ons wedywer met aanhou gooi sonder verposing. Eendag wedywer Whitey, Vos, Kennetjie Smit en ek uit ʼn 7 voet loopgraaf. Ons gooi aaneen, met net die tee- en eetbreke. Ons gooi almal heeldag en wen almal. Vir die eerste twee maande—nog somer—swem ons namiddae na werk in die Middellandse See.

Ons kry voetpatrolliebeurte langs die see, tel uitgespoelde stukkies van menslike liggame op en begrawe dit vlak in die sand en sit stokkruisies op die graffies. Een nag word ek wakker. Iemand was by my. In my slaap het hy my aan die skouer gevat. Ek het hom nie gesien nie, nie gehoor nie. Sy boodskap was egter duidelik, hoewel stemloos: "Ou maat, skuif bietjie eenkant toe. Jy lê op my." Ek het regop gesit, sonder emosie, rond gevoel en gekyk, opgestaan, my patrollieseil gevat, my kooi eenkant toe getrek, en lekker verder geslaap. Sonop vertel ek vir Ben Burger (ex SWAP, naby ons gewoon in Windhoek, 1964/67, ʼn paar jaar gelede oorlede op sy plot in die Pretoria-Noord omgewing).[41] "Kom ons kyk", sê hy. Ons kry die kruisie en steek dit regop min of meer daar waar my kop gelê het. Ek het nie gedroom nie. My ondervinding was kameraadskaplik, geen vrees, geen spookondervinding nie. Ek het oor en oor nagedink. Ek was op die eerste skof. Dit was donker toe ek my kooigoed na die skof oopgerol het. Ons het niks gesien nie, kon niks sien wat in my onderbewussyn 'n gedagte kon laat vassteek nie. Dis 'n aangename herinnering van 'n vriendelike

---

[40] LP: Digby destydse El Amiriya, huidige Al 'Amiriyah. Die posisies en name het ek geplaas (nagenoeg) met hulp van die kaart "Theatre of War. May – July 1942" teenoor, bl. 346 van J.A.I. Agar-Hamilton & L.F.C. Turner, *Crisis In The Desert. May - July 1942,* Cape Town, Oxford University Press, 1952.

[41] LP: In 1965 was majoor (as ek reg onthou) Ben Burger se seun, Ben, en ek in dieselfde WHS matriek-klas. Ek het nie geweet van die verband tussen Ben Burger senior en Chris Pretorius nie. Ben junior het seker ook nie geweet nie.

versoek van een soldaat aan 'n ander, en die gewillige reaksie van laasgenoemde. “Kameraadskaplik”, het Ben gesê.

Nadat ons die slote en gate gegrawe het, het ons die vesting oorhandig aan kundige militêre elemente wat die betonwerk en wat nog nodig was gedoen het. Rommel is toe daar gestuit en teruggejaag; nadat ons by Tobruk gevang is. My ou skool- en SWAP maat en Angolaboer, Peet Alberts, was LOB (“left out of battle”) toe ons front toe gaan. Toe Rommel El Alamein aanval, was Alberts daar. Ons het mekaar weer gesien, weer saam rugby gespeel, nou vir Stampriet, toe hy en Manie Maritz (bekende SA stoeier) op Hofmeyr gestasioneer was. Alberts kon nie uitgepraat raak oor die gedonder en vuurwerke wat uit El Alamein op Rommel ontketen is nie. “Dit was heelnag dag in die kanonne se lig.” [42]

---

[42] CP: Die Vetboom (*Cissus juttae*) met trosse soos wilde druiwe in ons rotstuin het ek in 1965 by Peet gekry op sy plaas naby die Etosha-wildtuin. Daar was toe sprake van ryk goudneerslae in sy omgewing. ’n Rukkie later het hy sy eie lewe geneem.

LP: Chris se suster Anna was lank met Manie Maritz getroud. Hulle het mettertyd geskei. Sy is later met Louis Holmes (in my geheue ’n boer in die Tsumeb / Grootfontein gebied).



**BOYS OF No. 53 (OMARURU) DISTRICT.**

**Now Serving in the Western Desert.**

FRONT (*l. to r.*): Ptes. B. F. van Zyl, G. J. van Wyk, C. B. du Preez, W. Louw. 2ND ROW: L/Cpl. C. T. B. Sieberhagen, Cpl. J. A. J. de Witt (Div. Hq.), Capt. J. W. Naude (Coy. Comdr., "C" Coy., 2 S.A.P.), Cpl. J. L. Dreyer (now on a Cadets' Course at Roberts Heights), L/Cpl. L. M. du Plessis. 3RD ROW: Pte. W. J. Burger, L/Cpl. D. J. de Villiers, L/Cpl. D. Nel, Pte. H. B. van Niekerk, Pte. C. P. Pretorius. BACK: Ptes. P. A. (Tiny) van Zyl, H. van Zyl, Z. C. Faber, J. D. Coetzee, J. H. Venter.

C. B. du Preez: "Kasupi" omdat hy baie kort was. Hy boer en bottelstoor na die oorlog; ná sy bedanking uit die SAP so Maart 1946 toe ek sy plek neem te Otavi. Hy is die pa van die wilde Rooibaard du Preez, ook bekend aan Pieter, tydens die terroriste tydperk in noord SWA.

W. Louw: Wallie, eertydse afdelingskommissaris SWA. Pieter het onder hom gedien. Ons word saam luitenant. Hy tree af as generaal-majoor. Is 'n paar jaar gelede oorlede.

C. T. B. Sieberhagen: Chris, die seun wat o/sersant geword het toe ek besluit SWAP is my toekoms. 'n Boesman skiet hom naby Tsintsabis met 'n pyl in die nek (êrens gedurende 1937/39). Die Boesman, Nani, bly soek tot ná die oorlog. Ongeveer September 1947 dien ek vanaf Hofmeyr 'n subpoena op Chris om te Windhoek te getuig "in the case Rex vs Nani and others". Chris boer te Grünewald, Stamprietwyk, tot 'n paar jaar gelede, vestig hom dan te Swakopmund (of is dit Walvisbaai?) en sterf daar. Sy suster, Toks, word later vermeld.

J. A. J. de Witt: My stasiebevelvoerder te Otjiwarongo, waar ek en ma van Desember 1964 tot Julie 1947 woon. Na sy aftrede vestig hy hom te Parys, Oranje Vrystaat.

Kapt. “Boer” Naude: Soldaat in die invalsmagte in die Eerste Wêreldoorlog, keer na WO2 terug as distrikskommissaris, Omaruru, en tree af en vestig hom op sy plaas naby Omitara en sterf daar.

J. L. Wicus (later Vic) Dreyer: Ons het saam opgegroei te Stampriet. Hy word SA hammergooikampioen en wen ŉ silwer medalje in die 1954 Rykspele te Vancouver, Kanada.[43] Na die oorlog het hy in die SA Weermag aangebly, maar uitgetree toe die Nasionale Party, en Frans Erasmus as minister van verdediging, oorneem. Hy werk dan by ŉ biermaatskappy in Oos-Londen.

L.M. du Plessis. “Kolhaas”. ŉ Angolaboer. In die laat 1960s werk hy in ŉ winkel in Rundu. Hy is daar oorlede in die 1970s.

D. J. de Villiers: Oom Dawie was in ons tent te Zonderwater. Op die foto was hy reeds in sy laat veertiger jare. Ons het heeltemal kontak verloor. Hy is glo die vader van brigadier Jan de Villiers wat in Pieter se tyd in Windhoek gestasioneer was. Hy het my uit Windhoek van Pieter se verwonding [26 Julie 1979] verwittig. Sy seun, ŉ vlieënier in die SALM, was in beheer van die ambulansvliegtuig waarmee Pieter uit Windhoek na Pretoria vervoer is. Dié seun is in die 1980s dood in ŉ vliegtuigongeluk naby Pretoria.

P. A. (Tiny) van Zyl: 'n Baie groot, goedgeaarde, man. Soos vir my en 'n paar ander, treiter venynige bloedvinte hom in die noorde, en treiter hom tot in gevangenskap; komplikasies volg. Sy gesondheid geknou, sterf hy in die suide van SWA kort na die einde van die oorlog.

H. van Zyl: Tiny se broer.

Z. C. Faber: Distrikskommandant te Gobabis tydens ons tyd in Windhoek, 1964/67. Hy is later afdelingsinspekteur SAP SWA.

J. D. Coetzee: Oud-Stamprieter, ŉ goeie vriend so 6 jaar ouer as ek. Ons verloor heeltemal kontak sedert Junie 1942.

J. H. (Hennie, “Rooikat”) Venter: Het met sy bruid gaan wegkruip tydens embarkation leave. Hy was die jongste seun van oom Hendrik Venter van die plaas Wildmoor—my pa se ma se broer.

Te El Alamein slaap ons vir oulaas vyf per tent. Op die laaste dag kom gooi Blignaut[44] sy kombersrol en pak by my neer, daar waar ek altyd so 10 meter voor die tent geslaap het. “Ek kyk jou lankal uit.

---

[43] LP: Kyk https://en.wikipedia.org/wiki/Athletics_at_the_1954_British_Empire_and_Commonwealth_Games.

[44] CP: Nie die Blignaut voorheen vermeld nie. Hierdie Blikkies was van Fordsburg en ’n ”mess caterer“ in ’n polisiemenasie; 6‘ 3“duim lank, vreeslik maer en seningsterk, opstandig en stroomop.

Jou maat (Peter Müller) gaan terug. Nou is ek en jy maats." Blikkies is so 10 jaar ouer as ek, en ek ken hom net van sien. Hy het woorde gehad met die kompanieklerk en is op eie versoek hier na ons seksie oorgeplaas.

Teen die einde van ons tyd by El Alamein, is Wicus Dreyer terug Unie toe vir 'n offisierskursus. Hy neem afskeid toe ons laataand aantree vir 'n mars deur 'n gedeelte van die Qattara Depression. Dit was 'n beproewing daardie mars die volgende dag. Die hitte en die los sand was iets vreesliks. Dan moes ons ook nog 'n lorrie wat dit op die kant langs gewaag het, loswikkel en stoot, loswikkel en stoot. 'n Bloedvint op my regtersy, reg onder die belt, net besig om ryp te word met gepaardgaande koors, het dinge vir my baie vererger.

Ons het nooit lug- of ander aanvalle te El Alamein gehad nie. 'n Italiaanse vliegtuig het wel een keer van baie groot hoogte pamflette gelos: "O gij Boeren waarom vegten gij tegen de Italianers?" en dan, in kleiner skrif, eweneens in pre-1930 boerebiduur Afrikaans, hulle propaganda.

Tan' Issie was veldmaarskalk Jan Smuts se eggenote.[45] Sy't het aan die hoof gestaan van die organisasies wat vir ons pakkies ("comforts") gestuur het. "Tan' Issie het weer comforts gestuur": sjokolade, skryfgoed vir huis toe skryf, sigarette, skeergoed, seep, miskien sokkies. Een besending het die Tan' Issie Bybel ingesluit. Myne het ek nog, gehawend, maar volledig met sy geelvaal sagte omslag. Baie van die datums wat ek aangee, het ek met verloop van tyd daarin aangeteken.

Vanaf 14 November 1941 tot 23 November 1941 bewaak die 6de Brigade die spoorlyn tussen Mersah Matruh en Railhead ('n stasie op die eindpunt van 'n spoorverlenging die woestyn in).[46] Kontak met 'n Arabier lei daartoe dat ek 'n kursus in Arabies aanskaf en binne 'n week soveel leer dat ek elementêr in Arabies groet en gesels. Daarna geen kontak en ek vergeet alles wat ek geleer het, behalwe om te groet en dankie te sê.

Daarvandaan weet ons dat ons front toe gaan. Kort na middag 24 November 1941, pak ons van ons lorries af, so 500 meter vanaf Railhead stasie. Die lorries word weggeneem en gekamoefleer. My seksie kry 'n posisie so 150 meter van die stasie af. Ons het, saam met die ingedrilde "slit trench" praktyk, ook 'n "buddy stelsel".[47] Maar ons ken nie daardie naam nie. Jou maat is jou "mater" of jou "tjom". Een bly agter met die veronderstelling dat hy slit trench grawe. Die ander dra bagasie, ammunisie, en ander toerusting aan. Ek en Kola Gresse nader ons posisie met 'n kis .303 patrone tussen ons; daardie groot groenes met die seil draagbande weerskante. So 50 meter van ons

---

[45] CP: Die manne het gesing: "Ou Jannie sit oppie corner. Hitler wil hom donner ... Nader na die pale toe."

[46] LP: Die tydperk oorvleuel deels met "Operation Crusader", 18 November tot 30 Desember 1941. Kyk https://en.wikipedia.org/wiki/Operation_Crusader Sover ek kon vasstel is die plek "Desert Railhead at Charing Cross", soos in Neil Orpen, *War In The Desert,* Cape Town, Purnell, 1971, bl. 21, 43.

[47] CP: Die Engelse terme is soos hulle in Afrikaanse spreektaal gebruik was. Dit is die atmosfeer van daardie tyd. Ek vertaal nie. Tydens opleiding, wanneer ons nie gereedskap of tyd gehad het nie, het ons "imaginary slit trenches" getrek om aan inspekterende offisiere te wys ons weet.

bestemming af hoor ons 'n vliegtuigdreuning met 'n vreemde “beat”. Ons kyk op. Kola het oor alles ŉ kennersmening: rugby, vliegtuie, sielkunde, wat ookal bespreking geniet. “Seker die nuwe Engelse night fighter” sê hy. Die Engelse nightfighters met hulle hangende wheel struts en wiele lyk soos vlieënde makoue met hangende dik bene. Die voorste een duik met 'n aaklige gebrul en dan volg ŉ nog aakliger gefluit wat sê die ding wat fluit gaan jou tref, net vir jou, net daar waar kop en nek agter bymekaarkom. As die eerste bom by die stasie slaan, sê Kola “Stukas!” en slaan self die aarde vollengte en ruk my draagband uit my hand uit. My reflekse was maar altyd Venter reflekse. “Gevrek soos 'n Venter”, het my ma gesê na aanleiding van ons Venter familie se stadig praat en stadig doen. Toe ek uiteindelik mooi my lê en kyk gekry het, het die drie Stukas al bomme gelos en ek staar hulle dikpoot-verdwyning in die verte na. Ek sien hoe Kola, wat nooit sy draagband gelos het nie, se kort gestalte, inmekaargetrek, die laaste paar treë teen rekord spoed aflê; die kassie patrone nog aan die regterhand. Ons het almal, Kola ook, die kissie so probeer hou, so stywe arm, weg van die regterbeen af. Ons kon nie.

Blikkies het altyd 'n primusstofie aan sy rugsak se toeklapstraps gedra, omdat hy lief was vir tee. Ons sit tussen bosse teen 'n duintjie en tee drink terwyl die manne orals swoeg om hulle slit trenches dieper te kry. “Waar’s ons s’n?” vra ek bekommerd, want ek raai wat kom. Blikkies is nie 'n man wat vir hom laat voorskryf nie, veral nie oor sy eie welstand nie. “O fok! Ek het vergeet!” Hy spring op, trek met sy hak ŉ winkelhaak figuur op die grond, en kyk my aan soos Blikkies kyk. Sy werk doen ek nie en dat ek bang is erken ek nie. As die groot Stuka aanval laat skemer kom, is ons nog sonder ons winkelhaakslootjie. Ek en blikkies lê op ons pense langs mekaar. As die bomgefluit in ons nekke inboor, druk ons ons gesigte dieper die sand in, en druk albei hande die staalhelm stywer oor die agterkop. Dis skielik vreeslik koud, en ek ruk soos ek bewe. “Kry jy ook koud? Ek bewe vreeslik” sê hy. “Ja” sê ek. “Vreeslik”, en my tande klap onbeheerbaar. “Jy lieg bliksem. Jy’s bang. Ek ook. Draai op jou rug. Toe! Nou op die oomblik!” En hy stamp my in die sy. Ek maak so, en, soos hy, sit ek my staalhelm eenkant neer. Hy verduidelik dat paniek deel van ons lewe gaan wees as ons nie doen wat ons nou doen nie. Ons lê op ons rûe en maak geforseerd grappe oor Stukas en bang ouens wat wegkruip. Die aanmerkings raak minder geforseerd, selfs spontaan. Dis ook nie meer koud nie.

Die Sikh wagte oor die Duitse krygsgevangenes maak die trokke oop en dit klink soos 'n wilde weste stampede soos hulle na ons toe aangehardloop kom vir skuiling. Fix bayonets! skree ons korporaal met 'n dun stemmetjie onder uit sy slit trench. Een man sit sy bajonet op en hou die geweer kolf op die grond langs hom. Ongeskonde Duitse lywe pak soos sardiens rondom die bajonet bo-op die eienaar. “Jy moet toggie bedonnerd wees nie, ou I.D. Die arme mense wil net wegkruip”, sê Blikkies. Een wil weet waar ons Schützengrabe is. “Wat sukkel hy oor?” vra Blikkies. “Hy soek ons slit trench.” Blikkies trek ŉ vuurhoutjie en loop op die imaginary slit trench langs. Verrückt! sê ons gas, en vertrek.

Nou was die Stuka aanval en reaksies daarop werklik vir ons 'n grap. Blikkies se les en voorbeeld daardie aand was dalk die belangrikste in my lewe. Die redelose paniek wat vir 'n paar oomblikke besig was om my te bemeester, het vir altyd verdwyn. Een van die onmiddellike voordele was die volgende dag gou duidelik: Ons was 'n onder dié wie se mae hulle nie heeldag knaend en knypend laat hardloop het nie.

Die volgende dag besoek ek die stasie en vergelyk die dun dikte van my staalhelm met die dikte van die spoorstawe vol gate en skeure. Een trok is ná die aanval eers oopgekry. Binne lê slapende jong manne teen en oor mekaar. As ek inklim, sien ek een van ons manne ŉ horlosie van ŉ arm afhaal, pluk hom aan sy krag agteroor, kyk nie om nie, en sien hom nie weer nie. Ek kan nie glo dat die rustige jong gesigte nie weer sal lag, stemme voortbring, nie. Ek skud een vir een en voel aan hulle. Almal, al 46, is yskoud. Nie een sou na Duitsland teruggekeer nie. Ek dink aan hulle ouers, broers en susters, en aan myne. Daar was nie ander ongevalle nie, en die res van die Duitse krygsgevangenes is weer bymekaar gebring, getrok, en uit die gevaarsone verwyder. Ons het met bewondering gepraat van die Sikhs wat tussen barstende bomme die trokke oopgemaak het om die gevangenes se lewens te red. As ek lees, en op televisie sien en hoor, van die stryd tussen die Sikhs en die owerheid (onder andere) in Indië, is ek steeds aan die kant vir hierdie groot, stil, bebaarde, en waardige manne met hul turbans.

Ons is so bietjie verder van die stasie verskuif. Die Stukas het elke dag gebombardeer en, op Blignaut se 'n voorstel, het ons tussen die ander rondbeweeg en gesels tydens die aanvalle. Dit het gelei tot 'n mate van onpopulariteit by sommige, omdat ons gespot het met dié wat te versigtig was om hulle van paniek te red.[48] 'n Ou ongemaklikheid tussen my, aan die een kant, en die luitenant, die korporaal, en die onderkorporaal aan die ander kant, het weer kop uitgesteek. As gevolg van my probleme met bloedvinte het die luitenant my ’n loafer genoem. My reaksie was moedswilligheid. Die korporaal het ek by geleentheid ’n bleddie fool genoem. Die sersant het geweet ek dink hy is een. Toe ons op 3 Desember na die voorste linies moet beweeg, verwittig die korporaal my dat die luitenant my LOB (left out of battle) gemaak het, en dat ek moet gereed maak om te vertrek basiskamp toe. 'n Belediging. ’n Seksiemaat bied gretig aan om my plek as LOB te neem. Ek gaan pleit by die luitenant wat my beledig en wegjaag. Ek loop na kaptein Naude toe en stel my saak. Sy antwoord: “Gaan sê vir Huxham jy gaan saam en Bosch bly.” Ek sê vir Huxham en Huxham sê niks. Ek sê vir Bosch, en ons groet.[49]

Op 4 Desember 1941 neem ons peloton ŉ frontposisie in by punt 202 in die omgewing van Sidi Omar Nuova[50] terwyl kanonkoeëls om ons fluit en reën. Ons bly daar tot 13 Desember. Rantsoene

[48] CP: Ons het verneem van ’n foplaer van tenks (uit hout gemaak) in die omgewing. Die Duitsers het dit eenmaal met hout bomme gebombardeer, en daarna geïgnoreer.
[49] CP: Bosch is ŉ paar jaar na die oorlog op Upington aan ŉ hartaanval dood.
[50] LP: Digby destydse Sollum, huidige El Salloum.

is skaars want die Italianers bestook elke voertuig wat beweeg. Op ŉ koppie tussen ons en die Italiaanse loopgrawe is daar ŉ baken waarop die Itis [Italianers] hulle mortiere instel. Aangesien ons peloton- en seksieleiers nie te dikwels uit hul loopgrawe kom nie, begin Blignaut, Hennie Venter, en ek, op ons pense en kruipend, om die omgewing voorentoe te verken. Dis in elk geval veiliger vorentoe, so onder die koppie in. Na al die heen-en-weer gejaag van Allied en Axis oor hierdie kontrei is die wêreld vol loopgrawe. Ons vind ŉ groot houer vol biscuits, ongeopend en vars, in ŉ loopgraaf naby die koppie vanwaar ons die Italiaanse stellings (ŉ goeie 900 meter ver) en die baken duidelik kan sien. Onder die dekking van twee, bekruip een beurtelings die baken. Ons sien die kanon- en mortierstellings. Voor nr. 13 peloton op 13 Desember by ons kom oorneem, bestook hulle dié stellings met mortiere—en verwond manskap Kriel. Kapt. Naude kom self kyk wat aangaan. As hy die bult begin klim, sluit ons drie by hom aan. Hy vra snaakse, wyse, vrae waarom ons dan 200 meter voor die res is. Ons vertel hom van die biscuits en van die kanon- en mortierstellings. Gewapen met verkyker en kompas, stel hy die artillerie regstreeks in kennis. Dié haal die kanonne en mortiere uit.[51]

Die Itis het nie geskiet nie—terwyl kapt. Naude tydsaam en, na ons gevoel te rustig, loop en kyk en aantekeninge maak, so al of hy mate neem van ŉ ongeluk op ŉ stil pad. Met sterk teleskope het die vyand seker die aard en betekenis van kaptein Naude se bedrywigheid herken, maar besluit om nie hul posisie met kanon- en mortierflitse te verraai nie. Die kanonne was in elk geval ingestel op posisies so 1 000 na 1 200 meter agter ons op die troepedraers se aflaaipunt, en die mortiere op die omgewing van die baken wat ons vermy het.

Om en by 14 Desember 1941 val die vyand ons A-kompanie aan, so 800 meter voor die posisie waarheen ons teruggeskuif het, en dood 2 of 3 man en wond ander. Toe ons luitenant hiervan hoor, stuur hy vir my en sy persoonlike boodskapper ("runner cum batman") uit om te verken en terug te hardloop en te rapporteer as daar dalk deurgebreek word. Toe ons by A-kompanie kom, is alles reeds verby en het die vyand al meer as ŉ uur teruggetrek. Ek stuur die "runner" (L. F. Potgieter) terug met die boodskap soos opgedra. Die bataljon se despatchrider, ene Louw, daag daar op met

---

[51] CP: Op bls. 54 van Brig. Cooper se *Police Brigade* vertel hy ook iets hiervan: "Whilst the 2nd Police Battalion was feeling its way forward, Captain Naude (Sailor) became friendly with the commander of the Field Battery in support. The gunners thought so much of the information provided by him that, eventually, Naude found himself giving direct orders to the Artillerymen and that his orders were obeyed, with good results. This gave Naude a bit of a swelled head, so that when our troops overran Cova he set about acquiring a battery of artillery for himself. There were lots of abandoned enemy anti-tank guns and other light guns lying around. True enough, many essential parts, such as breech blocks and sights were missing, but Naude rightly reasoned that they could not have been carried away and must have been buried in the sand near at hand. He therefore set his men to probe around with sticks and rods, and eventually retrieved quite an assortment of essential parts. To see the policemen probing in the sand reminded me of long forgotten beer raids on compounds, when drums of beer would be discovered, buried in the ground, the spot being covered by a sheet of old iron on which a fire had been built, with a pot of mealie pap in position on top. There were sufficient mechanically minded men available to start reconditioning the captured weapons, and very soon Naude had his battery complete, with any amount of ammunition, too. At practice shoots they made quite good gunners, and it was felt that good use would be made of the weapons."

sy Harley Davidson, en ons kry toestemming om so 'n bietjie vorentoe te verken. Ons ry heen en weer nader aan die vyandelike stellings in die omgewing van Fort Capuzzo [digby Sollum]. 'n Verduisterende stofstorm laat ons omdraai in die rigting waarin ons dink ons ons transport hoor beweeg. Ons ry stadig en, in dieselfde rigting as ons, kom twee pantzermotors van agter by ons verby. Hulle het kruise op. Louw pluk die motorfiets om en ons hop-hop oor knoppe en slote by A-kompanie se flank verby. Ek is banger vir sy waaghalsige ry as vir enigiets anders, maar hy wil nie stilhou om my af te laai nie. Hy hou stil as ek skreeu my voet het aan 'n bos vasgehaak. Dan spring ek af en vat koers na my peloton toe—waar Blikkies vir die korporaal sê hy moet vir die luitenant sê hy is nou veilig: Petoors het die vyand verslaan.

Op 15 Desember neem ons weer posisie in langs die omheinde vyandelike mynveld in Capuzzo omgewing. Die volgende dag kry ons pos en berig dat ons die daaropvolgende dag die Italiaanse posisies voor ons moet inneem. Vir Blikkies is daar 'n pakkie van 'n Franse sakevriend in Johannesburg. In die pakkie is daar 'n vrugtekoek, twee paar warm sokkies, ʼn wolmus, 'n halfjack brandewyn, en ʼn voorraad kondome. Blikkies deel die vrugtekoek en die halfjack met die res van die seksie. “Nou wat maak ek moet die bleddie goed? My ou maat wil maar glo ons is almal eners.” Dan blaas hy hulle een vir een op, knoop toe, en stuur die ballonne vir die vyand met die hulp van 'n redelike sterk bries wat in die Italianers se rigting waai.

Op Kersdag beweeg ons bedruk en stil deur die draad, en koers in die rigting van die vyandelike loopgrawe. As ons dit bereik, hop net sulke wolkies vlooie ons tegemoet. Die vyand het die stellings skynbaar laasnag ontruim. In die skuilings vind ons Duitse rantsoene, meesal gedroogde groente, ʼn grammofoon hier, ʼn fiets daar, briewe, en boeke en koerante. wat aandui dat die stellings deur Italiaanse soldate beset was. In ʼn groot, goed toegeruste, skuiling loop ek ʼn fyn, gegeurde, vrouebroekie raak. “Die arme Iti is seker in 'n kritieke toestand hospitaal toe, anders sou hy nooit dié tere herinnering hier laat bly het nie”, sê Blikkies.

Gedurende die eerste twee weke van Januarie 1942 neem die Divisie die res van die vyandelike stellings oor: Halfaya, Bardia, Sollum en ander. Ons kompanie het ʼn geringe aandeel daarin. By Halfaya kom Maans van Zyl van hoofkwartier-kompanie na ons seksie oor, en Blikkies, Maans en ek word ʼn driemanskap. Die owerstes gee ons ʼn recuperation spell by Sawvat Shammas, en ons peloton lê by El Giseri van 25 Januarie tot 9 Februarie 1942. Die luitenant verlaat ons. Ons instrukteur by die Windhoek Depot, luitenant Bellingan, word ons pelotonoffisier.

Ons loop rond en soek, grawe, en vind die pragtigste Mauser jaggewere. Myne, die mooiste pronkstuk van ʼn geweer, kom in 'n staalkis, vetpapier en lae ghries. Die owerhede kom dit agter en dwing ons om die hartsgewere in te handig. ʼn Mens wonder wat die Duitsers (seker almal offisiere) hier gemotiveer het. Op 'n stadium was hulle waarskynlik seker dat hulle Afrika sou inneem, in Afrika sou jag, en het dus die gewere bestel. Bekend met die heen-en-weer-jaagpatroon, het hulle, toe

hulle moes padgee, seker die gewere goed beskerm en vlak begrawe met die oog herwinning later—hier op die plek wat vir die grotes onder hulle ook ŉ hersteloord was.

Ons kuier hiervandaan in Kaïro, en Alberts en ek besoek o.a. die Blou Moskee,[52] die ou stad Memphis en grafte te Saqqarah. Van Saqqarah ry ons kamele tot by die piramides en sfinks, waar ons perde huur om te ry. As Alberts op 'n perd sit, wil hy kyk wie s'n hardloop die vinnigste. Die eienaars wil nie die halters los nie. Alberts vloek vreeslik lelik met sy Angolaboer Portugese woordeskat en onlangse verworwe army vloeke. 'n Vrou wat ons belangstellend dopgehou het, sê in Afrikaans "Hulle sal nooit die perde los nie." Alberts gly verkeerde kant af en verdwyn. Ons gesels. Sy sê haar man is 'n siviele ampsdraer wat onlangs hier aangestel is. Hulle woon toe sowat twee maande in Kaïro.

Ons lê in die omgewing van Sollum vanaf 9 Februarie tot 15 April 1942. In die nag maak ek vir Blikkies wakker vir sy uitkyk diensbeurt. Ons slaap in sulke plat eenman tentjies. Blikkies het die gewoonte om ŉ sigaret te rook (onder die kombers) voor hy uitkom. Ek weet dit. Korporaal I.D. weet ook, en het seker besluit dit moet 'n einde kry "Blignaut wat lê jy in die tent as jy op diens is!" "Ou ID, jy moenie op my spy nie!", en Blignaut storm hom kamstig met die bajonet. Die volgende dag roep lt. Bellingan vier weerspanniges in: vir my, Blignaut, Maans van Zyl, en Hennie Dreyer. Hy waarsku en plaas ons oor na Jock van der Walt se seksie 2. Jock is vir niks bang nie, lag oor alles, en seksie 2 word 'n samehorige seksie.

Omtrent hierdie tyd sluit die SAP lede van die motorfiets kompanie weer by ons aan, o.a. Johan Fölscher (kyk die rugby en Depot foto's), wat die veldtog in Ethiopië meegemaak het. Kolonel Du Preez word teruggeroep Unie toe. Alhoewel ons naby die front is, is daar nou, net voor Rommel ons terugjaag, min bedrywigheid. Terloops, almal is beïndruk deur Rommel se suksesse en die feit dat hy sy magte vóór lei. Die owerstes vind dit nodig om ons te maan om darem te onthou dat hy die vyand is. Bewondering is onvanpas.




**Somewhere up North[53]**

[52] LP: Die verwysing is moontlik na die Moskee van Aqsunqur. https://en.wikipedia.org/wiki/Aqsunqur_Mosque
[53] LP: Google Earth. Data SIO, NOAA, U.S. Navy, NGA, GEBCO. Image Landsat Copernicus.

Die lewe is aangenaam. Ons werk onafhanklik in seksies nagenoeg 500 tot 1000 meter uitmekaar. Daar is geen red tape nie, behalwe “stand to" (almal gewapen in loopgraaf posisies) van 1 uur vóór sonop tot sonop, en weer vanaf sononder tot 1 uur ná sononder. Verder moet ons elke dag om 10 vm. vir 'n halfuur gasmaskers dra om gewoond te raak aan die goed. Ons doen patrollies te voet, en uitkykdienste in ons onderskeie sektore. Elke seksie maak sy eie kos, en ons is om die beurt kokke.

Van 16 tot 25 April 1942 bewaak ons die Gazala pad—'n deel van die grootpad van Kaïro na Libië. Die pad loop op 'n harde rif al langs die kus, gemiddeld 2 na 3 kilometer daarvandaan. Tussen die rif en die kus is daar 'n laagte, dig begroei met lae struike in wadi’s (slote, droë lope). Aan die suidekant van die pad is daar ’n breë vlei met bome en bosse; dan 'n hoë platorand waaroor Messerschmitts ons van tyd tot tyd bekruip en op die pad toeslaan. Suid van die platorand is die woestyn. Ons gebruik verkykers om die platorand en die vlei net duskant te bespied. Twee aande na mekaar sien ek 'n hond met twee welpies in die vlei, so 8/9 kilometer van ons af. Hulle kom by dieselfde plek uit, en jag in die onmiddellike omgewing—vermoedelik muise en ander klein diertjies. Ek wil een van die klein hondjies hê, en vat met 'n 6 voet bamboesstok koers lêplek toe, spoor hulle op, en vang een na 'n taamlike gehardloop en afweer van die ma wat darem net skrik maak en nie regtig probeer byt nie. By ons staanplek probeer ek my hondjie kos gee, maar hy wil nie eet nie. Ek druk sy neus *al la* Khoepraktyk onder my natgeswete armholte en teen my natgeswete tone. Niks wil help nie. Hy huil net. In die nag gaan slaap ek met hom in ’n droë bir (waterbron, put). Hy eet nie, hou nie op huil nie. Die volgende dag vat ek kom terug ma toe. As sy hom hoor huil, kom sy uit, tjank-pleit as sy my sien. Wanneer ek hom los, groet hulle mekaar uitbundig en verdwyn in die bos.

Barend van Eck kry 'n pakkie van sy ma af: haar spesiale droë skaapwors. Hy nooi my, en ons smul lekker daaraan

In laat April/vroeg Mei word 'n sogenaamde mobile column” gevorm, en Blikkies word daarvoor genomineer—glo op versoek van 'n ou kennis van hom, kapt. Coryndon-Baker. Ek sien Blikkies nie weer nie. Ek hoor later dat Duitsers hulle teen die Gazala Platorand oorval het, dat Blikkies ontkom het, en dat Coryndon-Baker sy gewone vermetele houding en astrantheid teenoor die Duitse offisier laat geld het, en deur dié dood geskiet is toe C-B sy rewolwer probeer gebruik. Of die storie waar is weet ek nie, maar dit sou stroop met C-B se geaardheid. Hy was vir niks bang nie.[54]

Ons kry 'n nuwe posisie regoor Gazala, en aan die voet van die platorand. Ons trek weer op 8 Mei, terwyl daar op dié dag 'n hele aantal luggevegte laag oor ons koppe plaasvind. As 'n vlieënier se

---

[54] LP: Capt. Cyril Eric Evanson Coryndon-Baker MC. Service Number: 196822, South African Police 2 [South African Police Captain #13458]. Died 28 May 1942, Buried or commemorated at Zawiyat Murassas, Knightsbridge War Cemetery, Acroma, 5. C. 21, Libya. Killed in action, in command of Commonwealth outpost near Acroma Keep, North Africa. https://www.southafricawargraves.org/search/print.php?id=4525

ammunisie of brandstof opraak, duik hy af en skeer laag oor die land en see basis toe. Ek staan bo op die lorrie, en vat nou en dan potshots. Een keer, terwyl ek laai, vlieg 'n Duitser net hoër as ek byna teen my verby. Hy grinnik dat ek sy tande duidelik sien, waai met sy hand vir my, en ek waai terug. Vanaf 8 tot 15 Mei lê ons teen die see naby Gazalahuis. Ek het 'n breda ligte Italiaanse masjiengeweer met baie ammunisie raakgeloop. Die vyandelike vliegtuie vlieg kortpad oor ons, en ek kry baie oefening met my breda. Lt. Bellingan dra patrone, wat hy iewers kry, aan. Eendag kom hy met 'n spandau ligte masjiengeweer en 'n klomp ammunisie aan. Party belts het ligkoeëls—tracers—in, en alhoewel ek niks afskiet nie, sien ek darem soms ook ligkoeëls van die kajuitomhulsel wegskram.

Op 15 Mei 1942 begin die gazala gallop. Retreat according to plan. Ons bly nog lekker langs die see, in die omgewing van Marasses. Die vyand laat ons met rus omdat hy in die binneland besig is met ʼn beweging om ons—soos later sou blyk. Op 15 Junie kry ons opdrag om, op ons eie, so spoedig moontlik kuslangs na Tobruk te beweeg. Ons, seksie 2, kry die heel noordwestelike posisie op 'n hoë krans, regoor die see en 'n diep wadi wat die perimeter vorm. Ons swem in die see, in diep water aan die punt van die wadi. Oudergewoonte soek ek 'n wegkruipplek (ʼn grot of dergeliks) aan die seekant van die krans, ingeval die Duitsers Tobruk inneem, maar kry niks. Ons loop patrollies in ʼn westelike rigting na die Withuis by Mrassas—'n seksie per patrollie. Op 'n sekere punt keer een man terug en rapporteer, dan nog een, en so aan totdat die korporaal en die oorblywende lid terugkeer uit die tweede wadi van die Withuis af. Teen die einde dra hulle vir Rautie (Dan Rautenbach), korporaal van Nr. 3 seksie, terug nadat hy op ʼn fopmyn getrap het.[55] Ons neem die patrollie oor en Jock en ek draai kort duskant die Withuis om, waar ons lê en kyk hoe 'n Duitse offisier en gevolg hul intrek neem. Ons het opdrag om nie te skiet nie, net verskuil te bly en waarnemings te doen. Dit was die laaste patrollie.

Op 21 Junie 1942, sonder 'n Duitser naby, kry ons opdrag om gewere stukkend te slaan, voertuie, toerusting, brandstof, ammunisie, tente en ander toerusting te vernietig. Die Duitsers het 'n halfmaan getrek van kus tot kus om die weste, suide en ooste van Tobruk, en is goed op pad Kaïro toe. Hulle het kanonne, tenks, en meer. Die owerstes het ons, die Tweede Divisie en ander in Tobruk, opgeoffer sonder grofgeskut en pantser. Ons vloek op die man wat in die steek gelaat is om die skanddaad van oorgawe te pleeg. Generaal Klopper se ore het seker aaneen getuit. Ons sou eers later uitvind dat die skuld eintlik rus op die hoër Britse bevel wat op hulle mislike traak-my-nie-manier verantwoordelik was vir die fiasko, soos vir ander fiaskos voorheen. Ons was buite die vyand se aanvalgebied. Uit post mortems later, ná Tobruk, was dit duidelik daar net een redelike uitweg vir die geallieerde magte was, en dit was los Tobruk en maak vir El Alamein. In plaas daarvan het die

[55] CP: Rautie neem mettertyd sy ontslag uit die SAP. Speel ʼn leidende rol in Tsumeb rugby afrigting en administrasie. Pieter ken hom. Rautie sterf te Tsumeb.

opperbevel besluit Tobruk moet verdedig word, en dit terwyl daar nie tenks en wapens was nie. Generaal Dan Pienaar het glo sy Eerste Divisie gered deur hom nie aan hulle opdragte te steur nie.

Luitenant Bellingan was van die ontstaan van die brigade af aan brigadehoofkwartier verbonde, totdat hy vier maande gelede ons pelotonoffisier geword het. Soos in sy instrukteursdae in die Windhoek Depot, het hy 'n lewendige belangstelling in wat bo en onder aangaan gehad. As gevolg van omstandighede het ons noue kontak gehad, en hy het vir Rautie, Jock en my (gereelde vrywilligers) ingelig oor posisies in en om die perimeter. In gevangenskap het 'n mens met verloop van tyd kennis gemaak met troepe uit ander eenhede. Daar is kennis uitgeruil en post mortemgehou. Die oorlewingskader (waaronder ek myself klassifiseer) lees koerante, verneem klandestiene BBC nuus, bestudeer kaarte, neem kennis van topografie en ander elemente wat strategie beïnvloed en militêre operasies laat misluk of slaag. Nadat ek na die oorlog Cooper, ander geallieerde seniors, en veral die Duitse generaals se weergawes van Noord-Afrika, Stalingrad, Arnhem, en elders, gelees het, is ek seker dat die genoemde oorlewingskader se begrip van omstandighede relatief goed ontwikkel was.

Lilli[56] het nou die dag gevra of ek by die skryf hiervan gebeure herleef. Soos dit my gewoonte is, het ek begin borduur en nooit by die antwoord uitgekom nie. Ja. Die herlewing is intens, gevoelvol, en, net so nou en dan, ietwat rou. Die aandag aan hierdie, so lank uitgestelde plig, bring so 'n magdom van detail in herinnering dat ek my al hoe meer verstom oor die retensievermoë van die menslike brein. Ek wens net ek kon teken sodat ek mense, situasies, gemoedere, en reaksies soos 'n spotprenttekenaar kan uitbeeld. Kantlyne sou wyer en vol van “Jock of the Bushveld-waarhede” gewees het. Onder dié saam met wie ek mettertyd post mortem gehou het, was daar van Rommel se Afrika Korps veterane wat van Stalingrad en ander slagplekke teruggekeer het, en by ons krygsgevangene-werkplekke en in hospitale herinneringe kom deel het oor die hereoorlog in Noord-Afrika.

Nou terug na die storie.

Ons, die kleintjies onder, het tot ons wrewel eers minstens 12 uur na die werklike kapitulasie daarvan gehoor. 'n Verlore nag waarin kanse vir ontsnapping beter sou wees. Ek wou probeer wegkom. Breedt en Maans nie. ŉ Mens was maatsgebonde. Jy’t nie sommer willekeurig eie koers ingeslaan nie. Hier begin 'n wesentlike karakterverandering in my; 'n verandering wat mettertyd daartoe sou lei dat ek wegskram van die vriend/boesemvriend gedagte.

Maans het al weggestap en eenkant gaan sit. Hy het altyd gou besluit en basta. Terwyl ek met Breedt argumenteer, kom verneem 'n onbekende na Chris Pretorius. Hy is Quint, ex SAKB en na

---

56 LP: Prof. Elizabeth (Lilli) Pretorius—dogter van kapt. H. W. ”Tommy” Torr en mev. Peggy Torr. Kapt Torr met Die Middellandse Regiment en Rand Light Infantry in N-Afrika, en Royal Light Infantry in Italië.

die oorlog weer SAKB. Hy't by lt. Bellingan verneem Pretorius wil ontsnap. Hy wil self ontsnap, en soek 'n maat. Ons praat. Hy sê hy't 'n kompas en kaart en 'n goeie idee oor die roete: eers wes vir 'n paar kilometer, en dan suid die woestyn in. Hy sal tevrede wees as Breedt saamgaan. Breedt wil nie. Quint stap alleen wes omdat ek vriendonthalwe nie kans sien om saam te gaan nie. Wanneer hy wegstap, sê Maans, wat saam met Quint en lt. Bellingan in "intelligensie" was: "Saam sou julle uitgekom het as die pad nie te lank en die dors nie te groot sou word nie. Julle is eners. Vrek sou julle altwee liewer vrek as om in te gee." Quint het veilig deurgekom.

Ons weet nog nie dat die Duitsers tot teenaan die see anderkant Tobruk is nie. Ek oorreed Breedt om langs die see van wadi tot wadi sluip. As ek in die nag besluit om die hawe van landpunt tot landpunt te swem (nagenoeg 1½ myl, hoogsomer en destyds geen probleem vir my nie) kan hy afdraai en oorgee as hy wil; maar ek is seker hy sal dan saamgaan. Daar is onaangeduide kleiner wadi's tussen dié op my kaart. Deur twee wadi's, en oor die smal rûens tussen hulle, kom ons maklik. So in die middel van 'n breë rif, met 'n pad tot amper by die see, slaan twee geweerskote so 20 meter voor ons vas. 'n Duitse soldaat wink en "Komm her!" As ons hom bereik, laat sak hy die .303 en verwelkom ons met 'n breë plaasjapie grinnik en die afgesaagde en bekende "For you ze war is over". Op my "Was wollen sie?" sê hy "Ach sie sprechen Deutsch", en sê dat die skietery op mense nie eintlik sy nering is nie. Hy wou maar net sien hoe skiet die Engelse geweer. Hy en sy twee maats is werktuigkundiges, uitgestuur om bruikbare voertuie te herwin. Hy't niks gekry nie—net die geweer, 'n primusstoof, en 'n hele paar pakkies tee. Hy laat ons saam ry tot langs die Gazala pad, hou stil. "Ons gaan nou eers tee drink en gesels as jy weet hoe om "dieser Englische Ofen" aan die gang te kry en tee te maak. "Sweedse stoof", sê ek. Die stofie is vol paraffien, hy't nie brandspiritus nie. Ek gooi die spiritusbakkie vol paraffien, pak papier daarin, steek aan die brand, pomp, en maak en skink tee. "My ma en sussie sal van jou hou. Jy's so handig in die kombuis", en vertel van sy pa, ma en suster op hul plaas in Duitsland waar hy saam met sy pa boer. Na twee of drie bekers tee, sê hy ons moet die pad vat "Richtung Tobruk" en ry self.

Dis duidelik dat daar geen uitkomkans is nie, en ons stap langs die pad in dieselfde rigting as ander "voornemende" krygsgevangenes. Party probeer die haastig instromende Italiaanse lorries te stop om saam te ry. Hier en daar slaag een daarin om die klap agter beet te kry en in te klim. Een lang, lenige, kêrel met die swart baret van 'n 7th S.A.S. & H. Recce, gryp na 'n agterklap waaroor 'n kamoefleernet uitsteek. Net die net bly in sy greep, kom lank uit, en beland onder sy voete. Die punt van die net bly binne haak. Wanhopig spring hy weer, gryp in die lug. Die baret waai anderkant oor die pad terwyl die eienaar, kop en skouers klappend op die pad, agter die lorrie aan sleep. Klopper se ore slaan seker nou weer toe van die toeskouers se wense. Die toneel en die gevoel is steeds onuitwisbaar.

In Tobruk sê iemand agter: "Hier kom Rommel!" As ons pad toe kyk, kyk Rommel halflyf by die Panzerwagen se boluik vir ons deur sy goggles. Hy sien die streep krygsgevangenes. Hy kyk na en sien ons individueel, vir my en Breedt. Hierdie gewaarwording het ek met ander krygsgevangenes bespreek. Hulle het dieselfde ervaar. Voormalige lede van die Afrika Korps het bevestig dat hy individueel gekyk, gesien, dikwels stilgehou en gepraat het.

Na die middag ruik ons vars brood. Ons is nog nie honger nie, het geen besef van hoe honger ons nog gaan word nie. Die reuk is egter onweerstaanbaar. Ma se oond op Maandag. Die Duitse bakkery in Windhoek om 3 vm. daar naby jou beat se eindpunt. Die vyand het, onverklaarbaar, nog nie oorgeneem nie, en ons eie bakkers deel uit. Ons kry elkeen een brood.

Laat namiddag stap ons die krygsgevangenekamp in. ŉ Afgerolde doringdraad-omheining met masjiengeweer-poste reg rondom, om morge en morge kaal vlakte en nog meer kaal vlakte buite. Duitse soldate beman nog die kamp. Ou bekendes groepeer weer, en ons polisiemanne, offisiere ook, vorm weer 'n blok. Teen sononder wandel ek draadlangs om die kamp en Gert Aggenbach en mnr. Adams kom die teenoorgestelde rigting aangestap. Gert is ex-Hofmeyr, ŉ standerd 6 klasmaat, Lena Lubbe [vrou van Hennie Lubbe, plaas Hofmeyr] se broer. Mnr. Adams ("ou Adam") is ŉ Windhoek Hoërskool onderwyser en rugbyspanmaat. Ek het nie eers geweet hulle is op aktiewe diens nie.

Skemeraand kom Willem by my en Breedt aan. Willem is ons swart lorriebestuurder, en vir die afgelope twee maande inwonend by ons seksie. Hy sê hy is moeg en honger; die mense wat hom gevang het, het hom baie gejaag. Kan hy by ons bly en sal ons help dat die Duitsers hom nie mors nie. My onkunde van wat vir my voorlê sorg dat ek my plig gestand doen, en ek gee hom die helfte van my brood. Die volgende oggend reeds is alle swartes en bruines uit ons geledere verwyder. Willem het huilend afskeid geneem. Sy verblyf in Jock se seksie 2 was so interessant en wellewend soos die res.

Later die aand kom gesels kapt. Naude by ons. Voortvarend, maar met respek vir dié man vra ek waarom ons nie betyds ingelig was nie, nie betyds geleentheid gegee was om te ontsnap nie. Hy oorweeg sy antwoord sorgvuldig. "Ek weet wat jy eintlik wil vra. Jy wil dit sê. Onthou dat daar lang tye tussen oorloë verloop. As die oorlog eers aan die gang is, duur dit lank om van die jabroers, die napraters, ontslae te raak. Dit is hulle in leidende posisies wat dit vir die leiers hoër op moeilik maak om te besluit, die verkeerde besluite laat neem." Vandat ek 'n kaptein was, so min of meer, het ek willens en wetens begin raaksien wat hy bedoel het: in SAP Hoofkantoor, buite waar ek senior posisies beklee het, by die aanstelling van leiers in swart gemeenskappe, vertrouelinge van verskillende aard. Ek gaan nie hierop voortborduur en identifiseer nie want reeds in November 1941 het kapt. Naude my nog 'n waardevolle les geleer toe ek "op rapport" voor hom verskyn het.

Naude: Pretorius is dit waar dat jy (rang) X 'n “bleddie fool” genoem het? (X met hoër rang as myne.)

Pretorius: Ja kaptein.

Naude: Waarom?

Pretorius: Hy is een, kaptein.

Naude: X, jy kan maar gaan. Hy het erken ... Pretorius, as ek dalk ook so dink sal ek dit nooit vir X, vir jou, of iemand anders sê nie.

Toe dreig, preek hy so effe en stuur 'n Pretorius vol agting vir ʼn leier daar uit.

Daardie aand, op die vlakte by Tobruk, in 'n ander geselskap, het Maans van Zyl glo 'n ander offisier hoor sê “Don’t worry boys. General Gott is on his way with 500 tanks to relieve us.” Maans, altyd sinies, altyd beheersd, altyd onberispelik skoon en netjies, presies in alles wat hy doen, sou hierdie woorde dikwels te Benghazi herhaal wanneer ons ons lot bekla. Ek weet nie of so ʼn poging aangewend is nie. Van 'n generaal Gott weet ek niks.[57] So Februarie 1947 woon ek en ma in 'n buitekamer in Otjiwarongo, 3 maande ná ons troue. Sers Schadle (later majoor, Windhoek), konst. Scholz (ex Otavi saam met my in 1946, later brigadier, SAP Hoofkantoor) en konst. Maans van Zyl (tree af op Keetmans, 1970s) het, soos ons stasiepersoneel, ʼn moeilike tyd onder kapt. Roets (tree af as genl. Roets), die distrikskommandant van die toe pas gestigte Otjiwarongo distrik. Hulle is almal nog ongetroud en klerke in Roets se kantoor. Soggens 7 vm. drink ek op pad werk toe by hulle tee. Tydens so ʼn klaagsessie een môre sê Maans “Don't worry boys. General Gott is coming with 500 tanks to relieve us.”

“Skop sy gat, skop sy gat!” het ek in Julie 1940 in die nuutgevormde 2de SAP gehoor net voordat 'n paar dokters met 'n weersin in Afrikaans en polisie, en vermetele jong grootbekinstrukteurs van Die Hoogte, “duly kicked”, hulle gedronge gevoel het om na hulle eie terug te keer. Van Gurkhas het die BBC in 1939 vertel: lojale, sluwe, vreeslose Britse soldate uit Nepal wat snags Duitse linies bekruip en Hunne keelafsny. “Skop sy gat, skop sy gat!” maak my wakker daardie eerste nag in die kamp, en ek sien om my hoe die hoog aangeskrewe keelafsnyers vinnig padgee en aangehelp word met kolskoppe. Naas Botha was nie die eerste effektiewe polisie skopper nie. Die Gurkhas het nie weer ons geledere binnegesluip op soek na kos en ruilware nie.

Die offisiere is op en na 22 Junie 1942 weggeneem. Duitse offisiere kom vroeg die 22ste soek na KGs wat Duits praat. Ben Burger sê vir my “Nou moet ons stilbly.” ʼn Paar naïewes tree na vore. Saam met Duitse offisiere ry hulle uit, keer terug skoner, beskaafder, en, na die meerderheid se

[57] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/William_Gott https://www.griffonmerlin.com/2006/07/24/the-truth-behind-the-death-of-general-gott/

mening, té ín met die Duitsers. Opmerkings soos verraaier, kruiper, en ander afwykings word gehoor. Later word die gelukkige, goedgeklede, dikgevrete manne geïgnoreer as hulle vir kort tydjies met Duitse vervoer die kamp binnekom en geselskap probeer aanknoop. Hulle vlieg Duitsland toe voordat ons Tobruk verlaat—vir propaganda doeleindes, dink ek. Sover ek weet het daardie manne hulle nie verder laat intrek nie. By die tyd dat ons in Duitsland beland het, was hulle almal in Stamlager en Arbeitskommando's.

Sommige skrywers oor die paar dae in die Tobruk KG kamp praat van mishandeling, hongerly, en dors. Ek het geen rekolleksie daarvan nie. Ek onthou nie van water- en kosuitdeling nie. Dalk het die groep waarin ek was almal kos en water saam gebring. Dalk het ons Suid-Afrikaners die meeste uit kinderdae, minstens uit Manie Manoewers se betreklik waterlose marse, en uit lesings, ter harte geneem dat jou waterbottel nie leeg mag word voordat jy weer by water is nie. Die feit dat ons, die SAP Brigade, onder andere, toevallig buite die trefpunt van Rommel se hewige aanval was, het teweeg gebring dat ons uitgerus, goed gevoed, en sonder dors, met kos en water, al sy dit min, in die kamp arriveer het. 'n Gesonde liggaam vat 'n hele paar dae voordat ondervoeding 'n probleem en dan, nog later, al hoe meer 'n obsessie raak. My, en die oorgrote meerderheid van my makkers, se oorlogsbelewenis totdat, vir ons "ze war is over", was 'n ekskursie-ervaring met net genoeg opwinding om dit des te meer verfrissend te maak.

Kyk ons egter na kaarte wat die val van Tobuk illustreer, besef ons dat die Coldstream Guards, Kaffrarian Rifles, Sherwood Foresters, Cameron Highlanders, Royal Tank Regiment, Maharattas en Ghurkas die volle felheid van Rommel se verbete grofgeskut en tenkaanslag verduur het. Nie net dit nie. In ons beskutte posisie op die noordwestelike uiteinde van die perimeter, het ons vir dae lank gesien hoe Stukas en ander vyandelike bomwerpers en vegvliegtuie oor ons vlieg, ons met rus laat, om verwoesting op daardie posisies te saai. Gevolglik het hierdie manne—ons het hulle nie gesien nie—voor ons in die kamp gekom; na slapelose nagte van senutergende treitering, vuil seker, beslis uitgeput, dors, honger, met verswakte liggaam en gees.

Ek wou nog nooit van my oorlogservarings praat nie. In geselskap het Pieter dit nou die dag genoem. Dis eintlik maar ma wat my van tyd tot tyd gepor het om dit te doen. "Vir die kinders en hulle kinders. Ek sal dit ook lees." Ek was egter teësinnig omdat daar geen groot gevare of heldedade was om van te vertel nie. Net 'n lang, kostelose, uitstappie. Nou het ek skuld bely. Dalk het Biskop Tutu tog iets beet met sy knaende aandrang op skuldbelydenis. Dis net of ek lig sien waar ek voorheen in die duister was as gevolg van tipiese Suid-Afrikaanse verwaandheid. Ek verduidelik: In Benghazi en daarna het ons so half uit die hoogte, tog met medelye en dankbaarheid dat ons dit oorwegend vrygespring het, toegekyk hoe juis die Indiërs en die Britte buikloop kry en sommige nooit heeltemal herstel nie, en sommige sterf, en 'n groot persentasie kry dit later weer, asof chronies, as toestande agteruitgaan. In gesprekke hieroor het ons onsself as Suid-Afrikaners op die skouer geklop deur

ons bestandheid daarteen en vinnige herstel daarvan toe te skryf aan ons beter, Suid-Afrikaanse, lewenswyse, aan 'n hoë standaard van persoonlike sindelikheid en robuustheid – geestelik sowel as liggaamlik. Op 'n vorige bladsy was ek vinnig op pad om Suid-Afrikaners weer op die skouer te klop. Toe besef ek vir die eerste maal dat die oorsaak van die spesifieke Indiërs, Britte, en ander, se vatbaarheid vir, en swak weerstand teen, die miserabele, uitmergelende, disenterie eintlik gesoek moes word in die uiterste oorloguitputting waarin hulle die kamp ingejaag is met geweerkolf en bajonet. Ons het rustig, skoon, versadig, ingestap.

**Benghazi na Cerignola Junie 1942 – September 1943**

Op 27 Junie 1942 vervoer Italiaanse lorries en bestuurders, met wagte, ons na Derna. Daar jaag Senussi wagte ons in 'n omheinde begraafplaas in. Drentelaars, sommige weens swakheid en ander van nature, word deur die wagte met gewere ingestamp en met bajonette ingeprik. Hierdie nuwe ondergeskikte-kan-nie-terugslaan-nie-status is 'n aaklige ondervinding. Ek wil terugslaan, maar wil oorleef, en dra ekstra sorg dat ek doodstil bly, voor my kyk, en behoorlik in gelid bly: ek en Maans en Jan Fritz en Ben Burger en Breedt hier bymekaar. "Mááááát, mag die Here behoed dat hy my tog nie stamp nie," sê Jan Fritz langs my. Sy stem is gedemp en gelaai met woede soos die woede in my. Ek ken vir Ben en weet aan sy strak gesig dat die woede in hom dieselfde vaalwit kalmte is.

Vir twee dae kry ons nie water of kos nie. Dan skielik stap Louis Snyman, regiment sersant-majoor, saam met 'n groep Italiaanse offisiere deur die kamp. Hy is kwaad en sê wat hy wil, soos hy altyd gedoen het met rekrute in die Polisie Depot. Sy dik voorvinger waarsku en beduie. Hy is 'n groot man, van nature imponerend, vanweë sy jarelange militêre en ruiter gesagsposisie in die Depot. Eerbied afdwingend. Hy lyk vir my vandag agt voet lank, daar waar hy die Italianers loop en knou. Wanneer daar later watertrokke stilhou, en hy persoonlik leiding te gee aan die klompie groot magalas wat hy gereed het om die joelende, drukkende, klomp dorstiges onder beheer te kry, is hy nou tien voet lank. Hierdie gewaarwording is nie vir die doel van hierdie skrywe oordryf nie. In my geestesoog staan Louis Snyman steeds in Derna vier voet bokant die res uit. Vir die res van ons verblyf in Derna het ons elke dag water gekry, en ek, soos my maats, kon selfs eendag 'n bietjie in die staalhelm gooi om die ergste sweet onder die arms af te was. Louis Snyman het ons ongelukkig, sover ek weet, nie na Benghazi vergesel nie.[58] In later kampe het ons leiers van ons eie gehad. In die Derna en in die Benghazi kamp nooit nie, ten spyte van die maande daar. Elke groepie het op

[58] LP: "Sergeant-Major L G Snyman, Regimental Sergeant-Major No SAP196269, 1 S.A.P. Awarded the MBE December 1946. Citation reads: 'For devotion to duty after the fall of TOBRUK and in various P.W. Camps during the period JUN 44 - APR 45. This NCO was in charge of camps at DERNA and BENGHAZI where under appalling conditions he strove continuously to better the lot of his comrades. He completely organised camp No. 54 in ITALY, saw to the distribution of rations, kept up morale and discipline. Throughout the whole period he rendered invaluable services to both British and S.A. Troops under his command.' C.J.Els, Capt & Adj., 1 S.A.P. H.B. KLOPPER, Brig., formerly GOC, 2 SA DIV." November 2023 afgelaai van http://www.pg54.org.uk/roll-call/roll-call---pre-armistice---south-african/snyman-l-g Die skakel ongelukkig teen Desember 2023 onaktief.

sy eie aangegaan. Daar was, sover ek weet, geen hoër skakeling tussen kampbewoners en Italiaanse owerhede nie.

Terwyl ons in Derna was, het Mussolini kom "gloat". Ek weet nie van 'n woord in Afrikaans of 'n ander taal wat dié soort verlustiging reg uitdruk nie. "Il Duce! Il Duce!" het die wagte geskreeu. 'n Groep Coldstream Guards het v-tekens bokant hulle koppe gemaak. Dit het ʼn skietery oor ons koppe ontlok het. ʼn Paar vingers het glo in die slag gebly.

Die pad na Benghazi gaan deur 'n boom- en bosryke heuwelland. Daar is plantasies, vrugteboorde, en tuine. Water is daar blykbaar oral te kry, en ek bly onophoudelik bedag op die geleentheid om weg te kom. Ons ry egter in klein groepies agter op oop lorries—wat ons hier "bakkies" sou noem. Teen die kajuit sit twee wagte, een met geweer en die ander met 'n karabyn, voortdurend na hulle vraggie prigionieri di guerra en kyk, terwyl die bestuurders hulle voertuie teen 'n vervaarde spoed laat voortsnel. Wanneer ons stilhou, word ons voor die geweerlope op 'n hoop gedwing. Kans om weg te kom én te oorleef is daar nie.

Sowat 10 kilometer van Benghazi af stap ons die kamp binne. 'n Groot omheinde kamp op 'n kaal vlakte wat reg rondom strek. Geen ontsnappingskans nie. Daar het wel op 'n oggend of twee, drie, ʼn slap liggaam, met 'n bloedkol op die droë grond, gehang, en tot laatmiddag bly hang om seker te maak dat kennis geneem is.

Vanaf Benghazi bemerk en spot ons oor ʼn voorspelbare patroon van geselskap—of dalk ʼn degenerasie van geselskap—by afgesonderde mans. Solank die kos genoeg en die gewig standaard is, gaan die geselskap veral oor families, werk, sport en ander belangstellings. In soldategeledere is daar altyd diegene wat nie uitgepraat raak oor vroue en seksuele eskapades nie. As die honger begin knaag, aanhou knaag is die onderwerp heerlike etes. Wanneer honger eers 'n obsessie is, word die onderwerp van geselskap later stywe pap—daardie pap waarin die lepel self regop staan. Met toename word die hongerobsessie 'n smagting na slap pap, 'n wens soos dié van die verlore seun om net te deel in kos wat vir hond, vark of hoender uitgekrap word (Lukas 15, vers 16). Die omgekeerde proses vind plaas as daar geleidelik uit 'n absolute hongertoestand op beweeg word na die normale. "Geleidelik" is die wagwoord, het ons gesê, want vergryp lei tot vrek. V tot V.

"Hond" is 'n blikkie vleis, eintlik meer gelatien as vleis; inhoudsmaat 'n rapsie kleiner as die kondensmelkblikkies wat ons ken. "Katkop" is 'n betreklik hardgebakte, ronde, Italiaanse broodjie (pane), sowat 7 tot 8 cm in deursnee, uitgerys en met min vul en voedkrag. Die daaglikse rantsoen per man was omtrent 1 liter water, 1 hond, 1 katkop en, in die middag, 'n hondblikkie vol sop. Party dae is oorgslaan. Dit was so vandat ons op 1 Julie 1942 daar aangekom het tot ons vertrek op 7 November 1942. Dus 5 maande en 7 dae lank. Daarop word ʼn mens geleidelik swakker en neem jou gewig geleidelik af. Myne was 178 lb [81 kg] (ten volle geklee) toe ek my in Kaïro geweeg het 'n

paar maande voor gevangeneming, en 105 lb [48.5 kg] toe ek my op Taranto weeg op 14 November 1942. Afname by ander manne, wat soos ek andersins gesond gebly het—met die uitsondering van 'n baie ligte eendaagse buikloopaanval of twee—was pro rata dieselfde volgens ons skeletgrootte en lengte. Oorgewig manne se afval was vinnig na normaal, en dan geleidelik pro rata.

Die rantsoene, soos dit kom, is nie genoeg om te vul, bulk te voorsien, nie. Party, die altyd desperates, sluk weg soos en wanneer hulle dit kry. Die meeste maak twee-twee of drie-drie saam, en die aanwending van die kos verskil van groep tot groep en van tyd tot tyd. In normale lewe is daar is niks so vervelend as om van maaltyd tot maaltyd dieselfde opgedis te kry nie. Hier is dit nie vervelig nie. Daarvoor is ons veels te uitgehonger. Maaltydpatrone word gewissel na bespreking. Soms eet ons ook soos dit kom. Voorbereiding en verdeling word met arendsoë dopgehou. Kos is die belangrikste dinge in ons lewe; vul ons gedagtes heeldag.

Maans, Breedt, en ek gooi saam, terwyl ons ander twee tentmaats, Kuit en Wallie, saammaak. Alhoewel die standaard vleisrantsoen 'n blikkie per man per dag was, moet ons die meeste van die tyd klaarkom met 'n blikkie tussen twee of drie. Soms bêre ons aldrie ons broodjies vir oggendete. Soms eet ons oggende net 'n halwe elk. Die res word dan vir middagete met een man se porsie sop en een blikkie vleis fyn gemaak, water bygevoeg en, as daar brandstof is, gekook. So nie word dit net so “rou” geëet. Eintlik is alles reeds gaar; die kook is vir geur en smaak. Meeste van die tyd, egter, het ons die groter hoeveelheid brood, sop, en vleis uitgehou vir aandete. ʼn Redelike vol maag help teen die matelose moedeloosheid waarmee 'n mens gaan slaap. Later word dit 'n gewoonte om so ʼn klein stukkie brood uit te hou, wat jy dan in jou mond steek en, as jy reeds op jou sy gedraai het, dit dan stadig baie fyn te kou om, indien moontlik, aan die slaap te raak wanneer die laaste kriesel en speeksel in jou mond verdwyn sonder om gesluk te word.

Een oggend stap ek en Wallie by ons tent uit soos ons altyd soggens uitgekom het vir ons eerste dagtaak: luise en nete soek. Dan kom Breedt en Maans uit. Agter ons tent woon 'n paar Souties (Britte). Goeie ouens, maar buiklooplyers. So ʼn ou haal selde die vieslike oopputlatrines so 20 treë van ons af. “Iemand het weer hier gefokken kak”, sê Wallie as hy, kaalvoet, amper in die pappery trap. 'n Ou grote storm uit die tent uit met 'n “I fokken kakked there. What about it?” en laat lees met die vuis na Wallie se kop. Wallie laat hom met 'n kort regter neerslaan. As die ou grote opstaan, is dit net 'n oop hand en “Shake, chum, I can’t beat that.” Ons bly vriende met ons bure. Ek skrik so 'n bietjie. Wallie is 'n vriendelike, gelykmatige, mens, so 'n bietjie van 'n sissy, het ek altyd gedink. Ek neem my voor om nie weer met hom te skoor nie.

Twee groot polisiemanne takel mekaar so vier maande na ons aankoms in Benghazi. Hulle slaan swak houe na mekaar. As die hou raak is, is dit te swak om seer te maak. As die hou mis is, val die een wat geslaan het. Albei is dankbaar as iemand uit die kring tussenbeide tree met “Neewat boys, staak dit. Ons kan nie meer baklei nie.”

Naby ons trek ŉ peloton vars Britse commandos in. Hulle is so twee weke tevore gevang. Na so 10 dae van glad te min kos, hou ŉ man die uitdelery fyn dop. Die sersant skep sy manne se sop in hulle dixies (varkbakke, noem Pieter en sy maats dit). ŉ Fris, honger, manskap beskuldig die sersant dat laasgenoemde se porsie groter is as syne. Argument. Uitdaging. Dis nog fiks manne hierdie, ligswaargewigte, baklei is deel van commandos se uiters strawwe opleiding. Ons aanskou 'n fees van vinnige en harde, wetenskaplike, vuisslaan. Die manskap gee bes wanneer hy besef hy gaan verniel word, met ŉ "You win sergeant" en die peloton bly 'n hegte eenheid.

Entrepreneurs het, soos paddastoele oor die verrottende wortels van afgestorwe bome, plek-plek in die kamp uitgeslaan, diens gelewer en, as gevolg van hul ondernemingsgees, welgesteld, vetgevoer, en glad van haar, geword. Ons was so bietjie afgunstig, maar daar was eintlik algemene bewondering vir hierdie voorstes in die gemeenskap wat bo en behalwe hulle primêre doelstellings ook vir afleiding—toeskouer sport—as byproduk gesorg het. 'n Paar voorbeelde volg.

Plan- en handvaardiges het "blowers" uit blikke van ongeveer 1 liter gemaak. Dié het hitte vir kookdoeleindes gegenereer met handslinger-gedrewe waaiertjies, waarmee ŉ blaasbalk effek gekry is. Stukkies hout, papier, sigaretstompies, klerasie flenters, en ander brandbare brokkies was gesoek en opgegaar. Brandstof was skaars in hierdie tente-luisnes met sy nagenoeg 6 000 onwillige inwoners. Alles was skaars. Sekuriteit was een rede waarom twee manne altyd in die tent agtergebly het as ander kuier of stap.

Die blaasbalk fabrikante (blower makers) het hulle rou materiaal soos geskikte blikke vir die drom en oorskiet repies vir slingers, waaiers, en voetstukke verkry deur dit van KGs of selfs van wagte te koop of te ruil vir sigarette en kos. Die wagte was vir die ondernemers altyd meer toeganklik as vir ons ordinêre armes. Bliksnyers, skêre en messe was gereedskap. Om die luuksheid van 'n stoof te bekom, het Kuit, Wallie, Maans, Breedt en ek opname gemaak van ons klein besittinkies, oorweeg om 'n ekstra hemp, 'n pakkie 50 springbok sigarette, 'n ekstra skeermes en lemmetjies, te verruil. Vir watter gesamentlike offers ons uiteindelik geruil het, weet ek nie meer nie, maar ons blower het ons gehad. Vir brandstof is daar gesoek: nog 'n hempsak word afgeskeer, ŉ broeksak uitgeskeur en die broek daar toegewerk. Gare word oor iets anders—iets wat nie brandbereid is nie—gerol, en die tolletjie is sommer 'n groot klomp hout. Die blower fabrikant verkwansel weer die artikels wat hy in ruil ontvang het om sy besigheid te bevorder, so ook sy gladheid van haar. Ag, hoe graag sou ons ook weer vol in die boud wou wees nie!

Dobbelskole was daar omdat 6 000 man tussen hulle 'n groot klomp geld die kamp binne dra. Polshorlosies, ringe, duur sigaretdosies word aan Italiaanse wagte met lewendige swartmark-konneksies daarbuite verruil. Die dobbel entrepreneurs het duisende ponde en lire geïn en skatryk geword. Onder die 6 000 is daar genoeg wat gereeld op die dobbelspel waag. Crown & anchor is

dié spel.[59] Behalwe die dobbelaars is daar altyd talryke toeskouers wat verveling verdryf deur te kom kyk en te luister na die eienaar se aanhoudende aanmoediging, uitdagings en spitsvondighede, en die omstanders se opmerkings.

Die beste afwisseling en ontspanning is deur vendusies besorg. Dit was wel tragies om te aanskou hoe hongeres en rooklustiges hulle laaste hemp of enigste paar stewels deur die afslaer laat opveil om geld te kry vir iets te rook, 'n stukkie te eet, of dalk iets te wen by kaartspele. Die hoogste bod op 'n gesogte waardevolle artikel is vanselfsprekend gemaak deur 'n dobbel magnaat of ander entrepreneur se verteenwoordiger. Die afslaers het beroepstandaarde gehandhaaf, met spoedpraat, met kwinkslae, en met kommissie. Ons het dit altyd geniet om hier te kom kyk en luister. Die afslaer het wel ryk geword, maar tipies aan die beroep, het dit hier ook gelyk of hy dit doen omdat dit sy groot ontspanning en genot is.

Lekepredikers het geen vergoeding van materiële aard gekry nie. Ek glo dat hulle self geestelik gebaat het. Hulle preke het meesal gedraai om versies soos Johannes 4:13-14: "Maar Jesus antwoord haar: 'Elkeen wat van hierdie water drink sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.'" Ek het voorheen geluister na sulke preke waar God as 'n soort kulkunstenaar voorgestel word. Euforie verdamp vinnig môre in die warm son; hier in hierdie kamp met sy uitgemergelde misrabeles wat knypend tussen die tent en stinkende drekput kruip en krepeer. Voordat euforie borrel, stap ek tent toe, vat my Issie Bybel, en lees self, dink self, vertolk self met Sy hulp. By Benghazi het ons ons Issie Bybels oor en oor opgelees, verstaan, onwrikbaar geglo, en krag gekry om te oorleef, maar nooit is die fisiese honger versadig, die droë dors geles nie, net die geestelike krag gekry om dit op die agtergrond te skuif.

Daar was ook ander soorte entrepreneurs. Sommige het nooit profyt gemaak, nie maar tog siel en liggaam normaal gehou. Fanie Marais was 'n polisieman. Na die oorlog het hy by die SAP kwartiermeester gewerk. 'n Vriendelike man wat, seker toevallig, in 'n vertrouensposisie by die Italianers beland het. Hy en 'n paar ander is uit die kamp geneem vir periodieke laaiwerk en vervoerwerk tussen die kamp en Benghazi. "General fatigue" is die takies genoem. Die werk het die vervoer van ons rantsoene ingesluit. Sy oop gemoed, hulpvaardigheid, en toevallig-op-die-regte-plek-wees, het hom seker in dié posisie laat beland. Die posisie het voordele gehad: ekstra kos, vrugte, sigarette en meer. Ek weet nie of Fanie met sy ekstras handel gedryf het of nie. Hy't wel soms by ons aangedoen, vol van lyf, glad van haar en meelewend soos altyd, en sigarette aangebied met 'n "sal ons rook?" 'n Man voel sommer 'n man as jy weer 'n slag jou sigaret uit 'n

59 LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Crown_and_Anchor

aangebode oop pakkie trek, in jou mond steek—elkeen van die ses hier bymekaar—en laat aansteek in plaas van 'n half-gerookte zol vir draw na draw, van mond tot mond, te laat gaan. Toe ek vir die eerste maal van “glad van haar” gepraat het, was Fanie, met sy glad gekamde hare die model voor my geestesoog.

Wat higiëne betref het ek 'n vae beeld van 'n mobiele stort met lang toue manne buite. Ek het geen duidelike herinnering hieroor nie. Dié skemerbeeld kan sy oorsprong net in Benghazi hê. Die Itis het seker 'n slag of wat sulke storte te voorsien met water uit die see.


'n Luis loop stadig oor jou vel en trap vas, diep en klewend, klouend, 'n aaklige gevoel en ek kan nog nie verstaan nie hoe daardie 6’ 5” colonial wat met roll call voor my gestaan het, salig onbewus kon wees van die drie luise in enkel gelid wat besig was om van laerliggende weivelde teen sy nek op te verhuis na die veiligheid van die welige boskaas op sy kop. “Soos ʼn Herero familie op trek”, het Maans gesê.

Ons eerste takie soggens was om, heel nakend, plat op die grond te gaan sit, broek en hemp om te dop, luise dood te druk, en dan sorgvuldig die kledingstukke naat vir naat, soom vir soom, na te gaan en rye nete een vir een tussen die duimnaels dood te druk. Dan, nadat hemp en broek, pet, en andere, so gereinig is, het ons met 'n nat lappie die hele liggaam van kop tot tone gespons. Water vir was, was daar nie. Hierna is daar geskeer met 'n bietjie water in die staalhelm of dixie of gebruikte hondblikkie waarin die sponslappie nat gemaak was. Luis eliminasie was natuurlik 'n deurlopende taak; elke keer as dit jeuk of kriewel.

“Liberators” was by Benghazi 'n ironiese naam vir die groot bomwerpers wat skepe in die hawe vanaf groot hoogtes akkuraat gebombardeer het, en hooglangs vort gegaan het terwyl ons unliberated gelaat is.

Tussen die skoolgronde en Boet Garbers se garage op Stampriet is daar 'n ou geboutjie op 'n bult. Daar het ek vir 'n paar maande by die Dreyers (Hennie, Wicus, Fanie) loseer toe ek in 1927 met skool begin. Op 2 Julie 1942 het Toks Fourie, die posmeesteres, seker die telegram ontvang in dieselfde gebou—wat toe die poskantoor was. Toks was Chris Sieberhagen se suster. Sy’t seker nie vir Hans, die Damara bode, daarmee gestuur nie. Sy of haar ma, antie Siebie, het seker in die bakkie geklim en dit gaan aflewer. Dit was twee sterk vrouens, dié twee Sieberhagens. Hul handskrif kon soos in die afbeelding gelyk het. Met die uitsondering van die 7 jarige Koos, was my ander broers al in die leër. My ma en susters het seker gehuil. Daar was 'n ry prosopusbome agter die huis aan die westekant. My pa het dit vir ons gegee om te plant in 1930, vir my, Andries, en Louwrens, twee bome elk vir die drie wat toe al grawe kon hanteer. Myne, heel op die suidelike punt, het die grootste geword, ‘n heerlike skaduboom, want, na aanleiding van wat my pa en meneer Van der Wath geleer en voorbeeld gegee het, is dit vertroetel, water gegee en bemes. Daar het my pa

en ek laas gesels terwyl hy sy swart twee-lem sakmes, met bliksnyer, els en kurktrekker, se groot lem met sy groot hande se duim en wysvinger gesit en druk het—heel oop met die duim, half toe met die wysvinger, aan en aan. Dit het my altyd geboei. Eendag, 4 jaar oud, langs die huis by die ghwarrie, het ek dit probeer en byna my duim van bo tot onder oopgekloof.


G.P.-S.80844—1941-2—2,000-200. S. 168 T. 27.

No. 8.

POST OFFICE TELEGRAPHS.—POSTELEGRAAFDIENS.—POSTTELEGRAPH-DIENST.

CLASS. Office of Origin. Kantoor van herkoms. Abgangs-Bureau. Words. Woorde. Worte. 46 Handed in Ingelewer Eingeliefert um 1-5p. Office Stamp.

Received/Ontvang FROM VAN. MPL. AT OM 4·52. BY DEUR. Service Instruction. Diensvoorskrifte. Dienstvorschriften. Pretoria Sent./Oorgesein. AT OM TO NA BY DEUR

STAMPRIETFONTEIN 2 JUL 42 8.30AM Kantoorstempel.

TO / AAN / AN L.G. Pretorius Sto SWA


W.R.C. 79/11886/M.O. Departement van Verdediging maak met leedwese bekend dat u seun 196843 manskap Christiaan Petrus Pretorius op 20 Junie vermis vermoedelik krygsgevangene gerapporteer. Geadresseer Mrs L.G. Pretorius Stampriet pk Dist Gibeon SWA herhaal Booiknuis Johannesburg

FROM / VAN / VON Dewarec.

This form must accompany any inquiry. Hierdie vorm moet enige navraag vergesel. Bei Rückfragen muss dieses Telegramm eingereicht werden.

Daardie dag, toe Toks terug is poskantoor toe, het my pa seker woordeloos daar gaan sit en die mes geknip: oop en toe, oop en toe, en oop oë gebid, soos dit sy gewoonte was, sonder handevou, sonder kniel, so in die werk; altyd regstreekse kontak met sy Vader. Vader tot Vader het hy stilswyend om genade gevra. Genade wat ryklik geskenk is, toe en later, aan ŉ seun wie dit gegun was om net so te bid vir sy kinders, en boonop gegun was om nog in hierdie lewe seën en genade te beleef.

Al die treurmares volg hier bymekaar om, net voordat ons vaarwel sê aan Benghazi, perspektief te gee op my gesindheid teenoor Italianers.



(post mark date)

My dear,

I am alright (I have not been wounded (or) ~~I have been slightly wounded~~). I am a prisoner of the Italians and I am being treated well.

Shortly I shall be transferred to a prisoner's camp and I will let you have my new address.

Only then I will be able to receive letters from you and to reply.

With love

C P Pretorius

(signature)

POST CARD

for war prisoners

Sender

Surname PRETORIUS

Name CHRISTIAAN PETRUS

Rank PRIVATE

Unit U.D.F.

To L.J.C. PRETORIUS

STAMPRIETFONTEIN,

VIA MARQUARD

SOUTH AFRICA

Dieselfde poskaart voor en agter. Swart letters op mislike blou. Mislik soos die kleur van hulle uniforms en dié van die baadjie en broek wat hulle later in Italië aan ons sou uitreik. Droefgrys, soos die swak afdruk van die kaart, lyk die toekoms daardie dag iewers in Julie 1942 toe ons die kaarte kry om te skrap wat nie van toepassing is nie. Dof soos die skrif op die afdruk, so dim our view van die Italianers. Maans dink soos gewoonlik hardop terwyl ons die Italiaans na aanleiding van die Engels ontsyfer.


My dear: Wat 'n vreemde aanspreekvorm vir 'n boere-pa en ma. My pa loop lag nou seker. Sunlight seep het hy sonlig seep genoem. Ek skaam my, maar ek sal maar die kaartjie laat gaan dis dalk al wat hulle van my hoor. My pa sal in elk geval sien die ou gespuis weet nie van beter nie.

Die Engels kon nog gaan, maar Sono stato catturato dagli Italiani! Die sleg wetters kan nie eens 'n mishoop vang nie. Hulle laat my nou lieg en myself verkleineer. Die sinnetjie het 'n mooi klank: Sono stato. Ek moet die taal aanleer.

With love kan nog gaan, maar die Saluti affettuosi klink gekunsteld en ontuis.

Opgesom: Ons is in alle opsigte die verwerplike wesens se meerdere.

Vir my perspektief, loop ons die storie vooruit na Graaf Sezza se masseria ('n groot plaas) naby Cerignola. Skrywers het dié soort van veragting uitgespreek aan begin van hulle verhale oor gevangenskap onder die Italianers en Duitsers. Altyd 'n ongunstige tyd. Die duisende Irakese krygsgevangenes ondervind dit seker nou. Genoeg kos en beskutting in die hitte van die stryd is logisties onmoontlik. As die indruk van veragting eers geplant is, en nie dadelik in perspektief gestel word nie, bly dit steek by die leser wat met reg die skrywer as vermetel en selfvergenoegd sal beskou. Ons verhoed dit deur Cerignola vooruit te loop. Toe ek die poskaart op 29 Junie 1943 vanaf Cerignola gestuur het, was ons al vyf maande in werkskampe, goed gevoed en deur harde werk gebrei. Die voorheen beskrewe mentaliteitsproses van honger ly tot uitgeëet het toppunt bereik. Ons was in redelik noue aanraking met Italianers van alle stande in die vervulling van hulle daaglikse werk.


172

POSTE ITALIANE
CARTOLINA POSTALE
PER PRIGIONIERI DI GUERRA
ESENTE DA TASSE POSTALI

Mittente (Sender's)
Cognome (Surname) PRETORIUS
Nome (Name) KORNELIUS PETRUS
Grado (Rank) MANSKAP 19631 3
BASE 132
Campo P.G. (P. of W. Camp) PG PM 3450
ITALIE

Mnr. & Mev.
L. PRETORIUS, STAMPRIET,
OOR MARIENTAL,
SUID WES AFRIKA

SPACE NOT AVAILABLE FOR CORRESPONDENCE - CARD SUBJECT TO WITHDRAWAL IF USED

Liewe Ouers, Wens Andries geluk op sy verjaarsdag vir my part, en laat hom weet dat ek nog baie goed gaan met my. Ons sal seker een van die dae bymekaar wees en self mekaar 'n handdruk te gee. C P 29.6.43.

Graaf Sezza het soms daar opgedaag. Toonbeeld van 'n oorlojale Engelse skrywer se siening van 'n Engelse edelman. Altyd spierwit geklee. In bou was hy Jan Ellis[60] op sy lenigste. Koel, hoflik en “aloof”, dog belangstellend en ingelig. Toe ons eendag op 'n klip kraalmuur na sy perde staan en kyk, sien ons rook in die rigting van sy woning. Hy spring van die kraalmuur af op die bloots rug van een van die perde, jaag met ’n dolle vaart rook toe, waar hy al met 'n tak vuurslaan as ons te voet daar aankom. Ons weet nou dat Italiaanse seuns, soos boereseuns, lang ure oefen aan kordaatstreke.

Die padrone is vir almal Il Padrone*,* en ons hoor nie sy naam nie. Hy bestuur die plaas vir graaf Sezza. Hy hanteer alles en almal met waardige kalmte en geduld—ook vir ons en die soldate wat ons oppas wanneer die wagte wil-wil venynig raak as gevolg van uitgevrete jong manne se streke. Il Padrone kan 'n model wees van 'n ervare Suid-Afrikaanse boer. Sy regterhand was 'n vrou van so 30, 35 jaar oud. Ons noem die vrou, by gebrek aan kennis van haar ware naam, Contadina. Sy was seker in die contadiniklas.[61]

Seker vanweë die taalgaping, was daar in die 4 maande verblyf op die masseria en altra masseria (ander plaas) geen familiariteit tussen prigioniero di guerra en soldaat en burgerlike nie—net 'n band van harde werk. Ons het vaste ure gewerk 7 vm. tot 12 middag, dan siësta, en dan weer werk vanaf die 3 nm. tot 6 nm. Op 'n plaas is daar egter altyd dringende of onverwagte takies na ure. As iemand voor ons slaapplek se deur kom staan, is ek en Ben Burger, sittend op die voetenent van ons beddens, besig om skoene te poets, 'n knoop aan te werk, of wat ook al, die eerste wat in die persoon wat ons na ure kom soek, se oë kyk. Ons is ook gewillig om te werk, want werk het ons weer mens gemaak. Vyand of nie. Dit is seker hoe dit gekom het dat Contadina 'n gewoonte daarvan gemaak het om vir my en Ben saam te vat wanneer sy hulp nodig het—op 'n skotskar deur 'n waterbuffel getrek, en deur 'n drywer met 'n hooigaffel op sy boud geprik sonder om bloed te trek. Op die kar het sy nooit met ons gepraat nie, net met die drywer en die ongeveer 18 maande baba op haar skoot. Sy‘t met Ben gepraat as sy skielik moes afspring om aandag te gee aan 'n ongerymdheid. Met 'n ”Benito guardat’l bambino” het sy die baba onseremonieel op Ben se skoot geplak. Ben het so gemaak, en die baba opgepas. Ek en Ben het ook agtergekom dat sy sterker aan 'n swaar voorwerp optel as een van ons.

Party dae het 'n besoeker, so 17 of 18 jaar oud, ons op 'n afstand dopgehou. Ons het afgelei sy is 'n skolier of student uit Cerignola, en dat sy die padrone se dogter, niggie, of so iets, is. Ek dink dit was Sophia Loren in die rol van 'n arm Italiaanse dogter wat my, lank na die oorlog, weer aan die meisietjie herinner het. Guitige oë, lippies, borsies en boudjies wat net nie misgekyk kan word nie. Contadina het weer eendag vir my en Ben kom haal, 'n dag waarop die Italianers 'n oesfees vier, 'n

---

[60] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Jan_Ellis

[61] LP: *Contadini* verwys na ”peasants”, d.i. landbou-werkers of kleinboere met beperkte grondregte.

dag waarop rooi wyn vloei, en al wat Italianer is, klein tot groot, vroliker en vroliker word. OLBB was by. Terwyl die wag agter drentel, vies oor die ekstra werk in siësta tyd, hardloop OLBB verby oor die los plank op klippe oor 'n 2 meter wye, maar vlak, waterstroompie. Ben loop voor my oor. As ek amper oor is, skop sy die plank onder my uit. Onwillekeurig gryp ek haar vas en val met haar in die water. Verleë, maar willekeurig, vat ek vaster as ek haar ophelp. “To, Kríéstian, to” sê sy as ek los. As ek my gedwonge voel om weer te vat, sien ek 'n venynige bajonetpunt daar oorkant aankom. Contadina pootjie en stamp die wag onderstebo, trap op sy arm en gesels vinnig en hard met hom. “Kom, jou klein donner!” sê Ben aan ʼn verskrikte Krisjan en ons draf vinnig slaaplokaal toe. Die besondere wag en haar aanskoulikheid het ek nie weer gesien nie. Die padrone het seker die hele storie gehoor en met vaderlike wysheid reageer deur te reël dat die wag vervang word, en die familielid te hok. Ons is in elk geval 'n paar dae later, met die inval in Sisilië noordwaarts verwyder. Italianers was nou vir my gewone mense.

Suid-Afrikaanse krygsgevangenes wat in Italië ontsnap het, het ná die oorlog baie vertel van Italianers van alle stande wat hulle eie lewens dag na dag gewaag het deur die ontsnaptes te huisves, te voed, en te versteek. Party waaronder die reeds genoemde Z. C. Faber en Koos Burger, is vir 18 maande so weggesteek.

Terug eers na Benghazi met sy luise en sy honger: Op 7 November 1942 gaan ons aan boord van die Anna Maria[62] met die Italiaanse geleiers se versekering dat ʼn soort Kanaän anderkant wag, vir ons eintlik 'n paradys want ons hoef mos nie eens te werk om Italië in sy volheid en skoonheid te ervaar nie. “Molto, molto mangiare. Frutti. Vino. Troppo, troppo, to much.” Tot vér buite die hawe word ons in die ruim gehou, dig saamgehok onder die lae dak. Engtevrees dwing om my paniekerig en benoud te maak, maar ek skakel af, metabolisme verlaag, en oorlewing seëvier weer. Ek weet nie wanneer ons bo dek toegelaat is nie. Dit was seker eers op die derde dag. Ek kan nie onthou of ons aan boord kos of water gekry het nie.

Ons is hoogsomer gevang, met kortbroek en hemp aan. Niemand het warm klere gehad nie. By Piraeus, 'n ongenadige draai weens die gevaar van duikbote, sou hulle vir ons oorgenoeg proviand aan boord neem. Dit was die belofte na aanleiding van ons honger vrae. Laatnamiddag op 9 November 1942, het ons bibberend te Piraeus gestaan en toekyk hoe ons buona mangeria met ʼn volgelaaide net deur ‘n hyskraan van 'n skip af oorgelaai word na 'n boot wat daarmee na ons toe moes oorvaar. Die hyskraan operateur se oordeelsfout los die net op die kant van die boot, en ons kos verdwyn onder die golwe. Jammer, dis oorlog, en daar is nooit ekstra vir toedeling in die geval van so 'n ramp nie. In Italië het ons gevind dat die ramp erger kon wees. Te Foggia en die plaas by

[62] LP: Waarskynlik die Italiaanse handelskip Anna Maria Gualdi. Sy het tussen Italiaanse en Noord-Afrikaanse hawens, ondermeer Tobruk en Benghazi, gewerk. Sy het meer as een torpedo-aanval op Italiaanse konvooie oorleef, maar het in Desember 1942 in die hawe van Palermo gesink—vermoedelik a.g.v. ʼn aanboord ontploffing. (Verskeie internet bronne.) Foto by https://www.naviearmatori.net/albums/userpics/14665/1394608105.jpg

Cerignola gooi die noodlot ons saam met nog krygsgevangenes. Iewers tussen die Griekse eilande het 'n Engelse duikboot hulle skip getorpedeer. Dié wat kon swem het oorleef en het vir ons die verhaal vertel.[63]

Ons vaar in die nag van 9 tot 10 November 1942 deur die Kanaal van Korinthe, verby Patras, deur die Ioniese Eilande, om die hak van Italië, op in die Golf van Korinthe, en gooi anker by Taranto op 13 November. Op 14 November jaag die Italianers ons in 'n groot, koue, saal in. Ons klere word saamgebondel, gemerk, bondel vir bondel, groep vir groep, om seker te maak dat elke man weer sy eie klere sal terugkry. Die bondels word deur die stoomkamers gestuur. Ons stap in by stortkamers, en stort heerlik onder byna kokende water. Tot hiertoe wil dit voel asof die paradys storie tog waar is. Net, die spul Adams, lank en kort, is vreeslik maer. Dis die ene onsierlike punte, uitstekende bladbene, ruggrate soos dié van geraamtes. Ribbes telbaar, een vir een, met 'n dun, amper droë, vel daaroor getrek. Sonder baie moeite kry elkeen weer sy eie bondel klere in nog 'n enorme saal. Daar is 'n skaal waarop ek my weeg, 48.5 kilogram. Ek skakel dit om na iets wat ek begryp: 105 lb.

In hul boek, *In The Bag,* skryf Peter Ogilvie en Newman Robinson op bl. 62 van ons groep:[64]

> Towards the end of 1942 a batch of them arrived in Camp 65. I only once again ever saw anything comparable to them: films of Belsen survivors released by the Allies just after VE. They were not thin. They were skeletal. They could only just walk.

---

[63] LP: Kyk Karen Horn, "A sudden sickening sensation": South African prisoner-of-war experience on board the San Sebastian, December 1941", *Historia* 63:1, 2018, bl.112-129.
http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0018-229X2018000100006
Ook: https://navyhistory.au/sebastiano-venier-mediterranean-1942-tribute-to-an-enemy/

[64] LP: Campo 65 was geleë tussen Altamura en Gravina—ongeveer 80 na 90 km van Taranto. https://it.wikipedia.org/wiki/Campo_65. Ogilvie en Robinson beskryf Tobruk KGs wat 6 maande in Benghazi deurgebring het, maar dit is nie duidelik of hulle na die besondere groep waarin Chris Pretorius was, verwys nie.

Tel'n: Estcourt 2104

Pte Bag 794,
Estcourt
3310

November 4, 1975

General C P Pretorius,
Divisional Commissioner of Police,
Natal Division,
Pietermaritzburg

Dear General,

I very greatly appreciate your interest in my book and I should like you to accept this copy as a gift.

It is not a pleasant story, as you will know better than most. But I hope you may find some validity in being reminded of it.

With my warmest regards,

Yours sincerely,

Newman Robinson

Newman Robinson

Ek en mnr. Robinson ontmoet mekaar tydens ŉ funksie te Pietermaritzburg. Ek dink dit was juis tydens die bekendstelling van hierdie boek. Met erkenning aan hom sê ek aan die leser van my manuskrip: "I hope you may find some validity in being told this story." Op bladsy 31 tot 48 van *In The Bag* vertel hulle die verhaal van die skip, San Sebastian, waarna ek verwys het.

Dis winter in Italië en na die warm bad kry ons vreeslik koud. Elkeen kry 'n beker warm sop, en tel en vertel van die een, twee, of drie, stukkies kaas wat hy daarin kry, hou dit vir laaste, en kou daaraan totdat dit in die mond wegsmelt. Ons stap. Iewers klim ons in die aand op 'n trein. Dit is een van die oop venster, oop deur, commuter goed met harde hout banke. As daar so nou en dan lig val, sien ek die groot winkelhaak skeur in Ben se hemp fladder. Dit laat my ekstra ril, meer klappertand. Iewers in die nag word ons uit die trein geboender. Ons loop ver in die donker, die koue misreën en die snerpende wind wat nie kan besluit waarvandaan hy wil waai nie. Daar's digte bome en struike langs die pad. Ons sien vaag hul silhoeëtte, hoor die wind en takke en blare. Bibber meer.

'n Donker, bonkige, gestalte verskyn langs Ben: "Corragio, ragazzi, corragio", sê hy, en verdwyn. Die boodskap in die skor stem is duidelik. Dit beur ons op.

Vroegoggend bring ons wagte ons tot halt langs ŉ spruit, tussen tente op oop veld in 'n beboude gebied. Dis Bari, hoor ons.[65] Vir drie dae bly ons in die tente waarvan die penne gedurig uittrek uit die sopnat grond. Bedags probeer ons olyfblare eet en rook. Een beker sop elke middag. Snags hou Ben Burger, Wabbeljoe Burger, Vettie van Heerden en ek om die beurt die senterpaal regop. Die ander twee is te swak om weerstand te bied. Die wind waai uit alle rigtings en dit reën sag.

Na 'n paar dae in die tentekamp word ons oorgeplaas na die groot geboue van die transito kamp te Bari. Asof die reën en wind ŉ moedswillige teistering daar in die onstabiele tente was, beleef ons nou stil dae met flouerige sonstrale, maar tog sonskyn. Die geboue is netjies. Ben, Jan Fritz, Wabbeljoe, Maans, Breedt en ek het ons plekke op stapelbeddens naby die uitgang. Onderdak lei die Via Cacàre regoor die deur na die groot netjiese saal met wasbakke, storte, en dan, agter dit, na urinale en latrines. Van die voetenent van ons beddens—ons gewone sitplek, leesplek, eetplek, rookplek en geselsplek—kyk ons in die saal in sodat ons daardie geriewe gedeeltelik sien. Ons ken al baie Italiaanse woorde, veral die lelikes, en ons maak kort sinne waarin die werkwoord net in sy infinitief gebruik word. Ons het dit nogal interessant gevind dat daardie growwe drieletter Afrikaanse woord vir menslike ekskreta se oergrootjie 'n Italiaanse woord is met dieselfde klank nadat die nodige verkorting aangebring is. Die eerste bietjie vermaak word verskaf deur Skankwan. Skankwan kom iewers noord van Upington uit die Kalahari. Hy is langerig en sterk gebou, met ŉ effens lang, stewige, ronde nek net so 'n rapsie dunner bo, waarop die kop gewoonlik net so 'n bietjie te klein lyk. Sy oë kyk ver—op die duin daar oorkant. Skankwan is net so honger soos ons, maar het skynbaar nog nooit daaraan gedink nie. Daarvoor is hy te veel ekstrovert. Daardie soort wat altyd iets snaaks in die mense rondom hom sien. Net snaaks, geen leedvermaak nie. Daar is baie water hier. Ook anders as op Benghazi, is die lug nie droog genoeg om ons, nog altyd sonder liggaamlike inspanning, te laat sweet nie. Daar is arme siele wie se blase is so swak is dat hulle voortdurend moet hardloop. As daar 'n kraan oopgedraai word, laat die lopende water se geluid so ŉ ou hardloop. Skankwan staan elke dag daar voor ons by 'n kraan. Hy ken sy slagoffers, wag tot een afgeskud, gebêre, toegeknoop het, en verbykom. Dan draai hy die kraan oop, en die arme kêrel moet weer omvlieg.

65 LP: https://wartimememoriesproject.com/ww2/pow/powcamp.php?pid=3500

# Record Details for C P Pretorius

Back  Print This Page

Save this Record  View All Saved Records  Share This Record

| | |
|---|---|
| First Name: | C P |
| Surname: | Pretorius |
| Fate: | Prisoner of War in Italy |
| Information: | P.O.W. Camp number 75, Torre Tresca (Bari), postal mark number 3450 |
| Rank: | Private |
| Service Number: | SAP/196843 |
| Duty Location: | Italy |
| Service: | South African Army |
| Archive Reference: | WO392/21 |
| Collection: | British & Imperial Prisoners of war held in Italy WWII - Exclusive More Info |
| Campaign Medals: | **War Medal 1939-1945**  As with most Armed Forces Serving Personnel during the conflict of World War Two, C P Pretorius was entitled to the War Medal 1939-1945. This medal was awarded to all full time service personnel who had completed 28 days service between 3rd September 1939 and the 2nd September 1945. Eligible personnel who had been "Mentioned In Despatches" during the War were entitled to wear a bronze oak leaf emblem on the ribbon. Those eligible for a campaign star, yet who had their service cut short by death, wounds or capture by the enemy, still qualified for this medal. Purchase This Medal<br><br>**1939-45 Star**  With the information in C P Pretorius's record, it is likely that they were awarded the 1939-45 Star for operational Service in the Second World War between 3rd September 1939, and 2nd September 1945.<br><br>C P Pretorius would have been awarded this star if their service period was terminated by their death or disability due to service. Also the award of a gallantry medal or "Mention In Despatches" also produced the award of this medal, regardless of their service duration. |

**KG rekord vir Chris Pretorius Campo PG 75 Torre Tresca Bari**[66]

66 LP: https://uk.forceswarrecords.com/

Ons sien in die kamp ook wat nou bekend is as mense uit die oosblok: Magjare, Tsjegge, Bulgare, Roemene. Waar hulle in die kamp loop, loop hulle nie soos ons in bondels van twee, drie, langs mekaar en agter mekaar nie. Hulle loop altyd langs mekaar, meesal sonder om te praat. Voëlverskrikkers eerder as mense, voëlverskrikkers soos ons, lang maeres met ’n hoë fez-tipe kopbeskutting wat lyk soos omgekeerde kastrolle sonder handvatsels. Op en af, heen en weer, woordeloos, sweef hulle van die môre tot die aand, leegstarend, in falankse van twee tot agt. Hulle is lankal hier, en deel, weens oosblokbeleid, nie in rooikruispakkies nie, en word al hongerder.

Op 23 November 1941, te Sidi Rezegh, het lede van SA magte rustig hulle dag met ontbyt begin. Aan hulle, soos aan ons, was vertel dat daar 'n muur van Britse tenks tussen die Duitsers en hierdie frontposisie was. Die oprukkende, naderende, metaalgeklingel en stofstreep het hulle opgewonde orent laat kom om, beker in die een hand en brood in die ander, die blye skouspel van Britse mag te aanskou. Die volgende oomblik fluit koeëls en swaarder projektiele, en die tenks met Duitse kruise bars oor en tussen hulle deur. Die gevangenes wat hierdie ontnugtering gesmaak het, is onder dié wat op die San Sebastian was toe dit wes van Griekeland getorpedeer is. Ons sien van hulle in Bari, maar maak nie eintlik kennis nie. Daarvoor is die klasseverskil, die sosiaal-kulturele gaping tussen mens en karikatuurmens, te groot. Netjies en goed gemes, goedgeklee, speel hulle brug op die boonste bed. Hulle rook player’s navy cut, wat hulle vir mekaar, halfpad uit die dosie getrek, aanbied. Hulle drink tee, eet peek freans biscuits, en kou sjokolade. Ons draw beurt-beurt aan zolle, dikwels gerol van stompies wat hulle ongeërg weggooi.

Dis rooikruispakkies, hoor ons, wat hulle so welgesteld, goedgemesd gemaak het. Ons sal ook kry. Een per week op Vrydae. Elkeen sy eie pakkie met sjokolade, bully beef, salmon of sardines, margarine, konfyt, biscuits, kaas, koffie, tee, suiker en kondensmelk. Afsonderlik ook sigarette, soms 20, soms 30. Die pakkies is meesal uit Engeland, maar partykeer uit Kanada, wanneer dit poeiermelk sal wees, en andersoortige snoeperye.

Ons kry ons pakkies eers op 24 Desember 1942. Daar is te min vir een per man. Goed so, want een per man sou V tot V veroorsaak het. Vreet tot Vrek. Verhongerdes wat op een dag 'n blik bully, of selfs 'n halwe blikkie sardiens, en 'n sjokolade opeet, sal minstens baie, baie siek word en dalk sterf. Ons deel daardie eerste pakkies een per sewe man, is dankbaar en raak aan die slaap wanneer die stukkie sjokolade in die mond versmelt. Daarna verbeter die posisie geleidelik sodat ons vir die res van die tyd drie man aan een pakkie deel. Die uitwerking is heilsaam want ons kan nou op Maandag die blikkie bully, op Woensdag die sardines, en Vrydag die kaas deel, met 'n gebalanseerde deling en wisseling van die res van die inhoud. Dit voorkom letterlik en effektief 'n gevaarlike goormaag toestand, en veroorsaak dat ons geleidelik krag herwin en swaarder en sterker word. Wanneer die owerheid name vra van vrywilligers wat op plase wil werk, plaas ons ons name

op die lyste. Ons ruil nog inligting uit oor die aantal stukkies kaas in ons sop, wys dit vir mekaar as dit groot genoeg is.

Tot op die 31ste Januarie 1943 verwonder ons ons nog aan die vreemde gesigte en vreemde optredes in die Bari kamp, soos byvoorbeeld die groot, bebaarde, Sikhs met hulle turbans wat hulle nog groter, nog manliker, laat lyk. Maar kyk wat doen hierdie adel uit die noorde van Indië. Oral waar hulle loop, loop hulle penneklikkend en brei, rustig en vredig soos vrouens dit doen. Hulle brei truie met wol wat hulle uit stukkende sokkies en flenters truie herwin. Met innige konsentrasie loop hulle en brei asof dit nog maar altyd hul lewenstaak was.

Die Italianers voorsien ons nou van warm broeke en baadjies wat die koue draagliker maak. Die kleur daarvan is 'n onaantreklike vaalblou en agter op die baadjie is ʼn groot *PG* geverf ("prigioniero di guerra"). Dit dien glo as teiken as 'n ou sou weghardloop.

Die treinspoor loop al langs die Adriatiese see vir meer as die helfte van ons weg na Foggia op 31 Januarie. Dis 'n tikketak tikketak vér weg van die spoorlyn tussen Mariental en Windhoek toe ek vier jaar gelede my eie pad begin loop het. Ons stap van die spoorwegstasie af deur 'n gedeelte van Foggia. 'n Horlosie slaan en laat my omkyk. Daar's 'n imposante toring met 'n groot horlosie bo die stasiegebou se dak. Bo van die hoë geboue af gloat Mussolini se dik gevreet onder, bo en tussen Credere Combattere Vincere en Credere Obedire Vincere, en ander slagspreuke. In standerd 7 het ons Engelse onderwyseres al vir ons baie Latin roots laat leer, en in my gedagte sien ek haar jeugdige gelaat, vergeet van die onaansienlike bo teen die muur. Dit maak dat Trix Heather daardie nag in 'n droom bemoedigend van die klasplatform af glimlag. My gedagtegang is van dié soort wat altyd tot vergelyking ... Nee, daardie woord is nie beskrywend genoeg nie. Ek soek 'n ander een: relativerend, om in verband te bring met. My relativerende gedagtegang sou herhaaldelik lei tot troostende gesigte in die nag. Gesigte, dankie tog, sonder medelye, net spontaan vriendelik en bemoedigend. Dié van my pa, suster Anna, Magriet, Frikkie, Lucas en Meerkat, en die eienaar van die skor coraggio ragazzi stem. Gesien het ek kom nie, maar in my drome is sy hande vol eelte, sy 60 jarige gesig het diep, vertikale, kepe oor die wange, en sy hare is 'n digte, swartgrys, kortkrul, byna kroes kroon om sy kop,

Langs ons via dolorossa joel, jil en spot 'n samedrommende menigte. Skankwan skep behae daarin, vermaak homself en vir ons met sy unieke lopende kommentaar. Moderne werkgewers sou Skankwan se lewe met psigiaters beduiwel het.

Buite Foggia loop ons langs yslike spantorings met kragkabels tot by ons nuwe verblyf: 'n netjiese steen-en-sink gebou met stapelbeddens binne.


By ons werkplek is daar konstruksiemasjinerie en groot vragvoertuie en meganiese skoppe en kruiwaens waarop in groot letters STRABAG (Strassenbau Aktien Gesellschaft) geskryf staan. Wye,

reguit, diep vore is reeds oor lang afstande uit die aarde gesny, en ons kry pikke en grawe om groot stukke gruis stukkend te kap en die gruishope, wat reeds gelyk gesleep is, in die vore gelyk te maak, en holtes op te vul. Die tekens is duidelik: ons “plaaswerk” is 'n groot lughawe met aanloopbane vir swaar vliegtuie in aanbou. Grawe en pikke beland onder die gruis.

Die weer is andermaal koud en reënerig. Die kos is beter as voorheen, maar sonder rooikruispakkies. Met uitsondering van die San Sebastian oorlewendes tussen ons, is ons nog swak en maer. Ons mor teenoor ons Duitse werkgewers en wagte by die lughawe oor die oorlogswerk in stryd met die Geneefse Konvensie. Dit is die oud-SWAPs—Ben, Piet Fourie en ek—wat by die werk mor en in Duits die opinie uitspreek dat dit uitsluitlik die Italianers se skuld moet wees. Ons ken Duitsers, het saam met hulle grootgeword in Deutsch Südwest Afrika. Duitsers is onkreukbaar, opreg en manlik, sal nie sulke gemeenheid pleeg nie.

Ons San Sebastian makkers praat al redelik vlot Italiaans. Uit hulle geledere gaan klein werkgroepies die stad in om voorrade, pos en ander noodsaaklikhede te haal. Hulle maak onderweg, in voorraadkamers, winkels, en ander stopplekke, kontak met weerstandselemente. Hulle bring BBC nuus saam. Uit die nuus maak ons afleidings, bestudeer kaarte. Italiaanse lugafweer maak partykeer rookbolletjies hoog in die lug onder silwer vlekke nog hoër. Liberators met kameras. Binnekort sal hulle kameras en bomme op Foggia en sy nuwe lughawe mik.[67]

[67] LP: Gedurende WO2, sowel voor as na die Italiaanse oorgawe, was daar verskeie lugbasisse in die omgewing van Foggia. Ek kon nie bepaal by watter lugbasis Chris Pretorius en sy mede KGs gewerk het nie, maar dit is waarskynlik een van die volgende - almal deur die Regia Aeronautica gebruik: Cerignola, Lucera, Vincenzo, Grottaglie, Amendola. Ek dui Amendola Lugbasis op die kaart aan. Volgens inligting bekom via https://chat.openai.com/:”Amendola Airfield was originally constructed by the Italian government and was used by the Regia Aeronautica before and during the early years of World War II. The airfield underwent expansion and improvement efforts under Italian control to accommodate a larger number of aircraft.” ’n Oorsig wat grootliks op geallieerde gebruik van die Foggia lugbasis kompleks betrekking het, is https://en.wikipedia.org/wiki/Foggia_Airfield_Complex Die Suid-Afrikaanse Lugmag word genoem. ’n Foto wat betrekking het op konstruksieprosesse - en ”sheepsfoot rollers” - is op bladsy 11/84 van Mike Seager Thomas se dokument *The WW2 Foggia Airfield Complex in the Bradford Archive of Aerial Reconnaissance Photographs*, Artefact Services Research Papers 10, 2020. https://ia601904.us.archive.org/12/items/asrp-10-foggia-airfields-complex-2020/ASRP10_FoggiaAirfieldsComplex_2020.pdf




**Bari, Fogia, Cerignola, Laterina**[68]

Die San Sebastian kamerade is die manne wat met Italiaanse offisiere gesels, heuning om die mond smeer, en seker is dat dit die Duitsers moet wees wat die Geneefse Konvensie verbreek. Dit kan net nie die superieure, fyn beskaafde, Italianers wees nie. By die werk en by die kamp word die sprake van 'n staking al sterker namate ons kragte toeneem en die uitwerking van ons strategie sigbaar word. Ons gaan nie werklik staak nie, want teen die bajonette gaan ons nie weerstand kan bied nie, net klein lyk as ons só werk toe gejaag word. Ná sowat ses weke stel ons ŉ ultimatum: plaas toe binne vyf dae, of ons stap. Toe die ultimatum tydperk amper verstryk het, daag die toesighoudende Duitse ingenieur saam met senior Italiaanse en Duitse offisiere een oggend by die kamp op nadat ons, tot ons verbasing, nie vir werk uitgeneem was nie. Die Duitse ingenieur is radeloos. Hy't 'n groot trekkertipe rolmasjien wat die klaar gelegde gruis, sand en sement meng, natmaak en tot aanloopbaan vastrap. Strabag, het ons die masjien gedoop. Die op en af bewegende penne op Strabag se roller breek aaneen op die grawe en pikke onder die gruis. Die ingenieur het nou genoeg gehad van die vandale en hulle moet weg. Die Duitse en Italiaanse offisiere argumenteer beleefd, insinueer beleefd die skuld vir die situasie, en albei kante praat met kennis van die Geneefse Konvensie. Daar word ooreengekom dat ons sal werk tot die einde van die eerste week in Mei, wanneer aflos arbeid die werk sou oorneem.

[68] LP: Google Earth Data SIO, NOAA, U.S. Navy, NGA, GEBCO Image Landsat / Copernicus

Op die namiddag van 5 Mei 1943 arriveer ons op die beloofde plaas waarna verwys word as masseria, wat eintlik net "groot plaas” beteken. Die ander plaas van Graaf Sezza is aanliggend en bekend as altra masseria. Ons woning is 'n groot enkelvertrek, skuurtipe, gebou met doringdraad rondom. Hierdie keer het ons enkelbeddens, ruim geplaas langs die mure, en 'n groot tafel, en nog ŉ bed, in die middel. Ons trop bestaan nou uit sowat 20 man, waarvan die helfte Suid-Afrikaanse San Sebastian skipbreukelinge is. Die trop bestaan dus uit twee kleiner troppies: die goed gemeste, heel beskaafdes, en die ander nog half-hongeres. Onder laasgenoemde tel onder andere Wabbeljoe, Ben, Vettie van Heerden, en ek. Almal polisiemanne. Die twee Page broers, Engelssprekend, behoort ook aan ons groep. Ek vergeet of hulle lede was van die Middellandse Regiment of die Kaffrarian Rifles, en het maar altyd aanvaar dat hulle ook van die San Sebastian af weg geswem het.

Tussen die San Sebastiani is daar 'n vermetele klein spotter. Om die draad patrolleer soms 'n slordige karikatuur van ŉ Italiaanse soldaat. Hulle dra beenwindsels (puttees). Syne is gewoonlik los en sleep agter hom aan. Die spotter weet die wagte het nie heksleutels nie. Gebuk, regop, gehurk, dan op sy sy, volg hy die wag, korrel deur sy vingers, en met die ander hand draai hy die slinger van ŉ denkbeeldige rolkamera. Mal van woede, steek-steek die beledigde bewaarder na sy spotter wat, gelukkig, met die draad tussen hulle, buite bereik van die bajonet bly. Die wag se geskreeu en gepluk aan die hek laat die onderoffisier opdaag. Van Eck, ŉ snyer, een van die San Sebastiani, belese en beskaafd, gewese lid van 'n lugafweereenheid uit die Kaap, was vir my 'n anderste Van Eck want sy huistaal is Engels. Die enigste Van Ecks wat ek ken is, soos ek, rou boertjies wat skaam is om Engels te praat. Kalm pleit Van Eck by die onderoffisier dat hy nie nou die hek moet oopmaak nie. Die spotter is nie regtig gemeen nie, net “malato in testa”. Van Eck vul sy ontoereikende Italiaans aan met sirkelbewegings van sy wysvinger teen sy kop. Hy voeg by dat die soldaat gerus so bietjie netjieser op diens kan kom; dis mos darem nie die voorbeeld wat sy onderoffisier stel nie. As die gevaar verby is, waarsku Van Eck die spotter, en 'n paar van ons laat hom duidelik verstaan dat ons moeg is vir sy vermetelheid. Ons sien die wag nie weer nie. Daar was baie sulke insidente. Ek noem hierdie, wat die komiese sowel as die samehorigheid by die toepassing van kampdissipline weerspieël.

Butch is 'n boorling van 'n Suid-Amerikaanse land. Waarvan ek seker is, is dat sy woonplek, voor sy verhuising na Suid-Afrika, reg wes van Stampriet was. Dit volgens die kaart waarop ons vir mekaar gewys het vanwaar ons kom. Sy Spaans het baie gehelp met ons gesprekke met die Italianers. Butch was stug. Op Sondae het hy ŉ kitaar onder sy bed in die middel van die slaapsaal uitgehaal. Sy Spaans was vreemd, maar die boodskap van die droewig-dralende liedjies was duidelik. Spaanse woorde op oeroue liedjies gesing deur Cortes se gekettingde inboorlingslawe. Quetzalcoatl het hulle hom genoem toe hy aan wal gestap het, want hulle het gedink hy is die groot

heerser wat in vervloë tye ook oor die see gekom het en voorspoed gebring het. Toe word hulle gemoor, geketting en gebruik om die nuwe Quetzalcoatl se gebuite silwer en goud skepe toe te dra, Spanje toe, sogenaamd tot eer van die god wat Cortes aanbid en van die Spaanse heerser.[69]

Die capo (voorman, toesighouer) wat ons landerye toe neem sê aaneen "Andiamo ragazzi, andiamo!" Met sy swart breërandhoed, swart baadjie wat los oor sy vierkant skouers hang, swart gordel met 'n swarthef mes in ŉ skede, en swart broek, lyk soos 'n karakter uit 'n wilde weste film. Sy eerste vraag, wat ons nog dikwels uit Europese mond sou hoor, laat al ons aansien vir hom daal: "Is dit waar dat die swart vrouens in Afrika so warm is?" Later vertel hy dat hy 'n Siciliaan van Spaanse afkoms is. Saans bly hy nie op die plaas soos die ander werkers nie, en hy meng ook nie met hulle nie. Hulle beskryf hom as 'n gevaarlike messteker. As hy een oggend nie opdaag nie, verneem ons dat sy liefde vir vroue hom sy moses met 'n mes laat teëkom het.

Ons eerste taak is om rankboontjies uit die grond te trek. Die turf is hard en die dikstammige plante laat hard trek. Ons kondisie is nog swak en die werk pynig rûe en vreet hande. As die base kla oor ons lewering, wys ons ons handpalms. Na 'n tydjie verhard ons hande. Ons sien kans vir meer, en sal meer rye trek as ons vroeër kamp toe kan kom. Die base noem die aantal rye, en die geleidelike toename in stamina laat ons vroeër terug kom: eers 4 nm., dan 3 nm., en uiteindelik 11 vm. "Dis te erg", sê die base, en verdubbel die aantal rye. Ons val terug na 'n minimum lewering. Dialoog volg, en ons kom ooreen om dubbel die vereiste te lewer, en 2 nm. terug te keer kamp toe. As al die boontjies in rye lê, kom oes tydelike werksters van elders die peule, en ons hark, laai tef, en werk dit in silo's in. Ben, Vettie, Wabbeljoe, die twee Page broers, en ek werk nou altyd saam. Saam sny ons pad vir die trekkers en oesmasjiene sodat die koring nie in die myl op myl koringlande platgetrap word nie.

Daarna word ons in twee groepe verdeel. Die een groep, meestal San Sebastiani, bly op die masseria agter, en ons ander gaan woon en werk op die altra masseria. Ons woon in 'n vertrek van 'n groot gebou wat die padrone se huis, stalle en ander buitegeboue insluit. Ten spyte daarvan is ons omgewing skoon en vliegloos; wel byna. Tydelike werkers, meestal vroue en opgeskote kinders, help met die oes en woon in skure en stalle, soos deur al die eeue heen om die Middellandse See. Ek dink ons verstaan die agtergrond van Jesus se geboorte in 'n stal nie reg nie. 'n Herberg was selfs in middeleeuse Duitsland 'n groot lokaal waarin reisiger en dier saam oornag het in die addisionele hitte van hooi. Die noodsaaklikheid vir warmte is voor die hand liggend, en die reisiger moet by sy diere slaap om verlies deur diefstal te voorkom.

---

[69] LP: Die geskiedenis hier genoem se korrekte plasing is Meso-Amerika eerder as Suid-Amerika. https://en.wikipedia.org/wiki/Hern%C3%A1n_Cort%C3%A9s https://en.wikipedia.org/wiki/Quetzalcoatl

Met die vaste voorneme om 'n held te word, het ek oorlog toe gegaan, en terug gekom sonder om 'n held te wees of een te sien. Ek bedoel nou van die formaat van Amerikaanse helde soos in boeke en rolprente. Dis nou 10.25 nm. op 8 Maart 1991, en ek het probeer om my aandag afgetrek te kry van hierdie skrywery. *MacGyver* op TV verveel my. Die luitenant in *Major Dad* hou my aandag.[70] Die helde in my storie is Ben Burger, die coraggio ragazzi Italianer in die donker, il padrone, Blikkies te Railhead, Contadina, en diesulkes.

Teen die muur, onder die gesamentlike skaduwee van die dak en 'n boom, sit die Italianers elke Vrydag vir ons 'n nuwe vaatjie wyn neer. So ‘n langwerpige, nouerige, vaatjie omtrent 12 tot 15 liter. Ons doop die vaatjie Vaaljapie, en ignoreer hom meeste van die tyd. Net so nou en dan tap iemand 'n halwe beker, en Vrydag vir Vrydag word Vaaljappie byna vol weggeneem ten bate van die deeltydse Italiaanse werkers wat wyn drink soos ons koffie drink, en ons kry ŉ vars Vaaljapie.

Reg voor die huis staan die dorsmasjien, en sowat 40 meter laer af word die nagenoeg 8 tot 9 meter hoë hooimied gebou. ŉ Stewige regop paal dra aan katrolle en toue en ŉ net so stewige dwarsbalk. Aan die dik kant van die dwarspaal is daar vier dik toue—soos ons boormasjientoue ken. Hieraan trek vier van ons die strooi hand oor hand op. Aan die dunner punt van die dwarsbalk is daar twee toue met hake waaraan hooigevulde seile opgetrek word. Twee tienderjarige Italianers, elk met ŉ muil met tuig en leisels, ry die kaf vanaf die dorsmasjien aan. Drie manne van ons groep staan by die hakepunt. Hulle sorg dat die seile met hooi gehaak word. Vier manne trek die vragte hooi op, swaai die paal effe as dit bo kom. Daar gryp die Italiaanse hooimiedkunstenaar die vrag, ledig dit, en laat die seil terugkom. Met sy hooivurk vleg hy in, maak gelyk, trap vas, en sing O sole mio en ander liede sodat 'n mens heeldag daarna kan luister. Ek kan nie O sole mio sing nie, maar sê tog dankie, o dankie tog, dat ek dit gehoor het voordat ek op ons televisie daarna moes luister. As die mied sy beplande hoogte bereik het, kry dit 'n koepeldak sodat reën kan afvloei en die kaf droog bly vir wintervoer.

Van kleins af kon ek spog met eelte aan my vingers en handpalms daar waar die vingers uit die palms kom. Vir die eerste maal is ons handpalms ook kliphard van eelte as gevolg van die getrek aan die toue. Ewe hard is ons liggame, en die gees is weer springlewendig—ŉ jaar nadat die hongerly begin het, en minder as vier maande nadat dit werklik geëindig het. Ten spyte daarvan, dalk as gevolg daarvan, oorval twyfel ons om die beurt. Sal ons dan nooit weer ons land, ons eie mense, sien nie? Vanoggend is dit Vettie se beurt. Hy is die enigste getroude man tussen ons en moan vir 'n vale. Moan kan hy moan as hy in die bui is. Ben sê hy voel ook so. “Hoe lyk dit met Vaaljapie se water? Wabbeljoe, gooi uit die water uit ons bottels en gaan maak vol by Vaaljapie.” Die son bak hier teen die mied en ŉ man sweet met die vragte wat, saam met die miedhoogte van

[70] LP: In fisiese voorkoms herinner die karakter majoor John D. MacGillis nogal aan Chris Pretorius. https://www.youtube.com/watch?v=y7AWagqfiC8

al meer as vier meter, swaarder en swaarder word. Wabbeljoe hardloop heen en weer, en later sluit die vir die eerste maal halfleë Vaaljapie self by ons aan. Hierdie mak muile hinder lankal vir my en Ben. Die muile wat ons ken, duld net bepaalde hanteerders. Ons neem die muile oor en eers lag die wag en die Italianers vir ons. As die muile te verbouereerd raak, raas hulle, en die wag dreig met sy bajonet, en ons oorhandig weer die muile. Na die siësta doen die muile weer hul werk bedaard. 'n Yslike maagwerk het egter ons slaap onderbreek, en die krag om hand oor hand te trek ontbreek. Die heelmiddag tel ons "een, twee, drie, op!" en spring en pluk om die vrag bo te kry. Die volgende oggend is ek en Vettie en Ben by die seil. 'n Gekraak laat my opkyk, Vettie aan die skouer gryp, en so hard ek kan terug spring en agteroor val. Die ligte punt van die stadig brekende paal tref Vettie se oprukkende arm, en hulle vat hom hospitaal toe. Na die oorlog het ek gehoor dat hy uit die polisie bedank het en 'n goeie pos by 'n munisipaliteit in die Oos-Rand beklee.

Na die oesfees, waaraan ons nie deelneem nie behalwe om met plesier te kyk na die vrolike Italianers, en natuurlik my en Ben se onwillekeurige betrokkenheid by die episode wat ek reeds beskryf het, doen ons opruimingswerk en allerlei kleiner takkies. In dié tyd laat 'n malaria aanval my harde bene kou, en ek besluit een hittige, koorsige, oggend om bed toe te gaan en, oudergewoonte, die ergernis uit te sweet. Oudergewoonte omdat ek van kleins af malaria gekry het en só daarvan ontslae geraak het. Daar was byvoorbeeld die dag in Xhorixas se omgewing toe ek op die perd se rug duiselig gevoel het, afgeklim het, kop in die skaduwee en lyf in die son, onder my kooigoed, met Frederick Bowe s'n ook nog bo-oor, gekruip het, geyl, waternat gesweet het, droog geword het onder die kombers, en binne twee uur weer die patrollie voortgesit het. Heeltemal gesond. Op Cerignola was die padrone gou by. Hulle ken malaria in daardie wêreld. Hy't aan my voorkop gevoel, pille gegee, en gesê ek moet 'n week tot 10 dae in die bed bly. Toe hy my laatmiddag besoek, was ek reeds uitgesweet en gesond. Ek wou die volgende oggend opstaan, maar hy belet my en bring kort daarna 'n Italiaanse grammatikaboek, gelykstaande aan so standerd 7 tot 10 standaard. Dis sy dogter s'n, sê hy. Ek moet dit weer teruggee. Wanneer ek daar uitkom, beïndruk ek die Italiaanse werkers met my pas gevonde "parlor" in plaas van "io parlare". Ek neem my voor om Italiaans te leer, maar ons verhuis kort daarna uit Italië. Dit duur 40 jaar voordat ek in 1983 die taal met mening pak en dit so baasraak dat ek dit met gemak kan lees.

Ben en ek sou graag vir die duur van die gevangenskap op Cerignola wou aanbly en werk, maar op 9 September 1943 neem hulle ons weg.[71] Ons stap weer Foggia binne op pad trein toe. Die groot spantorings en kragkabels lê ineengestrengel. Gate onder die spantorings laat dit amper lyk asof sommige individueel geteiken en getref is. Dis glo die Liberators se werk. Die stasietoring staan nog regop, maar het deur die dak gesak sodat sy basis nou op die grondvloer rus: 'n korter toring met 'n

---

[71] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Allied_invasion_of_Italy

stil horlosie. Die mense langs die straat is gedemp en neem nie van ons notisie nie behalwe vir 'n "Buon giornio giovani" en "Sta bene?" hier en daar.

Weens die verwoesting haal ons die trein buite Foggia, en word die namiddag van 10 September 1943 geneem na 'n kamp in 'n mooi bergwêreld verder noord. Die dorpie se naam is Laterina, maar ek kon dit nog nooit op 'n kaart vind nie.[72] Terwyl ons hier is, hoor ons dat Badoglio die regering oorgeneem het. Die Italiaanse wagte verdwyn, en ons is vir 'n paar dae vry. Daar is sprake dat die geallieerdes noordwes van ons sal land, en raad dat ons in die kamp moet bly. Ons redeneer dat die Duitsers hulle hande nou te vol het om hulself die vervoer en versorging van 'n klomp krygsgevangenes op die hals te haal. 'n Paar groepies vlug die berge in, en as Ben dink ons moet ook so maak, wonder ek of dit nie beter is dat ons bly nie. As ek dink ons moet berge toe, dink hy ons moet bly. So hou dit aan totdat die Duitsers een aand op 16 September 1943 die kamp omsingel, en die grootste gedeelte van ons wegneem. Die terrein langs die steilstygende pad stasie toe is rotsagtig, boom en struik begroei. Twee maal glip ek uit die ry, sit 'n rukkie en twyfel, en albei kere voel ek te alleen en sluip weer die veiligheid van die trop binne.

**Breslau September 1943 - Januarie 1945**

Ons rit Sagan toe duur van die nag van 16 September tot die oggend van 20 September 1943. Tydens die rit staan ons regop teen mekaar in toe treintrokke, so dig gepak dat dié wat vloer toe sak opgehelp word sodat hulle nie vertrap word nie. Ek onthou net een keer dat hulle ons uitgelaat het om dit te doen wat die liggaam daagliks vereis. Dit was 'n uur of twee voor sononder, met 'n vriendelike, flou, sonnetjie oor 'n pragtige, bewerkte, landskap net buite 'n klein dorpie en sy spoorwegstasie. Ons saai uit die oop trokke, versprei oor die aarde, draai om, hurk, en kyk na die blou reliëf van die Alpe waardeur die trein ons gebring het. Ons sien die pad tussen ons en die spoorlyn, en die mense wat huiswaarts keer. Mans met vurke oor die skouer, vrouens met mandjies vol groente, vrouens met stootwaentjies, seuns, dogters, mans, vrouens wat fietse ry of stoot. Ons voel skaam, verneder, maar die skaamte en vernedering is slegs 'n oorblyfsel, 'n skaduwee van die normale reaksie op botsing met agtergrond, kultuur, en norm. Die oorheersende gevoel is een van dankbaarheid en verligting. Dankbaarheid dat die geleentheid daar is voordat die liggaam ingegee het. Dankbaarheid dat ons liggaam en gees nou sterk en gebrei is na maande van goeie voeding en harde werk. Dankbaarheid teenoor, en 'n gevoel van eenheid met, dié mense wat voor ons verby beweeg, opkyk, sien, wegkyk, en met begrip en empatie verder gaan.

---

[72] LP: https://powcamp82laterina.weebly.com/

Tydens die treinrit het ons nie kos of water gekry nie. Die meeste van ons het nog ons waterbottels gehad en die inhoud baie spaarsaam gebruik. In die bestek van vier dae raak ons nie werklik honger nie; nie soos ons honger ken nie.

In die groot Stalag te Sagan skei die Duitsers se tellery en groepering my en Ben se weë.[73] Langs ons kamp sien ons dwalende, verhongerde, Russe. Na sononder moet almal in die bungalows wees, en word wolfhonde in die terrein tussen bungalow en draad losgelaat. Die Russe het glo 'n plan gemaak. 'n Venster gaan oop, een kameraad klim uit, die hond volg hom die venster in, en word verwurg. Vleis vir 'n paar kamerade.

Die Duitsers vra weer vrywilligers vir werk, en op 12 Oktober 1943 bevind ek en Kola Gresse ons weer in dieselfde kamp; dié van Arbeitskommando 4004 (Vierzignulvier) te Burgweide (Schottwitz) [Sołtysowice], buite Breslau.[74] Op Kola se aandrang, "Jy kry dalk 'n soft job en kan iets vir ons werd wees", gee ek, vir die eerste maal, my naam as dié van iemand wat Duits praat. Ter plaatse toets hulle ons vermoë om te praat, en kies my (nagskof) en nog een (dagskof).

Die fabrieksmense verwys na die tydperk waarin die beet na suiker verwerk word as "die seisoen". Die seisoen duur sowat drie weke, waarna ons opruimingswerk doen tot middel-Desember 1943.[75] Dagskof of nagskof, dis donker wanneer ons werk toe gaan en donker wanneer ons ons nabyliggende houthutte binnegaan, eet, en dadelik gaan slaap. Ons eet en slaap goed, en werk met lus. Ek werk op die 2de vloer tussen hoë silinders met krane en aanwysers agter glas. Die skofopsigter, 'n skeikundige verantwoordelik vir die fabriek se beetsuikergehalte, werk hier. Hy word bygestaan deur 'n vrou, ook 'n skeikundige, vir wie ek monsters na die laboratorium aandra. Dis my werk om waarnemings te doen, en daarop te reageer met die oop- en toedraai van die silinderkrane op die 2de vloer, asook van die krane van twee ingeboude potte op die 1ste vloer. Maischen noem hulle die groot potte met hulle duisende liters inhoud van siedende, kokende, halfklaar suiker, na aanleiding van die inhoud se ooreenkoms met Maische, die moes wat wyn voorafgaan. Van die grondvloer tot op die 2de vloer werk ons kaalbolyf en swetende in die sauna hitte van die gebou. Dis 'n welkome verlossing van die koue daarbuite, waar die sneeu byna altyd 2 voet dik lê. Ons werk twee skofte van 12 tot 18 uur elk. Ons trek dik en warm aan wanneer ons fabriek toe gaan en voordat ons dit verlaat. Die aflaai en inwerk van die rou beet buite in die koue is die werk van

---

73 LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Stalag_VIII-C

74 LP: Werkkommandos. Nie-offisiere het vrywillig gewerk. KG Arbeitskommandos is nie dieselfde as konsentrasiekamp dwangarbeid nie, alhoewel sommige KGs in gruwelike omstandighede moes werk. Volgens Geck was "die meerderheid van die [krygs]gevangenes ... nie in die hoofkampe beveilig met wagtorings en doringdraad nie, maar wel verdeel in geassosieerde subkampe en 'n groot aantal werkplase, wat tot 150 kilometer weg van die hoof-Stalag kon wees." Vry vertaal uit *Das deutsche Kriegsgefangenenwesen 1939-1945*, Hausarbeit zur Erlangung des akademischen Grades eines Magister Artium vorgelegt dem Fachbereich Geschichtswissenschaft der Johannes Gutenberg-Universität Mainz, 1998, bl. 34.

75 LP: Vir foto's van toepassing—o.m. 'n lugfoto van die gebied, die fabrieksgebou, en "silinders" (soos dié waarna CP verwys?) kyk https://polska-org.pl/509332,Wroclaw,Cukrownia_Wroclaw_S_A_dawna.html.

vrouens. Die vrouens lyk enorm groot in hul dikgestikte, armoedige, vollengte rokke wat herinner aan vuil donskomberse, hulle kopdoeke wat net die somber oë ooplaat, en hulle hout klompe of verslete sneeuskoene of sommer net doekwindsels om die voete. Soos mak lasdiere doen hulle gedweë hulle werk asof die wêreld om hulle opgehou het om vir hulle te bestaan en hulle ook nie meer vir die wêreld bestaan nie.

Gerda is die ongeveer 24 jaar oue chemikus op een van die skofte. Sy kom vroeg, bly agter, en ons gesels, lê aan. Dit streel ŉ ou se ego en bring normaliteit na so ‘n lang droogte. Ons staan agter silinders en skuil in versteekte hoekies. George Morgan is oorspronklik van Brittanje en het vir vyf jaar voor die oorlog by Barclays Bank gewerk. Henri Danez is ŉ Franse krygsgevangene en vaste werker by die fabriek. Hulle raak bekommerd en sê hulle wil met my praat. Ek moenie kwaad word nie. Henri bied my 'n Franse blikkie, so klein plattetjie, aan nadat hy my ernstig gemaan het. Ek wys die blikkie van die hand met die versekering dat my intensies op ŉ sekere punt halt. Dan vertel ek hulle van Blikkies, sy Franse vriend, en die ballonne wat uit blikkies gekom het.

Op ŉ dag, terwyl ons in ons hutte is, sê een van die wagte (almal Oostenrykers) dat ek saam met hom moet kom. Hy sê die ander wagte drink nou koffie in die Wachtstube. Gerda wag buite die draad en hy sal dophou. Ek kou swaar hieraan, dink aan die moontlikheid van 'n opstelling, en dink aan die dik, mank burgerlike met die swaar stok wat in en om die fabriek gedool het. Der Mann mit dem Stock, het ek en Gerda hom genoem, en gewonder of hy ons, onder andere, dophou. Ferdi, die wag, loop saam tot by die draad en gaan staan op 'n hoek vanwaar hy die waghut kan sien. Ek kyk rond, maar sien niemand anders nie, ook nie die man met die stok nie. Dis eintlik net vanweë 'n eienaardige weersiens met hom, baie later, wat ek dié storie vertel. Gerda is warm, spierwit, aangetrek. Sy lyk mooi onder die helder spreiligte wat, as ŉ mens nie opkyk nie, en die doringdraad miskyk, die effek van maanlig op die wit sneeu het. Maar ek kyk op, sien die doringdraad, onthou dat bloed swart lê op die sneeu onder enige lig. Sy kom net groet, ons moet tog in verbinding bly. Nie op dié gevaarlike manier nie, liewer gladnie, sê ek, groet haastig, en gaan wag vir Ferdi in die veiligheid van die portaaltjie na die deur waardeur ek weer by my trop kan aansluit.

Williams het, soos Ben Burger en Kastrup vroeër, besluit hy gaan na hierdie outjie kyk. In die suikerfabriek het ek hom die eerste maal gesien by die pot heel op die punt, op die grondvloer. Sy harde fluit het verhoed dat der Mann mit dem Stock vir my in Gerda se geselskap betrap. Williams was 'n matroos vir 12 jaar voordat hy op 29 jarige ouderdom by die SAP aangesluit het. As iets anders nie sy onmiddellike aandag vereis nie, gesels hy oor sy vrou en twee kinders in Durban. In middel Desember 1943 dra ons twee saam aan banke en tafels uit 'n hoërskool vir meisies waar ons sal bly totdat bungalows vir ons, nou in Arbeitskommando 4023 (Bunkerbau), gereed is. Vanselfsprekend bespreek ons die meisies wat uit die gebou kom met hul besittings. Natuurlik groet ons as hulle verbykom. “Deutsches Blut ist heiliges Blut” sê ŉ lang, breedgeskouerde Unteroffizier

(sersant) wat seker al van die hek af agter ons geloop het, en nou met sterk treë verbystap. In die Duitse leër word Unteroffiziere gesalueer, en hulle tree baie meer dominant op as ons sersante. Hierdie een is vir my, weens sy grootte, houding, en sterk stem, 'n paar trappe hoër as sy gelykes.

Vir Kersfees reël ’n klompie manne, almal Engelssprekend, 'n konsert. Hulle is klaarblyklik eksperts hiermee. Die Unteroffizier voldoen aan hulle versoeke, en laat hulle heeltemal hulle voorkeue vir die etiket “Bastard Hun” verloor wanneer hy meer en beter voorsien as wat hulle gevra het, en selfs met voorstelle voor die dag kom. ’n Paar dae voor die konsert vra hy of hy en sy vrou en twee seuntjies die konsert kan bywoon. As ek die versoek aan die konsertbestuur oordra, sê hulle, tot my verligting, sonder teenstem ja—iets verbasend, want tussen hulle is daar twee of drie aarts-Duits-vyandiges uit die Home Country. Die Unteroffizier het nog 'n versoek: Kan 'n kansie op die verhoog, 'n kwartier of so, aan hom afgestaan word? Nee, hy wil nie nou al sê wat hy gaan doen nie. Goed. Hy sit saam met sy gesin in die voorste ry. Konsertaand daag hy en sy vrou met twee kleuterkindertjies op. Hy stel my 'n bietjie teleur, want die altyd netjiese uniform se sakke is knopperig volgeprop. Wanneer hy op die verhoog staan haal hy die een mondfluitjie na die ander uit sy sak, speel klassieke, volks en ander populêre musiek en kry encore en staande toejuiging.

Ons word in twee groepe verdeel. George Morgan, ons Vertauensmann (kampleier, verteenwoordiger) in die skoolgebou, gaan met 'n groep na die poskantoorkommando: 'n klompie tegnici wat die beroep in Suid-Afrika en Engeland ook beoefen het. Hulle doen tegniese herstelwerk, maar bou en opereer heimlik ‘n radio wat ons voortaan, ook op die lang mars voor die Russe uit, met betrekking tot die nuus op hoogte hou.

Ons ander, 'n groep van ongeveer 60, betrek die bungalows en begin werk in groepies van vier tot ses man as handlangers vir Duitse messelaars wat Luftschutzbunkers bou. Niemand is bereid om die verantwoordelikheid van kampleier op hom te neem nie, behalwe 'n Afrikaanssprekende Stellenbosser wat dink hy kan Duits praat, gou te lig bevind word, en die trekpas kry. Op 'n vergadering besluit ons, op aanbeveling van 'n aantal manne wat hom ken, om ene sersant Aubrey Theron, 'n Johannesburger, te “beroep”. Die Duitse owerheid dring self op 'n Vertrauensmann aan, en sorg dat Aubrey sonder vertraging opdaag. Aubrey, seun van 'n prokureur iewers op 'n Karoo dorp, is betreklik sterk gebou, donker van haar en gelaatskleur. Van die Duitsers wil weet of hy 'n swarte is, en doop hom “die Schwarze”. Aubrey was die regte keuse, en ons gemeenskap word (in beperkte sin) 'n utopie—iets wat seker net haalbaar is in gevangenskap.

Op ons lang mars het Aubrey en ek saam sleepwa en karretjie getrek, swaargekry, gelag en ander gehelp. Aubrey bel vir ma toe ek vir Pieter in Windhoek besoek na sy verwonding in Julie 1979. Ek bel hom weer en weer. As ek hom die laaste keer, in die 1980s, bel, is hy al so 76. Sy stem is swak, dun, en bewend. Hy beëindig self gou die gesprek met die verduideliking dat hy dag en nag in sy stoel sit en onuithoudbaar oor sy hele liggaam jeuk, en dat sy vel afdop. ’n Man wat in die jaar wat

ek hom geken het, nou met hom verbind was, sy gewillige regterhand was (en dit kan min sê), geduldig en vriendelik sy alles vir sy trop gegee het, sit nou alleen, ongeduldig en vol pyn, en sonder slaap, in sy stoel.

Vir nagenoeg die hele jaar, van Januarie 1944 tot Januarie 1945, is die ongeveer 54 jarige Herr Schubert die wag by die werksgroepie bestaande uit myself, Williams, Skankwan en drie manne uit Engeland wat hulle by ons tuis voel: Cyril Halstrup en twee jong boere uit die Engelse middellande. Ek onthou net een boer, Jim, se naam.

Ons werk van plek tot plek, grawe gate vir bunkers buite geboue, beitel tonnels deur steenmure in kelderverdiepings. Een muur, dié van die Breslau Dom, is net meer as ‘n meter dik. Ons laai en ry stene en sement aan in kruiwaens, muilwaens, en nou en dan op 'n lorrie. By geleentheid laai ons sement af van 'n boot wat geanker is in die Oder [rivier] waar dit Breslau in noordoostelike rigting verlaat. Ons hardloop, sakkie sement onder elke arm, reisies tussen die boot en die vragwa. Dis nou Williams, Skankwan, en ek. Die drie Engelse onthou altyd dat hulle vir die vyand werk, en kritiseer ons oor ons misplaaste kompetisiegees. Ons stap werk toe as dit naby is. In die winter, op harde sneeu, gly jy soms, voel of jy eers 'n meter van die grond af lig, en kom dan hard op jou sitvlak te lande. As dit ver is, ry ons saam met ander passasiers op die munisipale busse. Gewone motorvervoer is daar byna nie, want soos geskryf staan op plakkate en mure: “Die Räder müssen rollen für den Sieg.” Die wiele moet draai vir die oorwinning.




Die poskaart het Herr Schubert aan my geskenk, saam met die klein swart boekie waarin ek datums en name geskryf het, en vir 'n kort rukkie ná ontsnapping, dagboek gehou het. Ons het by al die geboue op die poskaart, behalwe die Jahrhunderthalle, gewerk en mense daar leer ken.




**Breslau poskaart**

Vir 'n lang tyd werk ons op die Tauentzienplatz wat ons met die Gartenstrasse trem bereik.[76] By die terminus sak 'n nou, donker, gangetjie steil onder 'n hoë gebou in. Soggens as ons arriveer, kruip 'n klein mannetjie met 'n ster op sy lapel daaruit. Lang wimpers, diep gesonke oë langs 'n hoë, dun, neus. Arendsneus sou die regte naam wees as dit nie so was dat hierdie arme wese nou soos 'n rot te voorskyn kom nie; met sy oë strak voor hom op die grond gerig. Sonder spoed haas hy hom na iewers waarvandaan hy, wanneer ons op die terminus wag, met iets in koerantpapier, dalk 'n stukkie brood, terugkeer na sy lêplek daar onder. Ons probeer groet, sjokolade, koffie, aanbied. Hy hoor ons nie, sien ons nie, vat nie ons offer nie. Skankwan hou aan. Skankwan lok vriendelike reaksie uit enigiemand, maar nie uit hierdie Israeliet nie. Ons laaste werksdag op die Tauentzienplatz was 24 Januarie 1945. Tot ons vertrek probeer Skankwan, maar sy brood val nie op die water nie, sy groet word nie beantwoord nie. O God van Jakob, door wiens hand u volk geleid werd en behoed ...

Oral waar ons gewerk het was daar 'n vertrek, of minstens 'n afdak, as eetplek vir die middag, en skuiling teen reën en sneeu. Teen sneeu skuil ons nie altyd nie. Soms, in die middelwinter, val die sneeu warm, in sagte vlokke, en die wind roer nie eens nie. In Europa, as 'n mens die klere het, en hier het ons dit, trek jy aan volgens die seisoen, en is dit 'n genot om op 'n windlose dag buite in die sneeu te werk.

---

[76] LP: https://www.thefirstnews.com/article/fascinating-new-map-of-pre-war-wroclaw-uncovers-long-forgotten-german-signs-15077

Terwyl ons by die Tauentzienplatz werk, kom kraai 'n bekende van die omgewing oor die eerste V1 projektiele wat van Peenemünde af op Londen val.[77] Wat van ŉ wonderlike voorbeeld van Duitse tegnologie onder die Führer se wyse leiding! Dis nog niks, sê Jim, die Engelse boer, die geallieerdes het nou 'n gifstof wat in gevange en gesneuwelde Axis soldate se paybooks geplaas word, en wat dan die next of kin, wie se name in die boekies verskyn, doodmaak. Tydens die volgende middagete sê die kraaier dat dit darem baie gemeen is, nog 'n bewys van die Engelse se onregverdigheid.

Een van ons middagete besoekers was 'n ou man met 'n grys baard en uitgebreide kennis van, en insig in, die ongerepte dele van die wêreld. “Ich selbst bin ein alter Afrikaner”, sê hy. Hy het sentimenteel en met groot verlange oor Afrika kom gesels, en vertel dat hy hy ŉ groot deel van sy lewe in die Kongo, Burundi, Mali, en Niger deurgebring het.

Ons het ook lank gewerk in 'n netjiese agterplaas, omring deur verskeie geboue. Een is ŉ gebou met groot glasvensters waar brille en optiese onderdele gemaak is; die gebou van 'n farmaseutiese bedryf. Ons eetplek was op die tweede vloer, aanliggend aan die kantore van die farmaseutiese besigheid. Die direktrise van dié bedryf was oor 35, en was nou nie juis mooi nie, maar goed gekleed, deftig, en professioneel. Haar man het sy glo sedert sy vertrek na die oosfront twee jaar gelede nie gesien nie. Hulle is opera liefhebbers, maar die operas sonder hom, sonder 'n man aan haar sy, is nie wat dit moet wees nie. Sy klere, burgerlike aandpakke en ander, sal vir my pas. Hy is dieselfde lengte, net so skraal. Ek is nou wel 'n bietjie jonk, maar ons gesels so wie so tog lekker. Dit sal veilig wees en sy weet hoe om toue te trek. “Machen wir?” Haar saak stel sy so eenvoudig, alledaags, dat dit vir my, ten spyte van my gedagte aan die uitgaan met 'n ouer vrou, op sigself as heeltemal aanneemlik, selfs ŉ plig, lyk. Ek weet egter, en verduidelik aan haar, dat daar iets is wat dit uiters gevaarlik maak: 'n Verhouding word *prima facie* veronderstel uit so 'n samesyn. So ŉ verhouding is, volgens plakkate oor die stad, strafbaar met die dood. ŉ Duitse vrou wat so betrap word dra minstens ‘n kennisgewing om haar nek wat aankondig dat sy haar Duitswees onteer het deur verkeer met die vyand. En ek, ek wil oorleef, terug gaan na my mense toe. “Ach du bist feige” (bang) is haar antwoord, sonder om beledigend te wees. Daarna groet sy altyd met die vraag “Wanneer gaan ons opera toe?” en ek antwoord dat dit binnekort sal wees.

Die brilmaker is op die grondvloer. Die meisies kyk vir ons deur die venster, en ons vir hulle. Ons maak ons keuses sonder dat hulle daarvan weet, en hulle sonder dat ons daarvan weet. Ten minste so bedoel ons in ons skoolseun speletjies. Die meisies is, soos die bestuurder, van half-Duitse afkoms. Dus tweedeklas Duitsers. Dit is duidelik dat my keuse, die een met die bruin vlekkies in haar oë, my gekies het. In die verbyloop fluister sy haar naam. Dis weer Gerda. Hierdie keer is dit vir my 'n mooi naam. Met die volgende verbyloop hoor sy my naam, en daarna is ons groet die noem

[77] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/V-1_flying_bomb

van mekaar se name. Haar tuisgemaakte lekkers en tuisgebak, sulke klein pakkies, sit sy op die vensterbank neer, en ek doen dieselfde met sjokolade uit rooikruispakkies. Haar maats en my maats volg die verhouding met toegeneentheid en skerts goedig. Herr Schubert se onuitgesproke seën rus op ons geselslose, kontaklose, vriendskap, en hy word die ontvanger en versorger van geskenkies en briefies. Sulke vriendskappe bestaan nou by die meeste 4023 lede.

Voordat ons dalk besluit dat die vrouegeslag daar ‘n bietjie los is, moet dit in gedagte gehou word dat die normale aanvulling tussen die twee geslagte, op geestelike gebied ook, onontbeerlik is, dat die vrou/man getalle in Duitsland voor die oorlog by geleentheid al 7 tot 1 was, en dat hierdie toestand in 1944/45 al onhoudbaar was as gevolg van die afwesigheid van weerbare mans (18 tot 58 jaar oud) op aktiewe diens. Die jong manne wat op straat in Breslau en elders in Duitsland gesien was, was die werkende groepies krygsgevangenes.[78]

'n Dag na my verjaarsdag, dus 26 Mei 1944, kry ek 'n brief van my suster, Anna. Die brief lui: “Liewe Chrisjan, Ek is tog so spyt dat jy nie hier was vir pappie se begrafnis ...” Ek staan op, stap agter om die bungalow, gaan sit met my rug teen die hoek, kyk oor die Ohlau[79] teen die meisieskool vas, en huil binnekant. Lees dan verder. Hy is op die 10de Februarie 1944 oorlede, 'n maand na sy 56ste verjaarsdag. Tussenin was daar briewe wat my nie bereik het nie. Ek wou so baie vertel, so baie nog vra. Harris kom sit langs my met sy linkerhand op my skouer. Hy’t het op sy bed se voetenent gesit en brief lees toe ek van myne af opgestaan het. “Slegte nuus, ou Dol?” (na aanleiding van my betiteling, Dolmetscher, tolk). “My pa is dood.” Hy vat my skouer vaster en sê "Ja ou Dolmetsch, hoeveel sulke tydings sal ons nog ... Ek gaan sê vir die ander. Moenie te lank hier sit nie.” “Ek kom nou. Sê hulle moenie met my daaroor praat nie, asseblief.” Niemand het nie. Simpatie maak rou wonde nog rouer.

Dieselfde aand ontbied Obergefreiter Kassner my na die Wachtstube buitekant die hek. Aubrey Theron is ook daar. Hulle het my dienste voltyds nodig as tolk, en vir pligte wat daaruit voortvloei. Ek stribbel teë, en wys daarop dat ek 'n eie, koppige, siening het van die verhouding tussen werk en voorregte; dat ek dikwels weier om verregaande voorregversoeke, en vir kansvatters, te tolk—wat tot tweespalt kan lei; en dat ek “die sweet vir my aanskyn geniet”, en dus liewer buite met my groepie wil saamwerk as om my met die kleinlikhede van 'n deel van die groter trop te bemoei.

Aubrey weet wat ek bedoel met “deel van die groter trop”, verstaan my probleme met die houdings van sommige van ons mede-KGs. Hy beloof laggend om my halstarrigheid te verduur. Ek word so

---

[78] LP: Vanaf die verklaring van Totaler Krieg, in Februarie 1943, was mans tussen 18 en 60 jaar oud onderhewig aan mobilisering. Die demografiese verhouding mans teenoor vrouens soos gegee deur Chris Pretorius is nie korrek nie. Volgens beskikbare bronne was die verhouding mans tot vrouens in Duitsland, pas voor, WO2 nagenoeg 1.06 tot 1. Dit is wel korrek dat die oorlog die situasie dramaties verander het. Wat bronne betref, is die volgende ‘n begin: https://en.wikipedia.org/wiki/Census_in_Germany.

[79] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Oława

permanent tolk, en trek in saam met hom in die vertrek wat ook as kantoor dien. Dié “hoofkwartier” bestaan nou uit Vertrauensman Aubrey, tolk (ook “adjudant”) Krisjan, twee kokke, ŉ sanitator (toesig oor higiëne), ŉ instandhouer (toesig oor store, herstelwerk), ŉ mediese ordonnans, en ŉ snyer (maak en herstel uniforms). Hierdie “nie werkendes” help almal met die onderhoud van die kamp. Ons haal voorrade in die stad, kry BBC nuus van die poskommando, en dra dit oor. Ek vergesel siekes na mediese fasiliteite en tolk daar, en soms by polisie-ondersoeke waarby Engelssprekende KGs betrokke is.

Intussen duik 'n nuwe slagspreuk in die reeds slagspreukbesoedelde Duitsland op. Met “Totaler Krieg” morsel die gefrustreerde buffel in sy verwoestingswaansin al die lewe uit die kundigheid en arbeid op alle vlakke van Duitsland.[80] Eerste, tweede, derdeklas semi-Duitsers van allerlei afkomste word uit produktiewe, lewens-noodsaaklike beroepe, geruk en in bondels ooswaarts gejaag om slote—loopgrawe genoem—te grawe. Hulle is almal vroue, want die enigste arbeidsvaardige Duitsers wat oorgebly het, is vroue.

Die mediese dokter (vergelykbaar met ŉ SA distriksgeneesheer) is 'n kolonel van nagenoeg 65 jaar oud. Ons ken hom net as Herr Oberartz. Hy het, soos ander geneeshere, streng opdrag om, in die lig van Totaler Krieg, te sorg dat hoogstens 3% van die werksmag afgeboek word. Daar heers volslae vertroue tussen my en Herr Oberartz, want voorheen het hy, tydens ons besoeke aan sy spreekkamer, na pasiënt ondersoek en behandeling, aan die wag opdrag gegee om 'n wyle in die wagkamer te wag terwyl hy mit dem Dolmetscher konsulteer. Die konsultasies het gewissel van huislike gesinsvrae en gesels en ervaring uitruilings tot onbewimpelde kritiek op toestande in Duitsland en die oorsaak daarvan: Hitler en trawante. Nou was ons konsultasies 'n pynlike bespreking van hoe om minstens die 3% nie te veel te oorskry nie. Ek ken die mense, en moet besluit wie word nie afgeboek nie. Op pad terug vertel ek die waarheid en word gehaat. In die kamp lig ek Aubrey volledig in, en mettertyd word chroniese siekes chronies gesond omdat hulle nie teruggestuur wil word om in 'n Stammlager te kwyn nie. Hulle word selfs my vriende. Dit was dus vir my maklik om vir Herr Oberartz van Gerda te vertel en 'n voorskrif vir die volgende bril gerig te kry aan die betrokke brilmaker. Ek weet by dié tyd wie vertrou kan word al is hy 'n Duitser. Hy vertrou my.

Met die instap herken die toesighouer by die toonbank my. Hy sê die wag en pasiënt moet sit, en neem my na binne en druk die deur agter hom toe. In die vertrek met die groot glasvensters is daar minder meisies as wat ons van buite gesien het. Hulle drom vriendelik saam en groet en vra hoe dit gaan, terwyl ek ongeduldig rondkyk, uitsien na hierdie eerste geleentheid om met Gerda te praat. Hulle verduidelik dat sy en 'n paar ander al meer as 'n maand gelede hier weggeneem is, glo om

---

[80] LP: Goebels het Totaler Krieg reeds in Februarie 1943 aangekondig: https://en.wikipedia.org/wiki/Sportpalast_speech Die idee is veel ouer: https://de.wikipedia.org/wiki/Totaler_Krieg

loopgrawe op die oosfront te grawe. Vir Gerda het ek die laaste maal gesien daardie dag toe ek van my pa se dood verneem het. Daar bly in my wese 'n verband tussen die twee: 'n jarelange vader/seun verbintenis aan die een kant, en die vernietigde vooruitsig op toegeneentheid.

In die somer, voor Totaler Krieg, het ons die Ohlauer Strandbad tot ons beskikking gehad op Dinsdae, en het ek en Freddie Laite ongeveer 400 tot 500 meter heen en weer geswem.[81] Saterdae het ons op ŉ skool se sokkerveld rugby gespeel, en weeksdae, een keer per week, basketbal agter ons nommer 1 en 2 bungalows. Met die instelling van Totaler Krieg werk ons langer ure, en ook Saterdae heeldag, en soms Sondae. Teen Sondae maak ons beswaar, dreig, en kom met lae werklewering. Dit werk, en ons werk weer Saterdae halfdag en Sondae glad nie. Weens steeds intenser Totaler Krieg doen ek weer net deeltyds tolkwerk, en werk saam met my ou groep bedags by die Tauentzienplatz.

In ons ruim middagete lokaal kyk ons weer vas teen die figure teen die muur: 'n geboë spitsneus figuur met 'n sak steenkool op sy rug, alles in swart silhoeëtte, “Tür zu. Der Kohlenklau ist hier.” (Maak die deur toe. Die steenkooldief [winter] is hier.) Nog ŉ swart tekening wys ŉ hand-agter-die-oor-spioen-karakter met hoed laag oor die oë getrek. “Diamantspeurder” noem ons hom n.a.v. ŉ bekende kollega in S.A. “Vorsicht, der Feind hört mit.*”* (Oppas, die vyand luister ook.) Dit herinner aan soortgelyke waarskuwings in Pretoria en Durban se eetplekke en kroeë.

Ons kry pamfletjies waarin 'n beroep gedoen word op krygsgevangenes en “ziviel Ausland Arbeiter” om as vrywilligers na vore te tree vir 'n sogenaamde vrye legioen om die dreigende Russiese gevaar die hoof te bied saam met die Duitse magte. Ons waarsku maats en kennisse daarteen; onnodig eintlik, want daar is nie vrywilligers nie. Ons is vas oortuig dat ‘n Duitse offisier wat belas is met KG sake, en wat ons eendag besoek, 'n spesifieke opdrag in dié verband het.[82] Hy vra so terloops of ek al van die legioen gehoor het. Ek antwoord bevestigend en dat dit sekerlik doodgebore is. Ons gesels verder op ons gemak oor allerlei aangeleenthede en ek antwoord eerlik dat kamptoestande bevredig. Hy kuier klaarblyklik lekker, drink tee saam met my en Aubrey, en vra uit, en luister belangstellend. As ek sê ek kom uit Suidwes-Afrika, wil hy weet watter plek, en sê dan dat daar in 'n myn net oor die Tsjeggoslowaakse grens is, 'n man werk wat van Stampriet af kom, ken ek hom, vir Hennie Dreyer. Hy onderneem ongevraagd om te reël dat Hennie eendag vir my kom kuier—waarvan ek skaars notisie neem, want dit is darem heel buite orde onder ons omstandighede. Na die offisier se vertrek, spekuleer ek en Aubrey of sy hart in die Führer se saak is. Ons meen dat hy, SS of nie, maar net deur die stroom meegesleur is. Op 'n oggend haal een van die wagte my by die werk, en Hennie Dreyer is saam met geleide in ons kamp. Ons ruil familienuus uit want ons ken mekaar van kleintyd af. Hennie sê dat hy en Rosie Frick (dogter van oom Milton, die boorman van

---

[81] LP: Die strandbad in sy huidige voorkoms: https://www.rutscherlebnis.de/erlebnisberichte/termy-jakuba-ohlau .
[82] LP: Vir inligting oor die sg. British Free Corps, kyk https://en.wikipedia.org/wiki/British_Free_Corps .

Stampriet) oor die pos verloof geraak het en dat hulle trou sodra hy grondvat in Suidwes. Dié namiddag vertrek Hennie en sy geleide weer na Tsjeggoslowakye.

Op 'n dag moet ek vir 'n dokter en 'n vreemde Engelse krygsgevangene in die hospitaal gaan tolk. Die Posten wat met my saamgaan, maak na afhandeling van die takie van die geleentheid gebruik om 'n kennis in 'n saal te besoek. Die matrone kyk na my bunny jacket.[83] “Hy wil seker sien wat hulle doen”, sê sy hatig. Sy lig die laken onderkant ‘n kop met oë wat leef en kyk, maar met lippe wat oop en toe gaan sonder geluid. Die brokkie gebroke mens skok my. Ek het al mense met gebreke gesien, maar dit wat ek hier sien het ek nooit verwag, nog nooit van gehoor nie. Sy wys my nog twee, en wonder hardop teenoor die Posten waarom ek nou so ongelukkig lyk. Ons wil dit dan so hê. Wanneer sy by 'n minder ernstige geval verbyloop, dwing dié se oop hand en “Kamerad” my nader. Hy beduie ek moet sit, en trek 'n vinger oor die rooi lussie op my skouer - wat in Suid-Afrika 'n vrywilliger aandui, ’n mak Kakie, soos die O.B. ons genoem het. “As jy hierdie dra, is jy 'n Suid-Afrikaner", sê hy en gaan voort “Ek was in die Afrika Korps en het self 'n paar gevang.” Hy praat van die ordentlike oorlog in Noord Afrika, waaruit hy heel uitgekom het.[84] Nou lê hy hier sonder bene en hulle sal hom seker nie weer front toe stuur nie. Ons praat van Rommel en die oorlog in die woestyn, terwyl die Posten en die suster aandagtig luister, verbaas en geboei deur die kameraadskaplike gesprek tussen veronderstelde vyande. By dié tyd was ek al gewoond daaraan: gekruktes, beenloses op rolstoele, blindes, wat ons by werkplekke en bus terminusse sien, wat die lussies raaksien en oorsteek om oor 'n beter dae te gesels. Die Posten gaan gesels met sy vriend, en as ons die saal verlaat is die suster se handdruk vriendelik en haar wens om ons weer te sien is opreg. Sy’t vir die eerste maal die vyand leer ken en in hom ook 'n mens gevind.

Rommel was al dood tydens die besoek aan die hospitaal en ek moet eers teruggaan na ons stukkie ervaring van die aanleiding daartoe dat hy op 14 Oktober 1944 die aangebode gifpil verkies het bo die alternatief van die Volksgericht (volkshof).[85]

Op 21 Julie 1944 begroet die luimige Obergefreiter Kassner vir my en Aubrey met vinger-oor-die-gorrel gebare en “Kinder, Kinder heute werden die Kopfe rollen.” Dan vertel hy van die Attentat [aanslag] op Hitler se lewe die vorige dag. Sy vertelling is amusant, lewendig, borrelend, soos ons hom ken. Hy is wêreldwys en sonder agting vir hoës, opgesmuktes en skynheiliges, belangrike parasiete wat van bo af suig, soos hy dit stel. Hy is geensins verbaas of beïndruk deur die gewigtigheid van die oomblik nie. Vir hom is dit, soos dit vir my en Aubrey lyk, ’n sirkus. Laat

---


83 LP: https://en.wikipedia.org/wiki/British_Battledress

84 LP: Die idee van ‘n “hereoorlog”, ‘n “ordentlike oorlog” in Noord Afrika asook Rommel se persoonlike reputasie verdien, soos alle oorloë en leiers se reputasies, kritiese oorweging. ‘n Beginpunt is https://en.wikipedia.org/wiki/Rommel_myth. Twee ietwat teenstrydig perspektiewe, maar met verskillende fokuspunte, is https://www.youtube.com/watch?v=4OcZ7d2lYsA (wat fokus op aksies teen Joodse bevolkings in Noord-Afrika) en https://www.youtube.com/watch?v=z_K1UlRhH18 (wat fokus op verhoudings tussen soldate).

85 LP: https://en.wikipedia.org/wiki/People%27s_Court_(Germany)

namiddag bring hy vir my die *Schlesische Tagezeitung* wat ek vir ongeveer 40 jaar bewaar het en toe vir Louwrens gegee het om aan 'n oorlogsmuseum in Johannesburg te besorg.[86] Ons verneem van Oberst Klaus von Stauffenberg en sy bom in die aktetas, en lees verontwaardigde tirades oor "gemene, verraderlike bendes moordenaars." Rommel styg in ons aansien, en die moord op hom maak dat ek onbeskaamd teleurgestel is dat die poging op Hitler se lewe misluk het.

[86] LP: Wat ek nie gedoen het nie. Ek het dit laat raam en is nog in my besit. In 'n kantnoot by Chris Pretorius se manuskrip: "Hou dit liewer as jy dit nog het."



# Schlesische Tageszeitung

AMTLICHES BLATT DER NSDAP UND SÄMTLICHER BE…

Extra-Ausgabe

# Der Führer setzt sein Werk fort

## Die Verräterclique wird ausgerottet

### *Ansprache Adolf Hitlers an das deutsche Volk*

**Komplott eines kleinen Klüngels verbrecherischer Offiziere gegen den Führer und die Wehrmachtführung zerschlagen - Himmler zum Befehlshaber des Heimatheeres ernannt**

### *In unwandelbarer Treue*

**Das Komplott zusammengebrochen**

Al die tyd wat ons hier werk, kry ons gereeld ons rooikruispakkies. Ons ruil soms sjokolade, spek [bacon], koffie of tee, meestal vir daardie donker, groot, en voedingryke rogbrode wat so lekker smaak—nou nog. Ma bring dikwels een van die werk af. Mettertyd, namate vriendskappe tussen

ons en ons wagte en die mense by ons werkplekke groei, word die rogbrode, die tuisgebak, die sakboekies, poskaarte van Duitse kant af, en die tee, koffie, sjokolade, ander geskenke van ons af, tasbare tekens van verhoudings wat soveel meer bevredig omdat dit verbode is. Ons rooikruis sjokolade, koffie en tee is die enigste egte sjokolade, koffie en tee in Duitsland. “My kleinkind is 4 jaar oud. Vanaand proe hy vir die eerste maal in sy lewe sjokolade” sê Herr Schubert. Ruilhandel word algemeen tussen KGs en Duitse wagte en ander mense in ons omgewing.

Laat November, of dalk vroeg Desember, 1944, daag ’n ruim “bulk parcel” van die Rooikruis op. Die kosware gaan kombuis toe, waar dit vir die res van ons verblyf die Duitse rantsoene aanvul. Vervoertoestande in Duitsland is haglik, en ons ag ons gelukkig om nog so goed bedeeld te wees. Lank na die oorlog laat Duitse generaals van die oosfront se boeke my eers besef hoé gelukkig ons was. Dan was daar Ernst Karlowa wat op Walvisbaai groot geword het, net voor die oorlog ’n Stuka vlieënier in Duitsland gaan word het, en in die tyd waarvan ek skryf met vragvliegtuie kos en mediese voorrade oosfront toe gevlieg het. Stalingrad toe ook, ’n bietjie vroeër. Daar aan Suidwes se seekus van die dood, in sy mooi luukse hut wat hy van herwonne wrakhout vir hom gebou het, het hy, in Desember 1966, vir my, Pieter, en Piet Crous (toe DK, Walvisbaai) vertel hoe hy lang ure Stalingrad toe gevlieg het, daar vir 2 uur in 'n stoel of op die vloer geslaap het, weer terug gevlieg het, weer met sy vrag gekom het, oor en oor en oor. Dit was baie koud daardie aand naby Angra Fria toe Karlowa sy deel van ons deel van die koue Totaler Krieg vertel het. By hom was sy gesellin, 'n vriendin uit daardie jare in Duitsland.

In die “bulk parcels” was daar genoeg wolserpe, balaklawas, bunny jackets, truie, hemde, broeke, wolkouse, onderklere en stewels om elkeen een stel uit te reik. Ons snyer, Steve Fourie, na die oorlog afgetree by die SAP SAKB, het pas gemaak waar nodig. Daar het nog genoeg oorgebly om in ons voorraadkamer te bêre vir later. Nou dat ek daarvan skryf, besef ek vir die eerste maal een aspek van God se genade: sy wyse keuse van tyd. Daardie nuwe stewels is net op die regte tyd in gebruik geneem om uitgetrap te wees vir die lang mars wat op 25 Januarie 1945 begin het. Oor die genade van die nuwe warm klere het ons wel toe al gepraat, gedink, gedank.

'n Foxterriertefie het vroeg in die jaar besluit dat 4023 haar tuiste gaan wees. Steve Fourie was as snyer voltyds in die kamp, lief vir honde, en hy het haar Zenda gedoop. Sy was lewendig, spelerig en het baie aandag gekry en gegee. Krismistyd het sy verdwyn. Sy was die enigste inwonende wat die kamp na willekeur kon verlaat en weer binnekom. Baie ander honde het hierdie Krismis verdwyn. Gevang, geslag, gekook of gebraai, en geëet. Zenda was vir ons 'n groot verlies en almal was verontwaardig en gegrief. Steve het die meeste getreur.

Vir Ou Kersaand was daar ekstra kos, 'n bietjie Schnapps, en in ons bungalow ‘n emmer karie wat lank gegis het. ['n Vrugte en suiker brousel?] Die aand is vrolik gevier, so vrolik as wat heimwee dit kon moontlik maak. Dit is seker heimwee wat Harris, bottel in die twee hande, buite toe laat hardloop

het. “Kom boys, ons pass 'n bietjie.” Ons hardloop, swenk, en pass buite op die wit sneeu, kom met die heel bottel weer in, maak koffie op die stoep, drink dit geselsend, en kruip in terwyl De Witt (ook SAP SAKB) vir oulaas kole ingooi. Miskien ook nie vir oulaas nie, want vannag sal Harry seker weer geruisloos opstaan, koffie maak, drink en op sy bed se voetenent sit en dink. Hy’t min jare saam met sy vrou en kinders gehad na die oorlog, soos baie ander: Jan Fritz, I. D. van der Walt, Jock van der Walt, Bosch, Kuyt, Garth Shaw. Dalk was Garth nog nie eens getroud nie. Hulle het almal jonk gesterf.

Vroeg op ’n Sondagoggend, dalk die Kersoggend, skreeu ’n wag opgewonde by een van die kamp se hoeke. Daar’s 'n gat in die draad, en spore die Ohlau in. Ons tree aan. Die Duitsers tel. Onmoontlik. Ons is voltallig. Dit kan nie wees nie. Dit tel weer en weer. Die tellers word al meer senior in rang namate eers die Unteroffizier, dan die Feldwebel, en dan, uiteindelik, sy hoogheid der Herr Hauptmann self opdaag. Hulle tel en tel en tel aan die klein groepie. Wanneer sy seniors nie vir hom kyk nie, maak Obergefreiter Kassner vir ons tekens wat sê dat hy nou weet wat dit is, maar staan maar, mors maar julle Sondag, julle wil mos. As hulle vir hom kyk, krimp hy, want hulle raas met hom. So 1 nm. stel hy voor hulle moet die wagte wat gewoonlik by die werk diens doen, laat haal. Dié daag so 3 nm. op en identifiseer elkeen in sy groepie individueel. Hauptmann is vies, maar dit lyk tog of hy wil lag, en Obergefreiter verduidelik sy vermoede. Hy voeg by dat dié klomp vol is van dié soort grappe. Hulle vertrek. Dan skel ou Dick Benson op die stout kinders in sy bungalow. Spencer, Halling en Jack King het gedurende die nag die gat in die draad gemaak, diep spore Ohlau in getrap (’n baie kort afstand) en agteruit in hulle spore teruggekeer. Die gat is herstel en die heining van struike om die draad is uitgekap. Toe ek later, na die oorlog, op Hofmeyr/Stampriet gestasioneer was, het twee familielede van Dick naby Lidfontein geboer. Mev Benson van die plaas Victory, Kallie Human se skoonma, se oondgebakte beesrib was van die lekkerste wat ek op patrollie geëet het.




**Dick Benson en sy bende**

Dick Benson, uit die Oos-Kaap of Transkei, was reeds ouer as 50. Sy bende se grappe en kwajongstreke was in die tradisie van “mad dogs and Englishmen”. Dick was buierig. Eendag weier hy om te gaan werk en gaan sit voor die hek. ʼn Wag se ligte skoppie laat hom vloek, wat lei tot harder skoppe en meer vloeke. Voordat die wag se skop en slaan orgies word, soos altyd in sulke voorvalle, pleit ek genade—onoorspronlik na aanleiding van Van Eck se malpleit in Italië—omdat Dick periodiek mal is. Dis weer vandag sulke tyd. Die wagte bedaar, en laat Dick tuisbly. Dick is

kwaad vir my en wil slaan. Hy bly kwaad totdat sy stout seuns voorstel dat ons hom sanatorium toe vat as dit weer gebeur. Dick herhaal nie sy gedrag nie.

In Januarie 1944, op die eerste werksdag by Arbeitskommando 4023, het ons, tussen die skool en die Ohlau, twee slote vir bunkers gegrawe. Skankwan, Williams en ek grawe die een, en die drie Engelse wat ek genoem het, grawe die ander een. Die drie Engelse het kort-kort op hulle grawe geleun en kort-kort hardop gewonder of ons “Dings” is, en watse taal ons praat. Souties verdra nie dat mense anders as Engels praat nie. Dis asof hulle dink daar word lelik van hulle geskinder. Dit maak hulle lus om te baklei. Williams en ek het gewonder wanneer hulle, soos die Soutie matrose in kroeë in Durban, sou kom slae soek. Twee van hulle is grof gebou en landelik van spraak. Die ander een was langer, skraler gebou, fyner van veltekstuur, en sy Engels uit public school, Oxford of Cambridge. Die mooi blink pyp wat hy uit sy sak gehaal het, het hy elke keer nog 'n bietjie met sy army issue sakdoek gevryf, en troetelend gestop, met finesse die vlam in die tabak ingesuig, en met net soveel hoëvlak ervaring die blou rook en aangename geur van rooikruisoorsiene navy cut die lug ingeblaas. Alles so afgrond. Ek het sommer lus en skaf vir my ’n pyp aan.

Middagete, na ete, haal die Engelsman sy pyp uit, kom sit so tree van my af op die bank, met daardie afgetrokkenheid wat moet aandui dat hy nie juis weet van my nie. Nadat hy liefderik gestop en aangesteek het, sê hy bedaard, terwyl hy nog altyd voor hom kyk: “We thought you were a lot of Dings over there.” Nou kyk hy, onnuuskierig, vraend, na my. Alles aan die man is afgerond, gepolish, soos die pyp in sy hande. Sy aanwesigheid, die vooruitsig op geselskap, is so rustig aanneemlik soos die geur uit sy pyp, soos dié van my pa, maar daar eindig die ooreenkoms. “Dings.” Ek ken nie die woord nie. Dit lyk of die begrip vir hom ook maar vaag is. Iets soos half Dutchman, half Oosterling. Nooit juis spesifiek uitgevra nie, net so aanvaar, sien?

Hy gesels met insig en kennis. So sou ons vir 'n jaar lank mekaar se geselskap opsoek en waardeer, sou daardie pyp en dié se hantering vir my 'n simbool word van rustige, verrykende, onderhoud, bespreking, en vertelling. Sy, almal Engelssprekende, kamermaats hou nie van hom nie, gesels nie juis met hom nie. Hulle beskou hom as iemand wat voorgee wat hy nie is nie, 'n spioen dalk. Party het vas geglo dat hy een was. Ek nie. Toe sou dit 'n verskil gemaak het. In retrospek weet ek dat spioen of nie, hy 'n goeie vriend was sonder wie my ervaring en herinnering armer sou wees.

Vir my en die meeste van ons, het dit belaglik gelyk dat 'n spioen in ons geledere vir die Duitsers van waarde kon wees. Hulle het egter 'n wye, uiters doeltreffende netwerk gehad. 'n Spioen kon tydig inligting deurgee oor ontsnappingspogings en, belangriker nog, oor netwerke en individue van weerstandsbewegings wat met sulke pogings gehelp het. Ons sienswyse was dat sulke pogings uit die middel van axis-Europa van meet af gedoem is; al is dit bloot omdat daar teen 1944 nie meer jong weerbare manne in siviele klere of uniform in Europa se strate, treine en busse te vinde was nie. Was daar, sou diesulkes op elke hoek en draai gestop, deursoek en geïdentifiseer word. Met

die aard van ons werk, so oor die hele stad, kon 'n spioen te wete kom van voorgenome of uitgevoerde sabotasie.

Was ons betrokkenheid by Bunkerbau oorlogswerk in diens van die vyand? Ons redenasie was dat ons nie oorlogswerk verrig nie. Die bunkers was wel vir beskutting van 'n senior Parteigenosse hier en daar, maar oorwegend skuilplek vir oues, vroue en kinders. Ons werk is deur ons beskou as aanvaarbaar in terme van die betrokke opvattings, dit het ons gesond en weerbaar gehou en, belangrik, verhoed dat ons in massakampe krepeer. Ons kon enige tyd uitglip, maar net vir 'n kort afstand, om dan hande agter die rug om ŉ boom of ŉ paal vasgemaak te word, en met die vuis in die gesig geslaan te word totdat jy dood of vermink inmekaarsak, of erken dat jy gehelp is deur ŉ persoon of organisasie waarvan jy nou, terwyl jy geslaan word, vir die eerste maal hoor uit die mond van jou inkwisiteur. Die Gestapo of SS wat jou vang en ondervra is van heel ander mentaliteit as Herr Schubert en Obergefreiter Kassner. Die Nazi inligtingsbedryf is nie naïef genoeg om te aanvaar dat ons nie sal ontsnap of saboteer nie. Vir oorlewing en heel-by-die-huis-kom, werk ons sonder sulke planne totdat, natuurlik, 'n moeitewerd geleentheid opduik.

Op 24 Januarie 1945, met die aanbreek van die eetpouse, as ons almal reeds by die tafel sit, gaan sit Cyril Halstrup, soos party ander dae, daar oorkant op die ingeboude bank wat rondom die groot vertrek strek. Cyril eet nie. Hy haal sy pyp uit, en, soos party ander dae, beduie hy met die groot pypsteel dat ek daar links van hom moet kom sit. Wat hy te sê het laat my opkyk, kyk of die ander hulle aandag by mekaar bepaal. Omstandighede ets die prent vir altyd in my bewussyn: Herr Schubert reg voor die toegeverfde venster, Skankwan soos gewoonlik langs hom aan die ongedekte hout tafel, en die twee Engelse boere met hulle rûe na ons toe. 'n Skemerdag.

Cyril het voorheen vertel van die meisie en haar pa in 'n woonstel op die Tauentzienplatz. As hy vir Herr Schubert sê sy maag is vandag weer nie lekker nie, hy gaan “klo toe”, bly hy soms lank weg. Herr Schubert verstaan. Later, op die mars, en nou nog, wonder ek of Herr Schubert alles geweet, alles verstaan, het. Cyril sê nou vir my dat dit vandag ons laaste dag hier by die werk is, die wagte by die kamp sal ons vroegmiddag haal en kamp toe neem. Môre val ons in die pad, weste toe, weg van die Russiese kanongebulder wat ons die afgelope paar dae oos-noordoos van ons hoor. Sy vriendin, 'n student, se pa het glo toegang tot 'n vliegtuig op die lughawe. Hulle gaan met die vliegtuig probeer wegkom in die rigting van die Amerikaanse front. Hulle sal dit seker maak. Cyril het ons in die kamp vertel dat hy 'n Royal Air Force vlieënier was, dat hy iewers 'n noodlanding gedoen het, ander klere in die hande gekry het en, toe hy gevang is, voorgegee het dit hy 'n infanterie manskap was. In 4023 was daar niemand wat hom voorheen geken het nie. Omdat die minder as tien Britte, waaronder een Skot, onder ons in elk geval aan ons onbekend was, was dit nie vreemd nie. Wat wel vreemd was, het sy kamerade geredeneer, was dat niemand hom in die suikerfabriek, waar ons almal net vantevore gewerk het, opgemerk het nie. As ek en Beauchamp (so 3 jaar voor die oorlog

uit Engeland in Suid-Afrika aangekom) en George Morgan tydens die lang mars daaroor redeneer, val dit my weer by dat Cyril nooit op die wanneer en waar van my vrae geantwoord het nie.

Dinge het gebeur soos Cyril gesê het. Op 24 Januarie is hy vroeg “klo toe”, en het nie teruggekom nie. Twee wagte het ons kom haal, in die harwar nie getel nie, nie vrae gevra nie, en Herr Schubert is direk huis toe sonder om bekommerd te lyk. By die kamphek was die wagte besig om hulle besittings op 'n perdewa te laai. Saam met ander werkspanne is ons die kamp in. Eers binne is daar getel en gevind dat een weg is. Die volgende dag, op die wit, volgepakte, sneeupad, het een van die wagte my kom vertel dat 'n Englander Kriegsgevangener, vermoedelik ons vermiste kameraad, saam met 'n man en 'n vrou op 'n vliegveld betrap en geskiet is toe hulle 'n vliegtuig wou steel. Ek sou bly wees as die storie maar net vir ons opgemaak was, dat Cyril, volbloed Engelsman wat hy sekerlik was, ’n spioen was en bly lewe het. Of was hy dalk 'n dubbelagent wat tog daar aan sy einde gekom het?




**Hase rugbyspan, Arbeitskommando 4023 1944**

Aubrey Theron in die middel agter Garth Shaw, sy vriend uit hulle dae by Witwatersrand myne.




**Honde rugbyspan (a), Arbeitskommando 4023 1944**

Die twee spanne het baie goed teen mekaar opgeweeg en min of meer ewe veel gewen en verloor. Ek het die name van die burgerlikes ("hase") opgeskryf uit vrees dat ek sou vergeet. By die een foto (a) van 'n polisie ("honde") span het ek nie die name opgeskryf nie, en vergeet. Sandy Warrington (voor links) en Woodcock (nie op 'n foto nie)[87] het by geleentheid 'n verskilletjie met bokshandskoene besleg. Woodcock het gewen. S. D. Harris [foto b] het glo in die 1930s vir Vrystaat losskakel gespeel. Hy was die getroude man in ons bungalow nr. 3. Hy't soms in die nag stil-stil koffie gemaak op die silindriese koolstofie, na sy vrou en kinders sit en verlang. Kola het in Windhoek alles van rugby geweet, en 'n spel ontleed soos niemand anders dit kon doen nie. Hier in 4023 speel hy skrumskakel. Hy is glad nie atleties nie, maar sy aangeë na Harris is klassiek en akkuraat. In Windhoek het hy nie gespeel nie. Pieter ken hom en sy seun.

[87] CP: Broer van Bruce Woodcock, Britse swaargewig-bokskampioen ongeveer 1948.
LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Bruce_Woodcock_%28boxer%29




**Honde rugbyspan (b), Arbeitskommando 4023 1944**




**Arbeitskommando 4023 basket bal 1944**

Ons het gewen. Tweede van links agter staan ek. Aan my linkerkant staan Fitzpatrick. Hy het ook langs my onder die stort gestaan daardie dag op Taranto. Hy is langer as ek, en net so skraal. Op die regte plek in hierdie storie wou ek spesifiek na hom verwys, wou ek vertel van sy aaklige boud- en bladknoppe. Ek het nie, omdat ek sy naam nie onthou het nie. Ek het bly sukkel met Mac in plaas van Fitz. Toe ek nou my album deurblaai, sê Fitz vir my hoe noodsaaklik dit is om al die foto's hierby te hê. Voor, regs, is Farrell. Hom het ek laas in Desember 1946 op Kraaifontein spoorwegstasie gesien toe ma en ek huiswaarts keer ná ons troue. Haddow (links voor) en Dougie Salmon (regs agter) was albei besonder rats, vlugvoetig. As ek reg onthou was hulle van die Natalse suidkus. Halling en Spencer kom iewers uit Natal of Oostelike Provinsie. Meades, tweede van regs agter, was 'n sterk karakter iewers uit die Witwatersrand. Rosenbaum was joviaal.




**Arbeitskommando 4023 sokker 1944**

Aubrey Theron in tipiese houding. Daardie arm makeer niks. Oelofse het saans Charles Atlas oefeninge gegee.




**'n Arbeitskommando 4023 konsertgroep 1944**




**'n Arbeitskommando 4023 konsertgroep 1944**

Dronkie Smith se naam is 'n anomalie. Tot my wete het hy nie gedrink nie. Op die mars is hy tydens die Thunderbolt aanval in die nek gewond. Ek kon nooit vasstel of hy dit oorleef het nie. King, een van Dick Benson se stout kinders, was uit Natal. Eppie Genis (links voor) en Piet Keller (2de van regs voor) is twee polisiemanne uit die Kaap. Bosch (2de van links voor) het daardie dag op Railhead my plek as LOB ingeneem. Soos in die army trokke in die Transvaal en in die Noorde, het hy in 4023 vir ons kitaar speel, met sy voorkeur aan Die Ou Meulstroom. Van McDonald [Mac] onthou ek net stil vriendelikheid.

### Die lang mars Januarie 1945 - Maart 1945

Op 24 Januarie 1945 was daar in die kamp groot bekommernis en groot bedrywigheid. Die gedagte aan die lang, koue, pad het ons net die ergste laat verwag. Nooit het ons verwag dat ons snags onderdak sou slaap nie, en almal het gevrees dat een dag in dié koue almal se lewe kon kos.

In Breslau, seker die hele Europa, trek vroue in die winter babas, kleuters en inkopies op ligte sleë, spesiaal vir dié doel vervaardig en in die handel beskikbaar. Baie van die manne wat nader aan die kamp gewerk het as ons, het met sulke sleë in die kamp aangekom, ander het geleentheid gekry

om met ware soos sjokolade, bully beef, koffie, of tee die stad weer in te vaar en te kwansel, onder geleide van wagte wat met dieselfde soort ware tot gewilligheid beweeg is. Aubrey het vir my syne gewys, 'n betreklik lomp en sware wat, ek dink dit was die einste Dick Benson, uit kasplank vir hom aanmekaar getimmer het. “Jy en Garth pak julle goed by myne op die slee, en ons trek saam.”

Die klere en kos in ons voorraadkamers is uitgedeel, en elke man kon die tog aanpak met 'n nuwe stel klere aan sy liggaam, een ekstra in sy rugsak of op die slee, en minstens een paar baie diensbare stewels aan sy voete.

Om lang stories langs die lang pad baie korter te maak, sê ek eers een en ander oor ons reis; oor toestande op die sogenaamde “death march”, soos skrywers al dié en makliker stappe beskryf het. Daar was nie so iets soos 'n “death march” nie. Die meeste stappers het heel in hulle land van herkoms teruggekeer en (grootbek soms) hulle eie weergawe van verskriklike ontberings, eie dapperheid, vyandswreedheid, vertel. Dié wat langs die pad gesterf het was min, vergelykbaar met normale sterftesyfers.[88] Die dood in ons groep is veroorsaak deur 'n Amerikaanse lugaanval. Dié wat verder as ons (byna 800 kilometer, oor 43 dae) gestap het, het net oor die grens uit Pole en Tsjeggoslowakye gekom, en binne die eerste paar dae by ons kolonne aangesluit, weggedraai, weer aangesluit. Wat ek nie toe uit persoonlike kontak van hulle algemene toestande gehoor het nie, het ek later in Brighton te wete gekom. Dié uit massakampe, wat nie gewerk het nie, was dalk minder fiks as ons, nie so goed geskool en georganiseer nie, en het daarom dalk meer gely. Baie van hulle was ook oor gedeeltes egter per trein vervoer. Daar was mense op ons pad wat swaarder gekry het as ons. Nie oues nie. Hulle kon dit nie op die pad waag nie. Dit was vrouens met hul sleetjies, kinderwaentjies, soms babas of kleuters op die rug. Laasgenoemde was die uitsondering, en hulle was net die eerste dag in die donker, koue, kolonne met ons. Dié wat goed gedink het, het kinderonthalwe, liewer gebly en hulle lot aan die aanstormende Russe oorgelaat.

Een van die honderde vroue daardie eerste dag, het vertel dat sy en 'n vriendin al 'n maand of meer op pad was uit Oos-Pruise. Die dag tevore (24 Januarie) het hulle die volgepakte trein op die volgepakte Breslau stasie probeer haal, haar vriendin met baba agter die rug vasgemaak. Dit was 'n drukkende, selfsugtige, menigte wat stampend en stotend, sonder inagneming van ander, elkeen

[88] LP: Soos dikwels die geval is by die vertel van individue se herinneringe, veralgemeen Chris Pretorius hier op grond van sy ondervinding en die vertellings van individue in Brighton. Ongekende getalle KGs in Europa het bitter ondervindinge deurgemaak in hulle kampe en tydens ‘n verskeidenheid gedwonge marse tussen Januarie en April 1945. Honderde, miskien duisende, het gesterf. ‘n Gebalanseerde perspektief is nodig. Die mees omvattende, deeglik nagevorste, werk oor die WO2 lang marse gedurende die tydperk waarmee ek bekend is, is John Nichol & Tony Rennell, *The Last Escape: The Untold Story of Allied Prisoners of War in Europe 1944-45.* London, Penguin Books, 2003. Dit is ook wenslik om te onderskei tussen gedwonge langmarse van KGs en gedwonge doodsmarse van mense in konsentrasiekampe: https://en.wikipedia.org/wiki/Death_marches_during_the_Holocaust I.v.m. massa-ontrruiming van mense uit die oostelike Duitse gebied, kyk https://en.wikipedia.org/wiki/German_evacuation_from_Central_and_Eastern_Europe

ʼn sitplek of staanplek probeer haal het. Die vriendin het op 'n stadium bewus geraak van 'n aaklige ligte gevoel op haar rug. Haar histeriese krete het die krioelende menigte om haar laat oopmaak. Afkyk. Die lykie was reeds vormloos getrap. Om ons, deur die wagte altyd op die pad gehou, het die vlugtendes mekaar verdring om ook op die pad te kom. Daardie eerste voormiddag het ons meer gestaan as geloop, gestaan en stamp en ruk om warm te bly. Die samedromming op die pad het egter binne die eerste drie dae uitgedun. Met die hulp van ʻn wag het ons die vrou tussen ons gehou tot op Kriptau [Krzeptów] daardie middag. By die hek van ʼn hoë klipmuur om ʼn huis en buitegeboue, het die eienaar hom oor haar ontferm en sy huis ingeneem. Terwyl ons dankbaar-verbaas ons intrek in ʻn skuur geneem het, het ons gewonder waar slaap die honderde wat nie, soos ons, militêre beskerming het nie.

Een groep wat ons vanaf die tweede of derde dag met tussenposes weer en weer gesien het tot naby Ziegenhain, het soos dié uit Pruise en Pole, ver gekom, uit Joegoslawië. Party van dié sowat 40 vroue het daardie eerste dae op die wit sneeu al doeke om hulle voete gehad. Hopentlik om skoene en hul voete warm te hou, het ons gespekuleer. Wanneer hulle naby ons gerus het, het ons en die wagte met hulle probeer praat. Ons het geen woord uit hulle gekry nie, net leë afgetrokke kyke. 'n Mens wil so graag reaksie uit jou medemens hê. Hulle het net saamgedrom en vyandig gelyk. Ek het hulle herken, sommige individueel, daardie dag toe ek, na ontsnapping, Italiaanse stewels uit 'n Italiaanse trok op ʼn Duitse stasie, “property of the American Army”, wederregtelik aan hulle en ander uitgedeel het. Nou sal hulle gesels, dankbaar wees, het ek gedink, en weer probeer gesels; maar op 'n ry het hulle een vir een ʼn paar stewels gevat en, sonder 'n woord of blik van dank, omgedraai en by hulle stil bondel aangesluit. Ek het die luitenant van ʼn Franse Vreemde Legioen besettingspeloton na hulle gevra. Volgens hom het hulle 'n paar dae tevore opgedaag, ʼn Hilferinnenbarak beset, en alle moontlike kontak afgeweer.

Ons het elke nag warm, onderdak, meestal op hooi onder ons eie komberse, ten volle geklee, in hooiskure, stalle of ander stoorplekke geslaap. Een nag, op die grondvloer van 'n stal, het party van ons, vir ekstra hitte, teen beeste gelê, en ons hande oor hulle neusgate gehou vir warmte voordat ons die stal verlaat het. In 'n baie ou boek het ek gelees dat reisigers so gedoen het in groot skure wat in die Middeleeue as herberge en stalle gedien het.

Kanse vir ontsnapping was daar baie, maar niemand wou eintlik ontsnap in 'n gebied wat klaarblyklik deur die Russe oorstroom sou word nie. Twee manne is vroeg op die toer agtergelaat, hospitaal toe weens ernstige vriesbrand (frost bite).

Minder as tien toeskouers op ons pad het vrae soos “Waarom jaag julle hulle nog aan, waarom skiet julle hulle nie liewer dood nie?” gevra aan die wagte wat gemaak het of hulle nie hoor nie. Die res was stil of het vriendelik gegroet.

Vervoertoestande, voorraadvoorsiening, oor die hele Duitsland was haglik, en dié wat nie self, soos boere, kos produseer het nie, het dit al aan die maag gevoel. As ons, tydens ons tog, net twee of drie keer per week rantsoene gekry het, was ons wagte in dieselfde posisie. Ons het hulle dan van ons kos, wat ons by ons slaapplekke gesteel het, gegee: aartappels, wortels, koolraap, uie, en eiers. Soms is melk uit onbewaakte kanne in ons waterbottels gegooi, of net daar gedrink. Die wagte het ons nie gesien nie—waarskynlik omdat hulle, vir minstens 'n halfvol maag, van ons annekseerdery afhanklik was. Ons het stadig gestap, kon maklik ingehaal en tot verantwoording geroep word, maar, met twee uitsonderings, het dit nooit gebeur nie. Die eerste was toe ganse gekook word. Aubrey het die “veediewe” voor stok gekry, en 'n verbod geplaas op diewery van lewende hawe en op buitensporige buitery. Dit was deurgaans my plig om versoeke te rig vir potte, water en brandstof. Die kokke moes toesig hou oor die ordelike verloop van kosvoorbereiding. Aubrey en ek het om die beurt inspeksie gehou om te waak teen misbruik van gasvryheid en teen brandgevare. Dissipline kon streng gehandhaaf word omdat almal voortdurend kon sien en ervaar dat Aubrey alles in sy vermoë doen vir die welvaart van sy kommando. Sy diplomatiese gesag was aanvaar, en uit ontsag vir die meerderheid sou geen enkele of groepie daarteen in opstand kom nie. Ander kommando's wat by tye vir 'n nag of meer akkommodasie en ons goeie organisasie gedeel het, het vinnig die posisie opgesom en by ons reëlings ingeval. Aubrey is, terug in die Unie, vereer vir sy organisasie en leierskap.

Waarom het ons gashere ons nooit agterna laat sit en tot verantwoording laat roep nie? Miskien het die wagte by aankoms al die gasheer van ons haglike toestande vertel en van die goeie verhouding tussen ons en hulle. Was hulle dalk al dofgeslaan deur militêre eiegeregtigheid? Was die militêre uniform van ons wagte en ons eie uniforms en ons gedissiplineerde doelgerigte optrede dalk vir hulle 'n simbool van dié militêre eiegeregtigheid, en so 'n demper van klagtes? Het hulle dalk verwag dat die Russe oor hulle sou hardloop, alles sou vat en vertrap, en besluit dit wat ons hulle aandoen binne redelike perke is? Ons het soms, op versoek, op plase met takies gehelp. Daar was bv. die nag toe hooi bokant my, Aubrey, en Garth se koppe op die hoogste platform in die skuur aan die brand geraak het. Toe ons aan die deur kap en “brand!” skree, het die deur-die-slaap boer eers gesê “laat hulle vrek brand”, want hy het gedink dis nalatigheid met ons rokery. Ons het, sonder om te wag, die deure oop geforseer, emmers en melkkanne gegryp, 'n ketting van platform tot platform gevorm, en die vuur geblus. Twee elektrisiëns in ons geledere het inspeksie gedoen, ’n kortsluiting gevind, en dit vir die boer gewys, vir hom gereedskap en materiaal gevra en dit alles in minder as twee uur se tyd herstel. Voor ons vertrek die volgende oggend, het 'n erkentlike gasheer en sy vrou bygestaan terwyl die kokke sop en melk bedien. Dit was wel 'n uitstaande voorval en hoegenaamd nie voorbeeld van die dag-tot-dag verloop van ons tog nie

Die dorpe waardeur ons tussen Breslau en Ziegenhain geloop het, is in my notaboekie opgeskryf. Ek het die besonderhede op Ziegenhain[89] afgeskryf van iemand wat rekord gehou het. Ongelukkig is ek nie meer seker wie dit was nie, maar dink dat dit Dougie Hopwood was. Hy was voorheen verbonde aan 'n koerant iewers in die oostelike deel van die Kaap, dalk Oos-Londen. Twintig dorpe tussen Breslau en Hermsdorf is nie aangeteken nie. Dit was verskriklike koue dae, daardie eerste drie of vier dae. ’n Mens kon net nie buite staan en skryf nie. In wat volg noem ek sommige datums, plekke en afstande. Oor die 43 dae, was die gemiddelde stapafstand per dag 18 na 19 kilometer. Soms was korter afstande moeiliker as langer afstande. Dus vertel die gemiddeldes nie noodwendig ‘n akkurate storie nie. Slegs hier en daar vertel ek die gebeure verbonde aan 'n spesifieke plek.

Ons het op 25 Januarie 1945 in die donker en in diep sneeu begin stap. Ligdag sien ons, kilometers ver voor ons, perd- of muilgetrekde waens, voetgangers, sleë en kinderwaentjies in ’n ry wat oor die horison strek, en weerskante net spierwit koue aarde. Op dié eerste dag het ons 15 kilometer van Breslau [Wroclaw][90] na Kriptau [Krzeptów] gestap. Op die tweede dag was dit 35°C onder vriespunt. Die twee Schilbach broers (een het in 1958 offisier geword saam met Piet Crous) is lank, en het groot snorre gekweek. Ek sien nog die ys stafies onder hulle neusgate aan die snorre hang, ook die blink stafies langs hulle mondhoeke. Hulle was daardie eerste dag reg agter my, Aubrey en Garth. Die eerste en derde dae was so 'n bietjie warmer. Op daardie tweede dag het ek 'n koorsaanval gehad, dalk griep, maar dit het soos malaria gevoel. By tye het die sweet onder my klere teen bors en blaaie gesyfer. Daardie aand, toe ek warm toegemaak diep in die genadige hooi gelê het, het Jordan se termometer 103° Fahrenheit [39.4° C] geregistreer. Vroegaand het die sweet my afgestroom, onder my klere droog geword, en die volgende oggend was ek gesond.

Met die uitsondering van die tog na Bad Sulza, op 25 Februarie 1945, was die daaglikse afstande kort, met heelwat rusdae tussenin. Nogtans het die gebrek aan genoeg kos en die voortdurende inspanning ons geleidelik verswak. Langer togte het kragte tot die uiterste getap, soos bv. dié tussen Senftenberg en Plessa (36 kilometer), tussen Plessa en Zeithain (30 kilometer), en veral die 52 kilometer tussen Obernessa en Bad Sulza. Laasgenoemde was presies ‘n maand nadat ons begin marsjeer het, en boonop besonder heuwelagtig. Na ’n maand op pad en gewigsverlies—myne van 75 kilogram na 54 kilogram en die ander s’n seker *pro rata*—is 'n staptog van meer as 25 kilometer per dag meer 'n saak van by-die-trop-wil-bly as van energie.

Na ses dae sneeu dit nie meer nie, en sou ook nie weer sneeu nie. Reën verander die sneeu in ’n sloesige, modderige, gemors. Die sleë trek swaar. Valkoë hou die buurt waardeur ons loop, dop. Haastige bene gooi vinnige draaie voor huise verby, agterom, en bly hande kom haastig weer die ry binne met babastootwaentjies, asse met wiele aan, ligte karretjies met lang disselbome. Plakkate

[89] LP: Stalag IXA. https://de.wikipedia.org/wiki/Stammlager_IX_A
[90] LP: Na-1945 Poolse name in hakies.


in Breslau het gedreig dat diewe wat metterdaad betrap word, en Ausländer en Nichtdeutsche wat met Duitse vroue verkeer, op die plek doodgeskiet word. Buitendien lyk 'n vinnige uitspring na ŉ poging om te ontsnap, en is dus self aanleiding genoeg om te skiet. Die wagte by ons ken ons 'n jaar lank; ken ons nie as mense op wie hulle sondermeer sal skiet nie. Die eerste uitspringers word agternagesit tot terug in die ry. Later kyk die wag net angstig of die uitspringer weer, altyd baie vinnig, te voorskyn kom. Hoe gaan daardie ou liedjie nou weer? "A stranger is just a friend you do not know." Partykeer storm ŉ verontwaardigde eienaar agterna en word die buit teruggegee. ŉ Mens steel maklik ongesiens en die gewete pla dan nie, maar so van oog tot oog kry jy skaam, gee terug—veral as die ander persoon 'n vrou is. Ons sleë is nog gelaai met voorrade uit die kamp se "bulk parcels": sigarette, sjokolade, egte koffie, egte tee. Die wagte rook saam. Die bewoners van die plekke waar ons deurloop, of buite dorpies rus, kom kyk nuuskierig, sien ons ruilware, neem kennis van ons behoeftes, gaan haal, en kom ruil, vertrek huiswaarts hoog in hul skik met onverwagte gawes. Wagte is soms agente in ruilhandel. 'n Paar geskille is vreedsaam besleg tussen eienaar en steler met ruilhandel daar langs die ry.

Aubrey, Garth en my nuwe slee het ons op Hermannsdorf [Męcinka], waar ons op 30 Januarie oorgebly het, gekry by ŉ makker wat 'n beter sleepding aangeskaf het.[91] Ons eerste kasplankslee het swaar getrek. Op die sesde dag, toe die sneeu smelt, kry ons 'n ander een. Een man trek, een stoot, een rus om die beurt. Party dae is 'n mens se moed en krag minder as ander dae. Ek onthou, met so 'n seer skuldgevoel, Aubrey se omkyk as hy voel my stoot agter is nie wat dit moet wees nie. Aubrey was die swaarste van ons drie. Sy stoot en trek is die sterkste. Garth was baie bietjie ligter as ek. Saam met hom kon ek nooit so ŉ bietjie laat skiet nie. Aubrey het nooit laat skiet nie. Hy het altyd alles gegee.

Van die eerste paar dae se buitengewone koue het ek reeds vertel en sal dit nie meer beklemtoon nie. Dit verdien egter vermelding dat ons daardie eerste paar dae na aan superfiks was en goed gekleed was. In terme van sneeu en grade celsius was dit baie, baie kouer as die nag op die trein na Bari; dog baie, baie draagliker as vir die uitgehongerde, dun geklede, Krisjan en Ben vir wie die enigste oomblik van warmte daardie onvergeetlike corragio ragazzi was uit die hart van 'n onbekende donker gestalte. Ja ek sal dalk weer hiervan praat. Die woorde het 'n boodskap gegee, ŉ boodskap wat, in daardie woorde, telkens in oomblikke van wanhoop, skor in my ore sou klink en wanhoop met hoop vervang. God self, glo ek later vas, het deur die vreemde contandino gesê: coraggio ragazzi.

---

[91] LP: Ek het die marsroete gerekonstrueer op grond van Chris Pretorius se lys van plekname en met behulp van Google Maps en Google Earth. In 2023 is dit uiteraard moeilik om die 1945 roete presies voor te stel. Nietemin is dit my indruk dat die mees doelmatige roetes, soos gekies deur Google Earth se algoritme vir reis per motor, taamlik akkurate weergawes voorhou. Volgens Chris Pretorius se aantekeninge was die loopafstand tussen Breslau en Hermannsdorf, Duitsland, 92 km. Die vergelykbare 2023 motorroete, Wroclaw na Męcinka, Pole, is nagenoeg 85 km.




**Afdruk uit Chris Pretorius se notaboek: plekname, skets van sleë, en handtekeninge van Shaw, Theron en Pretorius**

Van Hermannsdorf [Męcinka] na Pilgramsdorf [Pielgrzymka] stap ons, op 31 Januarie 1945, ‘n lang 28 kilometer. Ons stap eers weer op 4 Februarie verder. Ons weet nie waarom ons so lank oorgebly het nie. Dalk vir die wagte se soldy om hulle in te haal. Dalk vir rantsoene. Dalk om die paaie skoon te kry vir troepebewegings. (Op ons paaie het ons na die eerste drie of vier dae byna totale afwesigheid van ander verkeer ondervind.)  Aubrey, Garth, en ek kry wiele in ruil om toesig te hou sodat ŉ eienaar van byekorwe se heuning nie gesteel word nie. Die meeste 4023ers word na ŉ ander skuur verskuif, terwyl ons drie die “hoofkwartier” in die korfskuur beman. Ons maak ŉ opname,

en annekseer nog ŉ klein hoeveelheid heuning om te voorsien aan diegene wat nog nie in die energiegawe kon deel nie. Europese bye is mak, nie so aggressief soos in Suid-Afrika nie. Bowendien is die korwe so ingerig dat heuningkoeke van agter af uitgehaal word sonder om die bye te steur.

Ons gaan vir ‘n oomblik terug na Breslau se omgewing. Ek het die foto (onder) in Julie 1944 in die Ohlau kamp geneem. Ons het al van Steve Fourie en sy hondjie, Zenda, gelees. Oor Dickerson vertel ek weer by my ontsnapping. Jordan en Jorgenson was die higiëne beamptes, ook belas met hantering van die “bulk stores” in die kamp. Regs voor hurk die vriendelike Cullis, ons skoenmaker en algemene faktotum. Dis hy wat op 3 Februarie 1945 ons wiele aan die slee sit. Ek verbind Cullis vaagweg met Cradock, maar ek is glad nie seker nie. Die manne se klere is skoon, skoene gepoets, gesigte glad geskeer en hare netjies gesny en gekam. Soos Aubrey en ek, het hulle, tydens die mars, aand vir aand, en oggend vir oggend, hulle pligte by die slaapplekke gehad. Die foto pryk hier met erkentlikheid aan hulle.




**_Arbeitskommando_ 4023 se beamptes**

Vanaf ons vertrek uit Pilgramsdorf [Pielgrzymka] op 4 Februarie, stap ons 343 kilometer om op 21 Februarie tot by Gestewitz te kom.[92] Dit is ‘n gemiddeld van byna 22 kilometer per dag. Ons het wel op 6, 14, en 18 Februarie gerus. By Gestewitz, waar ons weer ‘n dag rus, is daar meer van ons as tot sover. Ons slaap in verskeie vertrekke van groot buitegeboue op ’n plaas. Alles getuig van 'n groot onderneming en welvarendheid. Dit is nou byna 'n maand nadat ons Breslau verlaat het. Daar was in die afgelope week 'n paar lang togte, min kos, en die honger knaag weer chronies. Ons het ŉ nuwe Feldwebel en wagte. Op die 22ste Februarie daag die boer saam met die Feldwebel by my en Aubrey op. Ons moet almal aantree op die vierkant tussen die geboue. Die kelders is kaal

[92] LP: Hedendaags nagenoeg 308 km per motor.

gestroop van aartappels. Die diewe moet onmiddellik uittree en alles terugbesorg of … Niemand tree uit nie, selfs nie as die Feldwebel dreig om ’n paar uit die ry te trek en te skiet nie. Die Feldwebel sê ’n wag aan om te tel en nog 'n ry te laat opstel.

Die wag begin dan eenkant tel, en pluk so elke tiende man uit die ry uit. Hoe nader hy kom, hoe onrustiger raak ek. Die feit dat dit nuwe, vreemde, wagte is, en dat hulle geen plan toon om ons pakke uit te bring en uit te skud nie, dui daarop dat hier nie gebluf word nie, dat daar vandag geskiet word. Hy vat my voor aan die baadjie en trek my uit. “Ag Here, waarom ek?” verwyt ek. Hoe het ek nie gewens dat hy die tiende moet tel, net 2, 3, 4 man voor my, sodat ek veilig kan voel nie! Ons, dié op wie die lot geval het, word in 'n ry opgestel ongeveer vyf treë voor die ander. Ons moet ons hemde uittrek en die herkenningskyfies (dog tags) van ons nekke afhaal. Op die Feldwebel se aankondiging dat hy nog 15 minute grasie gee, is daar nog nie reaksie nie. Aubrey staan stom, kenmerkend met die regterhand half oor die lies. Hulle gaan daar staan en kyk hoe ek doodgeskiet word; die trop hier voor my. Die vrees en selfbejammering is weg. Daar’s nou net die vaalwit woede, doodkalm en berekend. Daar’s die Feldwebel en vyf wagte. Die ander wagte is dorp toe. Die Feldwebel, met die aanmoediging van die boer wat nou meer ongemaklik as kwaad lyk, stem in dat ek met Aubrey en die ander praat: “Gaan haal alles uit wat julle het. Die wagte is net ses. Ons is meer as twintig. As die Feldwebel die eerste bevel gee, storm ons. Julle weet wat die gevolge sal wees.” Party kyk net na my. Ander kyk weg.

“What is he jabbering about?” kom  dit deur die neus, Australies, van ’n vreemdeling so vierde van my af. Die slagoffer langs hom sê wat ek in Afrikaans gesê het in Engels. Die Australiër leun, bolyf vorentoe, kyk my in die oë, en sê “I’m with you mate, but I’m warning you. You leave the fucking Feldwebel for me.” Ons ry brom goedkeurend. Aubrey ruk los uit sy versteendheid. “Kom boys, gaan haal alles, alles, en kom skud uit.” As hulle uitskud sien ek hoe Garth die 2 kilogram of wat aartappels wat ek op Wermsdorf in die hande gekry het, op die groeiende aartappelhoop uitskud. Die hope aartappels, en ander ware, maar veral aartappels, word, soos die verbasing op die Feldwebel en die boer se gesigte, groter en groter. Dan bars ons besteelde gasheer uit en lag. “Hoa! Hoa! Soviel hatt’ ich ja nicht!” Hy kom vorentoe laat verander die hope sodat dit wat volgens hom ter plaatse gesteel is, eenkant lê, en staan daarvan sy bydrae (soos hy dit stel) ook af. Ons trek aan en sluit by die trop aan. Een van die wagte vertel my die volgende oggend dat hulle ook 'n ruim pasella gekry het.

Aubrey, Garth, en die ander, kry nie reaksie uit my as hulle die aand en die volgende dae met my praat nie. Die vaalwit gevoelloosheid bly daar. Van nou af gaan dit net oor my oorlewing. Eintlik het dit maar altyd net daaroor gegaan. Ek besef dit maar net nou eers. Die stil witkop wag, hier langs my, voel dit seker aan. Vaste vriendskap gaan ek nie weer aan nie. So redeneer ek by myself op die pad verder. Die tyd om te ontsnap sonder om in Russiese hande te val, kom nader. Ek gaan dit

benut, sonder drama, soos Cyril; sonder gedagte aan gevaar, sonder desperaatheid, soos byna gister. Dit sal 'n berekende poging wees. Daarvoor moet ek alleen wees. Van die trop is ek nou los.

Na Gestewitz loop ons oor Wischstauden en Obernessa na Bad Sulza. Die pad tussen laasgenoemde twee plekke is ‘n verskriklike 52 kilometer van heuwel-op en heuwel-af. Die wagte sê ons is op pad na Stalag IXC,[93] en gaan daar oorbly. Ons arriveer na 12 middernag en sak uitgeput op kaal vloere neer. Donker word ons wakker gemaak. Orders is orders en ons moet verder. Ons stap 30 kilometer tot by Umpferstädt. Nou neuk die Jerries ons regtig op.

Teen middag op 28 Februarie 1945, rus ons op die hoog-opgevulde Reichsautobahn, ongeveer 10 kilometer van Weimar, wat ons dáár regs van ons kan sien. Soos al die ander dae, skyn die son nie. Dis kouerig en nou en dan motreën dit fyn en kortstondig, gelukkig sonder om nat te maak. Arbeitskommando 4023 se mense is voor in die kolonne, dan die poskantoorkommando, en omtrent 300 meter van waar ek nou sit, rus agter ons byna 90 (het ek later verneem) Russe.

George Morgan het, soos ander dae wanneer ons kommandos bymekaar kom, oorgestap om te kom gesels, BBC nuus oor te dra. Ons sit bo op die kunsmatige padheuwel, op die rand van die teer. Daar is geen verkeer behalwe ons op die pad nie. Skuins regs lê Smittie op sy sy en slaap. Nader, ook skuins regs, lê Pikkie Vermaak en Wagter Marais. Teen die helling en op die gelykte onder, lê manne en slaap of sit en gesels. Daar is 'n nuwe bitterheid in my vandag. Franz, die wag wat daar, Weimar se kant, voor my staan, ken my goed, weet dat ek elke oggend donker opstaan, oorstap om die kok, Dickerson, wakker te maak. Koffie en tee is daar nou min. Warm water troos voor die honger stap in die koue. Vanoggend het Franz my gestorm, gevloek en teruggejaag. “Bist du denn verrückt heut’ morgen?”, het ek gevra en hy het my met die geweerkolf teen die skouer gestamp, weer gevloek en teruggejaag. Ek sal my kans afwag. Kry ek dit, sal ek sy gesig stukkend slaan, slaan totdat hy op sy knieë sak, hom optel en weer slaan. Later op die mars het hy regs van my kom stap, probeer gesels. Daar waar hy nou staan, glimlag hy vir my, waai met sy hand. Die woede het so bietjie gesak, ek het 'n slag teruggewaai, vir George vertel, en gewonder of hy dalk 'n slegte droom gehad het; 'n droom waarin krygsgevangenes betrokke was.

Terwyl ons so sit, peil 'n paar Thunderbolts op ons af, maal laag oor die pad naby ons, vlieg weg, kom terug, en maal en kyk weer. Ons karretjies staan agteroor gewip, disselbome in die lug. Party disselbome is krom, die gepak is duidelik, en die vliegtuie maal lank genoeg vir die vlieëniers om behoort te sien dat dit nie kanonne, lugafweergeskut, is nie. Ons sien hulle weer, ver links van ons, terug in ons rigting. Dan skielik flits-flits dit uit hul lope. Die Russe spring op en hardloop na ’n plantasie ongeveer 400 meter van die pad. Die bloedlustige haaie storm, maal, storm weer. Hulle word spikkels in die ooste, kom weer. Ons is bly om te sien dat dit te hoog is. “We’d better roll over”,

---

[93] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Stalag_IX-C

sê George as hulle in die weste draai. Ons rol teen die helling af en 'n skielike wind ruk aan my klere. Daar is 'n groot gat tussen Pikkie en Wagter. Franz se voete lig van die grond af, en dan, in ŉ waas van spattende stukkies uniform, slaan hy agteroor. Die vliegtuie kom weer, skiet mis, en verdwyn dan in die weste. Die gebruiklike, kragtappende, maagwerk volg. Van 4023 het drie lyke (insluitende die wag, Franz) en ook Smittie wat in die nek gewond is, agtergebly terwyl ons voort stap. Onder die Russe was die slagting glo veel groter. Die lug is nou byna daagliks oral rondom ons vol vliegtuie. Ons word nie weer aangeval nie. Was daar kameras in die Thunderbolts se neuse? Baie van ons karretjies is tydens die lugaanval stukkend geskiet.[94]


In die laaste 2 na 3 weke het ons selde in plaasskure en stalle geslaap en was daar nie meer geleentheid vir buitery nie. Ons besittings was min en vervoermiddels was oorbodig. Dié het al hoe meer lendelam geword, en langs die pad bly lê, uitgedien. Dit was nie meer so koud nie, en in die dorpies was daar oral kasernes wat leeggestaan het—klaarblyklik dié van Hilferinnen, Landesdienst, Hitler Jugend en sulke organisasies. Daarin, en een keer in ŉ enorme vleigtuigloods, het ons onderdak gekry. Totaler Krieg het die lede van die genoemde organisasies in oorlogverwante werk ingetrek, of aan ŉ front laat beland.

Op 8 Maart 1945, die laaste dag van die mars, hoor ons dat Ziegenhain die eindpunt van ons reis is. Dit is 321 kilometer vanaf Gestewitz, en 756 kilometer vanaf Breslau.[95] Moeë manne hardloop, party selfs uitgelate, om voor met ŉ maat te gesels, en dan weer terug om weer plek in te neem. Daar is nie siekes nie—nie wat ons van weet nie. Ziegenhain is nou ons tuiste. Die wil, motivering, laat skiet, los die liggaam. Baie manne lê net willoos en belangeloos rond. Die dorp is vol barakke, en kampe met krygsgevangenes van alle soorte. Die barakke en kampe is vol ellendelinge. Op ons velle word daar weer met sulke aaklige lang kleefklouende hale getrap: luise.

---

[94] LP: M.b.t ’n soortgelyke aanval naby Weimar op 27 Februarie 1945: ”During the Second World War , on February 27, 1945, American low-flying aircraft attacked a marching convoy of Allied prisoners of war on the Reichsautobahn west of Weimar. 117 Soviet , French , British and Belgian prisoners of war were killed. They were buried in Obergrunstedt.” https://second.wiki/wiki/us-tieffliegerangriff_bei_weimar_27_februar_1945 (Die skakel is onstabiel.)

[95] LP: In 2023 is die afstand Wroclaw tot Gestewitz nagenoeg 280 km per motor. ‘n Google Earth roete van Wroclaw na Ziegenhain, wat lyk of dit nagenoeg met die marslyn van Arbeitskommando 4023 ooreenkom, gee 769 km. ‘n Relatief direkte Google Maps roete van Wroclaw oor Dresden na Ziegenhain, wys 640 km. Arbeitskommando 4023 het nagenoeg 50 km Noord van Dresden beweeg tydens die vuur-bombadering van die stad. Chris Pretorius skryf nie in sy manuskrip oor die bombardering nie. Hy het my wel vertel dat hulle kon sien dat “nag soos dag geword het.” Hulle het nie geweet watter stad gebrand het nie.
https://en.wikipedia.org/wiki/Bombing_of_Dresden_in_World_War_II .




**Arbeitskommando 4023 se 756 kilometer mars, 25 Januarie 1945 tot 8 Maart 1945**[96]

In Ziegenhain skryf ek die lyste van plekname, datums, kilometers in my swart boekie; en begin ŉ kortstondige oefening in dagboekskryf. Die boekie lê nou, op 22 Maart 1991, weer voor my oop. Ek laat die verhaal uit Herr Schubert se geskenk self vertel van Krisjan se wankelmoed in Maart 1945.[97]

> **Sondag 11 Maart**. Vul eerste paar blaaie van die boek. Algemeen omtrent hierdie Stalag: Geen pakkies, ons slaap op vloer, nog nie ontluis nie; Aubrey Theron kampleier. Hy, Garth, en ek is nog muckers.[98] 1100 man van Sagan slaan dalk more hier uit.
>
> Brood: 6 x 1/7 + 1X 1/10 per week.
>
> Maaltyd: nie te sleg nie.
>
> Smere: Afwisselend kaas, marg en jam.
>
> Jerries nie te sleg nie (wagte). Vandag het ek sokkies gestop. Ons het ons laaste chockolate (Arg) geëet. Shaw en ek gee rook op. Ons het nog 5 blikkies M + V + 1 blik biscuits.[99]
>
> Ek lees "The Three Hostages" deur John Buchan.

---

[96] LP: Google Earth Data SIO, NOAA, U.S. Navy, NGA, GEBCO Image Landsat / Copernicus
[97] LP: Nog inligting oor die kamp by Ziegenhain https://www.gedenkstaette-trutzhain.de/eng/
[98] "Slang (British Army). A comrade; a friendly, low-ranking soldier in the same situation." https://en.wiktionary.org/wiki/mucker
[99] CP: Dit is rooikruisartikels uit Breslau saamgesleep. As dit nie vir my dagboekie was nie, sou ek dit nie onthou, nie geglo, het nie. Daar was tye, veral daardie laaste weke, waar ons net eenmaal per week rantsoen gekry het, ons en die Duitse wagte, een keer was dié rantsoen vleis van ŉ trekperd wat sy been gebreek het. Vir my, soos ek myself ken, was dit ongelooflike selfbeheersing en dissipline. Aleen sou ek dit nie vermag nie, sonder morele bystand, wil en geeskrag van Aubrey en Garth nie.

**Dinsdag 13.** Gister was ŉ rooikruisverteenwoordiger in die kamp, maar hy het nie een van ons 556 gesien nie.[100] Die dokter sou hom wel van ons vertel het. 1100 man het ook gister hier aangekom van Lahmsdorf[101] af—49 dae loop. Onder hulle Kuyt en Pieterse van C Komp. Ds. Burger is vanmôre weg van ons af.[102] Hy sal seker vir ons iets doen vir pakkies as hy by ŉ offisierskamp kom. Vroeg-vroeg het ek ŉ koue bad gevang vanmôre. Ons reserwe brood klaar. Ons het nog twee blikkies M&V + 1 blik Peek Fr biscuits en ½ blik Bovril. Almal gesels net oor kos. Verbasend hoe swak ons almal nou skielik geword het nou dat ons op die end van die reis is.

**Vrydag 16.** Gister het ons warm baddens gehad en ons klere het deur die gas gegaan. Na dit so swak gewees het dat ek skaars op my bene kon staan. Toe ons terugkom was die rantsoen net 1/10 brood. Vanmôre voel ek weer sterker. Geen Eng nuus gisteraand gehad nie. Sonskyn vir afgelope 3 dae.[103]

**Sondag 18.** Gister was ŉ lid van die Int. Rooikruis hier gewees. Hy kon iets sien.

(1) 3 man dood—aan maag—deur honger.

(2) Die kêrels van Lahmsdorf in die tente bo.

(3) Manne wat gras kook om te eet.

Hy telegrafeer vir pakkies vir ons, maar weet nie of daar moontlikheid is vir transport nie. O, wel, dit lyk of ons mense nou kom. Dinge lyk swart. Mag die oorlog gou oor wees. Ons het darem nou genoeg gehad aan honger en lyding.

**Dinsdag 20**. Gedurende die volgende paar dae sal ŉ kommissie van die “Protective Power” glo hier opdaag. Dit gaan bitter hier. Ons, alreeds in ŉ uitgehongerde kondisie, ly honger en die

---

[100] CP: Ons kolonne, die laaste op die mars, was dus 556. Soos op die mars, bly Aubrey in beheer. In retrospeksie kom ek nog meer onder die besef van sy dinamiek en, a.g.v. sy persoonlikheid, die trefkrag van ons, 4023, se organisasie en dissipline.

[101] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/Stalag_VIII-B

[102] CP: Vaagweg onthou ek dat hy kapelaandienste in die SAP 2e Bataljon gehou het. Hy moes ŉ ondernemende predikant gewees het om die betreklik welvarende rustigheid van ŉ offisierskamp prys te gee vir hierdie diens. Ek het hom so 10 of 11 jaar gelede op Mesina raakgeloop en met hom gesels. Hoe jammer dat ek nie intussen gelees het wat ek op 13/3/45 geskryf het nie. Dan sou ek hom daarmee verbind het, ŉ paar vrae kon stel.
LP: Ds. Burger word genoem in verskeie WO2 KG verhale.

[103] CP: Engelse nuus het my op die kaart laat kyk, gehelp om rigting van ontsnapping - die kortste roete - te bepaal vir wanneer die geleentheid kom. Patton was vinnig op pad. Volgens gerugte sou Hitler en Elite ŉ laaste vesting hê iewers in die Schwarzwald, in die berge suid. Ons sou gyselaars, skilde, wees, daar. Ons sou dus weer loop. Op smal paadjies tussen digte plantasies deur. Wagte sou so nou en dan langs die stilstaande muilwa verbyloop, by die drywer agter die wa bondel, ŉ sluk water vat, vertoef en vra of daar tog nie ŉ rookding of ten minste ŉ trekkie te ase is nie. Die Kriegsgefangenen is swak, oorbluf en nie geneig tot wegbreek nie. Sonnige dae, ŉ sigbare Poolster-groep was nodig vir rigting. Garth weet, en stel nie belang nie. Ons deel dus elke dag ons brood sodat elk sy eie het. Chick de Villiers dring aan om saam met my te loop, maar ek laat hom duidelik verstaan dat hy op sy eie, weg van my af, moet doen wat hy wil doen. Hy is ŉ kok, het altyd ŉ bietjie meer kos as ander, dra dit in ŉ groot wit kitbag saam met aardse onnodigheid wat ŉ las, ŉ gevaar, sal wees.

Duitsers neem elke dag werkspartye uit, gee vir dié geen ekstra rantsoene nie en jaag hulle boonop heeldag aan. Dis nou ook duidelik dat ons geen beddens sal kry nie, maar so op die vloer sal bly slaap solank ons hier is. Die Duitsers hou hulle so snaaks as hulle moontlik kan.[104] Of ons gaan pakkies kry? Wel genoeg by die Depots maar geen Duitse transport. Die enigste hoop is die Amerikaanse transport gedryf deur Franse wat in Duitsland opereer. 'n Ander skrik: Sal ons dalk weer moet skuif een van die dae. Ons hoop dat ons afgesny word. Mag hierdie lewe gou tot 'n einde kom. Dit word al te veel om uit te hou. Ons is nou swakker as gewone invalides. As ons weer moet stap sal baie, miskien die meeste, langs die pad beswyk. Eerstens het ons geen krag nie, geen pakkies om ons te help op die pad nie, en by dit gee die Duitsers soos op ons laaste reis ondervind het, byna niks te eet nie, en wat hulle nog gee is nie eers vullend nie, en die voedingswaarde daarvan byna nul. Baie manne het al hulle skoene verruil vir kos of rookgoed en so ook meeste klere.

**Donderdag 22**. Gistermôre het Amerikaanse jagvliegtuie hier aangeval. Een het ons bevlie. Die Franse het alles gekry—51 gewond en 12 dood. Vandag verwag ons Prot. Power hier.

**Vrydag 23.**[105] Prot. Power was gister hier gewees. (1) Ons sal binnekort pakkies kry. (2) Pakkies was al voorsien op pad aan marsjerende kolonne. (3) ’n SS Ober Grupenführer stel glo belang in welvaart van KGs. (4) Ons eie mense weet glo alles i.v.m. ons.[106]

Op Woensdag 28 Maart kom die bevel: Ons stap weer op 29 Maart hier uit. Almal behalwe die baie siekes moet saam. Aubrey bly agter om na die siekes om te sien, hul belange te behartig, want daar is baie. Ons kry elk 250g brood, 'n bietjie meer as gewoonlik, en ons weet dat dit baie dae kan duur voordat ons weer kry.

**Vryheid**

Op Donderdag 29 Maart 1945 begin die nuwe mars; een wat vir die meeste nog ’n maand sou duur en waartydens hulle nog 300 kilometer sou stap. Die gees het weer beheer gekry oor die liggaam, en die oorgrote meerderheid oorleef. Ek sê die bietjie wat ek van hulle weet nou, sodat ek met my eie storie kan aangaan. Op 8 April 1945, te Hundshausen, skryf ek soos volg in my dagboek:

---

[104] CP: Ek weet nie wat die Protective Power presies is nie. So ’n liggaam wat na gevangenes se belange omsien. Dit is ’n gevestigde kamp met gevestigde inwoners (deels). Daar is dus “hoë kringe” in hierdie kamp waaruit Aubrey sy adjudante erf. Hy beweeg in dié kringe – vanselfsprekend om sy taak te verrig. As tolk is ek nie nodig nie. Ek is weer oningeligte voetvolk. Die werkspanne het grafte gegrawe vir gestorwe KGs, o.a. Franse slagoffers van Amerikaanse lugaanvalle. As ’n ou se graaf ’n klip tref, val jy om. “Maat, maar smaak so ’n kietsie vorentoe” sê iemand teen wie se been ’n kat by die graf kom skuur het, stert styf in die lug en vriendelik spinnend.

[105] CP: L.W. ek skryf hier op Vrydag 22. 46 jaar later.

[106] CP: Dit was die laaste inskrywing voor 29/3/45. Volledigheidshalwe brei ek uit op die res van die inskrywings wat ek baie bondig volgehou het tot Donderdag 18 April 1945.

"'n Franse prisonier, Roger La Farque, wat uit dieselfde kolonne as ek ontsnap het, maar eers op Saterdag, 55 kilometer vanaf Ziegenhain, kom by ons aan. Hy het weggekruip tot Maandag toe die eerste Yanks by hom aangekom het; Vrydag [30 Maart] 25 kilometer deur kolonne afgelê. Vrydagaand oor Fulda, geslaap tot middernag, en verder marsjeer. Nou besef ek eers hoe gelukkig ek was om so vroeg weg te kom."

Mei, Junie, in Brighton, loop ek vir Wyngaardt (ex 4023) raak. Hy het enduit gestap. Riemtelegram het by hulle uitgekom, na bevryding deur die Amerikaners, dat ek aangesluit het by, bevel oorgeneem het van, 'n groep Franse weerstandsvegters en weer oorlog gemaak het. Salwend, maar onwaar. Franse oorvertelling seker, groeiend dramaties van mond tot opgewonde *liberté* relaas van my nagenoeg 2 uur lange kolonelspos by die trok vol Italiaanse skoene.

Donderdagaand 29 Maart wil ek wegraak by die hooiskuur waar ons oornag. Die trop verwag dat ek my pligte van weleer sal voortsit, en oorreed my om te reël vir sop, warm water en die talle behoeftes. Aubrey is nie by nie, en dit gaan moeilik. Naby my bespreek 'n onlangs gevange Engelse commando my doen en late met sy sersant. Hulle is die enigste fikses onder ons. Hulle is immers die meerderes, en vermetele colonials moet op hulle plek gehou word. Nee hulle het nog nooit hulself as meerderes beskryf nie, net so opgetree daar van Queen Victoria se dae af tot so om en by die 2e Wêreldoorlog. (Soos ons ook maar, in 'n ander milieu.) Die twee sak uitdagend op my toe en wil weet waar ek daaraan kom om opdragte te gee. Hy, die sersant, is my senior. Dit vlam hier binne my, maar ek onderdruk die gesig-stukkend-slaan-drang. In my toestand het ek nie 'n kans nie. "Take over sergeant, if you need an interpreter or other assistance, I am at your disposal, only for tonight." Hy probeer, word uitgelag, en kom later vra of ek nie maar weer sal oorneem nie. Muller (2e SAP) groet en raak weg. As ek laataand gaan slaap, sê ek vir Garth dat ek more skielik gaan wegraak daar waar ek, soos altyd, heel regs in die ry loop; as hy wil saamkom moet hy net nie saam met my uitspring nie, by my kom lê nie. Ek sal uitkyk vir hom. Hy sê hy kom nie saam nie. Muller het vry gekom, heelhuids, het ek later, Oktober 1945, in die Dispersal Depot, Pretoria, uit sy eie mond verneem.

Vrydag (Goeie Vrydag) 30 Maart 1945, nagenoeg 10 vm. Alles is presies dit wat ek voor gewag het. Die pad is smal, die struike en gras teen die pad is dig en hoog tot teen die plantasie langs ons. Die wagte bondel agter die stilstaande wa. Ek sê vir Garth totsiens, loop tot by die voorste muil, sak af en kruip onder dekking van gras en struik terug na die veiligste plek. Vanwaar ek lê, kan ek die naaste wag se stewel bykom as ek rek. Hulle kyk nie hier naby as hulle wegstap nie.

Gisteraand se vyand, die commando sersant, het drie, vier plekke agter my geloop. Hy lig sy duim langs sy kakebeen, draai net sy oë wat sê "You'll make it." Daarvan is ek oortuig. Daar is nie twyfel of onrus nie, net behaaglike genoegdoening soos met wegkruipertjie.

Garth spring uit, hardloop gebukkend en gaan lê veilig, sowat 20 meter van my af in die plantasie. Die wagte sien hom nie. Chick de Villiers doen wat ek bang was hy sou doen en waaroor ek hom gedreig het, vroegoggend, toe hy soos gister reg agter my inval. Hy wyfel, spring dan uit en hardloop weifelend en blikrinkelend die plantasie binne, en val met groot lawaai 7 meter van my af. Chick is die een kok. Sy maat, Dickerson, spring gelukkig nie uit nie. Die wagte hoor die lawaai. Een storm op Chick af en skop hom in die sy, skud die inhoud van die wit kitbag uit, vat die kos en rookgoed, laat die dixies, ander goed, lê, gee Chick se wit sak terug, en jaag hom die ry in. Ek sien hoe Garth, nog steeds ongesiens, opstaan en ongemerk weer by die kolonne aansluit as die wagte om Chick saamdrom. Later, in Brighton, sê hy dat hy bang was hulle sien hom ook, soek vir nog, en vind vir my.

Die kolonne beweeg aan en, aan die voetstappe, kan ek hoor dat die rigting nagenoeg suidooswaarts is. Volgens inligting voor ons vertrek, sal hulle die Fulda oorsteek en dan na die Thüringer Woud of Erzgebergtes stap. As daar geen geluid van aankomende en wegsterwende voetstappe is nie, hardloop ek dieper die plantasie binne, vind ŉ ruie, hol, plek en maak gereed vir my tog weswaarts. Ek haal die nuwe broek wat ek op 24 Januarie in Breslau gekry het uit my rugsak, trek dit aan, en skeur die oue se pype in stroke wat ek soos puttees om my enkels en bene draai. Die res prop ek terug in die rugsak ingeval ek dit nodig kry om iewers om my stewels te draai om geluidloos te loop. Volgens my inligting en berekening sal ek teen 10 tot 20 kilometer per dag, vir nagenoeg 8 dae, moet loop indien die Amerikaanse front staties bly. Ek sal dus kos moet steel. Ek werk tydsaam en rustig. So rustig dat ek eers my dagboek opskryf. Die skrif by Vrydag 30 Maart dui aan dat my potlood se punt gebreek en dubbel geskryf het, en ek dit toe skerper gemaak het. Ek skryf o.a.

> Gisteraand vir die eerste maal geëet vir gister. Goeie sop gehad sodat ons vanmôre ook nog versadig kon wegloop van strooi stoor waar ons geslaap het. Nou lê ek hier in ŉ dennewoud net langs die pad waar ek ongeveer ½ uur tevore uitgespring het … Chick de Villiers … Die kolonne beweeg nog verby hier op die pad en ek moet wag voordat ek kan loop. In die nabyheid hoor ek skietery wat klink (gaan soos "strafing")— tussenin ook ontploffings. Weer baie betrokke, koud reënerig. Ek het in my rugsak: Een kombers, polisieregulasies,[107] aantekeningboeke, en ongeveer 250 gram brood. Dik aangetrek en hoop vir die beste. Geen kompas. Geen kaart. Sal maar hoop en vertrou op my kop en die Leier. Nou eers ŉ siga
>
> retjie rol.

[107] CP: WWR Tegniese Kollege lesings, konst-2/sers, geskenk deur sers. Matthews, vriendelik, rooi gesig, pofferwang, ex-kwartiermeester, so 47 jaar oud, saam in 4023.

Die rook opgee het dus nie gehou nie. Ek wag rustig om Garth ŉ kans te gee indien hy weer uitgespring het. Twee Russe kom aangehardloop, ek staan op en hulle skrik so groot dat hulle weer pad in, die kolonne in, hardloop. ŉ Rukkie later kom twee Franse aangestap, nooi my om saam met hulle te loop. Hulle wil egter terug Ziegenhain toe en daar wegkruip en wag, terwyl ek aandring om weswaarts te stap. Hulle stap alleen verder.

In die verte hoor ek honde blaf, dalk wolfhonde saam met geleiers, om ontsnaptes uit te ruik. Ek breek ŉ dik stok af, stroop takkies en blare in die hardloop, steek die pad oor en hardloop die volgende plantasie binne. "Kamerad!" skuins agter my laat my verskrik omswaai en die stok lig. "Nicht schlagen Kamerad! Franzose!" Die skraal Fransmannetjie is niks langer as 5' 5" nie. Dit lyk nie of hy haastig was nie, want die gras is platgedruk hier waar hy gelê en slaap het, ongeveer 2 kilometer van waar ek oor ŉ draad gespring het. Hy het ook netnou uitgeglip. Die honde blaf nie meer nie. Seker maar plaashonde. André Lebras se koers is my koers, en ons loop so stil en vinnig as wat ons kan noordwes om die dennewoud rondom ons te behou. Dan, so 2 nm., eindig dit voor ŉ lang breë ploegland. Ons gaan terug in die woud in; en kruip onder die stam in van ŉ digte denneboom wat skuins oor ŉ grondpad hang. Die pad loop al langs die plantasie suid daarvan. Ons eet ŉ stukkie en slaap dan. Stemme maak ons wakker. ŉ Hauptmann en ŉ vrou kom pad af, en staan reg onder ons in die pad. Die offisier vra pad, loop dan terug ploegland se kant toe, terwyl die vrou aanstap na ŉ plaashuis ongeveer 200 meter suidoos van ons af. André en ek sit ons stokke neer en vat ŉ paar trekke aan dieselfde zol. Hy sê hy't ŉ bietjie lensies in sy sak en wys dit vir my, omtrent twee eetlepel vol droë lensiepitte, en net soveel meel. Hy't darem meer tabak as ek.

Kort voor sononder laat ŉ geblaf ons plaashuis toe kyk. Ek sien vir die eerste maal skaaphonde, swart-wit, seker border collies. Daar is ŉ ouerige man met ŉ lang herderstaf waarop hy leun en kyk, entjies loop, en weer en weer, rustig. Hy wys en praat met die honde en twee meisies. Die son skyn helder net voor dit agter heuwels verdwyn. Ek en André kyk en kyk na die vreedsame toneel. Die honde kruip-kruip, lê skielik stil, hardloop entjies, keer skape af, bring terug. Soos die honde in my kinderdae, soos Nero op Fransfontein, verskaf hulle louter genot.

As die skape in die kraal is, die mense en honde om die opstal verdwyn het, kyk ek na André. Ek het weer ŉ kort, skraal, gesel wat elke ruspouse benut en dit regkry om dadelik te slaap, soos Breedt, wat gedurende ons route marches by Zonderwater, tydens 10 minute rusposes geslaap het terwyl ander gerook het. Dalk kry ek dit ook weer reg met goeie gevolg.

Skemertyd sluip ons, 'n meter uitmekaar, van boom tot boom, na die rand van die woud, om rigting vir die nag se loop te bepaal. Naby die rand sak ons op ons hurke, elkeen agter ŉ boomstam. Die SS seksie, karabyne oor die skouer, was skielik daar. In enkel gelid, die Unteroffizier voor, stap hulle woordeloos en vinnig van suid na noord voor ons verby en verdwyn. Dat hulle oop en bloot loop sonder om rond te kyk is slegte nuus: hulle voel veilig in dié gebied. Die Amerikaners is dus nog

ver. Dat hulle nie die dekking van die bome gebruik het nie, was ons redding, want in die bome sou hulle nie strak voor hulle op die grond kyk nie, en sou hulle ons sien. Ons sou nie leef nie.

Suidwes van ons het ons vroeër vandag geluide soos ʼn pantsergeveg gehoor. Ons sal so teen 9 nm. die sowat 800 meter lange ploegland oorsteek en dan maak vir die donker lyn—seker ʼn plantasie—dáár wes-suidwes. Hierdie tyd van die jaar word dit nie eintlik donker voor daar by 10, 11 uur nie, en vanaand is die lug skoon, die Beer duidelik sigbaar in die noorde. Halfpad deur die ploegland kom mans in die halfdonker van vooraf by ons verby. Hulle loop weg van ons af, en ons weg van hulle af. Hier en daar vra een waarom ons verkeerd loop. Een wonder hardop of ons verrückt is. Sy maat sê dit kan arbeiders wees wat huis toe gaan om te gaan slaap. Dit gee ons ʼn antwoord indien iemand geantwoord moet word. Dit laat ons wonder of ons te doen het met drostrers of vlugtendes voor die Amerikaners uit.

By die donkergroen lyn loop ons ons vas teen ʼn donker, skynbaar diep, stroom, sowat 30 meter wyd. As dit moet, sal ek swem maar ek wil nie graag nat word nie. Ek wil ook nie graag regs gaan waar ons die pad, aanduiding van ʼn brug, gesien het nie, want daarop kan ons ons vasloop. André kan nie swem nie, en ons moet brug soek. Ons loop regs langs die oewer op, en om ʼn draai is ons skielik teen die pad, by die punt van die brug, sowat tien tree van ʼn man en ʼn vrou op die brug. Hulle bly stil en kyk na ons. “Ruhig weiter laufen, Christiaan” fluister André. Ons loop, skuur amper teen hulle oor die smal brug. “Nabend”, groet ek, en kry “Nabend” terug. As ons oorkant kom, sê die jong vrou vir die soldaat—wat nie sy geweer by hom het nie: “Die gehören niet hier”, en die soldaat begin stadig, op ʼn 'n afstand, agter ons aanloop, die klein dorpie in.

Die straat is reguit, en vér voor ons sien ons, op ʼn hoogte, weer ʼn donker horison. Voor in die straat versper ʼn ligte vragmotor ons weg na die veiligheid van die donker horison. Die enjinkap is oop en daar word gesukkel om die masjien aan die gang te kry. Sowat 20 meter voor die voertuig is daar ʼn uitkoms: ʼn straat na links. Die soldaat volg ons, hou versigtig ʼn half-blok afstand. Ons swaai regs. Hy volg nog. Ons swaai weer links en gaan om ʼn hoek waar ek vir André sê hy moet in die middel van die blok vir my wag met my pak. Ek loer om die hoek, wag tot die nuuskierige halfpad is, en loop vinnig op hom af. Hy draai om en hardloop weg terwyl ek vinnig op een plek maak of ek agterna hardloop.

Uit die klein dorpie drafstap ons nou vinnig die nagenoeg 600 meter na die donker lyn toe, en sien groot vure noord. Dankbaar sak ons langs die woud neer vir ʼn verposinkie en ʼn zol elk. “Verflucht noch a mal, mach’ aus die Zigarette!” kom dit sommer hier by ons uit die woud. Ons maak so, stap parallel met die buitelyn van die bos, vind ʼn paadjie, en volg dit weer. Dis nou donker. Kort-kort doem ʼn gestalte voor ons op, net om dadelik weer vervaard na links of regs te duik. Om ons wemel dit van Duits en geruis. Ons weet nou ons is tussen vlugtendes; vlugtendes wat uit ons pad duik. Ons weet ook dat ons nie herken kan word nie, solank ons stilbly nie in gevaar is nie, en as dit moet,

self kan wegduik en verdwyn. Deur die bos, kry ons weer ŉ oop stuk, en kom op ŉ tuin af met ŉ 3 meter heining rondom. André wil oorklim maar val telkens terug. Ek klim oor en kom terug met ŉ bos selotte en ŉ paar aartappels vir my moeite.

Ons loop padlangs na nog ŉ bos toe, weer op ŉ hoogte, so 300 meter voor ons. Links is daar ŉ stukkie geploegde aarde en anderkant dié, ŉ groot wit plaasopstal op ŉ bult tussen bome. Ons sien ŉ kompanie-grootte swart kol wat in ons rigting beweeg. Dit laat ons uitswaai en opstal toe loop. Hulle geroep en vrae, padvrae, bly onbeantwoord en ons gaan sit tussen die bome, nog ver van die opstal af.

André se moeg en honger kry nou die oorhand en hy wil kos en rus by die opstal gaan soek. Hy raak moeilik, sê ek is onnodig bang as ek weier. Oom Lewies Strydom se huis en kleinhuisie op die hoë bult tussen Stampriet en die lokasie, is lankal met die aarde gelyk, maar hulle sê hy kom nog laataand, die groot gestalte op die dik kierie leunend, van die kleinhuisie af huistoe. In die Vrystaat het hy glo ŉ verdwaalde, moeë, honger Britse soldaat wat op die plaas aangekom het, en genade gesoek het, doodgeskiet en begrawe, kort na die Boereoorlog. Ek onthou dié soort storie as ek moeg genoeg is om genade te soek. Dis met dié storie wat ek vir André van sy plan laat afsien.

Ons bereik ons bos wat dié keer stil is, dring ŉ end in, hoor die geruis van water, draai daarheen en kom op ŉ digbegroeide plek waar ŉ stroompie water uit ŉ 2 meter hoë rotswand ten ŉ skotige afdraand in die bos vloei. Langs die rots en stroompie gee ek my kombers vir Andre wat dit styf om hom wikkel, en ek trek my jas aan. So kruip ons op blare en takkies onder ŉ bos in. Dit is na omtrent 17 kilometer vandag; vermoeiende kilometers vol voorvalle vanaf ongeveer 10 vm. tot nou, net na middernag van Goeie Vrydag. Beslis die heuglikste Goeie Vrydag in ons lewens.

Die nag is koud, gelukkig reënloos, die slaap kort stukkies vol krampe, en die smaak in my mond aaklig as ek opstaan; maar ons is baie tevrede en vol goeie vooruitsigte vir die dag wat nou voorlê. Krampe en honger laat ons vroegoggend blaas, aanhoudend blaas, aan die rokerige klamhout vuurtjie wat die twee eetlepels meel, twee aartappels, twee eetlepels lensies, en die selotte, in my dixie moet gaar kry. Die rook trek in hare en klere in, en laat ons nog taaier, stinker, vuiler voel as wat ons reeds is. Die rook is te veel en mag ons posisie weggee. Dus blus ons die vuurtjie en eet ons laaste stukkie kos halfgaar,

Ligdag op 31 Maart hoor ons plaasgeluide naby ons, oos van ons rigting, vind dat ons naby die kant van die bos, sowat 200 meter van ŉ plaasopstal. Suidoos, ongeveer 5 tot 6 kilometer ver op ŉ hoë rug, is daar die geluid van voertuie en die metaalklank van tenks. Wanneer die son uitkom, kan ons hulle sien: ŉ onophoudelike ry op ‘n pad wat met ons s’n aansluit, en waarlangs hulle agter die bos verdwyn. Ons sit ŉ rukkie daarna en kyk, en na die bedrywighede om die opstal. Ons sal nie vandag ons vrykom kanse belemmer met ŉ poging om kos te steel nie. Dit is, na wat ons gisteraand

ondervind het, op die minste terugtrekkende Duitse eenhede daar op die pad. Die kanse is goed dat ons ons tussen die Amerikaners sal bevind as ons daardie pad oorsteek reg suidoos vanwaar ons nou sit. Dit moet daar rond wees waar ons gister die geluide van 'n tenkgeveg gehoor het. Ons gaan terug na ons skuilplek toe, en wanneer dit warmer word slaap ons vas totdat ons na die middag wakker word en vliegtuie, kanonskote en ontploffings, noord en noordoos van ons hoor. Net voor sononder gaan sit ons weer op die kant van die bos, en sien steeds swaar verkeer oorkant. In ons bos was daar heeldag, ook laasnag, geen ander geluid of beweging behalwe ons s'n nie; ook nie teen die 6 kilometer kaal helling tussen ons en die pad, ons bestemming, nie.

Die plaasmense sien ons, roep ons, wanneer ons 'n bietjie te oorhaastig die bos verlaat en, ligskemer, 70 tot 100 meter van die opstal af op pad is skuinste toe. Daar skuil dalk in die huis 'n verbitterde SS. Ons is seker ons gaan vannag nog veilig en gevoed wees, waai vir die man en vrou wat roep, en stap aan. In my is daar 'n amperse oortuiging dat ons en die Duitser en sy vrou gemoedelik kan gesels vanaand; dat ek hulle kan gerusstel, gerus behoort te stel, dat hulle hul lewens veilig en produktief kan voortsit onder Amerikaanse of Britse besetting. Dit sal lekker wees om, soos by Fransfontein se boere, by hulle te kuier; dalk vir 'n paar dae as 'n begin van my vryheid, iets om oor te gesels as ek weer afsaal by Otto Dannert, die Hoppes, Magura, Magnussen of Reuter, wyn gaan drink by my ou jagtersvriend uit die Schwarzwald.

Laataand is daar 'n mensgemaakte lang, wye, diep, sloot met steil hellings wat ons laat gly en sweet om anderkant uit te kom. Dis seker 'n tenkkuil ("tank trap") bedoel vir 'n hele front tenks, redeneer ons. 'n Paar honderd meter van die pad af loop ons gebukkend daarheen. Die voertuie ry met verdofte ligte, en ons kan nie die merke, kruis of ster, op hulle sien nie. Naby die pad gaan lê ons plat. Daar is 'n gaping, maar te kort om veilig die pad oor te steek. Wanneer die eerste verbykom sien ons die ster, en André spring op "Christian wir sind frei! Wir sind …" Met my regterhand om sy mond smoor ek sy tweede "frei", pluk hom met my linkerhand om sy arms en middel grond toe, en knel sy bene in 'n beenskêr. Hy is kleiner en ligter as ek, en sy geworstel is maar 'n flou beweging. Ek vra hom om verskoning en vertel hom van 'n keer toe die Duitsers die Amerikaners verras het met gebuite Amerikaanse tenks.[108] Hy's woedend, maar bly doodstil lê as ek hom los, en ons laat nog 'n paar dosyn sterre verbygaan voordat ons opstaan. André voel nou geregverdigd in sy woede. Hy was reg en ek was verkeerd. Wat ek hom aangedoen het was niks anders as verraad nie, verraad teenoor 'n vriend wat gevaar gedeel het. Drie, vier keer spring hy voor die aankomende verkeer in, en probeer dit stop. Hulle behoort mos te stop vir iemand wat jare gely het. Elke keer spring hy weer

[108] LP: Hierdie is moontlik 'n verwysing na "the battle of the bulge". Enkele gebuite Amerikaanse tenks, sowel as toepaslik gekamoufleerde Duitse tenks is tydens die operasie - waarvan kennis teen Januarie 1945 reeds deur nuus-media versprei was - gebruik. https://www.warhistoryonline.com/war-articles/27-images-captured-sherman-tanks-german-hands.html
https://www.wearethemighty.com/articles/german-tanks-were-made-to-look-like-americans-during-the-battle-of-the-bulge/

uit net voor hy plat gery word. “Dis oorlog, dis donker, ons kan vir vyand aangesien word, geskiet word. Ek los jou nou met jou verruktheid en loop ver van die pad af in die rigting waaruit die voertuie kom.” Hy kom agterna en ek sê vir hom ons is nou tussen Amerikaners en nie meer Duitsers nie. Ons gesprek in Duits is nou ’n gevaar. Hy moet nou sy bek hou; as sy opgewondenheid ons weer in gevaar stel sal ek hom seermaak. Ons is vies vir mekaar.

Later kom ons af op wat ’n spoorwegstasie was, sukkel tussen verwoeste spoorlyne en kabels deur, en kies koers na ’n liggie en ’n hoorbare radiosein teen ’n koppie bokant ons. Ek waarsku André weer om nie te praat nie. Langs die voorwiel van ’n 1-ton lorrie sit ’n groot, dik, soldaat op sy hurke en wiel omruil. Nog ’n ou grote sit binne met ’n radio en peuter, roep en draai, roep en draai. Die agterdeure van die lorrie is oop voor styfgepakte stapels blikke soos die bullyblikke wat ons ken, net drie-maal groter. Ek haak my duime onder my rugsak se bande, lig dit, en laat die sak agter my val, terwyl ek hardop keel skoonmaak. “Good evening.” “Hi” sê die ou grote en kyk nie om nie. “Christian was ist den jetz los?” kom dit half benoud van die simpel Fransman. Dit laat die ou grote vinnig orent kom met “Hullo, Majjjorr heer’s two Girrmans!” Die majoor spring vervaard anderkant uit, sukkel om sy pistool uit sy holster te kry, stap stadig wyd voor om, agter my in, en stamp amper my rug af met die pistoolloop en sê “Who are you?” Op my verduideliking weet hy nie wat ’n South African is nie totdat ek sê “Colonial, a British soldier.” Nadat ek verduidelik het waarom ons Duits praat, laat sak hy sy rewolwer en waarsku ons om padlangs terug te loop en onmiddellik ’n huis binne te gaan. Dis curfew, en al wat sonder ’n Amerikaanse uniform buite beweeg, loop gevaar om geskiet te word. Hy wil ook nie van sy blikkies vleis afstaan nie, maar gee ons darem helfte van ’n 100 pakkie sigarette. Sy “Good luck, pleasant homecoming; do make sure you enter a house even if you have to break in” agter ons rûe aan verraai nabetragtings-welwillendheid, besorgdheid; en my gesindheid teenoor Amerikaners verbeter effe. Op die teerpad, nou heeltemal stil, om die koppie, dorp toe, sê André dat ons nou in groter gevaar is hier as toe ons tussen die Duitsers deur geloop het. Ek kan hoor hy is nie meer kwaad nie. Ek ook nie.

In Zimmersrode klop en klop ons aan ’n woonhuis se deur sonder reaksie, loop dan om die hoek, sien geen oop vensters nie, gaan sit en steek elkeen ’n Amerikaanse sigaret op. Daar kom weer ’n lang konvooi verby. Skielik skreeu ’n oop Jeep se remme en wiele soos dit in ons rigting uitswaai, en voor ons stop. ’n Kort luitenantjie en vier man spring uit en storm op ons af. Dis militêre polisie, en weer staan ons hande in die lug; ek met die luitenant se karabynloop en nog ’n geweerloop in my maag, en André met twee geweerlope in syne. Na netnou se ondervinding verduidelik ek dat ons ontsnapte krygsgevangenes is: André ’n Fransman en ek ’n Brit. “You are no Tommy” sê hy. “Your English I can understand. Theirs not. What are you?” Hy weet wat ’n Suid-Afrikaner is, gee nog ’n pakkie sigarette en vuurhoutjies, rook soos sy metgeselle saam met ons. Hy vra uit en toon ’n warm belangstelling, sê dat ons dan honger moet wees, maar dat hulle ongelukkig nie kos by hulle het

nie. Hy beveel ons om nou by hierdie huis in te gaan, voeg by dat dit, nou byna middernag, lewensgevaarlik buite is. Die aggressiewe klein luitenant het in ŉ paar minute ŉ ou vriend geword, en ek hou van Amerikaners.

As my eerste sagte klop nie beantwoord word nie, hamer ek met my vuis en roep “Mach auf die Tur! Aber sofort!” Die vrou wat die deur oopmaak is oor 50, deur die wind en verskrik. “O Gott! O Gott”! Ek paai haar, sê dat sy nie bang moet wees nie, dat ons op bevel van die Amerikaners inkom, en dat ons net vir die nag slaapplek wil hê. My Duits op daardie stadium was so goed soos dié uit die mond van die gemiddelde Duitser, en sy is dadelik gerus en spontaan gasvry, soos ek Duitsers ken. Terwyl sy nog ŉ lamp opsteek verduidelik sy dat haar man, Johannes Wege, die stasiemeester is, en dat hy die Amerikaanse Kommandantur behulpsaam is met die inrigting van akkommodasie vir laasgenoemde. Lopende water en elektriese toevoer is nog nie herstel nie, maar daar is water in skottels en ander houers in die huis om te was. Sy kan ongelukkig nie warm kos voorsit nie, maar dis Paastyd en daar is ŉ paar baksels Osterkuchen. “Kennen sie das?” Die ongeryste plat koeke, onryk, ongesmuk, is net wat ons nodig het in ons verhongerde toestand, en ek sê so. Al pratend druk sy ŉ kamer oop. “My dogter se kamer. Sy werk op …” Op die spierwit opgemaakte bed se kussing sit ŉ groot pop en die kamer het ander tekens van die dogter se grootword. Dié heiligdom betree ek nie. Op die stoep staan twee dekstoele, en as sy oortuig is dat niks ons sal beweeg om in die kamer te slaap nie, bring ons die stoele die sitkamer in, en haal sy vir elkeen ŉ kussing en twee komberse. Ons was hande en gesig, en eet oosterkoek.

Net voor sonuit, Sondag 1 April 1945, frühstück ons saam met mnr. en mev. Wege aan oosterkoek. Mnr. Wege gesels bietjie, en gaan weer by die Kommandantur help. Terwyl ek en André was en skeer, pak mev. Wege vir ons nog oosterkoek, sommer baie, in. Sy hou aan dat ons langer moet bly, maar ons is, soos kinders wat op vakansie gaan, haastig om te sien en te ervaar wat agter die bult wag. Ons groet en bedank en stap buite toe, die helder sonlig in.


Buite staan ŉ konvooi voertuie, neuse in die rigting waarvandaan ons kom, vol voorraad. Die agterdeur van die naaste lorrie is oop, en ŉ paar Yanks verneem waarvandaan en waarheen. “Then youus be damned hungry” en ons kry (volgens my dagboek) ŉ groot blik vark, lekkers, koffie, suiker, sjokolade en sigarette. “Waal, why don’t you open up and eat?” vra die groot “quarterbloke”,[109] en skud sy kop nie-begrypend as ek sê ons sal dalk doodgaan as ons dit nou eet—ons eet dit later as ons ŉ bietjie “opgevoer” is.

Ons slaan verder voet van Zimmersrode na Richerode, hoor Frans in ŉ kroeg onderweg, André gaan in, en kom uit saam met Paul Paget en Pierre Madiot. Ek sê nee dankie vir die drankie aanbod, en ons vier val in die pad. Paul en Pierre is van ŉ groepie Franse krygsgevangenes wat, op parool,

[109] CP: Tweede Wêreldoorlog naam vir lid van voorradepersoneel.

al ’n paar jaar op Richerode en Hundshausen werk. Toe die Amerikaners naby kom, het hulle weggekruip om te verhoed dat die Duitsers hulle wegneem. Toe die Amerikaners gister verby is, het hulle weer teruggekeer. In Richerode gaan ons by hulle tuis.

Pierre Madiot, resiesperdteler en eienaar, praat Engels. Met Seys Francois en sy broer André praat ek Afrikaans, en hulle Vlaams klink vir my soos hooge Afrikaans. Hulle trakteer ons op kitaarspel en die praat-sing liedjies wat ek vir die eerste maal hoor, en baie jare later weer hoor uit die radio en televisie weergawes van die Mossie van Parys [Édith Piaf] en Jaques Brel. Sondagaand hou ek by mev. Wege se oosterkoek, terwyl André—hy is immers Fransman en klaar met Duitse kos—hom vergryp aan spek en wors en kaas en aartapples-in-olie-drywend.[110] Terwyl ons in die klein vertrekkie op die eerste vloer aan die tafel sit, storm ’n seksie GIs die trappe op en skreeu “Hands up! On your feet! Back up against the wall!” Hulle lyk aaklig skietlustig en laat my Franse vriende wat minder, indien enige, cowboy boeke as ek gelees het, dalk nie sulke flieks gesien het nie, stom van skrik. Ek het self groot geskrik, maar my skrik is gemeng met veragting vir die teatrale optrede. Dit word aan my oorgelaat om te praat, sê wie ons is. Hulle wil weet of ons weet van Duitse soldate wat wegkruip, en sê dat hulle “mopping up” doen, van huis tot huis.




**Chris Pretorius se Franse vriende Maart/April 1945**

Op Maandag 2 April 1945 vertrek agt van ons. Ons gaan ’n groot Mercedes wat Duitse offisiere in ’n bos weggesteek het, vat en Frankryk toe ry. Pierre Madiot gaan Parys vir my wys, my aan sy pa en

[110] LP: Vir solank as wat ek kan onthou, was Chris Pretorius ’n versigtige eter. Nietemin het hy ook die beskikbaarheid van kos, na sowat 33 maande as ’n KG, geniet. In sy notaboek het hy op 4 April 1945 geskryf: ”Eet te veel haas en aartappels ...” en ”Weer haas, aartappels, spek, wors tot ek nie meer kan nie vir aandete.”

ma voorstel, spog met hulle stalle en perde, my onthaal soos Franse onthaal. Paul Paget gaan sy gesin vir my wys, sy vriende en hulle klein plasies. Ons gaan visvang in die Saône en Loire. Op pad het André le Bras vertel hoe graag hy, al is hy arm, vir my die mooi klein visserhawetjies van Finisterre by Brest en omgewing wil wys. Maar nou het André hom gisteraand te dik gevreet aan 'n ryk Franse dis. As hy hier langs my, op pad Mercedes toe, Frankryk toe, wind opbreek, breek dit soos ŉ ontploffing, slaan die stank my figuurlik agteroor bollemakiesie om weg te kom. Hy word sieker en sieker, sak op sy knieë neer en sê dat hy nie verder kan nie. Een van die manne bied aan om hom terug te neem Richerode toe. Ons sal stadig loop en hy sal ons weer inhaal. Siek soos hy is, bly André Fransman. Ons samesyn was ŉ intense, gebeurtenisbelaaide, 38 uur tot by veiligheid en vryheid in die Wege woning. Siek soos hy is, is sy afskeid vir my ŉ emosiebelaaide "Christian hier trennen wir" (Krisjan, hier skei ons weë.). As ek Frans sou verstaan, glo ek dat sy afskeidsgroet baie meer poëties sou wees. André het oorleef en terwyl heugenis fris en vars was, het ons ŉ paar briewe tussen Finisterre en Stampriet gewissel. Ek en Paul ook.[111]

By die tweede dorpie, lank voor die Mercedes, keer ŉ Amerikaanse padblokade ons voor. Ons moet teruggaan Richerode toe. Daar is derduisende displaced persons oor Duitsland versprei, en dit sal chaos wees as hulle toegelaat word om na willekeur bestemmings van hulle eie keuse te bereik. UNRRA (United Nations Relief and Rehabilitation Administration)[112] het ŉ enorme taak om elkeen in sy land van herkoms te besorg, en dit is ons, die displaced persons en die allied forces, se plig om elkeen sy deel by te dra. Ons draai om. Twee bly in Sebterode, ŉ dorpie tussenin, en die res keer terug en oornag in Richerode.

Dinsdag 3 April 1945 trek sewe van ons by Hundshausen in. Ons maak kwartiere skoon, bring alles in orde, neem voorraad op van ons bates: Amerikaanse geskenke langs die pad, soos koffie, tee, sjokolade, lekkers, sigarette—gesogte ruilware in gans Europa. Met dié ware "koop" ons melk, meel, eiers, brood, botter, en ander voedsel wat beskikbaar mag wees. Die dorpie is ŉ plaasgemeenskap, met verskillende eienaars se landgoed in straalgebiede rondom die dorpie. Ek en Paul Paget loop saam, loop en ry per fiets in die volgende amper twee weke baie kilometers om Paul se bekendes op te soek, of net te kyk wat tel ons aan nuus op in naburige dorpe. Hier op die eerste ronde sê ŉ ma: "Bly tog hier by ons. Julle is jonk en die dogter is baie eensaam!" As gevolg van die oorlog is Duitsland arm aan jong mans. Daar is niks snaaks aan dié vrou se uitnodiging nie. Dit wat ons romanse noem, is bysaak. Behoud van die stukkie aarde, oorlewing daarop, en voortplanting vir die behoud daarvan, vir die oorlewing van die familie, is nou van primêre belang.

---

[111] Adresse in CP se notaboek: Pierre Madiot, 17 Boulevard Richard-Lenior, Paris XI, France. Seys en André Francois, 18 Rue Des Poissons 18, Bailleul, France Nord. Paul Paget, Rue de Mervans, Saint-Germain-du-Bois, Saône-et-Loire. André le Bras, Leuna, Par Corry, Finistere, France.

[112] LP: https://en.wikipedia.org/wiki/United_Nations_Relief_and_Rehabilitation_Administration

Namiddag kom daar ŉ seuntjie met ŉ briefie van Bauer Otto. ŉ Poolse rondloper molesteer die Leherin, hamer op die voordeur. Die seuntjie glip agter uit. Sal die Süd-Afrikaner en die Franzosen kom help, asseblief. Ons was nog nie by Bauer Otto nie. Die nuus van die nuwe teenwoordigheid het vinnig getrek. By Bauer Otto se voordeur kry ons die Pool. Hy't haar met brood en eiers in die hande sien loop, met haar gepraat want hy is honger. Sy't kortom gevlie en die deur voor hom toegestamp. Ons vestig sy aandag op berigte dat die Amerikaners al ŉ paar verkragters verhoor en tereggestel het, en stuur hom terug Schlierbach toe, waar hy vandaan kom. Ons gaan in en ontmoet Bauer Otto. Hy is ŉ groot man, ouer as 70. Sy vrou bedien koffie en hulle nooi ons vir koffie enige dag, maar so gou moontlik; dan sal hulle hul niggie, die Leherin, aan ons voorstel. Dit kan nie nou nie want sy is ontsteld in haar kamer. Op Paul se versoek leen die ou man sy fiets aan my. Paul het reeds een. Op pad terug sê Pierre Madiot hy dink die ou man het van die eerste geleentheid gebruik te maak om ons te sien, deur te kyk, en dat dit verband hou met die Leherin. Paul sê hy dink ook so.

Woensdag 4 April: Vanoggend reggekry om so laat te slaap soos die Franse. Werk knope en rooi lussies aan my jas en baadjie. “Ons het geweet jy moet ŉ offisier wees. Iemand wat so baie van ander lande weet, twee vreemde tale vlot praat, word as offisier aangestel.” Hulle sien die breë rooi lussies vir die eerste maal, sien die rooi lussies vir rang-balke aan. Ek glo nie hulle leer in enige skool ter wêreld, tot matriek, so baie van Europese, Amerikaanse, Asiatiese geskiedenis en aardrykskunde soos ons nie. Van standerd 4 tot 10 het ons kaarte getrek van Duitsland, Italië, Frankryk, en ander. Teen 1938 het ek heelwat geweet van Napoleon, Attila die Hun, Caesar, Alexander, die pouse, kardinale, Garibaldi, en meer. Dan was ek nog van vroeg ŉ leser wat in skool en na skool in skoolbiblioteke gelees het. As Paul dus vertel waar hy bly, kan ek op die geografie en die geskiedenis en landbou van die gebied kommentaar lewer. Nou onthou ek dit nie meer so goed nie. Toe kon ek beter as in matriek kaarte trek, name invul vanweë 2 jaar se bestudering van kaarte en topografie n.a.v. BBC nuus en Duitse koerante. Belangstelling gebore uit ons drang na vryheid. Die Franse bly ongelowig selfs na my verduideliking dat die rooi lussie net aandui dat ek ŉ Suid-Afrikaner is wat my vrywillig tot militêre diens in enige plek in Afrika bereid verklaar het.

Ek kry Italiaanse skoene. Dankbaar. My oues is gevries, nat gereën, klaar gestap op die 750 kilometer mars uit Breslau. Ons slag vark. Ek en Paul besoek Schlierbach [Neuental].[113] Gesels met ŉ Yank. Hy sê ŉ Engelse krygsgevangene (ŉ stafsersant) was gister hier om skoene te haal vir die kêrels in Ziegenhain, en ek wonder agterna of dit nie dalk stafsersant Aubrey Theron was nie.[114]

---

[113] LP: ”... the hitherto independent municipality of Schlierbach was incorporated into the new municipality of Neuental on December 31, 1971.” https://de.wikipedia.org/wiki/Schlierbach_(Neuental)

[114] LP: Vroeër in die manuskrip is die verwysing na ”sersant Theron”. In ŉ 1945 tydskrif is verwys na ”Sgt. Theron”. ”Liberation Comes to Stalag IXA. Described by Sgt. Theron, of the 1st R.L.I., Union Defence Force, South Africa, who was captured at Tobruk.” *The Prisoner of War,* May, 1945, pp. 3-4.

Op pad terug stoot ons ons fietse straatlangs deur ŉ dorpie. ŉ Bekende gestalte kom hinkend, tok-tok, met ŉ swaar kierie, van voor ons aan. Die suikerfabriek by Schottwitz se der Mann mit dem Stock herken my ook. Hy draai in sy spore om, en tok-tok terug op die pad waarlangs hy gekom het. "Nu, Christian, kennst du ihn?" wil Paul weet en ek vertel hom van Gerda en die man met die stok, verdagte spioen en verklikker. Paul wonder of ons hom nie aan die kaak moet stel nie. Nee wat, ons is vry, sal niks daarby baat nie, laat hom vry wees.

Donderdag 5 April 1945. Ek en Paul besoek Schlierbach om paraffien te haal by ŉ luitenant in bevel van ŉ Franse besettingspeloton daar. Hy het die sleutel en is belas met die bewaking van ŉ Italiaanse trok vol Italiaanse skoene. Toe die stafsersant eergister skoene kom haal het, het die nuus van die skat rugbaar geword, en honderde Pole en Franse, mans en vrouens, gelok. Hulle dreig om die trok oop te breek as skoene nie aan hulle uitgereik word nie. Met my Engels is ek nader aan die Amerikaners, meer in ŉ gesagsposisie as hulle, meen die luitenant. Buitendien is ek ŉ polisieman en polisie weet hoe om in sulke gevalle op te tree. Ons gaan stasie toe, trok toe. Daar herken ek die Slawiese vroue waarvan ek reeds vertel het. Ek sê niks, maar weet wat ek gaan doen. Hierdie luitenant kyk smekend na my om sy gesag oor te neem. Hy's ŉ beroepsoldaat. Hy voel bedreig deur die Amerikaanse owerheid sowel as hierdie dreigende gepeupel.

In die stasiekroeg stel die Franse, na ŉ stukkie Franse gekwetter met die Pool agter die toonbank, my aan hom voor. "Angenehem Herr Oberst. Schnapps Herr Oberst?" en stoot dadelik die glasie Schnapps voor my in. Nog ŉ Schnapps, en ek snap die Pool se humoristiese wysheid. Vir wat ek nou gaan doen, is dissipline nodig en hierdie menigte het in besette Europa al met die gesag van menigte Oberst kennis gemaak.


In Duits kondig ek aan dat ek een paar skoene per persoon gaan uitreik sodra daar ŉ ordelike enkelgelid is, dat die Franse soldate (gewapen) en ŉ aantal Pole en Franse orde sal hou, en dat enigeen wat oortree sonder skoene sal weggaan. Die Poolse kroegman en die Franse luitenant kondig aan dat ek ŉ kolonel uit Suid-Afrika is, en sê in Pools en Frans wat ek gesê het. Van die Slawiese vrouens ken genoeg Duits om vir hulle makkers te tolk.

As ek en die nommer-soekers in die oop trok staan, ontstaan ŉ hewige gestoei tussen die mans voor in die tou en die Slawiese vrouens wat *en masse* voorste plekke wil hê. My beroep op die wêreldbefaamde galantheid van Franse en Poolse mans, besorg aan die vrouens die voorste posisies. ŉ Paar aangeklamde Amerikaanse soldate daag op en wil self skoene hê vir besigheid met vrouens elders. Vir behoud van dissipline, en om hulle uit die pad te kry, help ek hulle weg. Een dronke kom terug, begin gryp en uitgooi terwyl hy sê "This is the way to do it." Ek foeter hom met ŉ stewel liggies oor die staalhelm. Gelukkig dink hy dit hoort so, lag, wuif, en waggel agter sy maats aan.

ŉ Majoor kom aan wanneer die ry kort is, en verneem deur die veeltalige Pool by die luitenant wat aangaan. Hy wag tot ek die laaste man weghelp, die trok toesluit, die sleutel aan die luitenant oorhandig, voordat hy my, die luitenant, én die Pool, eenkant toe roep en vra waar ek aan die reg kom "to dispose of property of the American Army." Ek begin by die lang mars, vertel van die Slawiese vrouens wat selfs verder as ons geloop het, en dit in die sneeu met doeke om hul voete. Ek vertel oordrywend daarvan en van die lyding van die ander. Hy weet van die uitreiking aan die Engelse stafsersant eergister, en verstaan my verduideliking van hoe rugbaarheid die toesakking op die arme Franse luitenant veroorsaak het. Ek vertel hom hoe ek betrokke geraak het, onverwags ŉ kolonel geword het. Dit laat hom lag en hy wil weet of die kolonel more weer sal opdaag. Ek verseker hom dat die verdienstelike gevalle vandag weggehelp is, en dat die trok nou gesluit gehou kan word, en stel ook voor dat kommunikasie tussen die luitenant en die betrokke Kommandantur so moet wees dat hy nie weer nodig sal hê om sy eie kolonel aan te stel nie. Die majoor wens my ŉ gelukkige tuiskoms toe, en salueer speels met "Colonel Sir!"[115]

Vrydag 6 April 1945. Besoek Richerode. Kry ŉ Amerikaanse tydskrif. Ons hoor dat daar ŉ Franse garnisoen te Treysa is. Terug op Hundshausen: koffie saam met Bauer Otto en Fraulein Rosa. Na koffie nooi hy my kelder toe. Net vir mans. In die halfskemer sit ons weerskante van ŉ groot donkerbruin tafel. Hy skink en vertel dat aldrie sy seuns kort na mekaar aan die Russiese front gesneuwel het. Hy huil, skink nog wyn, sê daar is niemand oor om hom met sy boerdery te help en dit na sy dood voort te sit nie. Die naaste is Fraulein Rosa. Dis nie ŉ vrou se taak nie. Sy is alleen ook. Hy gaan vaatjie toe om nog wyn te tap en haal ŉ foto van die drie jong manne in uniform van die muur af. Hy huil steeds, en pleit dat ek moet bly. Die drie paar oë op die foto staar na my, lyk vyandig oor die verraad waaraan ek met hul bedroefde vader deel sou hê. Verleë, skuldig oor my onvermoë, onwilligheid, om te help, maak ek verskoning en vertrek. ŉ Paar dae later is daar weer ŉ keldersessie, maar hierdie keer val ek hom in die rede en vertel hom van my eie mense en van die boere, in besonder die Duitse boere in Fransfontein-wyk, en van my dringende verlange om nou weer daar te wees.

[115] LP: In sy manuskrip laat Chris Pretorius iets uit die skoene-storie weg—iets wat ek besonder menslik vind, te meer so omdat hy, soos ek hom geken het, selde alkoholiese drank gedrink het. In sy notaboek is geskryf "... ek het so 'n bietjie Schnapps in en ek beveel net kwaai. ... Het dit baie geniet, en ek ook die hele speul [sic] alhoewel ek al die tyd soos 'n kapokhaan op en af gestap het met 'n kwaai gesig en laggende gemoed."





**Chris Pretorius se notaboek**[116]

Vir nog 'n week of wat verken ek en Paul die omgewing per trapfiets en besoek plekke soos Treysa, Jesberg, Gemunden, Richerode, Fritzbar en ander. Daar is 'n Amerikaanse kapt. McDool te Jesberg, vir wie ek dikwels tolk- en skakelwerk met Duitse ampsdraers doen. Hy stel voor dat ek as tolk by sy groep aansluit wanneer hy binnekort Berlyn toe versit. Hy sal by die owerhede vir toestemming aansoek doen. In die laaste oorlog [WO1] het bevryde KGs glo maande in versamelkampe geslyt voordat hulle gerepatrieer kon word. Ek verkies McDool se plan bo so 'n vooruitsig. Daar is egter iets waarvan ek, en seker McDool ook, nie weet nie: Amerikaanse, Britse en Britse Ryk KGs moet onverwyld vir repatriasie Brittanje toe gestuur word of, waar moontlik, regstreeks gerepatrieer word. Kapt. McDool se aansoek word dus met 'n uittrap beantwoord, en wanneer ek op Vrydag 13 April


[116] LP: In sy manuskrip vertaal CP die nota bo die Franse lapelvlaggie as "Aan ons Suid-Afrikaanse kameraad Christian ons klein aandenking." Hy skryf ook: "Saam met die klompie Franse het ek presies 46 jaar gelede een van die beste tye van my lewe deurgebring. C. P. Pretorius Pretoria 28 Maart 1991." Vir my ook interessant: In sy manuskrip vertel hy van sy broers Andries en Louwrens, noem sy jongste broer, Koos, en verwys na 'n brief van sy suster, Anna. Sy broer Petrus en suster Catherina word nie genoem nie. In sy notaboek is, by 8 April 1945, wel geskryf "Catherina ek vier jou verjaardag saam met my Franse maats in goeie luim." Catherina Magdalena Pretorius, gebore Stampriet, 8 April 1931.

by hom aanmeld, sak en pak om Berlyn toe te gaan, laat hy my agter in sy driekwart ton vangwa-tipe bakkie klim, en oorhandig my aan die G1 Engelse liaison offisier te Marburg. Ek is self bitter ongelukkig want hy het my nie eers die geleentheid gegee om my Franse vriende, wat my almal Jesberg toe vergesel het, te groet nie.




Terwyl ek skryf is dit 8.50 vm. op Goeie Vrydag 29 Maart 1991, 46 jaar nadat ek voor die voorste muil om gekruip het na vryheid. Dis met gemengde gevoelens wat ek Duitsland destyds verlaat het. Die skryf van hierdie verhaal was nog altyd vir my ’n hoë, skerp omlynde, berg in die verskiet, soos die Brandberg gesien vanaf die skurwe rotspunte langs die Fransfonteinpoort op die noord-pad Outjo toe—’n gedugte maar ook onweerstaanbare stukkie wêreld. In wese is ek, as persoon, vaal en alledaags, maar, oor wat ek om my ervaar, is ek sentimenteel. Dis met gemengde gevoelens dat ek die einde van die terugblik nader; besef dat ek weldra die laaste bladsy sal terugblaai op hierdie verhaal.






Op die laaste middag voor my vertrek van Hundshausen het ek, op haar uitnodiging (dit seker op die aandrang van Bauer Otto), tee gedrink saam met Fraulein Rosa. Die blekerige meisie met die ligter as muisvaal hare was seker so 2 of 3 jaar ouer as ek, gespanne in die teenwoordigheid van 'n vreemdeling, en afgetrokke. Die atmosfeer was klinies en die gesprek hortend, terughoudend met lang, ongemaklike stiltes. Voordat ek finaal afskeid neem van Duitsland, talm ek nog so 'n bietjie en gee erkenning aan Bauer Otto, in die besonder, met die hoop dat daar 'n ware boer vir Fraulein Rosa opgedaag het, en dat daar erfgename vir die bedroefde ou landheer op Hundshausen boer. Ek wou nog altyd so graag weer 'n slag die lang pad van Breslau af loop, oor Hermansdorf, Senftenberg, Gestewitz, Stregda, Frielingen en plekke tussenin; met Bauer Otto se erfgename gesels. Jacob Grimm se gedig in *Deutsche Mythologie* is my dank aan die Duitse boere wie se aartappels ons op die lang pad aan die lewe gehou het. Die vertaling is vry, baie vry.

| | |
|---|---|
| Im Waldschloss dort am wasserfall<br>sinn d'ritter rise gsinn;<br>ä moll kummts fräul hrab ins<br>thal,<br>ann geht spaziere drinn.<br>sie thut bis schier noch Haslach gehn, | In 'n woudfort daar by 'n waterval<br>Daar was die baronne reuse;<br>eens kom die jong dogter af na die<br>dal,<br>en gaan stap daar rond.<br>sy gaan so ver as Haslach, |

| | |
|---|---|
| vorm wald in ackerfeld | buite die woud in die graanland |
| do blibt sie voll verwundrung stehn | daar bly sy vol verwondering staan, |
| nun sieht, wies feld wurd bestellt. | en sien hoe die grond bewerk word. |
| sie lüegt dem ding ä will so zu; | Sy kyk daarna vir 'n wyle, |
| der pflui, die ros, die lütt | die ploeg, die perde, die kleine mense |
| ischer ebs neus, sie geht | Vir haar is dit iets nuuts; sy gaan daarheen |
| derzu | En dink 'Ek sal hulle saam met my neem.' |
| unn denkt 'di nimm i mitt.' | Dan hurk/plomp sy op die grond neer |
| Drno huurt sie an de bode hin | En sprei haar voorskoot wyd, |
| unt spreit ihr fürti uss | Gryp alles met haar hand en gooi dit in, |
| fangt alles mit der hand, thuts niin, | En hardloop vreugdevol na huis; |
| unn lauft gar froh nach hus. | Sy huppel vinnig die rotssteiltes uit, |
| sie springt de felswie 'nuf ganz frisch, | Waar die heuwel nou so steil is |
| Dort wo der berg jetz isch so gäh | en mense op moet kruip, |
| Unn me so krattle mus in d'höh | Gee sy net 'n enkel tree ... |
| Mach sie nur eine schritt ... | |
| ... | ... |
| 'Ja, kind, diss isch ken spieldings nitt | 'Ag my kind, dit is nie 'n speelding nie, |
| do hest ebs schöns gemacht' | Nou het jy sowaar 'n ding gedoen!' |
| saht der Herr ritter glich und lacht, | Sê die baron gou en lag, |
| 'geh nimm's nur widder mit! | 'gaan neem dit terug! |
| die bure sorje uns für brot, | Die boere besorg ons brood, |
| sunsch sterbe mir de hungertodt; | Anders sterf ons 'n honger-dood; |
| Raht alles widder furt!' | Vat dit nou alles weer vort!' |

Op 13 April 1945 is die G1 Engelse liaison offisier te Marburg se slim uit onkunde gebore.[117] Hy stuur my na 404 vanweë my Suid-Afrikanerskap=Boer=Dutchman. Hy ken so 'n bietjie geskiedenis. Vier-nul-vier is 'n kamp vol repatriasie-afwagtende Franse en Hollandse burgerlikes, ex-Auslandarbeiter. Ek word vanweë my Dutch herkoms summier op 'n lorrie gelaai, 'n oop lorrie vol luidrugtige Nederlandse wysheid, deurspek met swetse, uitroepe na bo, swaarweer invokasies, en Engelse uitdrukkings. "Godverdomme man pasop dat je nie afvalle!" klink in my ore elke keer as ek Hollands hoor of lees.

[117] LP: "G1" verwys waarskynlik na die "British Army G1 [Staff] Branch ... Responsible for personnel matters." http://www.armedforces.co.uk/army/listings/l0005.html

In 404, te Wetzlar, is my Britse bunny jacket ꞌn ligkol in die Franse en Hollandse gejoel en gedruis vir ꞌn Britse offisier en die UNRRA meisie uit Engeland. Hulle snel my tegemoet, vat my kantoor toe vir tee, en vra uit en gesels. Hulle, die dame veral, weet baie van Suid-Afrika en wil weet hoe ek hier beland. Ek vertel haar van Marburg en G1. “Typical” sê sy en lag en vertel van UNRRA se probleme met korrekte plasing van displaced persons. Sy beveel aan dat ek na Dulag Luft gaan.[118] Daar is nog nie Suid-Afrikaners nie, maar sy plaas my in die geselskap van ꞌn paar Britse onderoffisiere van wie se geselskap, weet sy, ek sal hou. Die offisier reël per telefoon vir ꞌn jeep, en sy oorhandig ꞌn briefie met bestemming spesifiek aangedui aan die bestuurder.

Byna sononder, 13 April, laai die jeep my af by ꞌn woonhuis—net betyds om te stort en saam met my nuwe huisgenote aan te sit vir aandete. Hulle vra my uit, en ek vertel, met heelwat minder omhaal as nou, van my ontsnapping. Desondanks laat W. Tittle (ek dink hy was ꞌn sersant-majoor) se storie oor hulle s’n, my so ’n bietjie kleiner voel oor die voldaanheid en moeite met betrekking tot myne. Hulle was in ꞌn marsjerende kolonne, ook op pad Suid-Duitsland toe, het op ꞌn middag gerus, en, soos ander, die aanliggende plantasie ingestap om broek los te maak, nie teruggekeer nie, en weggekruip toe die kolonne verder stap. Dié nag het hulle in die plantasie geslaap, en toe dit dag word het hulle oorbeweeg na die teenoorgestelde kant en sommer daar bly sit. Middagtyd het ꞌn bataljon Duitse infanterie daar halt gemaak. Tittle & kie was sonder kos en sigarette. Die honger en rooklus was te veel, en die kouery en dampies het hulle gelok, sommer reguit kolonel toe op die voorpunt. “A bloody nice fellow. He spoke English.” Op die kolonel se vraag het hulle gesê dat hulle deel is van ꞌn groep krygsgevangenes onder bewaking en op pad is. Hulle rus aan die anderkant, en het oorgekom om te sien of hier iets te ete en ꞌn rookdingetjie te ase is. Die kolonel het van syne gegee, ꞌn offisier die bataljon ingestuur vir nog, en hulle het rustig, kouend en dampend, bly sit terwyl die Duitse bataljon verder marsjeer het. W. Tittle was een van daardie pokerface Engelse onderoffisiere, in sy 40s, en ek weet nie of die humor in sy “Bloody nice German that was” as humor bedoel was nie.

Op Saterdag 14 April 1945 staan ek op, na niks meer as ꞌn halfuur se slaap nie. Ons het tot na middernag gesels oor die onlangse verlede en oor wat ons van die toekoms gaan maak. Soos altyd wanneer my denke laatnag geprikkel word, slaap ek nie. Na ontbyt skryf hulle self in my dagboek:

Sgt. Booth R, 2010505, 7 Boonwell Grove Barrow-in-Furness, Lancs.

L\Cpl. Fox (Stanley) 1986353, 48 Clumber Road, Belle Vue, Doncaster, Yorkshire.

Sgt. Singer, Cyril 2114321, 2 Dudley Drive, Morden Park, Surrey.

---

[118] LP: Chris is na die Dulag Luft sattelietkamp by Wetzlar gestuur. Ek kon nie spesifieke inligting met betrekking tot Geallieerde KGs by Wetzlar opspoor nie, maar kyk https://en.wikipedia.org/wiki/Dulag_Luft en https://en.wikipedia.org/wiki/Displaced_persons_camps_in_post%E2%80%93World_War_II_Europe

W. Tittle, 26 Ellison Street, Wolstanton, Stoke-on-Trent, Staffordshire.

Die plekname is prentjies. Hulle is, as hulle nog leef, nou ou manne, soos ek, hopelik gesond en met tyd op hulle hande. Stan Fox was nagenoeg my ouderdom, die geleerde onder ons. As ek hiermee klaar is, dink ek gaan ek aan hulle skryf by die adresse met ŉ nota op die koevert dat dit die huidige huisbewoner, dalk ŉ nakomeling, vry staan om die brief te lees. Almal se adresse sal in elke brief wees. In Dulag Luft en op Le Havre was dit Stanley en ek wat ver ente gaan stap het, die omgewing verken het, en baie gesels het. Stan het reeds akademies vir sy loopbaan as advokaat gekwalifiseer en "article" sy finale jaar wanneer hy binnekort terug is op Doncaster. Hier op Wetzlar het ek, in Stan se geselskap, die netjiese houtkissie opgetel waarin ek vir 45 jaar my swart dagboekie, medaljes, my pa se bril, die *Schlesische Tagezeitung*, en ander memento's gebêre het.

Tydens een van die wandelinge het ŉ ouerige man, met die van Baumann, begin uitvra. Toe hy hoor waar ek vandaan kom, vertel hy van sy oom, ook Baumann, wat by die eeuwending na Kaapstad verhuis het, waar hy ŉ fabriek opgerig het wat Baumann's Biscuits vervaardig. "Kennen sie …?" Hy't dit vertel so asof ek moet gaan kyk en terugmeld. Ek het gekyk na ek aanvang Julie in Kaapstad geland het, toe Kastrup in ŉ taxi wat hy, Kola, Ben en ek gehuur het, vir ons sy skool, ek meen Rondebosch Boys High, gaan wys het. Ek rapporteer nou terug oor die smal, rookbesoedelde, 3 of 4 verdieping gebou met *Baumanns* bo teen die mure, straatkant. Dalk in Woodstock? Ek ken die Kaap nie so goed nie.

My vertelling sluit net die belangrike dinge in. Nuwe klere is nou uiters belangrik. By ŉ voorraadkamer kry ons elkeen 1 langbroek, 1 hemp, 1 onderhemp, 1 onderbroek, 1 paar sokkies, 3 sakdoeke—alles netjiese vaalgroen Amerikaanse maak—en seep. Ons kry een rooikruispakkie per man. Daar is nou 21 Britte in die kamp. Die skaal by die voorraadkamer se nuus is top prioriteit: my gewig is 160.6 lb. [73 kg]. Dit is meer as 40 lb. [18 kg] swaarder as 14 dae gelede. ŉ Toename van byna 3 lb. per dag terwyl ek elke dag van 30 tot 60 kilometer fiets gery en gestap het. (So vyf dae later, op die lughawe, Westcott in Engeland, is ek bo my normale fiksgewig, 175lb [79 kg]. Volgens my dagboekie bad ek in warm water, voel pap daarna en slaap tot 5 nm. Ontspan dus vir die eerste maal geestelik en liggaamlik na ŉ lang tydperk.

Dinsdag 17 April 1945. Per lorrie na Giesen waar ons ŉ vliegtuig, Dakota, haal. "You may smoke if you want to. It is better if you don't smoke." Die vlieënier se takt tref en niemand in die vliegtuig rook nie. Ons land en eet buite Parys na ŉ draai oor die stad, styg op, en land by Le Havre.




**Ziegenhain tot Brighton, Maart tot Junie 1945**[119]

Blêrende musiek uit 'n groot luidspreker op 'n hoë paal, kort-kort onderbreek deur boodskappe, Amerikaanse styl, is ietwat oorverdowend, maar alles getuig van ervare, doeltreffende, Amerikaanse organisasie, en effektiewe, ontspanne, Amerikaanse dissipline. Ek weet waar ek gaan aantree, in Group 13, vir die RAF vlug na Engeland. Ek is alleen in tent A50, gaan alleen by 'n tafel sit met my selfdien skinkbord, lemoensap en beter as restaurant gehalte, wetenskaplik beplande, maaltyd. "Hi pal, I'd like to sit here." laat my opkyk. Ek voel so 'n bietjie uit die veld geslaan oor die netjiese groot swart soldaat. Sy aksent is Amerikaans. Hy wil weet wat beduie die rooi lussies op my skouers. Dit is voor ons muishondtyd, toe ons gewaardeerde allies was, en van my wil hy maaltyd na maaltyd nog meer weet oor die groot kontinent, tuiste van sy voorvaders. Ek weet nie of ons ooit ons name gesê het nie. Wel weet ek dat die ontmoeting in my geheue hoog geskat is.

In die kamp is daar nog een Suid-Afrikaner, Liversage, wat ek in Bari en Foggia leer ken het. Sy neus is nou krom, sy wangbene hoër. Die SS het hom gevang toe hy in Duitsland probeer het om te ontsnap.

Woensdag 18 April 1945. Stan en ek stap die wêreld vol. Hy was al hier, en ken sy aardrykskunde en geskiedenis. My kennis is, in my oë, in verhouding nie meer so goed soos tussen die Franse nie, en ek luister oopmond. Ons kyk na verwronge doringdraad, verwoeste bunkers, en landings-obstruksies in en om Le Havre se mooi baai. Binnelands sien ons die plantasie van hoë houtpale wat sweeftuie en hulle inhoud moes neutraliseer tydens landing, en ook ander oorlog oorskot. Op die terugweg, stap ons deur 'n woonbuurt. Soos op Wetzlar, herken Stan boustyl, struike, bome en sierplante. Hy noem hulle name, eienskappe, en bespreek uitleg, en groeihoedanighede. Ek vind dit interessant, wil registreer en onthou, maar slaag nie daarin nie. Hy is die produk van geslagte wat opgegroei het met akademiese skoling en beskaafde kultuur, in stylvolle huise met boeke, kuns


[119] LP: LP: Google Earth Data SIO, NOAA, U.S. Navy, NGA, GEBCO Image Landsat / Copernicus

en klavier, vaders, oupas, grootjies wat wakend en besielend van binnemure oog hou op nageslagte, ’n lang tradisie van mooi tuine en reggesnoeide heinings. My voorgeslag se kultuur was, tot onlangs nog, ’n harde in-wind-en-weer stryd om te oorleef, en net maar te bestaan teen assegaai en ’n wisselvallige natuur van uiterstes om hom. In my agtergrond is die mooi dinge in die lewe die Auob in vloed, die swaar weer en die donderbuie, my pa se groot, vereelde, hande, sy diep Godsvresenheid: “die Here is my Herder, hoe voer jy die van neef, en van watter Petoorse is jy?” Die Xhorixasvlakte en sy groot troppe wild, die Brandberg kan ek verwerk. Stanley se musiek en boom besonderhede, struikname en eienskappe, kan ek volg, maar nie onthou nie, want tot hiertoe weet ek van  kameelboom, witgat, noenie, haak-en-steek, tránsie en suurgras.

Die volgende dag kom nog Britte by Le Havre aan. Daarby ’n paar SA polisiemanne. Hulle geselskap is oninteressant. Hulle het te min deurgemaak en praat gevolglik te veel. Vertel van swaarkry op ’n 5 dae mars!! Jammer ouens, maar net so, dubbel uitroepteken en al, staan dit in my dagboek. Sulkes het mens in Brighton se strate, winkels, plesieroorde ook moes aanhoor: ’n dompraat, luidrugtige, minderheid uit alle beroepe wat ons mooi land en sy mense nie tot eer gestrek het nie. Gelukkig het ek julle nie geken nie, net gehoor. ’n Klompie SA swartes kom in. Ek kyk uit vir Willem, ons lorriebestuurder, wie ek laas in Tobruk gesien het, maar sien hom nie.

Op 20 April is ons per vliegtuig vort. Ons land by Westcott, Engeland. Vandaar is ons na ’n kamp in die nabyheid geneem. Ek stuur dadelik na my aankoms hier op Underwood ’n kabelgram—’n fasiliteit aangebied deur die kampowerheid.[120] Hier eindig my dagboek.

[120] LP: Waarskynlik Grendon Underwood, Buckinghamshire, England.




Die potloodskrif was al dof en ek het die lyne in ink gevolg vir afdrukdoeleindes. In die proses ly Toks se sterk skrif daaronder. Daar was vir maande uit die chaos in Duitsland geen taal of tyding van my af nie. Toks se hart het seker opgewonde gehamer vanweë die morsekode klappertjie se boodskap uit Great Britain aan mrs. L. Pretorius, haar vriendin. In plaas van "Great" het sy "Sta" begin skryf, en dit doodgetrek en oorgeskryf. My pa was nie meer daar om die goeie nuus te hoor nie, sy sakmes buite onder die boom oop, half toe, oop, half toe, te knip nie. Die mes was nog daar, toegeknip op die onderste rakkie van die kurfgekerfde ligbruin medisynekissie teen die muur. Toegeknip tussen botteltjies lewens essens, hermes drup, balsem kopiva, 'n stukkie aluin, en die blikkie sambok salf.

Op Brighton se strandgebied betrek ons huise waaruit die Britse owerheid die bewoners verwyder het om plek te maak vir die groot Britse, Amerikaanse en Kanadese invalsmag wat onder opleiding was vir D-dag. Ek kry 'n hele kamer met badkamer en toilet fasiliteite vir myself op die eerste vloer van 'n huis waarvan die grondvloer se kombuis, eetkamer en sitkamer vir menasie-fasiliteit ingerig

is. Na etes is daar stilte in die huis. Vir meer as twee maande studeer ek saans sers. Matthews se lesings, gaan nou en dan na ŉ bioskoopvertoning, verskeidenheidskonsert, of ysskaatsbaan toe. Dit soms in die geselskap van

> Carl v H. Marè ("hulle noem my Jakkals") van Success, Molteno, Kaapprovinsie,
>
> die Hollandssprekende nr. 14881161, pte. F. S. Hindmarsh, 4 Platoon, B Coy, East Surrey Rg, 12th Holding Btn, Herne Bay, Kent of 10 Norfolk Rd,
>
> 14996, W.S. Flint, 13th Str, Malvern, Johannesburg; SA Polisie, Jeppe Extension, Johannesburg.


Voor ontbyt hardloop ek myle langs Brighton Strand, soms in toevallige geselskap van luitenant W. Nel, 'n vooroorlogse 6 myl kampioen (as ek reg onthou) vir WP. Bedags swem ek in die koue see van Brighton se strand, en in die groot onderdak-swembad (seewater) by die strand. Die kaartjiedame van nagenoeg 50 vertel van haar dogter en nooi my vir Sondag middagete tuis. Terwyl my gasvrou in die kombuis doenig is, staan ek buite rond. Ek hoor deur ŉ oop venster "Who's he?" en ŉ meisiestem antwoord "Mom's new boyfriend". Ek hou sommer aan loop, eet in die menasie, en swem nie weer in die swembad nie.

Aanvang Julie ry ons na sononder op lorries na ŉ spoorwegstasie en klim iewers op ŉ trein wat heelnag noordwaarts stoom tot êrens waar ons, op ŉ donker mistige oggend, op ŉ boot klim en dadelik die ruim ingestuur word. Die boot se naam het ek vergeet. Ons bly in die ruim totdat geen land in sig is nie. In ons slaaplokaal is daar geen meubels nie, net matrasse op die vloer met baie ruimte tussenin. Gerieflik so. Ek lees boeke, tydskrifte wat ek in Brighton gekoop het, o.a. ene Leopold Schwarzchild se *Primer to the Coming World*. Nog ŉ paar ander lees ook heeldag. Die meeste speel kaart en drink tee waarvoor ons, elke groep se lede, beurt-beurt kookwater haal.


Op die dek het lt. Nel ligaamsoefeninge gegee, en dié wat wou, het om en om die dek saam met hom gehardloop; ek ook. In die proses het ek gesien Kastrup, Ben en Kola is ook aan boord. By Freetown het die skip vir ŉ dag of wat aan anker gelê. Bootjies met eienaars wat vir muntstukke geduik het, en die penniegooiers, was vir die kaptein ŉ las, en hy het hard gepraat. Lt. Nel het besluit die duikers moet verwilder word. Met hom voor, en ons agter aan die fris dekslang, het sterk waterspuite bote laat kantel en ervare duikers amper verdrink. Dit skep ŉ internasionale insident waarvoor die kaptein verskoning moes gaan vra, en hy op sy beurt vir luitenant Nel geroskam het.

Jakkals hoor dat ŉ bekende Kaapse polisieman konsertinaspeler ook aan boord is, en soek hom, kry hom. "Maters!" kom hy opgewonde terug. "Julle moet vir Steyntjie hoor. Hy pomp daardie konsertina voor sy bors, agter sy blaaie, bokant sy kop, los eenkant en speel met net een hand, smyt hom eenkant op die dek, en dan maters, dan kruip en huil daardie krismiswurm op sy eie oor die planke."

Langs die straat, van die hawe af Caledon Plein toe (Sentraal Polisie Kaserne) het Distriksessers vir Steyntjie geëien, hom toegejuig en geskreeu “Haai ou Steyntjie jy’s weer by ons. Speel dan ietsie!” Steyntjie het sy konsertina hoog gelig en laat huil. Die jonges wat hom nou eers sien, het saam ge-encore.


Op 12 Julie, 1945, trap ons, almal bo dek aan die Tafelbergkant, op 'n sonnige, wolklose dag, die skip dat daar op hande en voete teen die skuinste na die anderkant gekruip moet word,

L.W. Goeie Vrydag; 29 Maart 1991.
10.25 nm.



THE WINDHOEK ADVERTISER

**ITEMS OF INTEREST**

To Advocate and Mrs. M. J. Kritzinger, a daughter on the 8th of June. Both doing well.

News has been received that Sgt. Victor Henry Lusted of the Raiding Support Regiment, paratroops, son of the late Mr. E. H. Lusted and Mrs. J. Lusted, has been awarded the Military Medal for bravery in Greece. He is now 23 years of age but was only 18 when he enlisted.

The S.W.A. Branch of the Prisoners-of-War Relatives Association announces the following recent arrivals of released Prisoners-of-War.

Pte. M. van Zyl, Karasburg
Pte. J. H. J. Wessels, Windhoek
Pte. S. J. Koen, Windhoek
Pte. Z. C. Faber, Keetmanshoop
Sgt. E. Williams, Windhoek
Sgt. A. H. Stuart, Windhoek
Pte. J. P. Gresse, Windhoek
S/Sgt. D. S. van der Merwe, Windhoek
Sgt. J. L. Botha, Windhoek
Gnr. A. W. du Preez, Windhoek
L/Cpl. D. J. de Villiers, Windhoek
Cpl. W. E. O. Kastrup, Windhoek
Pte. P. S. Blignaut, Keetmanshoop
Pte. F. J. Strauss, Keetmanshoop
Pte. P. J. Blaauw, Gibeon
Pte. B. J. van Eck, Stampriefontein
Pte. C. P. Pretorius, Stampriefontein

A number of released Prisoners-of-War arrived in Windhoek this morning.

***Windhoek Advertiser 16 Junie 1945***

LP: Dit is nie duidelik waar die ”recent arrivals” aangekom het nie. In Junie 1945 was Chris nog in Brighton, Engeland. Saam met hom op die skip wat in Julie in Kaapstad aangekom het, was Gresse en Kastrup. Die lys van ”arrivals” sluit in verkeie kamerade wie Chris in sy verhaal noem: Van Zyl, Faber, De Villiers, Kastrup, Blignaut, Van Eck. Ook genoem is Lusted, WHS rugby spanmaat. (Berig opgespoor deur my vriend, prof Robert Gordon, University of Vermont, USA, ex Keetmanshoop.)

# NONGQAI

NONGQAI TRUST IT 002701/2018(T)

## NONGQAI TRUST

### DOELEINDES VAN DIE TRUST

Die doel van die Trust is om ten behoewe van enige persoon (of hul families) wat sorg, berading en ondersteuning nodig het ten opsigte van post-traumatiese stres; sielkundige ondersteuning; sorg en behandeling, of fisiese besering wat hy of sy opgedoen het as gevolg van sodanige persoon se betrokkenheid by misdaadvoorkoming, misdaadbekamping of blootstelling aan misdaadbestryding of verwante optrede, of voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag.

### PURPOSE OF THE TRUST

The purpose of the Trust is to act on behalf of any person (or their families) who need care, counselling and support due to post-traumatic stress; psychological support; care and treatment, or physical injury that he or she has suffered as a result of their involvement in crime prevention, combating crime or exposure to the combating of crime or related actions, or former members of the South African Police force.

## THE NONGQAI TRUST NEEDS YOUR SUPPORT!

IT 002701/2018(T)

Donations are tax deductible for South African tax payers.

### BANKING DETAILS:

| | |
|---|---|
| Account Name: | Nongqai Trust |
| Account No: | 012747084 |
| Account type: | Business Current Account |
| Bank: | Standard Bank |
| Branch: | Menlyn |
| Branch Code: | 012345 |
| Branch Code Electronic Payments: | 051001 |
| Swift: | SBZA ZA JJ |

## THANK YOU! | DANKIE!

# Thank You!

We would like to thank every person who has made a donation to the Nongqai Trust.

We are grateful for your support!

Donations are tax deductible for South African tax payers.

Please contact us for the issuing of tax deductible receipts.

# Dankie!

Baie dankie aan elke persoon wat 'n donasie aan die Nongqai Trust gemaak het.

Ons is dankbaar vir u ondersteuning!

Donasies is belasting aftrekbaar vir Suid-Afrikaanse belasting betalers.

Kontak ons asseblief vir die uitreiking van belasting-aftrekbare kwitansies.

Email: heymanshb@gmail.com

## NONGQAI TRUST

Public Benefit Organisation (PBO)
Non Profit Organisation (NPO)

Openbare Weldaad Organisasie (OWO)
Nie Winsgewende Organisasie (NWO)

IT 002701/2018(T)

# NAWOORD

Beste Hennie,

Ek waardeer die gedagte om iets oor my pa se lewe na die oorlog te skryf, maar oor sy amptelike doen en late ná 1945 kan ek min vertel. Dit wat ek weet is brokkies wat deur my ma en enkele polisiemanne aan my vertel is. Met die uitsonderings van ‘n insident oor ‘n SALM/SAP helikopter en die omstandigheid van sy aftrede, het hy nooit sy werk met my bespreek nie. Ons het argiefmateriaal nodig om nou, 47 jaar na sy aftrede en 31 jaar na sy dood, sy loopbaan nagenoeg betroubaar te rekonstrueer. Ongelukkig bestaan sodanige materiaal blykbaar nie.

Ek is steeds verbaas dat hy, op 6 November 1975, openhartig oor sy aftrede aan my geskryf het. Die dokumente het ek al aan jou gestuur. Ek stuur dit nou weer. Die inhoude van twee briewe—een aan generaal G. L. Prinsloo, een aan my—suggereer konflik tussen Chris Pretorius en “die owerstes” (‘n woord wat hy dikwels gebruik het) in SAP HK 1975/6, en miskien ook by ander geleenthede tydens sy tyd as ‘n offisier van 1954 tot 1976. Sover ek weet het generaal Prinsloo nie direk skriftelik op generaal Pretorius se brief van 7 Oktober 1975 gereageer nie. Hy het net die kennisgewing van aftrede erken. Generaal Theo Crous het wel telefonies met generaal Pretorius gesels, maar die oproep het nie die situasie verander nie. Lesers van die dokumente sal hulle eie afleidings maak oor die betrokke kollegiale verhoudinge. My persoonlike indruk is dat daardie verhoudinge beïnvloed was deur sy streng persoonlike etiek—waarna die opmerkings hieronder verwys.

- Vir Chris Pretorius was die SAP ‘n roeping, nie gewoon ‘n "okkupasie” nie.
- Ek het baie staaltjies gehoor wat op onkreukbare gedrag en nougesette, hoewel oordeelkundige, deurdagte, navolging van toepaslike wetgewing, regulasies en bevele gedui het; asook op kwaliteite wat in ds. Colyn se memorie gesuggereer word. Oor sy beskouing van persoonlike en professionele etiek weet ek wel heelwat. Voorop in geheue is sy afkeurende beskouing van die handelinge van polisie en ander openbare amptenare wat deur hulle ampsposisies persoonlike voordele bekom het. Dit was dikwels voordele wat die betrokke persone as beuselagtig beskou het (“’n ou geskenkie hier en daar”) of wat sommige betrokkenes beskou het as “normale hoewel nie-amptelike byvoordele vir dié in hoë posisies”, maar wat Chris Pretorius as eties onregverdigbaar en professioneel onaanvaarbaar beskou het. Ek noem voorbeelde wat betrekking het op SA mense se liefde vir vleis en, soos ek ook weet uit persoonlike waarneming, op gunsteling nie-amptelike byvoordele vir verskeie soorte en vlakke van ampsbekleërs en amptenare in sowel die openbare as die privaat sektore.

In een van sy interessante boeke skryf majoor P C Swanepoel die volgende:

> Einde 1964 is Suidwes se teer- en stofpaaie sinkplaat getrap deur die dieners se meubeltrekke. Daar is gekom en gegaan en daar was vreugde en verdriet. ... Maj. Koos Loots is nou ons speurhoof. Kapt. Kobus Hamman is Rand toe gestuur. Hy het vertrek sonder om sy beste choms te gaan voorstel by die mense waar 'n ou nou en dan 'n geslagte koedoetjie kan present kry. Luit. kol. Chris Pretorius, voorheen van Ladysmith het Kobus se huis en sy biltonghakkies geerf - daar was nie meer biltong aan nie. Kol. Pretorius is nou ons senior stafoffisier by afdelingshoofkwartier, maar hy is geen vreemdeling in Suidwes nie. Hy is hier gebore, het hier skoolgegaan en kan nie sommer om die bos gelei word met stories van: "Maar meneer, hierlangs doen ons dit nog altyd so, want dis Suidwes hierdie en ons het so-by-so ons eie Staande Orders hier."[121]

Wat maj. Swanepoel nie gesè het nie, maar dalk geïmpliseer het, is dat lt. kol. Pretorius die ontvangs van koedoe of ander presentjies sou verbied het. Ek onthou onder andere ‘n probleem met ‘n SAP kapelaan se jagtog—nogal buite seisoen. My ma het dikwels vertel hoe moeilik dit tydens hulle Stampriet dae was om vars vleis te kry. Daar was nie ‘n slaghuis en verkoelingsgeriewe nie. Eenmaal het verligting gekom terwyl sersant Pretorius nie tuis was nie. ‘n Boer het ‘n klompie skaapvleis by die huis (knap langs die polisiestasie) afgelaai. Toe die sersant later die dag terugkom en die lekker persent sien, het hy aangedring dat dit teruggegee word—want as ander boere van die geskenk hoor, sal die sersant se neutraliteit by allerlei geskille tussen bure in twyfel getrek word; en bowendien kom die gee en ontvangs van sulke geskenke neer op korrupsie.

Ek ken ‘n aantal sulke verhale van geskenke wat teruggegee moes word—dikwels gevalle waar die geskenk stil-stil tydens ‘n inspeksietog deur ‘n hotelier of winkelier aan inspeksie-offisier Pretorius se voertuigbestuurder oorhandig is—sodat dit later aan “die luitenant/kaptein/majoor/ens.” gegee moes word—en die bestuurder dan beveel word om die geskenk terug te gee.

Die uitstaande storie oor sy professionele etiek het ek self uit die generaal uitgetrek nadat ander persone my daarvan vertel het.

Êrens in die loop van 1966 het die destydse afdelingskommissaris SWA, brig. Theo Crous, vir kol. Pretorius gevra om een van die SAP helikopters (kyk onder) beskikbaar te stel vir die destydse eerste minister, adv. B. J. Vorster, en sy jagparty wat vir ‘n aantal dae in SWA doenig sou wees. Kol. Pretorius het geweier omdat (nagenoeg soos volg) “Die helikopters is nie vir ministers se jagtogte nie. Hulle word gebruik vir die bestryding van misdaad en

[121] P. C. Swanepoel, *Sewe Jaar in Suidwes.* Uitgegee deur die skrywer. 2015. Bl. 175-176.

terrorisme." Toe brig. Crous sê "dit kom van hoë gesag, dit kan nie anders as om 'n helikopter vir die ekspedisie beskikbaar te stel nie", het kol. Pretorius hom meegedeel dat hy, brig. Crous, dan self die nodige opdragte moet gee. 'n Jaar later het 'n medestudent van my, wie gehoor het waar ek vandaan kom, my vertel hoe lekker sy pa ('n prominente senior amptenaar) saam met die eerste minister in SWA gejag het—met luukshede wat daagliks per SAP helikopter ingevlieg is. Oor wie uiteindelik die opdrag gegee het, en óf en hoé 'n helikopter gebruik is, het ek nie onafhanklik getoetste inligting nie.

- Ek het al gehoor dat Chris Pretorius se streng, "by the book", interpretasie van die polisie se funksies en verpligtinge, en van sy eie rol daarby, by verskeie geleenthede gelei het tot skerp meningsverskil met sommige van sy seniors, insluitende (volgens my ma) met, onderskeidelik, 'n eerste minister (B. J. Vorster—nie die jagstorie nie) en 'n minister van polisie (J. T. Kruger). Sulke bewerings, my bietjie ondervinding van sy omgang met ampsbekleërs en amptenare by ander staatsinstellings en ook privaat organisasies, en enkele stellings in sy manuskrip, resoneer met mekaar. Hierdie is, vir my, die opvallendste voorbeeld uit die manuskrip:

  > Later die aand kom gesels kapt. Naude by ons. Voortvarend, maar met respek vir dié man vra ek waarom ons nie betyds ingelig was nie, nie betyds geleentheid gegee was om te ontsnap nie. Hy oorweeg sy antwoord sorgvuldig. "Ek weet wat jy eintlik wil vra. Jy wil dit sê. Onthou dat daar lang tye tussen oorloë verloop. As die oorlog eers aan die gang is, duur dit lank om van die jabroers, die napraters, ontslae te raak. Dit is hulle in leidende posisies wat dit vir die leiers hoër op moeilik maak om te besluit, die verkeerde besluite laat neem." Vandat ek 'n kaptein was, so min of meer, het ek willens en wetens begin raaksien wat hy bedoel het: in SAP Hoofkantoor, buite waar ek senior posisies beklee het, by die aanstelling van leiers in swart gemeenskappe, vertrouelinge van verskillende aard.

  'n Ander insig is mnr Van der Wath se beraming van die 18-jaar oue Chris Pretorius—of dalk is dit die insig soos die 70-jaar oue Chris dit self wou onthou:

  > Toe ek by die Suidwes-Afrikaanse Polisie aansoek doen, was [mnr. Van der Wath] baie ontevrede met my. Die polisie is nie werk vir jou nie. Jy wil altyd weet waarom, en jou eie kop volg as redes vir jou nie reg is nie. Jy sal dit moeilik vind om orders uit te voer.

Onder is 'n samevatting van stasies en posisies van 1945 tot 1976. Met die uitsondering van verwysings in sy manuskrip, reflekteer die samevatting my geheue eerder as bevestigde kennis van sy stasies en funksies. Ds. Colyn se memorie (hierna bygevoeg) noem ook net hoofpunte. Miskien vind iemand bevestiging of ontkenning, of net interessante inligting, in 'n argief, of in iemand se skrywes.

- Hy was in 'n bevelsposisie (rang kaptein) betrokke by patrollering in die omgewings van Langa en Nyanga in 1960. Ek onthou 'n gerug dat hy gekant was teen patrollering met vuurwapens.
- Hy was gekant teen die betrokkenheid van die SAP in Rhodesië. Hy het gemeen dat sodanige betrokkenheid—buite die grense van die Republiek van SA en SWA—die funksie van die SA Weermag is; dat die SAP se betrokkenheid die mag benadeel het deur, ondermeer, die onttrekking van kapasiteit vir misdaad-bestryding en die negatiewe maatskaplike gevolge vir SAP gesinne.
- Oor die wenslikheid van SAP betrokkenheid by teen-insurgensie in SWA/Namibië had hy geen twyfel nie. Ek meen daar is 'n gaping in die geskiedenis van SAP betrokkenheid vóór Ongulumbashe. Lt. kol. Pretorius het self ten minste een lang (afstand en dae) opvolgaksie na beweerde SWAPO aanvalle vóór Ongulumbashe gelei. (Ek het dagboekies wat miskien tersaaklik is. Hulle is moeilik om te ontsyfer. Dis 'n projek wat wag.)
- Ek meen hy was in operasionele beheer van die twee SALM helikopters en bemanning wat aan die SAP in SWA toegewys is in die tydperk 1965/67. Die enigste verwysing hierna (asook die voorgaande punt) wat ek tot dusver in 'n publikasie gesien het, is in een van brigadier-generaal R. S. ("Dick") Lord se boeke oor die SA Lugmag. Ongelukkig het ek nie tans toegang tot 'n kopie nie.
- Ek meen hy het (nagenoeg 1968/69?) toesig gehou oor die installering van die eerste SAP rekenaar. Dit was waarskynlik vir die hantering van salaris en ander finansiële take.
- Hy was betrokke by 'n interdepartementele ondersoek oor onluste by myne. Ek raai dit was in die tydperk 1973/76.
- Hy was, uit hoofde van sy amp, betrokke by die hantering van die 1973 stakings deur swart werkers in Natal. Daar was gerugte dat hy nie ten gunste was van "Pretoria se inmenging" nie; dat dit gegaan het oor meningsverskille oor hoe stakings hanteer moet word. ('n Kantnoot hier is dat my ma vertel het dat 'n swart polisieman haar vertel het: "Die brigadier doen 'n baie gevaarlike ding. Hy ry op die 'swart busse' in sy siviele klere. Hy dink hy kan so uitvind wat gaan gebeur. Hy dink hulle sien hom nie raak nie.")
- Lank na sy aftrede, tydens 'n ietwat gespanne gesprek tussen hom en my oor sekere aksies van die SAP veligheidstak, het hy die mening uitgespreek dat misdaadbestryding en die take wat konvensioneel met "veiligheidspolisie" geassosieer was, organisatories en funksioneel streng apart gehou moet word.

Die volgende opsomming van sy range en stasies is gebaseer op karige inligting tot my beskikking en persoonlike herinneringe. Foute is moontlik.

- Februarie 1939: Sluit aan by die SWAP, berede konstabel, magsnr. 697.
- Junie 1939: SWAP ingelyf in die S.A. Polisie, magsnr. 19534 'B'"

- Julie 1940: 6 SA Inf Brigade. 2de SAP, C-kompanie, magsnr. SAP196843.
- Julie 1940 tot Julie 1945: aktiewe diens, krygsgvangene.
- Julie 1945 tot September/Oktober 1945: Dispersal Depot, Pretoria.
- Laat 1945 tot laat 1946: Omaruru, Kamanjab, Outjo, Grootfontein, Otjiwarongo.
- Desember 1946 tot Julie 1947: Konstabel tot 2/sersant.
- Julie 1947 tot Oktober 1949: 2/Sersant na sersant. Stasiebevelvoerder, Hofmeyr.
- Oktober 1949 tot vroeg 1953: Sersant, stasiebevelvoerder, Stampriet.
- Maart 1953 tot einde 1953: Adjudantoffisier, stasiebevelvoerder, Barberton.
- Vroeg 1954 tot laat 1955: Luitenant, distriksinspekteur, Heidelberg Transvaal. .
- 1956 tot einde 1961: Luitenant / kaptein. HK, Pretoria. Bevel mediese seksie (tydperk?).
- 1962 tot vroeg 1964: Majoor / luitenant-kolonel, distrikskommandant, Ladysmith Natal.
- April 1964 tot laat 1967: Luitenant-kolonel, afdelingsinspekteur SAP SWA, Windhoek.
- Laat 1967 tot einde 1972: Kolonel, Bevel SAP finansiële administrasie, HK Pretoria.




(Foto SARP April 1971, bl. 4.)

- 1973 tot 31 Januarie 1976: Brigadier, generaal-majoor (Jan1975), Afdelingskommissaris, Pietermaritzburg. .
- Tree af 31 Januarie 1976. Hy het nie, soos blykbaar al beweer is, "bevordering na lt. gen. geweier" nie. Wat hy geweier het is verplasing van Pietermaritzburg na Johannesburg. Volgens verskeie informante sou hy die eerste SAP generaal wees wat buite HK, Pretoria, geplaas word.

Die foto wat op die voorblad van hierdie uitgawe van *Nongqai* verskyn, is die beste wat ek kan aanbied. ‘n Vriend het eenmaal oor dié foto gesê “hy kyk dwarsdeur ‘n mens.” Hy het. Ek het nooit 'n foto met generaal-rangtekens gesien nie. Ek het ook nie 'n duidelike foto van hom tydens WO2

nie. Ek het wel sy uniform met genl.-maj. rangtekens en sy medaljes asook die swaard wat, in 1954, by kommissie van offisiersrang, aan hom toegeken is.

**Hartlike groete,**
**Louwrens**

## IN MEMORIAM

**Rede deur ds. C. Colyn, 30 November 1992**


Christiaan Petrus Pretorius is op 25 Mei 1920 gebore en sluit na sy skoolopleiding op 1 Februarie 1939 by die SA *[SWA,* LP*]* Polisie op Windhoek aan.
Na sy polisie-opleiding in Pretoria gaan hy terug na Windhoek en 'n paar maande later na Welwitschia. Op 2 Julie 1940 sluit hy by die SA Polisiebrigade aan en doen militêre diens gedurende die tweede wêreldoorlog. *[Polisie-opleiding in Windhoek. Daarna na Fransfontein, LP]*
Op 21 September 1945 na die oorlog, keer hy terug na Welwitschia en verrig hierna op verskillende plekke in SWA (Namibië) diens o.a. op Grootfontein, Otavi, Kamanjab, Otjiwarongo, Stampriet. Op 28 Maart 1953 word hy na Barberton verplaas en 'n jaar later na Heidelberg Tvl. Twee jaar later begin hy by Hoofkantoor in die Finansiele Afdeling werk en vyf jaar later word hy weer verplaas, die keer na Ladysmith Natal. Op 1 April 1964 gaan hy terug na Windhoek en drie jaar later is hy weer op Hoofkantoor. Op 28 Desember 1972 word hy na Pieterrnaritzburg as Afdelingskommissaris verplaas. Hy word op 1 Desember 1974 tot Genl.- Maj. bevorder en word na Johannesburg verplaas waarna *[in reaksie waarteen,* LP*]* hy met pensioen uit die Mag tree.
Tydens sy dienstyd is die volgende medaljes aan hom toegeken:
Die Afrika Ster.
Die 1939 - 1945 0orlogsmedalje.
Die Afrika Diensmedalje van die Unie van Suid-Afrika.
Die 1939- 1945 Ster.
Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens.
Die Suid-Afrikaanse Polisiester vir Verdienste.
Die Suid--Afrikaanse Polisiemedalje vir die Bekamping van Terrorisme.
Genl. Chris Pretorius is op 30 November 1946 met Sara Johanna Brynard getroud en uit die huwelik is drie seuns Louwrens, Petrus en Christiaan gebore.
Genl. Pretorius en ek het mekaar goed leer ken tydens sy diens in Pietermaritzburg waar ek toe die Kapelaan was. Hy was 'n baie streng bevelvoerder maar het te midde van strengheid, 'n opregte

gevoel vir die manne onder hom gehad en tydens onlus- en ander buite-kantooropset-situasies moeite gedoen om by die manne op die grond uit te kom.

Ons onthou hom as ‘n persoon met 'n buitengewone intellek, 'n uitstekende onthouvermoë sodat hy altyd van alles om hom op die hoogte was en gebly het. Hy kon moeilik raak en sterk reageer om oomblikke later op so 'n vriendelike wyse op te tree, asof daar niks gebeur het nie. Die Polisiemanne het altyd geweet waar hulle met hom gestaan het omdat hy so blank eerlik was - die roede ingelê het as dit nodig was - maar ook die waardering en ondersteuning en aanmoediging gegee het as daar meriete voor was.


Tydens sy siekte het ek die geleentheid gehad om ure lank met horn te gesels en kon ek deel in sy getuienis van sekerheid en vrede asook geloofsaanvaarding van die siekte wat hom so afgetakel het en uiteinde-lik vir sy afsterwe verantwoordelik was.

Ons dank die Here God vir sy lewe en arbeid en diens aan Suid-Afrika en al sy mense. Ons bid vir Sarie en haar kinders en ander familiebe-trekkinge. Mag die Here u lei en vertroos deur aan u almal soos aan hom, Sy vrede te gee.



## AFGETASTE DOKUMENTE

- **Aanstellingsbriewe**



S.A.P. 178.

**WARRANT.** **BREVET.**

The Honourable the Minister of Justice. Sy Edelagbare die Minister van Justisie.

To / Aan Christian Petrus Pretorius

Under and by virtue of the authority in me vested and in pursuance of the provisions of Section 3 (3) of the regulations for the South African Police, framed under Act No. 14 of 1912, I do hereby constitute and appoint you the said

Kragtens die bevoegdheid my verleen en ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 (3) van die regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie, uitgevaardig kragtens Wet No. 14 van 1912, benoem en stel ek u, die gemelde

Christian Petrus Pretorius

to be a Warrant Officer in the South African Police from the

hierby aan as Adjudant-onderoffisier in die Suid-Afrikaanse Polisie, met ingang van die

1ste day of / dag van Jan 1953

You are therefore carefully and diligently to discharge your duty as such by doing and performing all manner of things thereunto belonging as required by the Established Regulations of the Force, and you are to observe and follow such Orders and Directions as you shall receive from your Commanding or any other your Superior Officer, according to the Laws, Regulations, and Customs of the Force.

U moet derhalwe u plig as sulks sorgvuldig en naarstiglik vervul deur alle wat daaraan verbonde is te doen en uit te voer soos vereis deur die vasgestelde regulasies van die Mag, en u moet alle bevele en opdragte wat u van u bevelvoerende of ander superieure offisier ontvang, nakom en opvolg, ooreenkomstig die wette, regulasies en gebruike van die Mag.


Given under my hand at / Gegee onder my hand te ........ this / op hede die

day of / dag van ........ 19..

Minister of Justice—Minister van Justisie.

Warrant Officer, South African Police.
Adjudant-onderoffisier, Suid-Afrikaanse Polisie.

**Adjudant-onderoffisier 1 Januarie 1953**



AANSTELLING | A COMMISSION

Deur Sy Eksellensie die Edele Ernest George Jansen, ... Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika.

By His Excellency the Honourable Ernest George Jansen, Doctor of Laws, Governor-General of the Union of South Africa.

Aan / To Christiaan Petrus Pretorius

Groete. | Greeting.

Aangesien ek besondere geloof en vertroue in u lojaliteit, moed en goeie gedrag stel en handelende op advies van die Uitvoerende Raad, benoem en stel ek u hierby aan as Offisier in die Suid-Afrikaanse Polisiemag, ingevolge die bepalings van artikel 5 van die „Politiewet" van 1912, met ingang van die

I, reposing especial Trust and Confidence in your Loyalty, Courage, and Good Conduct, and acting by and with the advice of the Executive Council, do by these Presents constitute and appoint you in pursuance of the provisions of Section 5 of the Police Act, 1912, to be an Officer in the South African Police Force as from the

1ste / 1st dag van / day of Maart / March 1954

As sodanig moet u derhalwe u pligte nougeset en ywerig nakom, in die rang van luitenant/onderinspekteur

You shall therefore carefully and diligently discharge your Duty as such in the Rank of sub-inspector/lieutenant

of in enige hoër rang waarin ek of my opvolgers, op raad van die Uitvoerende Raad, u van tyd tot tyd mag bevorder of aanstel; verder moet u die offisiere en manskappe onder u bevel deeglik in polisiedienste en in die gebruik van wapens oplei en oefen en alles in u vermoë doen om doeltreffendheid, goeie orde en dissipline te handhaaf.

or in any higher Rank to which I or my Successors may from time to time, by and with the advice of the Executive Council, hereafter be pleased to promote or appoint you, and you shall at all times train and exercise in Police Duties and well discipline in Arms the Officers and Men serving under you and use your best endeavours to keep them efficient and in good Order and Discipline.

En verder gebied ek hierby dat hulle u moet gehoorsaam as hul meerdere en dat u sodanige bevele en opdragte wat u van tyd tot tyd van my in bogenoemde hoedanigheid, of van enige offisier van hoër rang, ontvang, moet uitvoer ooreenkomstig die Regulasies en Staande Orders wat gepubliseer is ingevolge genoemde „Politiewet" en alle ander wette, regulasies en orders wat opgestel mag word vir die beheer en dissipline van genoemde Suid-Afrikaanse Polisiemag.

And I do hereby Command that they shall obey you as their Superior Officer and that you shall observe and follow such orders and directions as from time to time you shall receive from me acting as aforesaid or from any Superior Officer, according to the Regulations and Standing Orders published in pursuance of the said Police Act and of such other Acts, Regulations, and Orders as may be framed for the Control and Discipline of the said South African Police Force.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad | Given under My Hand and Great Seal at Capetown


hierdie / this 9de / 9th dag van / day of Junie / June 1955

Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika.
Governor-General of the Union of South Africa.

S.A.P. 141.

**Luitenant / onderinspekteur 1 Maart 1954**

- **Siekverlof**



S.A.P. 28.

| Date of Arrival in the District. / Datum van Aankoms in Distrik. | Dates of / Datums van — Illness. / Siekte. Day. / Dag. | Month. / Maand. | Year. / Jaar. | Return to Duty. / Na Diens Terug. Day. / Dag. | Month. / Maand. | Year. / Jaar. | Disease. / Siekte. | Number of Days Sick. / Aantal Dae Siek. | Remarks bearing on the cause, nature, or treatment of the case likely to be of interest or of future use, e.g. in venereal cases, state the nature of the primary disease and if treated by mercury. / Opmerkings wat betrekking het op die oorsaak, aard of behandeling van die geval wat moontlik in die toekoms van belang of nut kan wees, b.v. in veneriese gevalle, verklaar die aard van die aanvanklike kwaal en sê of dit met kwiksilwer behandel was. | Signature of Medical Officer. / Handtekening van Geneesheer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1-2-39 | 28 | 9 | 39 | 28 | 9 | 39 | [illegible] lumbar region | 1 | Off duty | Dr Viviers |
| | | | | | | | [illegible] 31-10-39 | | ADJUNK-KOMMISSARIS, DEPUTY COMMISSIONER, In Bevel, Suid Afrikaanse Polisie, S.W.A. Commanding South African Police, | |
| | 23 | 5 | 40 | 24 | 5 | 40 | Pains in back | 2 | Off duty [illegible] | Not available |
| Omaruru 1-4-47 | Certified no further entry. | | | | | | | | Distrikskommandant, S.A. Polisie, District Commandant, S.A. Police, Omaruru | |
| " | 30 | 5 | 47 | 3 | 6 | 47 | Influenza | 5 | Off duty | S.A.P. 26 |
| | Certified no further entry | | | | | | | | Inspekteur, Inspector, Distrikskom[illegible] District Comm[illegible] | |
| 5-7-1947 | 18 | 12 | 48 | 7 | 1 | 49 | Tonsilitis | 20 | Tonsillectomy operation at Windhoek – fit | [illegible] S.A.P. 26 |
| " | 27 | 6 | 49 | 29 | 6 | 49 | Influenza | 2 | fit :- Medical certificate not completed by [illegible] | [illegible] |
| 5/7/1947 | 14 | 2 | 50 | 26 | 2 | 50 | Malaria | 13 | Malaria: Fresh Infection. Covered by Regulation 59(1)(a) of Regulations. | [illegible] |
| 1/4/54 | 21 | 6 | 54 | 25 | 6 | 54 | Influenza | 5 | [illegible] | Dr. Hentz |
| [illegible] | 4 | 9 | 58 | 5 | 9 | 58 | Influenza | 2 | | [illegible] |
| | 28 | 5 | 59 | | | | Griep | 1 | | [illegible] |
| [S]ertifiseer geen verdere inskrywings nie. Pietermaritzburg, 1.11.1964. [illegible] LUIT. | | | | | | | | | | |
| | 10 | 11 | 70 | 12 | 11 | 70 | Griep | 3 | | [illegible] |
| | 23 | 8 | 72 | 25 | 8 | 72 | Griep | 3 | | De Villiers |
| | 4 | 6 | 73 | 7 | 6 | 73 | Influenza | 4 | | Dr Hetherington |
| | 26 | 11 | 73 | 29 | 11 | 73 | Influenza. Bronchitis | 4 | | " |

Surname / Familienaam: [illegible]
Christian Name / Voornaam: [illegible]

Nota: Volgens dié rekord, 65 dae siekverlof. Hy was 37 jaar in diens.

- ***Dekorasies***

G.P.-S.10291—1949-50—194,000. S.

UNIE-VERDEDIGINGSMAG.

***Die Hoof van die Generale Staf het die eer om bygaande toekenning(s) vir diens gedurende die oorlog van 1939-45 met sy komplimente aan u te stuur.***

| Volgorde waarin die toekennings gerangskik moet word, bv. vir omlysting. | Beskrywing van lint | Gespe of embleem (indien toegeken) |
|---|---|---|
| 1 1939-45 Star X | Donkerblou, rooi en ligblou in drie ewebreë vertikale strepe. Hierdie lint word met die donkerblou streep weg van die linkerskouer af gedra. | Battle of Britain |
| 2 Atlantic Star | Blou, wit en seegroen, geskakeer en gewater. Hierdie lint word met die blou punt weg van die linkerskouer af gedra. | Air Crew Europe of France and Germany |
| 3 Air Crew Europe Star | Ligblou met swart punte en 'n smal geel strepie aan weerskante. | Atlantic of France and Germany |
| 4 Africa Star X | Dofgeel met 'n vertikale rooi streep in die middel en twee smaller strepies, die een donkerblou en die ander ligblou. Hierdie lint word met die donkerblou strepie weg van die linkerskouer af gedra. | 8th Army of 1st Army of North Africa 1942-43 |
| 5 Pacific Star | Donkergroen met rooi punte, 'n geel streep in die middel en twee smal strepies, die een donkerblou en die ander ligblou. Hierdie lint word met die donkerblou strepie weg van die linkerskouer af gedra. | Burma |
| 6 Burma Star | Donkerblou met 'n rooi streep in die middel en twee oranje strepe. | Pacific |
| 7 Italy Star | Vyf ewebreë vertikale strepe, 'n rooie op elke punt en 'n groene in die middel met twee wit strepe daartussen. | |
| 8 France and Germany Star | Vyf ewebreë vertikale strepe, 'n bloue op elke punt en 'n rooie in die middel met twee wit strepe daartussen. | Atlantic |
| 9 Defence Medal | Vlamkleurig met groen punte, met 'n smal swart strepie op elk. | Silver laurel leaves (King's Commendation for brave conduct. Civil) |
| 10 War Medal 1939-45 X | 'n Smal rooi strepie in die middel met 'n smal wit strepie aan weerskante. 'n Breë rooi streep op elke punt met twee blou strepe daartussen. | Oak Leaf |
| 11 Afrikadiens-medalje X | Oranjekleurig met die groen en goud van die Springbokkleure in vertikale strepe aan weerskante. Die groen streep is aan die buitekant. | Protea |

| GETAL BYGAANDE STERRE, MEDALJES, GESPES of EMBLEME. | 4 |
|---|---|



SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

Republiek van Suid-Afrika – Republic of South Africa

Toekenningsertifikaat Certificate of Award

Hierby word gesertifiseer dat — This is to certify that

Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir Bekamping van Terrorisme

The South African Police Medal for Combating Terrorism


toegeken is aan — has been awarded to

NO.195F GENERAAL-MAJOOR CHRISTIAAN PETRUS PRETORIUS

vir / for DIENSTE TER VOORKOMING EN BESTRYDING VAN TERRORISME

Pretoria, 1.9.1977

KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE
COMMISSIONER OF THE SOUTH AFRICAN POLICE



SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOEKENNINGSERTIFIKAAT — CERTIFICATE OF AWARD

HIERBY WORD GESERTIFISEER DAT – THIS IS TO CERTIFY THAT

Die Suid-Afrikaanse Polisiester vir Verdienste

The South African Police Star for Merit

TOEGEKEN IS AAN – HAS BEEN AWARDED TO

KOLONEL CHRISTIAAN PETRUS PRETORIUS

OP DIE EERSTE DAG VAN FEBRUARIE VAN DIE JAAR 1969.

Vir Langdurige Diens en Voorbeeldige Gedrag

For Long Service and Exemplary Conduct

PRETORIA 15.10.1969.

KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE
COMMISSIONER OF THE SOUTH AFRICAN POLICE

- **Dienssertifikaat**



SUID-AFRIKAANSE POLISIE
SOUTH AFRICAN POLICE

Dienssertifikaat
Certificate of Service

Hiermee word gesertifiseer dat die dienste van
It is hereby certified that the services of

CHRISTIAN PETRUS PRETORIUS

No. 195F Rang / Rank GENERAAL-MAJOOR / MAJOR-GENERAL

beëindig is weens
have been terminated on account of PENSIOENERING / SUPERANNUATION

Besonderhede van dienstydperk(e)
Details of period(s) of service 1.2.39 - 31.1.76

Sy gedrag in die S.A. Polisie was
His conduct in the S.A. Police has been VOORBEELDIG / EXEMPLARY

Medaljes en dekorasies
Medals and decorations
DIE S.A. POLISIESTER VIR VERDIENSTE
THE S.A. POLICE STAR FOR MERIT
DIE S.A. POLISIEMEDALJE VIR TROUE DIENS
THE S.A. POLICE MEDAL FOR FAITHFUL SERVICE
1939-1945 STAR
AFRICA STAR
WAR MEDAL 1939 - 1945
AFRIKA DIENSMEDALJE / AFRICA SERVICE MEDAL
DIE S.A. POLISIEMEDALJE VIR DIE BEKAMPING VAN TERRORISME/THE S.A. POLICE MEDAL FOR COMBATING TERRORISM

Eervolle vermelding(s)
Commendation(s) GEEN / NIL

HOOFADJUNK-KOMMISSARIS : HOOFKANTOOR — LT.-GENERAAL
CHIEF DEPUTY COMMISSIONER : HEAD OFFICE — LT.-GENERAL

PLEK / PLACE PRETORIA

ONTSLAG BEKRAGTIG OP / DISCHARGE CONFIRMED ON VIR / FOR 31.1.1976

WNDE/ ACTING/ KOMMISSARIS, S.A. POLISIE / COMMISSIONER, S.A. POLICE — LT.-GENERAAL / LT.-GENERAL
(G.L. PRINSLOO)

- **Die einde van 'n roeping: amptelike en persoonlike briewe**

////////// 9030

195F/4
genl.-maj. C.P. Pretorius
24081

KANTOOR VAN DIE AFDELINGS-KOMMISSARIS (NATAL)
PIETERMARITZBURG.
3200

7.10.1975.

PERSOONLIK EN VERTROULIK :
LUIT.-GENL. G.L. PRINSLOO.

Die Kommissaris,
Suid-Afrikaanse Polisie,
Privaatsak X94,
PRETORIA.

VOORRANG EN VERPLASING :
GENL.-MAJ. C.P. PRETORIUS.

195/2 gedateer 1.10.1975.

Genl.-maj. C.P. Pretorius se versoek is hierby aangeheg.

...

C. P. PRETORIUS GENL.-MAJ.
AFDELINGSKOMMISSARIS : NATAL.
(C.P. PRETORIUS)

Afdelingshoofkwartier,
PIETERMARITZBURG.
7.10.1975.

VOORRANG EN VERPLASING : GENL.-MAJ. C.P. PRETORIUS.

1. Hierdie voorlegging volg op my telefoongesprekke (2) met luitenant-generaal G.L. Prinsloo in die verband.

2. Volgens gebruik en voorrang in die S.A. Polisie en my diens, sou dit korrek en redelik wees om my tot die rang van luitenant-generaal te bevorder met ingang vanaf 1.11.1975 na die aftrede van luitenant-generaal P.J. Theron op 31.10.1975.

3. Die besluit om my na Johannesburg te verplaas is 'n aanduiding dat ek nie bevorder word nie en dat ek in voorrang afgeskuif word.

4. U sal seker begryp dat ek my nie daarmee kan vereenselwig nie en dit nie as regverdig beskou nie. As ek die aanduidings verkeerd vertolk sal u my seker inlig.

5. Ek vra beleefd dat my voorrang erken sal word by die bevordering wat moet volg op luit.-genl. Theron se aftrede op 31.10.1975.

6(1) In die afgelope 14 jaar (sedert 1961) is ek herhaaldelik geplaas in posisies waarteen ander offisiere (dikwels seniors) vertoë gerig het. Ek het nog nooit vertoë gerig nie.

(2) In belang van my en my gesin wil ek nou probeer om die laaste keer na 'n ander woning te trek. Die woning sal beslis nie in Johannesburg of omstreke wees nie.

............./2

(3) Dit beteken dat daar vir my geen ander uitweg oorbly as om af te tree nie, indien u aandring daarop dat ek na Johannesburg verplaas word.

7. Aanvaar asseblief my hartlike en opregte versekering dat ek met huiwering praat van aftrede en dat daar nie die geringste bedoeling is om daarmee te dreig nie. Ek sou graag enduit wou dien.

C. P. PRETORIUS

.............................GENL.-MAJ.
(C.P. PRETORIUS)

KANTOOR VAN DIE KOMMISSARIS
SUID-AFRIKAANSE POLISIE
PRIVAATSAK X94
PRETORIA,
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Generaal-majoor C.P. Pretorius
Afdelingskommissaris
Suid-Afrikaanse Polisie
AFDELING NATAL

18-11-1975

Geagte generaal-majoor Pretorius,

Langs hierdie weg wil ek graag my persoonlike dank en waardering en ook dié van die Mag en die Staat, aan u betuig vir 'n lang tydperk van toegewyde diens in die Suid-Afrikaanse Polisie.

Soos in u dienssertifikaat aangedui, was voorbeeldigheid deurgaans kenmerkend van u dienstermyn. 'n Meer eervolle getuigskrif as juis dit, kan kwalik aan iemand gegee word.

My allerbeste wense aan u en u eggenote vir die toekoms en mag albei van u vir baie jare die genot van 'n welverdiende pensioen smaak.

Met agting,

Lt.-generaal
WNDE/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE
(G.L. PRINSLOO)

1

P/Sak 9030,
PMBurg.
6.11.75.

Liewe Lourens,

Gister het ek vir jou 'n koevert heradresseer wat aan my gerig was — nadat ek die inhoud deurgelees het. Dit was aangenaam en het ~~genoegdoening~~ genoeë (verkeerd gespel?) gegee om van jou "kwaliteite" te lees. Laat dit eerder so bly.

Dit het toe gekom soos dit soms vir my gelyk het (maar ek nooit gewaag het op die moontlikheid nie) dit sal kom. Sowat 'n jaar gelede het 'n kollega (ek sê graag klasmaat) vir my gesê: „Ou Petoorsie hulle sal sorg dat jy nie weer Hoofkwartier-toe gaan nie. Hulle is bang vir jou. Hulle is bang jy sal verwag dat hulle ook moet werk. Hulle is bang jy sal voordele wegneem wat toegeëien is maar nie vir ander gegun word nie"

Gister het hy my weer gebel. Hy doen dit so elke nou en dan.

Hy: „Toe Kokies wat het ek jou gesê?" (L.W. daar was, toe hy 'n jong konstabel in die Kaap was, 'n hoofkonstabel Pretorius — glo kwaai en beneuk. Bynaam dus „Kookwater". Hy"

2

het my kort na ons eerste kennismaking, 20jr + gelede, toe ook „Kookwater" genoem. Dit het later „Kokkie" geword.)

Ek: „Nee, moenie simpatiseer nie. Was jy dan ~~nog~~ nie nog altyd 'n voorstander van „Kruip-en-Spring" as georganiseerde sport nie?"

(Verduideliking: „georganiseerde sport" is die sportsoort wat in die S.A.Polisie as diens beskou word. Hieraan word steeds toegevoeg. Die „populêre" betekenis van „kruip" tot popularisasie behoort jy te ken. „Spring" beteken in polisietaal die bevordering van A bo sy senior B. A „spring" dan oor B.

Hy: Wat die donner bedoel jy jong! Sê my liewer. Is dit waar, die storie dat jy Johannesburg-toe verplaas is?

Ek: Dit is. Ek gaan nie. Ek tree af 31 Januarie.

Hy: Dit is die enigste regte ding wat jy kan doen. Waarom sal 'n man nou kruip as jy nog nooit gekruip het nie. Sê my: - het hulle darem met jou gepraat, 'n rede gegee, iets verduidelik?

3

Ek: Nee.
Hy: Natuurlik te bang. Ek sal jou sê.
Hulle sien nie kans nie jou nie. Hulle
voel minderwaardig in jou omgewing.
Hulle kan dit nie vat dat iemand
reguit gehardloop het en sal wil
aan hom reguitloop nie. Jy moet
die donners nie eers groet
as jy hulle sien nie en Koklies.
Ek: Haai nee man. Sê nou ek ry
Koop-toe en my kar kook
vreeslik daar in die Karoo, en
een ~~vat~~ vang hulle hou daar stil
met 'n kannetjie water? Hoe
voel ek dan, oorlat ek nie
gegroet het nie!
Hy: Jy steek die blêrrie
kar aan die brand dat
hy voor sy oë uitbrand, en
jy sê, sonder om eers~~te~~ te
groet: „Steek jou water
op jou dinges". Sê dit met
'n Engelse aksent sodat hy
dit terdeë voel. ens. ens.
Ek het tydens die gesprek heerlik
gelag. Hier was bevestiging ~~van die~~

4

en min of meer 'n humoristiese uitkristallisering van die slotsom waartoe ek gekom het na dae en nagte van wroegende selfondersoek, loopbaanhersiening en -herwaardering ens. ens.

<u>My huidige waardering van die stamp (my stamp)</u>:

(1) <u>Gewaarwording</u>: Vir die eerste maal in my lewe berusting. Volgens myself het ek nooit vir myself gewerk na my laaste eksamen nie. Altyd vir hierdie land en die S.A.P.

Ek verstaan ook nou die ~~[illegible]~~ betekenis van die Jobstrooster (Elifas die Temaniet) se woorde aan Job: „Kan 'n mens aan God 'n diens bewys? Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens". Wat my nou eintlik hoog tevrede stel is die feit dat ek juis nie deur die „powers that be" beloon is met daardie spesifieke loon waarna ek gestreef het nie en wat my, menslike gesproke toekom. Nou moet ek net elke dag onthou — „Toe het die drie manne opgehou om Job te antwoord

omdat hy in sy eie oë regverdig
was."

(2) Finansieel: Die pensioen is
goed. Die gratifikasie is
met normale belegging minstens
25% meer werd in 1980 as
wat ~~ek~~ dit sou wees as ek
in 1980 op 60 jarige ouderdom
aftree.

(3) Onmiddellike vooruitsigte: Heelwat
(± 3 maande) se rus en
handewerk in en om die
huis wat Ma gekoop het
te Waterlaan 7b, Waverley.

(4) Latere vooruitsigte: Soek
tydsaam 'n werk wat
in alle opsigte waardeer
sal word. Miskien
probeer ek eers 'n brek
stryd (Nee nie vir Polisie nie).
Ek sal binne 3 maande
weet of ek dit regkry.
My Engelse onderwyser het
in 1937 – voor hy vertrek na
Europa – 'n reeks toetse op
sy Std IX klas uitgegee.
Na evaluering het hy vir
my gesê: "You have
the natural ability to become
a proficient writer. Try your

6

hand at journalism. But I know you won't. You are just a grand loafer"

Ek ken die onderskeie betekenisse van „grand" en „loafer". Ek kan egter nooit die twee saam se betekenis peil nie. Ou Claude het seker al sy „emeritaat" (as ~~proff~~ prof. in ligg. opvoeding of soiets) aanvaar by Univ. van Pretoria. Hy woon by Pta iewers op 'n plot.

Leef hy nog en ~~as~~ ek „produseer" die boek, gee ek hom een en sê hier's die „grand" ou. Kry ek dit nie reg nie gaan ek vir hom sê hier's die loafer.

Ons trek 1/12/75 Waltesban 76-toe.

Liefde
Pa.

# FOTO's 1946 - 1975

Brig HB Heymans & Prof L Pretorius

## 1946: Konst Chris Pretorius



## 1949: Stampriet Polisiestasie



## 1953: Offisierskursus



*Voorste Ry/Front Row:* L.R.: Luit./Lieut. E. G. Cawood; J. H. Blignaut; J. J. L. Stassen; W. J. Botha; H/Konst./H/Const. N. Breedt; Kollege Ser Maj./College Sgt. Major. Luit./Lieut. L. G. Snyman, M.B.E.; Maj. J. J. Kotze, Kammandant S.A.P. Kollege/Commandant S.A.P. College; Sers. Sgt. J. Lubbe, Dril Inst./Drill Inst.; Luit./Lieut. J. F. Dippenaar; F. S. Mulder; M. J. A. de Wit; S. J. v. d. Linde.
*Tweede Ry/Second Row:* Luit./Lieut. J. A. Viljoen; W. J. Koen; D. C. Fourie; J. J. de W. Steyn; W. J. Burger; P. G. Jordaan; E. F. B. Jackson P. J. de Villiers; J. P. J. van Vuuren; C. A. J. Burger; H. J. Schröder; T. B. Kleynhans.
*Derde Ry/Third Row:* Luit./Lieut. A. B. Terblanche; J. J. Malan; P. J. Heymans; F. C. Brink; S. T. Smit; C. R. Kieck; J. Britz; I. Mc Carthy; G. C Bester; B. F. P. Venter; S. A. Hulme.
*Vierde Ry/Fourth Row:* Luit./Lieut. W. H. Kotze; J. F. Frier; J. M. S. van Heerden; C. P. Pretorius; P. E. Fourie; A. C. Geraroy; T. I. Coetzee E. L. Badenhorst; S. J. H. Swanepoel; J. J. Schoeman; A. P. Vosloo; J. B. M. van Rooyen; J. B. M. du Preez.
*Vyfde Ry/Fifth Row:* Luit./Lieut. W. Louw; L. D. van Zyl; H .G. Theron; M. C. Brooks; H. A. du T. Lombaard; J. Oosthuizen; P. G. H. Pistorius F. P. J. Coetzee; J. Z. M. Kriek; N. T. Roux; D. J. Kriel; C. M. van Onselen.
*Sesde Ry/Sixth Row:* Luit./Lieut. A. M. Heyns; J. N. P. de Wit; J. S. M. Brits.

## 1955: Heidelberg



Photo deur Hall

Voorste ry (L. na R.): 1/S/Serst. M. S. Ferreira, H/Konst. J. Möller, Kapt. H. P. Boshoff, Luit. C. P. Pretorius, 1/Serst. J. P. K. Hennop, 1/S/Serst. E. de la Harpe.

Tweede ry (L. na R.) S/Konst. H. S. Maré, O/Serst. W. N. Pienaar, 2 /Serst. H. P. Cloete, 1/Serst. J. D. Venter, Konst. J. H. du Plessis, 2/Serst. L. J. Botha, 2/S/Serst. A. C. McIntyre.

Derde ry (L. na R.): Konst. P. W. D. Pretorius, Konst. J. J. P. Mostert, Konst. C. J. van Heerden, Konst. P. J. Esterhuizen, Konst. P. Koekemoer, Konst. D. J. van Zyl, Konst. G. T. Jonker.

## 1958: O&M kursus

*ORGANISASIE- EN METODESTUDIE-KURSUS. 11 AUGUSTUS — 26 SEPTEMBER 1958. Voor, van links na regs: Mnr. C. W. Grunow, staatsdiensinspekteur; mnr. W. I. Steyn, eerste opleidingsbeampte; dr. P. J. Olckers, direkteur van Staatsdiensopleiding; mnr. D. J. Steyn, voorsitter, Staatsdienskommissie; brig. M. Coetzee, assistent-kommissaris, S.A. Polisie; mnr. J. H. Porter, eerste opleidingsbeampte; mnr. J. A. Scheepers, senior opleidingsbeampte; mnr. C. G. Keyter, organiserende adm. inspekteur (Kaaplandse Administrasie). STAANDE: Mnr. W. J. L. van Vuuren, organiserende adm. inspekteur (Kaaplandse Administrasie); kapts. C. H. Blignaut, L. B. Jordaan, H. J. Schröder, P. F. Bisschoff, T. Nevin, C. P. Pretorius, A. M. Heyns, F. C. Brink, en J. Z. M. Kriek.*



NONGQAI — OKTOBER 1958 49

## 19??: Saracen Kursus





## 1964: Ladysmith



*By geleentheid van 'n konsert deur die Polisie-orkes wat op 20 Mei 1964 in Ladysmith (Natal) gehou is, het die Distrikskommandant van nr. 63 (Ladysmith) distrik, luit.-kol. C. P. Pretorius en mev. Pretorius 'n aantal hoogwaardigheidsbekleërs gesellig onthaal. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, verskyn van links na regs: Luit.-kol. Pretorius, mev. Kleinman, raadslid (dr.) J. Kleinman, burgemeester van Ladysmith, mev. Pretorius en kmdt. H. K. J. van Noorden, bevelvoerende offisier van die 5de S.A. Infanteriebataljon.*

*— (Foto: Steads Studio, Ladysmith).*

## 1974: Pietermaritzburg



## Brig CP Pretorius en genl TJ Crous






## 1974: Die afdelingskommissaris, brig CP Pretorius en lt-kol Fontini



*die KwaZulu Wetgewende Vergadering, 1974*

# PHOTO RESTORATION

## Jennifer Bosch




JOHN MORGAN HIRE COMPANY
Providing Props for the
Film & TV Industries Since 1984
GBP USD ZAR Cash Paid for Pre-1990 Military Kit
Badges & Flashes
Medals & Insignia
Boots, Berets & Helmets
Unit T-Shirts & Sportswear
Posters & Political Paperwork
Photographs & Trophies of War
Presentation Shields & Memorabilia
Flying Clothing & Equipment
Bayonets, Swords & Knives
Combat & Dress Uniforms
Watches & Personal Gear
Packs & Field Gear
Belts & Webbing
Mildew & Moth: no problem!
Collection Worldwide.
Please contact John Morgan
( A Serving British Army Reservist living in Durban )
jdhmorgan@btconnect.com or cellphone 07162 42621
UK Cellphone & WhatsApp +44 7836 616130
Confidential Service & Free Advice
www.johnmorganco.com

# Blue Crane Funerals (PTY) LTD

10 Gordon's Bay Road, Strand info@bluecranefunerals.co.za 021 853 3952

*Die Beskostigbare keuse*

Blue Crane Begrafnisdienste is 'n geregistreede begrafnis ondernemer met
alle fasiliteite op die perseel insluitend n eie lykshuis
Blue Crane Begrafnisdienste is gelee te : Gordonsbaaiweg 10, Strand en diens die
Helderberg area sowel as Stellenbosch, Bettysbaai, Hermanus, Caledon en omliggende
areas asook die Kaapse Skiereiland areas.

Blue crane Begrafnisdienste verskaf die volgende dienste:

Ter Aardebestellings asook Verassings
Inhaal van die oorlede persoon
Alle reëlings het sy vir verassing of ter aarde bestelling
Verskeidenheid kiste om van te kies
Hulp met alle kerk reëlings
Voltooi van alle dokumentasie soos wetlik verlang vir: Verassing, teraarde
bestelling asook vir die registrasie van die dood by Dept. Binnelandse Sake
Koerant berigte (indien verlang)
Vol kleur begrafnis pamflette asook boekmerke
Die reël van kerkruikers asook kisruikers
Die reël van versnapperings vir na die diens (indien verlang)


Blue Crane Begrafnisdienste het ook 'n kapel op die terrein vir die hou van Gedenkdienste
Blue Crane begrafnisdienste het ook n wye reeks begrafnis polisse beskikbaar
Daar is 'n Gedenk muur op die terrein vir die wegbêre van 'n geliefde
se as oorskot teen n baie billike prys

Blue Crane Begrafnisdienste is ook 'n lid van die
NFDA (National Funeral Directors Association)







# NONGQAI GOOD READS




Through detailed narrative, Rhodesian History author John Frame, traces how international political interferences influenced the war and why the Rhodesian Security Forces lost the war despite having won most of the battles.
It showcases how Rhodesia was caught in the vice of the Cold war and how, through political ambitions of major powers, the combatants in this bloody war were not in control of their own destinies.




Complemented with a collection of previously unpublished photographs this is the story of a Desert Rat. A story of his personal experiences in the Eighth Army "Chaos fused with fear often occurred when the bullets started flying in a battle. Generally, it occurred sporadically, often weeks apart. Then occasionally it was daily.




The moment the SAM-7 missile left its launch tube, the political solution top end the Rhodesian war faltered.
After thirteen long years, the brutal war has escalated as the protagonists crystalised their opposing beliefs drawing the country and its people towards the precipice of despair. Compassion, decency, and sentimentality had no place there. The innocent civilians caught in the middle were the true victims.




SLOT | END



Dear reader
Please note that this magazine is composed of contributions received from independent contributors, in the tradition of recounting history as seen through the eyes of those who had lived those times. It thus contains diverse and personal recollections and opinions. Therefore, the editors and publishers of the Nongqai cannot be held responsible or be liable for the content provided by contributors.

Geagte leser
In die tradisie om die geskiedenis weer te gee soos gesien deur die oë van diegene wat daardie tye beleef het, bestaan die *Nongqai* uit insette gelewer deur sy onafhanklike bydraers. Dit bevat dus uiteenlopende persoonlike herinneringe en menings. Die redakteurs en uitgewers van die *Nongqai* kan daarom nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir die inhoud wat deur individuele bydraers gelewer is nie.

**© 2021 Brig. HB Heymans (SAP Ret.)**

STUUR ASB FOTO'S EN STORIES AAN:

**Brig. Hennie Heymans:** +27 723 361755
heymanshb@gmail.com

